UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK 5

# BEGINNERSBOEKE: EVALUERING, KATEGORISERING, TENDENSE, EN RIGLYNE VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N IDEALE BEGINNERBOEK

### 5.1 INLEIDING

Soos in hoofstuk 1 uiteengesit, is dit duidelik dat daar nog nie 'n verklaring of oplossing gevind is vir die groot aantal leerders wat hul klavieronderrig staak na slegs 'n paar jaar van onderrig nie. Daar is ook nog nie 'n bevredigende verklaring gevind vir die groot persentasie gevorderde pianiste, selfs tot op universiteitsvlak, wat steeds sukkel met die uitvoering van basiese vaardighede en selfs met begrip van elementêre teoretiese beginsels nie.

Volgens statistiek wat deur die musiekdepartement van Unisa verskaf is, toon die gemiddelde aantal inskrywings vir klaviereksamens vir grade 1 tot 7, verwerk oor 'n periode van twaalf jaar, 'n daling van 47.8%.[58] Dit is 'n baie duidelike aanduiding dat daar 'n toenemende aantal klavierleerders is wat óf nie met hul klavierstudies voortgaan nie, óf nie kans sien om verdere eksamens te speel nie. Klavierleerders mag hul studies om verskeie redes staak, soos die finansiële omstandighede van die ouers, botsende belange van die leerder of die ontwikkeling van ander belangstellings, ens. Een van die moontlike oorsake is dat leerders nie hul lesse geniet nie en dat hulle gevolglik nie na wense vorder nie. Leerder en onderwyser hou moontlik nie baie van mekaar nie en opereer nie op dieselfde wyse nie. Dit mag ook wees dat die onderwyser, veral tydens aanvangsonderrig, nie op die regte manier te werk gaan met die onderrig van die leerder nie en moontlik ook nie die regte onderrigbenadering toepas en 'n gepaste beginnersboek gebruik nie.

Uit die ontwikkeling van die leerstylbeweging het dit baie duidelik geword dat dit noodsaaklik is vir onderwysers om aanpassings in hulle onderrigstyl te maak, omdat leerders van mekaar verskil en nie almal informasie op dieselfde manier prosesseer nie. Dit is duidelik dat die onderwyser dikwels eerder die party met die probleem is en nie die leerder nie, juis omdat sommige onderwysers nie daarin slaag, moontlik as gevolg van onkunde oor die probleem, om hulle onderrigstyl so aan te pas dat dit voldoen aan die vereistes van individuele leerders nie. Die boodskap vir die klavieronderwyser is eenvoudig: daar sal nooit net één onderrigmetode wees waarin al die antwoorde lê en waarmee sukses met alle

[58] Kyk Addendum.

beginnerleerders behaal sal word nie. Dit is dalk nie die benadering of die beginnersboek wat swak of verkeerd is nie, maar wel die wyse waarop die onderwyser die informasie aan die leerder oordra. Dit kan ook 'n kombinasie van die twee faktore wees.

As basis vir hierdie ondersoek word die model van vier kognitiewe leervoorkeure, soos uiteengesit in die heelbreinmodel van Herrmann (1995), toegepas op 'n aantal beginnersboeke vir jong klavierleerders. Agtien beginnersboeke is aanvanklik geïdentifiseer op grond van hul voorkoms, die wyse waarop informasie aangebied word en die benadering waarop die onderwysmateriaal gebaseer is. 'n Verdere vier addisionele boeke is ook ontleed en kan opsioneel as aanvullende materiaal tot 'n bepaalde lesboek[59] gebruik word. Die beginnersboeke is gemeet aan die Herrmannmodel om hulle geskiktheid te bepaal vir gebruik met leerders met spesifieke kognitiewe leervoorkeure. Die oorkoepelende ideaal is dat die geskikste beginnersboek vir elke leerder gekies word en dat onderrig volgens die bepaalde patroon geskied, soos in die spesifieke beginnersboek uiteengesit. Dit is egter slegs een van twee faktore wat 'n belangrike invloed sal uitoefen op 'n leerder se vordering. Volgens die voorvereistes vir geslaagde heelbreinonderrig sal die onderwyser se metode van aanbieding 'n ewe groot rol speel, soos uiteengesit in hoofstuk 4.

## 5.2 VERSKILLENDE BENADERINGS

Dit gebeur dikwels dat pedagoë of samestellers van beginnersboeke vir klavierleerders, nie net een beginnersboek voorsien nie, maar 'n reeks boeke wat sistematies op mekaar volg en geleidelik meer ingewikkeld raak. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is meestal slegs na die heel eerste lesboek gekyk.[60] In sommige gevalle is die bedoeling dat die eerste lesboek ook saam met aanvullende boeke gebruik word, wat byvoorbeeld spesifiek konsentreer op fasette soos teorie of tegniek. Soms word in die aanvullende boeke slegs addisionele stukke verskaf. In die geval van die Bastienreekse is daar byvoorbeeld vyf addisionele boeke ondersoek wat tesame met die lesboek gedurende die eerste jaar van onderrig gebruik kan word.

Bastien (1995:40-43) verskaf in sy boek, *How to Teach Piano Successfully,* drie duidelik identifiseerbare benaderings waarvolgens die grondbeginsels van klavierspel en notasielees aan beginnerleerders bekendgestel word:

- Die Middel-C-benadering
- Die bakenleesbenadering (*landmark reading/ directional reading)*

[59] Daar word soms na die eerste beginnersboek waarin al die konsepte bekendgestel word, verwys as die lesboek.
[60] Uitsonderings is *Music for little Mozarts Books 1 & 2* (Barden et al.1999), en *Bastien Piano Basics: Piano for the Young Beginner. Primer A* en *Bastien Piano Basics: Piano for the Young Beginner. Primer B* (Bastien 1987).

- Die veelvuldige toonsoortbenadering, ook soms genoem die geleidelike veelvuldige toonsoortbenadering (*multiple key method*).

Daar bestaan ook 'n vierde benadering tot die aanvangsonderrig vir klavier, wat nie deur Bastien genoem word nie. Hierdie benadering, wat 'n kombinasie van intervallees, die veelvuldige toonsoort- en bakenleesbenaderings is, word deur Noona en Noona (1988) in die *Noona Basic Piano Starter Book* gebruik.

Dit is nodig dat daar kortliks na hierdie benaderings gekyk word sodat die verskille en ooreenkomste in die beginnersboeke beter verstaan kan word.


## 5.3 DIE MIDDEL-C-BENADERING

Die primêre klem in die Amerikaanse klaviermetodiek sedert 1936 het gefokus op die onderrig van notelees. Volgens Kern en Miller (1988:41) is al die benaderings, toe en nou, beïnvloed deur een of meer historiese Amerikaanse beginnersboeke, onder andere John Thompson se *Teaching Little Fingers To Play* (1936), *The Music Tree: Time to Begin* van Frances Clark (1955) en *The Oxford Piano Course* (1927).

Met die Middel-C-benadering word Middel-C heel eerste aangeleer, gevolg deur naasliggende note aan weerskante van Middel-C. In die meeste gevalle word nege note in notasie in die eerste beginnersboek aangeleer, vanaf F onderkant tot G bokant Middel-C. Volgens die tradisionele Middel-C-benadering, soos onder andere deur Schaum (1996), Thompson (1996), Barratt (1989) en Hall (2003)[61] aangebied, word 'n groot hoeveelheid informasie tydens die eerste les aan die leerder bekendgestel – die musiekalfabet, linker- en regterhande, handposisie en vingernommers, die begrippe hoog en laag op die klawerbord, die groot notebalk met sopraan- en bassleuteltekens, mate en maatstrepe, heel-, half- en kwartnootwaardes, tydsoorttekens en ook die posisie van Middel-C op die notebalk. As gevolg van die groot hoeveelheid informasie wat tydens die eerste les verduidelik word, kry die leerder nouliks geleentheid om self iets op die klavier te speel. Vanaf die tweede les is die vordering aanvanklik egter baie stadig. In die meeste beginnersboeke word daar lank gefokus op Middel-C, wat beurtelings deur die regter- en linkerhand gespeel word, gewoonlik eers net met heelnote, later halfnote en nog later kwartnote. Variasies in die aanbieding kom in verskillende beginnersboeke voor, maar die basiese uitgangspunt bly dieselfde, naamlik dat Middel-C heel eerste aangeleer word en daarna die klawers rondom Middel-C. Dit is die Middel-C-posisie waarna so dikwels verwys word (kyk figuur 19).

---

[61] Die onderskeie beginnersboeke word aangedui in die volgorde waarvolgens dit in Hoofstuk 5 bespreek word.




**Figuur 19: Middel-C-posisie** (Palmer et al. 1999:22)

Die Middel-C-benadering was nie vir alle klavieronderwysers aanvaarbaar nie, en het mettertyd baie kritiek uitgelok, veral deur invloedryke Amerikaanse klavierpedagoë soos Pace en Burrows (Bastien 1977:66). Baie van die kritiek het ontstaan omdat onderwysers tot die besef gekom het dat leerders nie hul lesse geniet nie, hoofsaaklik omdat hulle dit aanvanklik as vervelig en onstimulerend ervaar om so lank te fokus op die speel van een of twee klawers. Sommige leerders staak hulle klavierstudies voortydig, waarskynlik as gevolg van verveling en/of 'n gebrek aan opwinding. Daar is ook bevind dat die leerders wat volhard en voortgaan met hul lesse, dikwels nie suksesvol kan bladlees nie. Bastien (1977:68-69) het 'n lys van tekortkominge van die Middel-C-benadering saamgestel in vergelyking met die sogenaamde "voordele" van die veelduldige toonsoortmetode. Die belangrikste tekortkominge is die volgende:

- Die omvang word beperk tot ongeveer twee oktawe en hoofsaaklik wit klawers word gebruik.[62]
- Die metrum word aanvanklik beperk tot enkelvoudige twee-, drie-, of viermaatslag. Saamgestelde tyd word gewoonlik baie laat infaseer.[63]
- Teorie-oefeninge bestaan feitlik nie. Wanneer dit wel voorkom, word dit meestal beperk tot die skryf van die sleuteltekens, tydwaardes en die name van note op die notebalk. Elementêre oefeninge met nootwaardes kom soms voor.
- Blokakkoorde kom feitlik nooit voor nie en word nie verduidelik nie. Verskeie tipes gebroke drieklanke kom wel voor, meestal gebruik as begeleiding vir melodieë.[64]

---

[62] Eintlik is die omvang meestal veel kleiner, slegs nege note, van F in die bassleutel tot G in die sopraansleutel.

[63] Saamgestelde tyd word slegs in één van die agtien geraadpleegde beginnersboeke gebruik, naamlik die beginnersboek van Emonts getiteld *The European Piano Method: Vol.1* (1998). Selfs die beginnersboeke van James en Jane Bastien gebruik nie saamgestelde tyd in die eerste lesboek nie.

[64] Driestemmige akkoorde kom in net één van die Bastienbeginnersboeke voor. Selfs die bekende beginnersboek van die Alfredreeks (Palmer et al. 1999) gebruik net tweeklanke. In *Chester's Piano Book Number One* (Barratt 1989) word drieklanke verduidelik, maar nooit in stukke gebruik nie.

- Die volgorde van kruise en molle word nie verduidelik nie en gevolglik ook nie toonsoorttekens en toonsoorte nie.[65]
- Feitlik geen transposisie na ander toonsoorte kom voor nie. Word transposisie wel toegepas, is dit in die toonsoorte van C, G en F.[66]
- Binne hierdie benadering word die harmonisasie van melodieë feitlik nooit gebruik nie.
- Improvisasie en kreatiwiteit word nie aangemoedig nie.

## 5.4 DIE BAKENLEESBENADERING

As 'n alternatief vir die Middel-C-benadering het Frances Clark 1955 deur middel van 'n reeks boeke, *Library Piano Students,* met 'n nuwe benadering na vore gekom om beginners die basiese konsepte van notelees te leer. Die bakenlees- of landmerkbenadering is so ontwerp dat die beginner sekere note op die notebalk as bakens aanleer. Die posisie van note op die notebalk en klavier word bepaal in verhouding tot die bakennoot. Hierdie tipe lees word ook rigtinglees genoem. Dit werk op dieselfde beginsel as 'n padkaart, omdat die rigting – op, af, of dieselfde – aandui in watter rigting en hoe ver van die bakennoot beweeg moet word (Bastien 1977:70).

Die eerste noot van elke stuk word gevind deurdat dit 'n bakennoot is of 'n intervalverwantskap met die naaste bakennoot het. As die eerste noot bepaal is, word die ander note deur middel van 'n intervalverwantskap gelees. Hierdie manier van lees word deur sommige bronne as intervallees bestempel. In werklikheid is rigtinglees en intervallees dieselfde proses. Die rigting word soos 'n landkaart gelees en die afstand tussen note as 'n interval. Die name van die note is aanvanklik nie so belangrik nie. Dit is belangriker dat die leerder die regte klawer op die klavier vind deur middel van oriëntasie vanaf die aanvangsnoot.

## 5.5 VEELVULDIGE TOONSOORTBENADERING

Burrows het *The Young Explorer at the Piano* in 1941 publiseer. Hierdie beginnersboek was die voorloper van 'n skool van gedagte wat die aanleer van notasie en basiese musiekmaakaspekte vanuit 'n ander hoek benader het. Dit verskil wesentlik van beide die Middel-C- en bakenleesbenaderings. Pace het twintig jaar later in Burrows se voetspore gevolg met die verskyning van sy boek *Music for Piano* (1961). Hy was nog een van die "ontwerpers" van die proses om note te leer lees. Hy stel die metode bekend waarin al

---

[65] Met die uitsondering van drie lesboeke, Schaum (1996), Barratt (1998) en Emonts (1998), word toonsoorttekens nie in die bespreekte lesboeke gebruik nie.

[66] Selfs in die beginnersboeke gebaseer op die veelvuldige toonsoortmetode word nie noemenswaardige pogings tot transposisie aangetref nie. Die **proses** van transposisie word in geeneen van die beginnersboeke bespreek nie. Dit word eers later gedoen wanneer die leerder meer gevorder het.

twaalf vyfvingerposisies binne die eerste paar maande van onderrig aan leerders verduidelik word (Bastien 1977:66). Ander vooraanstaande musiekpedagoë, soos Bastien en Swenson, het onmiddellik aanklank gevind by hierdie nuwe manier en het hulle eie beginnersboeke of boekreekse geskryf, gebaseer op die beginsel van die aanleer van al die majeur- en mineurtoonsoorte, sommige reeds gedurende die eerste jaar van klavieronderrig. Lucile Burnhope Swenson (1972:2) beskryf in haar boek, *Discovering the Piano:The Multiple Key Approach,* hierdie metode van klavieronderrig as volg:

> The Multiple Key Approach is a piano method in which the student learns to read and perform music in all the thirty[67] major and minor keys during the first year of study. In addition to reading music the student learns to understand and perform the scales, chords and cadences in all the keys. Also the practical application of keyboard harmony is experienced through harmonization, improvising and transposing in all the keys. This method is excellent for individual or group instruction.

As 'n alternatief om al twaalf majeurtoonsoorte onmiddellik aan te leer, is die geleidelike veelvuldige toonsoortbenadering later deur samestellers van beginnersboeke gebruik. Toonsoorte word volgens hierdie benadering stadiger aangeleer. Dit stel die leerder in staat om geleidelik, selfs oor 'n periode van jare, elke groep toonsoorte in diepte te bestudeer. Dit is 'n beter benadering vir leerders wat sukkel om so vinnig die onderskeie toonsoorte aan te leer. Hierdie konsep van aanvangsonderrig is ontwikkel deur James Bastien en Jane Smisor Bastien in *The Bastien Piano Library* (1976) (Bastien 1977:70).

Dit wil voorkom asof die benadering tot 'n meer geleidelike aanleer van verskeie toonsoorte ontwikkel het nadat praktiese ondervinding met die benadering, veral soos dit deur Swenson (1972) voorgestel word, getoon het dat vordering vir die gemiddelde leerder te vinnig is. Sommige leerders speel reeds van kleins af maklik van gehoor. Hierdie leerders sal min probleme ondervind om in verskillende toonsoorte te speel en behoort trouens aangemoedig te word om hulle stukke in al die toonsoorte te speel. Ander leerders vorder egter nie so vinnig nie en die haastige tempo waarteen informasie aangebied word, kan daartoe lei dat groot verwarring by hierdie leerders ontstaan, omdat konsepte nie geleentheid kry om goed bemeester te word voordat daar na nuwe begrippe beweeg word nie. Die oorspronklike veelvuldige toonsoortbenadering druis reëlreg in teen die bevindinge van die neurowetenskap ten opsigte van vaslegging van kennis in die langtermyngeheuestore van die mens. Konsepte en vaardighede moet nie net verkieslik gedurende die optimale periodes aangeleer word nie, maar genoegsame geleentheid moet voorsien word vir volhoudende en langdurige herhaling.

[67] Dit is nie duidelik hoe Swenson dertig toonsoorte bepaal nie. Dit is waarskynlik 'n vergissing.

Uit 'n ontleding van die lesboeke wat op die geleidelike toonsoortbenadering gebaseer is, het dit duidelik geblyk dat daar nie veel gekom het van die ideaal om in die eerste jaar van onderrig 'n veelvoud van toonsoorte aan te leer, selfs nie eers met die stadiger-bewegende geleidelike veelvuldige toonsoortbenadering nie. Beginnersreekse mag wel gebaseer word op die beginsel om 'n veelvoud van toonsoorte tydens die aanvangsproses aan te leer, maar die werklike aanleer van 'n verskeidenheid majeur- en mineurtoonsoorte manifesteer in al die geraadpleegde beginnersboeke eers nadat die eerste beginnersboek reeds voltooi is. Terwyl die *Alfred*- en die *Bastien*-reekse daarop aanspraak maak dat hulle die veelvuldige toonsoortbenadering toepas, word dit eintlik glad nie toegepas in hulle heel eerste beginnersboeke nie. Trouens, van hierdie beginnersboeke, veral dié wat met die Middel-C-posisie begin, verskil in wese nie veel van die Middel-C-benadering nie.

## 5.6 KEUSE EN ANALISE VAN BEGINNERSBOEKE

In die volgende gedeelte word die gekose beginnersboeke geanaliseer en evalueer volgens die heelbreinmodel van Herrmann (1995). Hierdie klassifikasie dui aan watter boeke gebruik behoort te word op grond van leerders se breinvoorkeure.

Alhoewel preleesseksies (op swart en/of wit klawers) in sommige boeke voorkom en die aanbieding vinniger of stadiger mag beweeg, is dit duidelik dat samestellers van die beginnersboeke steeds van mening is dat Middel-C die logiese beginpunt vir die aanleer van notasie is. Waar "ouer" beginnersboeke baie klem gelê het op die vyf lyne en vier spasies waarop note geskryf word, word hierdie faset glad nie in nuwer boeke beklemtoon nie. Dit wil voorkom asof die begrip van rigtinglees belangriker is as die naam van die noot wat in notasie verskyn. Sommige samestellers lê baie klem op intervalle – vandaar ook die term "intervallees". Leerders word geleer om op die afstand tussen note te konsentreer, eerder as om byvoorbeeld te probeer onthou watter noot op die derde lyn van die sopraansleutel is.

Die ontwikkeling van tegnologie het 'n baie belangrike rol begin speel in die samestelling van beginnersboeke. Daar word in 'n toenemende mate gebruik gemaak van illustrasies en interessante bladuitleg, wat veral opvallend is wanneer dit vergelyk word met ouer uitgawes. Ook ouer beginnersboeke, soos byvoorbeeld dié van Thompson se mees onlangse uitgawes, verskil in hierdie opsig beduidend van ouer publikasies. In die kategorisering van beginnersboeke vir persone met spesifieke breinvoorkeure, het illustrasies inderdaad 'n belangrike kriterium geword. In die uiters visuele wêreld waarin leerders vandag grootword, speel beelding 'n al groter rol. Hoe informasie in 'n boek aangebied word, die illustrasies en bladuitleg, is soms net so belangrik as die leerinhoud self.

Dit is interessant hoe beginnersboeke juis in hierdie verband van mekaar verskil. Dit wil voorkom asof sommige reekse, soos die Noona-reeks (1988), *The Music Tree: Time to Begin* van Clark et al. (2002) en die *Piano Adventure*-reeks van Faber en Faber (1993) met voorbedagte rade, nie baie aandag bestee aan groot en kleurryke illustrasies nie. Deur dit te

doen, voldoen hulle aan die vereistes van persone met linkerhemisferiese voorkeure. Ander boeke, soos MacGregor se *Piano World* (2000) en die Bastien- en Alfredreekse, blyk veral ingestel te wees op illustrasies, sommige daarvan groot en kleurryk. MacGregor se *Piano World* (2000) vertoon 'n baie besige bladuitleg en die rolspelers in die verhaal van die klavierwêreld lyk soos strokiesprentkarakters. *Chester* (Barratt 1989), *Keyclub Book One* (Bryant 1998) en *Music for Little Mozarts* (Barden et al. 1999) maak ook gebruik van verhale of karakters om die aandag te prikkel en verhale of konsepte uit te beeld. *The European Method* (Emonts 1998) bevat pragtige, kunstige illustrasies, alhoewel daar nie op al die bladsye illustrasies verskyn nie.

Die beginnersboeke word volgens die benadering waarop die materiaal gebaseer is, as volg gerangskik:

- Die Middel-C-benadering
- Die bakenleesbenadering
- Die veelvuldige toonsoortbenadering
- Mengsel van intervallees, veelvuldige toonsoort- en bakenleesbenaderings
- Beginnersboek wat nie op 'n herkenbare benadering gebaseer is nie.[68]

Die beginnersboeke word volgens benadering in Tabelle 4, 5, 6, 7 en 8 chronologies aangedui:

| **Outeur(s)** | **Titel van Boek** | **Eerste uitgawe** | **Jongste uitgawe** |
|---|---|---|---|
| Schaum | *Piano Course: Pre-A. The Green Book* | 1945, hersien 1973 | 1996 |
| Thompson | *Easiest Piano Course Part One* | 1955 | 1996 |
| Barratt | *Chester's Piano Book Numer One* | 1977 | 1989 |
| Hall | *Tunes for Ten Fingers* | 1981, 10 herdrukke | 2003 |
| Waterman en Harewood | *Me and My Piano Part 1* | 1988 | 1988 |
| Bryant | *Keyclub Book One* | 1998 | 1998 |
| Barden, Kowalchy en Lancaster | *Music for little Mozarts Book 1* | 1999 | 1999 |
| Barden, Kowalchy en Lancaster | *Music for little Mozarts Book 2* | 1999 | 1999 |
| MacGregor | *Piano World Part 1* | 2000 | 2000 |

**Tabel 4: Beginnersboeke gebaseer op die Middel-C-benadering**[69]

[68] Die Suzuki-metode word nie behandel nie, omdat daar volgens dié benadering aanvanklik nie op notasie gekonsentreer word nie, maar eerder op nabootsing (*rote learning).* Dit is in eie reg 'n baie geslaagde manier van onderrig, maar omdat dit afhanklik is van noue samewerking met die ouer, en in wese 'n totaal ander uitgangspunt huldig, word dit nie hier bespreek nie.

| Outeur | Titel van boek | Eerste uitgawe | Jongste uitgawe |
|---|---|---|---|
| Clark, Goss en Holland | *The Music Tree: Time to Begin* | 1973 | 2002 |
| Faber en Faber | *Piano Adventures Lesson Book Primer Level* | 1993 | 1996 |
| Scott en Turner | *Progressive Piano Method for Young Beginners* | Geen datum | Geen datum |

**Tabel 5: Beginnersboeke gebaseer op die bakenleesbenadering**

| Outeur | Titel van boek | Eerste uitgawe | Jongste uitgawe |
|---|---|---|---|
| James Bastien | *Piano for the Young Beginner Primer A* | 1985 | 1987 |
| James Bastien | *Piano for the Young Beginner Primer B* | 1987 | 1987 |
| James Bastien | *Piano Primer Level* | 1985 | 1987 |
| Palmer, Manus en Lethco | *Alfred's Basic Piano Library Lesson Book Level 1* | 1999 | 1999 (derde uitgawe) |

**Tabel 6: Beginnersboeke gebaseer op die veelvuldige toonsoortbenadering**

| Outeur | Titel van boek | Eerste uitgawe | Jongste uitgawe |
|---|---|---|---|
| Walter en Carol Noona | Noona Basic Piano Starter Book | 1988 | 1988 |

**Tabel 7: Beginnersboek gebaseer op 'n vermenging van intervallees, veelvuldige toonsoort- en bakenleesbenaderings**

| Outeur | Titel van boek | Eerste uitgawe | Jongste uitgawe |
|---|---|---|---|
| Emonts | *The European Piano Method* | 1992 | 1998 |

**Tabel 8: Beginnersboek wat nie herkenbaar een spesifieke benadering gebruik nie**

Die addisionele boeke wat by die Bastienreeks vir die jong beginner gebruik word, is *Theory and Technic for the Young Beginner Primers A and B.* Die reeks vir die effens ouer beginner gebruik *Technic Primer Level* asook *Performance Primer Level* van Jane Smisor Bastien.

[69] Nuwer uitgawes van die onderskeie beginnersboeke mag intussen op die mark verskyn het. Sommige boeke dui geen jaartalle aan nie en is dit soms baie moeilik om te bepaal wanneer 'n spesifieke boek vir die eerste maal gepubliseer is.

## 5.7 KRITERIA VIR DIE BEOOERDELING VAN DIE ONDERSKEIE BEGINNERSBOEKE


Alhoewel dit uit die aard van die saak ook 'n belangrike rol speel, is dit belangrik om te begryp dat met 'n evaluering van die onderskeie beginnersboeke, dit nie slegs die meriete van die beginnersboek *per se* is wat beoordeel word nie, met ander woorde of dit 'n "goeie" of "slegte" beginnersboek is nie. Die beginnersboeke word vir die doeleindes van hierdie studie krities geëvalueer in terme van hul geskiktheid (of nie) om by leerders te pas wat onderverdeel word volgens die vier verskillende kognitiewe leervoorkeure soos deur die *Herrmann Whole Brain Model* uiteengesit.

Die tempo van aanbieding is nog 'n belangrike faset in 'n beginnersboek wat krities belangrik is. Een van die belangrikste vereistes vir 'n suksesvolle studie in enige onderrig- en leersituasie, ook klavieronderrig, is dat informasie so aangebied word dat die leerder genoegsame geleentheid gegee word om dit nie slegs te verstaan nie, maar dat die informasie en ontwikkeling van vaardighede so dikwels herhaal word dat gevestigde neuronale netwerke sal ontwikkel wat sal verseker dat die informasie altyd geberg sal word in die langtermyngeheuestore van die brein. Wanneer die tempo van aanbieding te vinnig is en daar nie genoegsame geleentheid geskep word vir volgehoue herhaling nie, kan 'n beginnersboek nie as geslaagd beskou word nie.

Vir 'n lys van die kriteria waarvolgens die beginnersboeke geëvalueer word, word die leser verwys na Hoofstuk 1 (1.4.3).

## 5.8 BEGINNERSBOEKE GEBASEER OP DIE MIDDEL-C-BENADERING

Nege van die gekose beginnersboeke is gebaseer op die Middel-C-benadering. Alvorens begin word met 'n bespreking van die onderskeie beginnersboeke, is dit wenslik om die sogenaamde C-majeurposisie te verduidelik. Anders as die Middel-C-posisie wat onder 5.3 verduidelik word, bestaan die C-majeurposisie uit tien note (kyk figuur 20).




**Figuur 20: C-majeurposisie** (Palmer et al. 1999:34)

### 5.8.1 John W. Schaum. *Piano Course: Pre A. The Green Book*

(Eerste uitgawe 1945, hersiene uitgawe 1996, uitgegee in die VSA)

Hierdie boek vir die jong beginner is die eerste keer in 1945 gedruk. Volgens Baker-Jordan (2003:191) resorteer hierdie beginnersboek van Schaum onder dieselfde histories belangrike kategorie as die John Thompson-materiaal. In 1973 is die eerste uitgawe van Schaum hersien en in 1996 het Wesley Schaum, seun van John Schaum, die reeks weereens hersien. Die nuwe aanbieding stem in hoofsaak ooreen met dié van John W. Schaum, maar die "verpakking" – titels en illustrasies – is opgegradeer (Baker-Jordan 2003:191). Dit beslaan 44 bladsye en bevat 32 stukke. Dit is volgens die voorwoord geskik vir privaat- of klasonderrig, asook vir *note or rote training* (Schaum 1996:Titelblad).

**Benadering**

Alhoewel die term Middel-C-benadering nie genoem word nie, is die aanvanklike aanbieding, tot op p. 25, op die tradisionele Middel-C-benadering gebaseer.

**Prelees**

'n Tipe aanbieding wat as die voorloper van die latere preleesbenadering beskou kan word, word aan die begin van hierdie lesboek aangetref (pp. 5 en 9). Die leerder leer in hierdie gedeelte nege note aan – Middel-C en vier note aan die bo- en onderkant. Dit is 'n unieke benadering en word in geeneen van die ander beginnersboeke aangetref nie.

**Notasie en stukke**

Op p. 10, met die opskrif: *How music is written*, word die groot notebalk met mate en maatstrepe verduidelik, asook die toonduurtes van kwart-, half-, gepunteerde half- en heelnote. Ook tydsoorttekens van vier-, drie- en tweeslagmaat word verduidelik. Die *Schaum key finder* verskyn boaan p. 11 en verder boaan elke bladsy waar nuwe note in notasie verduidelik word. Dit bestaan uit 'n diagram van die klawerbord waarop die klawers aangedui word wat in die daaropvolgende stuk gespeel gaan word. Met die eerste verskyning van notasie op die notebalk word die nege note van die Middel-C-posisie gelyktydig aangeleer. Dieselfde melodiese fragmente wat vroeër gebruik is (op pp. 5 en 9) word nou in notasie op die groot notebalk geskryf met die titel *Notation melodies* (p. 11).

Min leiding word verskaf oor hoe die posisie van note op die notebalk en klawerbord geïdentifiseer moet word en daar kom geen verwysing na lyne of spasies voor nie. Geen herkenbare stelsel ten opsigte van die aanleer van notasie is in hierdie beginnersboek waarneembaar nie. Op p. 11 word die nege note van die Middel-C-posisie op die notebalk aangedui en op die volgende bladsye word daar weer teruggeval op slegs drie note in die

regterhand (C-D-E) en drie note (C-B-A) in die linkerhand. Soms word twee note gelyktydig aangeleer (p. 16) en soms net een noot per keer (p. 18).

Die lees van notasie vind hoofsaaklik deur middel van rigtinglees plaas, alhoewel die leerder nooit spesifiek daarop gewys word nie. By baie stukke word 'n voorbereidende oefening (*preparatory drill*) boaan die bladsy verskaf. Leerders moet hierdie patrone ook in verskillende oktawe herhaal.

Die eerste vier stukke is gebaseer op die twee note aan die bokant van Middel-C (D en E) en twee note onderkant Middel-C (B en A). Op p. 15 word die eerste vier nootwaardes in die *Note Table* bekendgestel. Op p. 16 word nog twee note in notasie gelyktydig aangeleer, naamlik G in die bassleutel (onder Middel-C) en F in die sopraansleutel (bokant Middel-C). Herhaalde note, trapsgewyse beweging en kwartspronge kom om die beurt in albei hande voor. Op p. 17 verskyn 'n verwerking van die gewilde liedjie, *Old Mac Donald*, wat afwisselend deur twee hande gespeel word. Die sprong van 'n kwart in die melodielyn word tussen die twee hande verdeel.





**Figuur 21: *Old Mac Donald*** (Schaum 1998:17)

'n Kwintsprong kom vir die eerste maal in *The ice cream cone* (p. 18) voor, sonder dat dit verduidelik word of daar in enige opsig na die interval verwys word. Die kwintsprong word in mate 1-2 en 5-6 met die regterhand gespeel en in mate 3-4, soos die kwartsprong in *Old Mac Donald* (kyk figuur 21), tussen die hande verdeel.

Frasestruktuur word op p. 21 en kwart-, half- en heelnootruste op p. 22 verduidelik. Agstenote word op p. 24 bekendgestel en dadelik toegepas in *The happy halibut,* waarin die kwart- en halfnootruste wat pas aangeleer is, ook verskyn, asook terts- en kwartspronge. Die leerder sal dit waarskynlik tegnies moeilik vind om te speel en sal gevolglik nie genoegsaam op die nuwe ritmiese patroon kan konsentreer nie. Op p. 25 word C, een oktaaf bokant Middel-C aangeleer, wat met die linkerhand oorkruis oor die regterhand gespeel moet word.

Op p. 26 word C ('n oktaaf onderkant Middel-C) en G (eerste lyn) in die bassleutel aangeleer. Dit is eienaardig dat hierdie twee note aangeleer word, omdat dit nie verbind kan

word met enige "posisie" nie. Die G kom nooit weer in 'n stuk voor nie en die C word in net twee van die volgende sewentien stukke gebruik. F-kruis word op p. 27 aangeleer en die toonsoortteken van G word op die volgende bladsy (p. 28) verduidelik. In 'n kantlynaantekening word die onderwyser ingelig dat, sou dit verkies word, daar nou 'n aanvang gemaak kan word met die aanleer van toonlere. Hierdie is die enigste van die geraadpleegde beginnersboeke waar die speel van toonlere aangemoedig word en ook van die min beginnersboeke wat toonsoorttekens aandui.[70] Die toonsoort van die volgende twee stukke is G. Die *Schaum key finder* op p. 29 (kyk figuur 22) dui die nuwe handposisie aan (E en F in die regterhand word nie aangedui nie, wel F-kruis).




**Figuur 22: Die G-posisie** (Schaum 1996:29)

Daar word geen verduideliking verskaf vir die hulplyn (D bokant Middel-C vir die linkerhand) nie. Die noot D (genoteer vir die linkerhand) word nooit weer in die res van die lesboek gebruik nie.

Op p. 30 skuif die toonsoort terug na C en die volgende vier stukke bly almal in C. Die bindboog (*tie*) word op p. 31 verduidelik, maar word nooit weer in enige stuk gebruik nie. In *A Riddle* (p. 32) speel die twee hande vir die eerste keer saam. Op p. 33 skuif die handposisie na die C-majeurposisie. Die hande is een oktaaf uitmekaar. D en E (onder Middel-C) in die bassleutel is onder meer nuwe note wat nog nie aangeleer is nie.

Op p. 34 word nog 'n nuwe handposisie in die *Schaum key finder* verduidelik, hierdie keer vir die regterhand, met die duim op D bokant Middel-C en die vyfde vinger op A. Die noot A word gebruik in *Watchman's song* (p. 34). In *Hot dog stand* (p. 35) word die handposisie weereens 'n klawer opgeskuif sodat die duim van die regterhand soms op die E bokant Middel-C geplaas moet word.

---

[70] Toonsoorttekens word in *Chester's Piano Book Number One* (Barratt 1989) en *European Piano Method* (Emonts 1998) gebruik.

Hierdie linker- en regterhandposisies, soos aangedui in die verskillende *Schaum key finders,* wissel voortdurend na gelang van die note wat in elke stuk gespeel word. Dit het duidelik niks te make met die "tradisionele" handposisies soos byvoorbeeld die Middel-C-posisie en die C-majeurposisie wat in ander beginnersboeke beskryf word nie.

Die molteken word op p. 36 verduidelik en in *The jet plane* (p. 37) as 'n toonsoortteken aangebring. Die toonsoort van F word nie verduidelik nie en geen aandag word daarop gevestig nie. B vir die regterhand (hulplyn, onderkant Middel-C) word vir die eerste keer op p. 38 gebruik in 'n stuk, *Pretty Polly*, waar die handposisie heen en weer beweeg tussen die gebroke drieklanke van C-, G- en F-majeur.

Staccato-aanslag word op p. 41 verduidelik. Staccato-aanslag word net in een stuk gebruik (*The detective,* p. 41). Hierdie stuk, in g, mag, as gevolg van die kruise en molle wat in albei hande voorkom, moeilik wees vir 'n beginner om te speel. Die hande speel beurtelings afsonderlik en tesaam en staccato- en legatonote wissel mekaar af. In die voorlaaste stuk, *Lightning ranger* (p. 42), word 'n afwaartse sprong van 'n mineursekst in die linkerhand gebruik, vanaf A-mol na C (tweede spasie). Die skuifteken A-mol word nie vooraf verduidelik nie.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleiding**

Geen.

**Toonsoorte**

C, G, F en g.[71]

Toonsoorttekens word driemaal gebruik, tweemaal om G (pp. 28 en 29) en eenmaal om F (p. 37) aan te dui.

**Omvang**

18 note, vanaf G, eerste lyn (bassleutel) tot C, derde spasie (sopraannotebalk).

A en B (bassleutel, eerste spasie en tweede lyn) en B (derde lyn, sopraannotebalk) word egter nie aangeleer nie.

---

[71] Toonsoorte word deurgaans aangegee in volgorde van hul verskyning in die lesboeke.

**Teorie**

Geen aandag word aan teoretiese aspekte en die voltooiing van teorie-oefeninge verleen nie. Op die laaste bladsy verskyn 'n vraelys waarop die leerder reg of verkeerd moet antwoord.

**Tegniese oefeninge**

*Preparatory drills* word verskaf wanneer nuwe handposisies aangeleer word. Dit bestaan daaruit dat die leerder die note van die handposisie na bo en na onder speel, en is nie werklik "oefeninge" in die ware sin van die woord nie, maar meer 'n bekendmaking van die note wat in die daaropvolgende afdeling gebruik gaan word.

**Illustrasies**

Illustrasies wat die teks uitbeeld verskyn by elke stuk. Die prente is klein en nie so oorspronklik of opwindend soos wat dikwels in hierdie tipe boeke aangebied word nie. Die bladuitleg is as gevolg van die klein illustrasies nie te besig nie.

**Nootwaardes en ritme**

Vier nootwaardes – kwart-, half-, gepunteerde half- en heelnote – word op p. 15 in 'n *Note Table* verduidelik. Met die uitsondering van *Porcupines* (tweeslagmaat, p. 21) is al die stukke in enkelvoudige drie- of vierslagmaat. Die agstenoot word ongeveer in die helfte van die boek verduidelik (p. 24). Agstenote word nie weer gebruik in die volgende vier stukke nie, en verskyn vir die eerste maal weer in *Power shovel* (p. 29). Agt van die twee-en-dertig stukke bevat agstenote. Numeriese telling word reg aan die begin van die lesboek aangetoon, nog voordat enige nootwaardes verduidelik is. Met die verskyning van die agstenoot-nootwaarde word geen addisionele riglyne ten opsigte van telling verskaf nie.

**Evaluasie**

*The Green Book* kan nie as 'n geslaagde benadering beskou word om leerders te leer om note te lees en ritmiese en tegniese vaardighede vas te lê nie. Die volgende besware kan teen hierdie beginnersboek ingebring word:

- Die vinnige tempo van aanbieding maak dit moeilik vir 'n jong leerder om al die konsepte gelyktydig te absorbeer.
- Dit is verkieslik dat, wanneer enige nuwe begrippe aangeleer word, die onmiddellike toepassing daarvan sal plaasvind in 'n eenvoudige stuk, sodat leerders al hul aandag op die nuwe konsep kan vestig. In hierdie beginnersboek word nuwe konsepte onmiddellik in ingewikkelde konstruksies toegepas.

- Daar word nie 'n sistematiese patroon met die aanleer van notasie op die notebalk gevolg nie. Die lees van note begin baie vinnig met nege note wat gelyktydig op die notebalk aangeleer word. Hierna word teruggekeer na die vier note rondom Middel-C. Die res van die note word geleidelik aangeleer, maar nie volgens 'n herkenbare, sistematiese patroon nie. Note wat buitekant die notebalk geskryf word en hulplyne benodig, soos D bokant Middel-C vir die linkerhand en B onderkant Middel-C vir die regterhand, word nie verduidelik nie.

- Daar word geen melding van intervalle gemaak nie. Vanaf die eerste stukke word naasliggende note en tertsspronge gebruik. Kwartspronge (vanaf p. 18) en kwint-spronge (vanaf p. 23) kom in talle stukke in die tweede helfte van die lesboek voor. In die stuk op p. 42 verskyn daar selfs 'n sprong van 'n sekst. Daar word op geen stadium duidelik gemaak presies hoe die leerder die notasie moet lees nie. Geen melding word gemaak van lyn- of spasienote nie, en die aandag word ook nie op die afstand tussen note gevestig nie. Dit wil voorkom asof die lees van toonhoogte suiwer volgens visuele vaslegging moet geskied.

- Die vaslê van nootwaardes geskied vinnig. Te veel word te gou aangeleer en min riglyne word verskaf ten opsigte van hoe die leerder met die speel van die stuk moet tel. Min aandag word gevestig op die handhawing van 'n bestendige polsslag. Wanneer die agstenoot op p. 24 aangeleer word, geskied die eerste toepassing daarvan in 'n relatief ingewikkelde stuk waarin intervalspronge en rustekens voorkom en die melodielyn afwisselend deur twee hande gespeel word. Hierdie nuwe nootwaarde sal baie beter vasgelê word as dit eers 'n paar maal in 'n eenvoudige toonsetting sou verskyn. Dit is ook noodsaaklik dat daar genoegsame herhaling van die nootwaardepatroon plaasvind sodat die gevoel daarvan deeglik vasgelê word. Klapoefeninge, sonder die addisionele las van toonhoogte, sou baie help om ritmiese en metriese vaardighede te ontwikkel en vas te lê.

- Staccato-aanslag word in net een stuk gebruik (p. 41). Geen opvolgwerk word gedoen na die eerste aanleer van dié tipe aanslag nie.

- Fraseringsboë word op p. 21 verduidelik. In die laaste gedeelte van die beginnersboek verskyn daar egter elf stukke sonder enige fraseringsaanduidings. Dit sal die leerder laat dink dat frasering nie by alle musiek voorkom nie. Groter konsekwentheid in hierdie verband is nodig.

- Die bindboog word in net één stuk gebruik (p. 31) en verskyn nie weer in enige van die daaropvolgende stukke nie.

- Die Middel-C-benadering word meestal geassosieer met die sogenaamde Middel-C-posisie en soms later die C-majeurposisie. In *The Green Book* dui die *Schaum key finder* verskeie handposisies aan, wat elke keer op ander note begin en/of uit verskillende note bestaan. Dit is verwarrend en help nie om 'n gevoel vir toonsoorte vas te lê nie.
- Alhoewel die omvang van note wat in notasie aangeleer word, strek van G (eerste lyn basnotebalk) tot by C (derde spasie soppraannotebalk), word nie al die note aangeleer nie (A en B, eerste spasie en tweede lyn basnotebalk) en B (derde lyn sopraannotebalk). Dit is nie logies nie en dui op 'n mate van onplanmatigheid.

**Kwadrantvoorkeure: John W. Schaum. *Piano Course: Pre A. The Green Book***

(Sien tabel 9, p. 164)

**Tabel 9: Kwadrantvoorkeure: John W Schaum. *Piano Course: Pre A. The Green Book***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Leerders met hierdie leervoorkeur sal nie tevrede wees met die wyse waarvolgens informasie aangebied word nie. Dit kom voor asof konsepte na willekeur aangeleer word sonder 'n doelmatige of sistematiese patroon. A-kwadrante hou van logiese instruksies waar feite logies op mekaar volg. Te veel aspekte van notasie word gebruik in die stukke, sonder dat dit vooraf (of hoegenaamd) verduidelik word. Voorbeelde hiervan is die spronge in die melodielyn wat reeds in die eerste stuk voorkom, sonder enige voorbereiding of verduide-liking. Daar word byvoorbeeld ook nie presies aangedui hoe getel moet word wanneer agstenote aangeleer word nie.<br><br>Leerders met A-kwadrantvoorkeure sal nie uit die gegewe informasie kan aflei hoe daar van hulle verwag word om van die blad te lees nie. Hulle sal dit waarskynlik hoogs frustrerend en 'n groot tekortkoming in die samestelling van dié beginnersboek vind.<br><br>Omdat die illustrasies meestal klein van formaat is, behoort dit nie hierdie leerders te pla nie. | Hierdie beginnersboek sal waarskynlik geen aanklank vind by leerders met B-kwadrantvoorkeure nie. In die eerste plek vind die aanbieding van nuwe informasie te vinnig plaas en daar word nie genoeg geleentheid geskep om deur herhaling feite en vaardighede deeglik vas te lê nie. Die aanbieding van informasie geskied bowendien nie op 'n sistematiese, sekwensiële manier nie. Dit is eienskappe waarop hierdie tipe leerder 'n hoë premie plaas. Nuwe begrippe, soos byvoorbeeld die aanleer van staccato-aanslag en die bewustheid van die frasestruktuur deur middel van fraseringsboë, word nie goed verduidelik nie en daar word geen geleentheid geskep vir herhaling nie. Leerders word wel aangemoedig om hersiening van hul ou stukke te doen, maar dit verskaf nie genoeg-same ervaring nie.<br><br>Dit is nie duidelik hoe leerders moet leer om te lees nie. Geen aandag word gewy aan rigting- of intervallees nie. B-kwadrante sal dit waarskynlik onaanvaarbaar vind. | Leerders met hierdie leervoorkeur sal eweneens nie baie van die aanbieding hou nie. C-kwadrante hou van sosiale omgang en werk graag in groepsverband. Daar word geen voorsiening gemaak vir samespel met ander persone nie, en geen duetparty of begeleidings word verskaf nie. Die leerders word wel in die begin aangemoedig om tegniese driloefeninge in verskillende oktawe op die klawerbord te oefen wat moontlik aanvanklik hul kinetiese gevoel sal bevredig.<br><br>Die musikale C-kwadrant leerders sal die meeste van die stukke ook nie baie "mooi" of vindingryk vind nie. Die illustrasies beeld nie juis uit wat in die stukke gebeur nie en sal hierdie leerders nie baie beïndruk nie. | Dit is onwaarskynlik dat hierdie kreatiewe persone sal aanklank vind by hierdie lesboek. Die illustrasies is nie helder en kleurvol genoeg nie en beeld nie die atmosfeer of aktiwiteite van elke stuk oortuigend uit nie. Bowendien is die prente meestal klein in vergelyking met wat in ander beginnersboeke aangetref word.<br><br>D-kwadrante mag hou van die vinnige pas van aanbieding, maar selfs hulle sal moontlik toegee dat die vordering té vinnig is. |

**Slotsom**

Die beginnersboek van John Schaum is baie bekend in Suid-Afrika, waarskynlik veral onder die ouer geslag klavieronderwysers, wat dit moontlik self gebruik het as 'n eerste "musiekboek" toe hulle met klavieronderrig begin het. Dit is ook waarskynlik dat baie onderwysers dit deur die jare aan hul beginnerleerders as 'n beginnersboek voorsien het en daaruit gewerk het.[72] Tog kan hierdie beginnersboek nie sonder voorbehoud aanbeveel word vir die opleiding van jong leerders nie. Hiervoor is daar verskeie redes. Die grootste beswaar is dat *The Green Book* nie sistematies en planmatig beweeg nie. Informasie word baie vinnig aangebied en daar word nie genoegsame geleentheid vir herhaling gebied wat sal verseker dat notelees en tegniek behoorlik bemeester word nie. By die eerste les oor notasie word daar byvoorbeeld nege note gelyktydig aangeleer. Die boek skep die indruk van 'n tipe lukraak aanbieding wat tot gevolg sal hê dat leerders "leemtes" in hul musiekmondering sal oorhou.

Vir leerders met linkerhemisferiese voorkeure is die aanbieding nie opeenvolgend genoeg nie. *The Green Book* kan ook nie aanbeveel word vir leerders met regterhemisferiese voorkeure nie. Die illustrasies is nie besonder geslaag nie en geen geleentheid vir samespel met ander word voorsien nie. Baie van die stukke is nie baie "mooi" nie en die speel daarvan sal nie veel genot verskaf nie. In hierdie opsig is *Easiest Piano Course* (Thompson 1996) veel meer geslaag omdat dit bekende en/of maklik-singbare melodieë aanleer wat ouer en kind sal geniet. Vir die kreatiewe D-kwadrant bied die beginnersboek van Schaum niks stimulerends of uitdagends nie.

### 5.8.2 John Thompson. *Easiest Piano Course. Part One*

(Eerste uitgawe 1955, hersiene uitgawe 1996, uitgegee in die VSA)

*Teaching Little Fingers to Play* het in 1936 vir die eerste keer verskyn (Baker-Jordan 2003:196). Dit is opgevolg deur *Easiest Piano Course*, 'n reeks bestaande uit vier boeke en bedoel vir die opleiding van jong pianiste. Hierdie boeke is histories belangrik omdat dit van die eerste reekse is wat aan die sogenaamde Middel-C-benadering prominensie verleen het. Dit is tipies van die metode van aanbieding van die tydperk waartydens dit geskryf is. In die 1936-beginnersboek van *Teaching Little Fingers To Play* word die vingersetting by elke noot verskaf. In latere uitgawes van albei reekse word vingersetting baie verminder omdat bevind is dat leerders dan die vingersetting eerder as die note lees.

*Easiest Piano Course* van John Thompson is in 1995 die eerste maal uitgegee. Die 1996-uitgawe hiervan verskil van die vroeëre uitgawes ten opsigte van die illustrasies en kleur.

---

[72] Hierdie waarneming is gegrond op ondervinding van die outeur.

*Part One* beslaan 39 bladsye en bevat 27 stukke. Elke boek van die reeks is op sigself volledig en bevat eie skryfoefeninge (*work sheets*) en bladleesoefeninge. In die opvolg-beginnersboeke is tegniese oefeninge ook ingesluit.[73]

**Benadering**

Die tradisionele Middel-C-benadering word gevolg. Hierdie benadering omvat twee uiteenlopende werkswyses. In die eerste plek word die leerder tydens die eerste les of twee oorlaai met 'n magdom informasie. Leerders leer van die musiekalfabet, die groot notebalk, G- en F-sleutels, tydsoorttekens, maatstrepe en mate, heelnote, half- en kwartnote, linker- en regterhand, vingernommers en die korrekte handposisie. Nadat al hierdie kennis aan die leerder oorgedra is, waarskynlik in die meeste gevalle tydens die eerste les, vind die aanbieding van verdere informasie teen 'n stadiger tempo plaas. Daar word veral lank gefokus op die speel van Middel-C in verskillende nootwaardes. Die aanleer van nuwe note geskied ook stadig.

**Prelees**

Geen.

**Notasie en stukke**

Die omvang beslaan slegs nege note – vier note bokant tot vier note onderkant Middel-C. Hiervan skryf Thompson in die voorwoord: *The range covered in Part One is purposely limited* (Thompson 1996:2). Soos reeds beskryf, is die destydse tipiese Middel-C-benadering gevolg en word die hele musiekalfabet tydens die eerste les aangeleer. Die sewe letters van die alfabet kry elk 'n tipe strokiesprentfiguur, telkens in 'n ander kleur (p. 4). 'n Kaart van die klawerbord met Middel-C daarop aangedui verskyn op p. 5, gevolg deur 'n notebalk met sleuteltekens en die posisie van Middel-C op die onderskeie notebalke, asook 'n verduideliking van die toonduurte van 'n heelnoot (p. 6). Maatstrepe en mate word op p. 7 verduidelik, asook tydsoorttekens van vier-, drie- en tweeslagmaat. Ook die linker- en regterhande en die vingersetting word met behulp van 'n prentjie getoon. Die leerder word uiteindelik op p. 8 toegelaat om te speel en die eerste stuk, *Let's play with the right hand*, wat net uit Middel-Cs bestaan, is in heelnote genoteer en op die groot notebalk in vierslagmaat geskryf. Maatstrepe is ingevoeg en die stuk moet met die duim van die regterhand gespeel word (p. 8). Op p. 9 verskyn dieselfde stuk vir die linkerhand: *Let's play with the left hand*. Op pp. 10 en 11 word steeds net op Middel-Cs gespeel, met halfnote op eersgenoemde en kwartnote op laasgenoemde bladsy. In hierdie twee stukke, *Grandfather's clock* en *Moccasin dance*, speel albei hande afwisselend en ruil na elke maat om. Nuwe

[73] Dit is 'n kontras met van die ander beginnersboeke wat dikwels 'n groot aantal addisionele boeke moet gebruik om werklik suksesvol te wees – tot soveel as 16 in die *Piano Lesson Book Level 1A* in die Alfredreeks.

note word vanaf pp. 13-36 stelselmatig aangeleer, beginnende by D bokant en B onderkant Middel-C, gevolg deur nootpare E en A en F en G, totdat G bokant en F onderkant Middel-C bereik is.

Die proses van die aanleer van note geskied uiters sistematies. Nadat vir vier stukke (pp. 8-11) slegs op Middel-C gefokus is, word nuwe note een vir een aangeleer. Die volgende vier stukke word vervolgens gebruik om leerders bekend te maak met D en B, E en A (pp. 13-21). Tydens hierdie proses word die gepunteerde halfnoot ook aangeleer (p. 17). Hierna word die tempo van aanbieding stadiger en daar word vir vier stukke lank gefokus op G vir die linkerhand (pp. 23-27). Die volgende twee note wat nuut aangeleer word, albei op die sopraannotebalk, word elk in drie en vier stukke onderskeidelik vasgelê: F (pp. 28-30) en G (pp. 32-35). F (bassleutel) word laaste aangeleer (pp. 36-38). Nuwe note word aangeleer met behulp van sketse van die klawerbord boaan elke bladsy waar die nuwe noot vir die eerste keer verskyn. Boaan sommige bladsye verskyn *Read aloud*-afdelings wat bestaan uit notereekse wat hardop deur die leerder gelees moet word.

In *The chimes* (p. 23) speel die hande vir die eerste keer saam. G word verder gebruik in die volgende drie stukke (pp. 24-27). Een hiervan is die "klassieke" *Old MacDonald* (p. 25) (kyk figuur 23) wat in 'n hele aantal beginnersboeke gebruik word. Die sprong van 'n vierde, tussen C en G in die linkerhand, mag vir jong leerders moeilik wees om te speel. Die oplossing, soos deur Schaum (kyk p. 158) is 'n beter opsie, omdat die sprong tussen twee hande verdeel word.[74]




**Figuur 23: John Thompson** (1996:25)

Nog 'n baie bekende tradisionele wysie, *Yankee Doodle,* verskyn op p. 29. Die melodie word tussen die twee hande verdeel. *Carry me back to old Virginny* (p. 30) en *The old cotton picker* (p. 31) is verwerkings van bekende tradisionele melodieë. Die bindboog word ook op p. 31 verduidelik en gebruik in *The old cotton picker.*

[74] Hierdie lied kom in 15 van die 22 geraadpleegde beginnersboeke voor.

Op bladsye waarop nuwe note bekendgestel word, verskyn fragmente van die notebalk met die note wat tot op daardie stadium aangeleer is, onder die opskrif: *Read aloud.* Dit verteenwoordig 'n belangrike tendens wat in sommige latere beginnersboeke grotendeels agterweë gelaat is. Waar Thompson nog baie gesteld daarop is dat leerders die name van note moet ken as dit op 'n notebalk genoteer word, word dit glad nie meer as belangrik geag in ander benaderings tot notelees nie.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleiding**

Begeleidings vir die onderwyser of ouer word by die meeste van die stukke voorsien. Hierdie duetpartye is spesiaal so geskryf dat dit klink soos fragmente van "groot" komposisies. Die duetpartye veroorsaak dat die leerder in verskeie toonsoorte speel, wat afwisseling bied van 'n volgehoue C-toonsoort.

**Toonsoorte**

Ses toonsoorte: F, A-mol, C, c, a, G. Die "vreemde" toonsoorte word deur die bydraes van die duetbegeleidings bewerkstellig.

**Omvang**

Nege note.

**Teorie**

Vier *Work sheets* is opgeneem in die lesboek (pp. 12, 15, 22, 39). Dit bestaan uit teorie-oefeninge wat deur die leerder voltooi moet word. Die laaste *Work sheet* bestaan uit klap- en bladleesoefeninge.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Die illustrasies is kundig ingespan om te help om begrippe vas te lê. Elke noot van die musiekalfabet het sy eie figuurtjie in 'n kenmerkende kleur en wanneer 'n nuwe noot aangeleer word, verskyn die ooreenstemmende figuurtjie op die notebalk en wys in die rigting waar die nuwe noot op die notebalk geskryf word. Die geheelindruk is nie oorweldigend nie, en die voorkoms van die bladsye is nie oormatig besig nie. Die illustrasies kan moontlik te klein wees vir 'n baie jong kind, en moontlik te gesofistikeerd. Die "humor" in baie van die uitbeeldings, wat waarskynlik baie deur die onderwyser waardeer sal word, is

moontlik te gevorderd vir jong, voorskoolse leerders. Voorbeelde hiervan is die soldaat wat op die rug van een van die klawerfiguurtjies ry (*Carry me back to old Virginny,* p. 30), die manier waarop dieselfde figuurtjie katoen pluk (*The old cotton picker*, p. 31) en die wyse waarop een van die klawermannetjies die orrel bespeel in *The church organ* (p. 28). Die illustrasies word kunstig aangewend om die karakter van elke stuk uit te beeld, soos byvoorbeeld die klawermannetjies wat op en af marsjeer by *Marching up and down* (p. 20).

**Nootwaardes en ritme**

Die nootwaardes in *Easiest Piano Course* word beperk tot heel-, half- en kwartnote, asook gepunteerde halfnote, en word in hierdie volgorde aangeleer. Tydsoorte word beperk tot enkelvoudige tyd: twee-, drie- en vierslagmaat. 'n Numeriese telwyse word aanbeveel, byvoorbeeld 1 2 3 4 vir vierslagmaat. Behalwe vir twee klapoefeninge in die laaste *Work sheet* word geen addisionele klap- of ritme-oefeninge voorsien om toonduurtes of ritmepatrone vas te lê nie. Die gebruik van die heelnoot as die eerste nootwaarde kan nie aanbeveel word nie. Vier tellings is baie lank vir 'n jong beginner om "stil te staan". Dit is om daardie rede ook die heel laaste nootwaarde wat deur Clark et al. (2002) in *The Music Tree: Time to Begin* aangeleer word. Indien *Easiest Piano Course* byvoorbeeld met kwartnote sou begin, sal leerders veral die eerste twee stukke as minder vervelig ervaar.

**Evaluasie**

Die grootste punte van kritiek kan soos volg saamgevat word:

- Ongelukkig word geen aanvanklike naboots- of preleesgedeelte voorsien nie. So 'n tipe benadering sou baie help om die eerste lesse interessanter en opwindender te maak en die leerder sou heelwat vroeër die geleentheid gebied word om oor die hele klawerbord te speel.
- Die inleidende gedeelte waartydens die algemene informasie aangaande die klawerbord, die musiekalfabet, die hande en vingernommers, die korrekte handposisie, mate en maatstrepe en toonsoorttekens verskaf word, is onnodig lank en die leerder moet baie lank wag voordat hy/sy toegelaat word om self 'n noot te speel.
- Die baie informasie wat tydens die eerste les gelyktydig verduidelik word, sal tot gevolg hê dat die leerder nie van die begin af die vreugde van musiekmaak sal ervaar nie.
- Omdat so baie informasie gelyktydig verduidelik word, en die leerder dus gelyktydig op so baie aspekte van tegniek en notasie moet konsentreer, bestaan die gevaar dat die afsonderlike komponente, soos byvoorbeeld die tydsduur van verskillende note, nie behoorlik vasgelê word nie. Dit is nodig dat veral jong leerders baie oefening sal kry in

die handhawing van 'n metriese polsslag en 'n vaardigheid sal opbou in die herkenning van nootwaardes en die uitvoering van ritmefigure.

- Die eerste paar stukke, veral dié waarin slegs heelnoot-nootwaardes gebruik word, is musikaal nie bevredigend nie en mag deur die leerders as vervelig en onstimulerend ervaar word. Die begeleidings wat deur die onderwysers of 'n ouer gespeel moet word, mag wel help om opwinding te verseker, maar die leerder oefen soms alleen, sonder 'n persoon wat die begeleiding speel. Dit is veral op hierdie vroeë stadium belangrik dat leerders opwinding en bevrediging ervaar, ook wanneer hulle alleen speel.

Ten spyte van die beperkings ten opsigte van die omvang, en ander besware soos hierbo uiteengesit, slaag Thompson tog daarin om mooi stukke saam te stel wat later in die lesboek voorkom. Baie hiervan is verwerkings van bekende melodieë en kan maklik deur die leerder saamgesing word. Die musikale waarde van die meeste van die stukke is meer oortuigend as wat in baie ander beginnersboeke (met dieselfde beperkings) gebruik word (kyk byvoorbeeld Schaum).

Informasie word sistematies en opeenvolgend aangebied en daar vind genoeg herhaling plaas sodat veral die lees van toonhoogte baie goed verstaan en bemeester word.

**Kwadrantvoorkeure: John Thompson. *Easiest Piano Course***

(Sien tabel 10, p. 171)

**Tabel 10: Kwadrantvoorkeure: John Thompson. *Easiest Piano Course***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| A-kwadrante behoort van die aanbieding in hierdie lesboek te hou. Die logiese stap-vir-stap-uiteensetting behoort baie byval te vind. Party leerders sal egter die pas waarmee gevorder word as te stadig ervaar, veral aan die begin.<br><br>Die "skoon" bladuitleg, met min bykomstighede wat die aandag aftrek, behoort aanklank te vind by hierdie kategorie leerders. Alhoewel hulle nie besonder gesteld is op illustrasies nie, mag van die leerders die humor in van die sketse raaksien en dit geniet. Die illustrasies is nie so groot en opvallend dat dit as steurend ervaar sal word nie. | Die sistematiese aanbieding behoort in die smaak te val van hierdie tipe leerder. Die stadige pas aan die begin sal nie soveel pla nie, omdat dit deel vorm van die manier van aanbieding. Die sistematiese wyse waarop elke nuwe noot aangeleer word, met genoegsame geleentheid om skriftelike werk te doen, sal verwelkom word. Hierdie leerders sal ook hou van die dissipline om elke nuwe konsep vas te lê deur vier stukke wat daarop gebaseer is. Die manier waarop elke nuwe noot "ingelei" word deur 'n gekleurde figuurtjie, is ook sistematies en dus bevredigend. | Leerders met C-kwadrantvoorkeure en 'n voorliefde vir kinetiese beweging, sou 'n meer avontuurlike begin verkies, met geleentheid om reeds vanaf die eerste les heen en weer te beweeg oor die hele omvang van die klawerbord en byvoorbeeld dieselfde klawers in verskillende oktawe op en af te speel. Veral die musikale leerder sou 'n klankryker en avontuurliker aanvangsperiode verkies, soos wat moontlik gemaak sou kon word met 'n proses van prelees.<br><br>Die vindingryke illustrasies van die stukkies sal tot die mensgeoriënteerdheid van hierdie tipe leerder spreek.<br><br>Die keuse van stukke wat in die beginnersboek voorkom, sal baie aanklank vind by die musikale C-kwadrante. Hulle sal dit geniet om bekende liedjies te speel en te sing. Hulle sal ook hou van die samespel met die onderwyser of ouer, en sal die vindingryke duetbegeleidings musikaal bevredigend vind. | Hierdie metode is nie geskik vir D-kwadrante nie. Daarvoor is die aanbieding te beperkend, te voorspelbaar en hierdie leerders mag dit as vervelig ervaar. D-kwadrante sal daarvan hou om van die begin af te eksperimenteer met klankeffekte en sou dit as opwindend ervaar indien hulle reeds tydens die eerste les 'n "stuk" kon speel.<br><br>Sommige leerders mag hou van die gekleurde illustrasies, maar sou waarskynlik groter prentjies verkies. Die humor in sommige uitbeeldings is moontlik effens te gesofistikeerd vir jong leerders en so subtiel dat dit nie maklik deur 'n jong leerder gesnap sal word nie. Aan die ander kant mag van die leerders juis die humor in die illustrasies raaksien en dit geniet. Voorbeelde hiervan is die skets van *Old MacDonald* met 'n grasssprietjie in die mond en die uitbeeldings van die verskillende ruste (die klawermannetjies verkeer almal in 'n rustende staat). |

**Slotsom**

Hierdie beginnersboek van John Thompson, soos ook *Teaching Little Fingers to Play,* was vir baie jare die gunsteling van menige klavieronderwyser in Suid-Afrika, en dit word waarskynlik selfs vandag nog (deur meer konserwatiewe onderwysers) algemeen in Suid-Afrika vir beginnersonderrig gebruik.[75]

Dit is duidelik dat *Easiest Piano Course* meer geskik is vir persone met linkerbreinvoorkeure, dus leerders wat 'n voorkeur toon vir geordende en logiese aanbieding. Die beperkinge ten opsigte van die speel van note tydens die aanvangsperiode sal hierdie leerders nie te veel pla nie, omdat hulle die logika van die aanbieding sal besef en daar in elk geval vanaf die derde les genoeg geleentheid is om vaardighede en kennis baie goed vas te lê. Dit beteken egter nie dat persone met ander hemisferiese voorkeure nie die beginnersboek suksesvol sal kan gebruik nie. Dit is belangrik om te begryp dat die keuse van beginnersboeke vir spesifieke kwadrantvoorkeure nie altyd 'n geval van wit of swart is nie. Daar is beginnersboeke wat moontlik by 'n wyer groep leerders aanklank mag vind. Die leerders met C-kwadrantvoorkeure sal wel baie van die stukke in die tweede helfte van *Easiest Piano Course* geniet, al sou hulle nie baie hou van die eerste gedeelte nie. Hulle sal van die duet-aspek hou, en sal die slim begeleidings geniet. Dit is egter ook so dat daar ander boeke op die mark beskikbaar is wat veral aanvanklik meer genot sal verskaf aan persone met C-kwadrantvoorkeure.

Die enigste tipe leerder wat verkieslik nie hierdie boekie moet gebruik nie, is leerders met D-kwadrantvoorkeure. Hulle sal die voorspelbaarheid waarvolgens nuwe note aangeleer word as onopwindend ervaar. Daar word min geleentheid gebied vir kreatiewe denke en proefnemings, en hierdie waagmoedige leerders sal ingeperk voel. Veral die aanvangsgedeelte met die baie voorskrifte en verduidelikings sal by hierdie groep geen aftrek kry nie.

### 5.8.3 Carol Barratt. *Chester's Piano Book Number One*

(Eerste publikasie 1977, laaste herdruk 1989, uitgegee in London)

Hierdie beginnersboek van 36 bladsye is saamgestel vir die jong beginner. Baie van die illustrasies beeld seetonele uit, met slakke, seekatte en visse. Chester, die hoofkarakter, is 'n groen padda wat die leerders inlig en sorg vir vermaak terwyl hulle geleer word om klavier te speel. Volgens Barrattt (voorwoord) is die musiek van die stukke stilisties gevarieerd en sluit dit volkswysies, uittreksels uit klassieke werke, moderne verwerkings van tradisionele kinderliedere, *blues* en nuwe stukke in. Die skrywer beveel aan dat leerders aangemoedig

[75] Hierdie stellings is aannames, gegrond op waarneming en ondervinding.

word om hul eie musiek te "komponeer" deur die konsepte te gebruik wat nuut aangeleer word. *Chester's Piano Book Number One* kan op sy eie gebruik word vir die onderrig van jong leerders, maar dit kan ook aangevul word deur 'n verskeidenheid ander boeke uit die *Chester*-reeks. Die volgende boeke kan as aanvullings gebruik word:

**Bladlees**: *Sight-Read with Chester*.

**Tegniese oefeninge**: *Warm-up with Chester.*

**Maklike wysies vir beginners:** *Chester's Piano Starters*.

*Chester's Piano Book Number One* begin met sketse van *Mrs Treble*, wat die hoë note en *Mr Bass* wat die lae note aanwys (p. 4). Die groot notebalk word vertoon met voorbeelde van lyn- en spasienote daarop geskryf (p. 5). Boaan pp. 6 en 7 verskyn 'n tekening van die klawerbord waarop een oktaaf van die musiekalfabet aangedui word, naamlik die klawers A onderkant Middel-C tot G bokant Middel-C, die begrippe laag en hoog, asook diagramme van hoe Middel-C op die bas- en sopraannotebalke lyk.

Dwarsdeur die lesboek word *Exercise*-gedeeltes gevind wat meestal uit kort frases bestaan en ten doel het om die leerder voor te berei op tegniese en leesprobleme wat moontlik tydens die instudeer van die daaropvolgende stukke kan ontstaan.

**Benadering**

"Vinnige" Middel-C-benadering.

**Prelees**

Geen.

**Notasie en stukke**

Die eerste drie stukke (pp. 6-8) is op die groot notebalk genoteer en bestaan uit Middel-Cs (heelnote) wat met die duime van die linker- en regterhand onderskeidelik gespeel moet word. Alhoewel daar nog geen toonduurtes verduidelik is nie, verskyn daar aanwysings onder die notebalk wat toon dat die leerder vier moet tel vir elke maat. Die tydsoortteken van vierslagmaat word op p. 8 verduidelik.

Op p. 9 word die begrippe tyd en ritme verduidelik. Die eerste drie nootwaardes, heel-, half- en kwartnoot, word bekendgestel. Hierdie nootwaardes word in *Time piece* gebruik wat net uit Middel-Cs bestaan, gegenoteer in die verskillende nootwaardes wat pas aangeleer is. Die leerder moet 1 2 3 4, dus numeries, in elke maat tel.

Op p. 10 word die eerste vier note bokant Middel-C, (D-G), op die sopraannotebalk aangetoon. Die begrippe "gaan op" en "kom af" word aan die hand van 'n skets verduidelik.

*Right away* (p. 11) bestaan uit twee frases van ses mate elk. Die gepunteerde halfnoot word op p. 12 verduidelik. 'n Aantal ritmepatrone word voorsien wat deur die leerder geklap kan word. Die leerder word ook aangemoedig om eenvoudige melodieë volgens die gegewe ritmepatrone te improviseer. Die volgende stuk (p. 12), in drieslagmaat, is nie voorsien van 'n titel nie en die leerder word gevra om 'n geskikte titel te verskaf.

Die linkerhandnote vanaf Middel-C dalend tot F word in 'n skets boaan p. 13 getoon. In die eerste twee kort stukke (viermaatfrases) word net drie note gebruik, naamlik C, B en A. In *Left alone* (p. 14) en *Catching flies* (p. 15) word al vyf linkerhandnote, F-C, gebruik.

Op p. 16 word daar hersiening gedoen van die nege note van die Middel-C-posisie. Die volgende twee stukke, *Yankee Doodle* (p. 16) en *MacDonald's farm* (p. 17) is bekende Amerikaanse volksliedere en moet met afwisselende hande gespeel word. Die kwintsprong in die melodielyn van *Yankee Doodle* word tussen die twee hande verdeel terwyl die kwartsprong in die melodielyn van *MacDonald's farm* deur slegs die linkerhand gespeel word.

Die aanleer van note volgens notasie geskied baie vinnig. Binne die bestek van vier bladsye word die nege note van die Middel-C-posisie aangeleer. In vergelyking hiermee word die proses van die aanleer van die note van die Middel-C-posisie in die beginnersboek van Thompson in 28 bladsye voltooi. Dit is interessant dat in Barratt se boek geen klem geplaas word op die name van die note nie. Daar word geen melding gemaak van lyne, spasies of intervalle nie. Die begrippe hoog en laag word wel verduidelik en die veronderstelling is waarskynlik dat die leerder volgens rigting moet lees.

Heel-, half- en kwartnootruste word op p. 22 verduidelik. Hierdie verduideliking is met sorg saamgestel. Rustekens word beskryf as *signs of silence*. Voorbeelde van die verskillende maniere waarop rustekens in vierslagmaat gerangskik kan word, word aangedui. Dit is 'n veel doeltreffender manier om betekenis aan rustekens te gee as wat in die meeste ander beginnersboeke voorkom. Die stiltes wat deur die rustekens veroorsaak word, vorm deel van die musiek. In *Taking it easy* (p. 22) kom al die rustekens, wat pas verduidelik is, voor.

Harmoniese twee- en drieklanke word op p. 24 verduidelik, alhoewel drieklank-akkoorde nooit in 'n stuk voorkom nie. *Two at a time* (p. 24) is die eerste stuk waarin sekunde- en tertstweeklanke gebruik word. Hierdie stuk is redelik gekompliseerd en die gemiddelde jong beginner sal dit waarskynlik moeilik vind om te lees. Dit sal daartoe lei dat daar nie uitsluitlik op die nuwe konsepte gefokus kan word nie.

Oorgebinde note word op p. 25 behandel. Vindingryke illustrasies toon dat enige twee nootwaardes aanmekaar gebind kan word. *Hold on* (p. 24) is oordeelkundig saamgestel in 'n

eenvoudige toonsetting wat leerders in staat sal stel om genoegsame aandag aan die nuwe konsep te bestee.

Dinamiek is die volgende faset van klavierspel wat aandag kry. Die begrippe *crescendo* en *diminuendo* word op p. 26 behandel. Dit word geïllustreer deur prentjies van 'n vliegtuig wat land en opstyg. Die konsep van 'n halftoon word op p. 27 geïllustreer. B-mol word verduidelik aan die hand van 'n skets van Chester wat in 'n motor sit en links draai. Frases en fraseringsboë word op p. 28 bekendgestel en uitvoerig verduidelik. Leerders word daarop gewys dat die note onder die fraseboog egalig gespeel moet word ... *to be played smoothly – (curved fingers and a see-saw movement). Aim at making the repeated notes sound as smooth as the others.* Die konsep van frases bestaande uit 'n groep mate wat 'n musikale sin of idee vorm, word duidelik uiteengesit. Die nuutaangeleerde B-mol verskyn een keer as 'n skuifteken in *Chester's crotchet stew* (p. 28). Hierdie stuk moet met albei hande gespeel word, en omdat die melodielyn in albei hande dikwels van rigting verander, mag jong leerders sukkel om dit foutloos te speel.

F-kruis word op p. 29 bekendgestel, en soos met die molteken, word dit verder geïllustreer met behulp van 'n skets. In hierdie skets draai Chester in sy motor na regs. In die oefeningfrases wat vooraf verskaf word, speel die vyfde vinger van die linkerhand die swart klawer, F-kruis. Ook in *Bells*, die volgende stuk in G, word F-kruis in die linkerhand met die vyfde vinger gespeel (p. 29). Klein leerders mag dit moeilik vind om met die vyfde vinger op 'n swart klawer te speel.[76] In hierdie stuk word daar nooit in die melodie vanaf die F-kruis na G beweeg nie (leitoon na tonika-noot). Dit kan nie as 'n geslaagde stuk beskou word om die nuwe noot of toonsoort vas te lê nie. Hierdie en ook die volgende drie stukke is nie voorsien van fraseringsboë nie.

Agstenote word baie deeglik op p. 30 verduidelik. Leerders word aangeraai om "1 & 2 &" te tel vir vier agstenote. Twee tipes klapoefeninge word aangebied. In die *Walking and running*-oefening klap die onderwyser kwartnote terwyl hy/sy sê: "Loop loop" (*walk walk*). Terselfdertyd klap die leerder agstenote terwyl hy/sy sê: "Hardloop, hardloop" (*running, running*). Dit sal die leerder 'n duidelike begrip gee dat twee agstenote in die tyd van een kwartnoot gespeel word. Die ritme van *Baa Baa Black Sheep* (kwart- en agstenote) word vervolgens in 'n klapoefening gebruik, aanvanklik sonder die melodie. Hierna verskyn die melodie van *Baa baa black sheep* in G en moet dit deur twee hande (soms apart, soms tegelyk) gespeel word.

---

[76] In teenstelling hiermee word in *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002) net met die tweede, derde en vierde vingers gespeel. Die duim en vyfde vinger word eers in die volgende boek gebruik.

In *Jumping jumblies* (p. 31) kom die skuiftekens (F-kruis en B-mol) in sommige mate voor en omdat geen toonsoortteken voorsien word nie, moet dit in ander mate "normaal", dus sonder die verhogings en verlagings, gespeel word. Hierdie stuk bevat geen agstenote of fraseringsboë nie, maar sal desnieteenstaande moeilik wees vir 'n jong beginner om te speel omdat daar baie spronge tussen die hande voorkom met min trapsgewyse beweging. *Jumping jumblies* is tien mate lank en klink effens ongebalanseerd.

Toonsoorttekens word op pp. 32 en 33 verduidelik. *Pease pudding* (p. 32) is die eerste stuk wat met 'n toonsoortteken geskryf word (B-mol). Geen melding word van die toonsoort (F) gemaak nie. Hierdie stuk is redelik gevorderd en bevat agstenote, ruste, sekunde- en tertstweeklanke. Die toonsoortteken van G verskyn in *Jack be nimble* (p. 33). Die beginsel van 'n opmaat word ook verduidelik, aangesien die stuk op die vierde telling begin (vierslagmaat). Die eerste en laaste frases van die stuk van twaalf mate word nie voorsien van fraseringsboë nie, terwyl dit wel in die middelste gedeelte voorkom. Die logika hiermee is nie duidelik nie, en dit is verwarrend vir die leerder en ook die onderwyser, omdat onsekerheid bestaan of die middelste gedeelte dan anders gespeel moet word as die res van die stuk. Volgens die vingersetting wat voorsien word, speel die linkerhand met die vyfde vinger op F-kruis (maat 10).

Die laaste stuk, *Gone sailing* (p. 34), is 'n duet wat deur twee leerders gespeel kan word, of deur die onderwyser en 'n leerder. Die skuiftekens B-mol en F-kruis word gebruik, maar omdat die toonsoort nie duidelik is nie, word geen toonsoortteken verskaf nie.

**Gehoorspel en improvisasie**

Leerders word aangemoedig om self nuwe liedjies te improviseer deur nuut verworwe kennis toe te pas en ook te eksperimenteer. Op p. 23 verskyn 'n groot prent van 'n strandtoneel waar die reën begin val. Die leerders moet 'n komposisie hieroor skryf. Op p. 31 verskyn 'n prentjie met die opskrif: *Jumbled notes*. Die leerder moet die prentjie inkleur, die note wat in die verskillende fragmente verskyn op die klavier speel en 'n stuk daaruit komponeer wat ook twee- en drieklanke bevat. Die leerder word bewusgemaak van die gevoelsaspek van die musiek, onder andere deur dinamiese verskille.

**Duetbegeleiding**

'n Los bylae met begeleidings vir sommige stukke word saam met die lesboek versprei. Elke begeleiding bestaan uit twee alternatiewe – 'n makliker een vir die ouer en 'n moeiliker een vir die onderwyser.

**Toonsoorte**

C, G, F, g.

**Omvang**

Die nege note van die Middel-C-posisie.

**Teorie**

Slegs 'n paar eenvoudige teorie-oefeninge word verskaf.

**Tegniese oefeninge**

Daar word baie aandag aan tegniese werk bestee. Tegniese en/of ritme-oefeninge, genaamd *Exercises,* verskyn by die meeste van die stukke. Hierdie oefeninge konsentreer op tegniese en ritmiese aspekte wat in die daaropvolgende stukke verskyn.

**Illustrasies**

*Chester's Piano Book Number One* is nie voorsien van 'n groot aantal illustrasies nie. Die gehalte van die illustrasies is wisselend. Sommige is groot, kleurvol en vindingryk terwyl ander illustrasies kleiner en minder opvallend is. Baie van die sketse is in wit en swart en leerders kan dit self inkleur. Sommige sketse is klein en onduidelik. Dit sal moeilik suksesvol ingekleur word en is gevolglik oneffektief. Die klein prentjie van Chester, die padda wat alle informasie oordra, verskyn boaan elke bladsy en lig die onderwyser in oor wat aan die leerder oorgedra moet word. Alhoewel daar talle sketse van die padda is, is dit meestal te klein om werklik die belangstelling van die leerders te prikkel. Tog slaag die kunstenaar daarin om sekere begrippe deur middel van sketse uitstekend te illustreer. Voorbeelde hiervan is die kruis- en moltekens (pp. 27 en 29), *Hands together* (vir saamhandespel op p. 20), die uitbeelding van 'n rustende Chester by die bekendstelling van rustekens (p. 22) en *Hold on* (waar die bindboog geïllustreer word deur twee visse wat 'n lang tou vasbyt, p. 25).

**Nootwaardes en ritme**

Kwart-, half- en heelnote word eerste aangeleer, gevolg deur gepunteerde halfnote (p. 13) en agstenote in die laaste gedeelte van die lesboek (p. 30). Soos gewoonlik die geval is met die Middel-C-benadering, word die eerste drie nootwaardes reeds tydens die eerste les aangeleer (p. 9). Agstenote word deeglik verduidelik op p. 30. Drie stelle klapoefeninge word aangebied, na die aanleer van elke nuwe nootwaarde (pp. 9, 12 en 30). Telling geskied numeries.

**Evaluasie**

*Chester's Piano Book Number One* ly aan dieselfde gebreke as die meeste beginnersboeke wat die Middel-C-benadering gebruik. Die afwesigheid van enige preleeservaring moet as 'n groot tekortkoming beskou word. Dit het tot gevolg dat jong leerders, nog voordat hulle die

eerste keer 'n stuk speel, tegelykertyd 'n hele klomp konsepte moet bemeester en verstaan. Daar word nie vir avontuurlustige leerders geleentheid geskep om hulle nuuskierigheid te bevredig nie en die lang periode waartydens daar net op Middel-C gefokus word, sal vir hierdie leerders teleurstellend en vervelig wees. Die beweging oor die klavier as gevolg van die Middel-C- benadering is baie beperk.

Die lees van note vind plaas deur oriëntering ten opsigte van Middel-C – dus 'n tipe rigtinglees. Daar word op geen stadium melding gemaak van lyn- of spasienote nie, en ook nie van intervalle nie. Die leerder neem dus die rigting van elke noot waar met verwysing na Middel-C. Dit is baie waarskynlik dat sommige leerders wat hierdie beginnersboek gebruik, later probleme met bladlees sal ondervind omdat hulle nie van die begin af attent gemaak word op die onderskeie intervalafstande tussen die note nie. Ook ontbreek genoegsame oefening in die lees van note.

Anders as met die tradisionele Middel-C-benadering, soos byvoorbeeld gemanifesteer in die Thompsonreeks, word informasie in *Chester's Piano Book Number One* na die aanvangsperiode van oriëntering baie vinnig aangebied. In hierdie beginnersboek van net 35 bladsye word meer informasie voorsien as in die 72 bladsye van *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002).[77] Nuwe begrippe verskyn op feitlik elke bladsy en daar word nie aan die leerder genoeg geleentheid gebied om vaardighede en begrippe deeglik vas te lê nie. Binne die bestek van vyf bladsye word nege note aangeleer. Nog 'n voorbeeld van die vinnige pas van aanbieding is met die aanleer van twee- en drieklanke (p. 24). Die leerder leer op één bladsy die volgende harmoniese twee- en drieklanke aan: tertstweeklanke, wat majeur of mineur kan wees, op twee lyne of twee spasies; sekunde tweeklanke, van lyn na spasie en omgekeerd, en majeurdrieklanke. Die drieklank wat aangeleer word, word boonop nooit weer in enige stuk gebruik nie. Die tweeklanke in *Two at a time* (p. 24) is moeilik om te speel omdat groot spronge tussen die onderskeie tweeklanke in die twee hande voorkom. Daar word nie altyd opvolgend te werk gegaan ten opsigte van die toepassing van pas aangeleerde informasie nie. 'n Voorbeeld hiervan is die hantering van frasering en die gebruik van fraseringsboë. Nadat frasering en frasestruktuur verduidelik is (p. 28), sou mens verwag dat frase-aanduidings by alle verdere stukke sal voorkom. Dit is egter nie die geval nie en fraseringsboë verskyn vir die eerste maal weer in fragmente van *Jack be nimble* (p. 33). Slegs in die laaste stuk (p. 34) word daar weer gebruik gemaak van fraseringsboë. Dieselfde gebeur wanneer agstenote aangeleer word en dit nie in die volgende stuk (p. 31) gebruik word nie.

---

[77] Agstenote en skuiftekens word nie in *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002) gebruik nie.

Die hantering van vingersetting is nie altyd konsekwent nie. Dit word soms aangedui met die vingernommers en soms deur sketse van die hand. Soms word dit glad nie aangedui nie, en dit lei tot onsekerheid (soos met die linkerhand in *Bells* [p. 29], waar, indien daar nie aanpassings gemaak word nie, die vyfde vinger van die linkerhand F-kruis speel). Die gebruik van die vyfde vinger van die linkerhand op F-kruis kom ook voor in *Jack be nimble* (p. 33).

Die musikale gehalte van die stukke in *Chester's Piano Book Number One* stel nie altyd tevrede nie. Terwyl daar 'n hele aantal verwerkings van bekende en tradisionele wysies voorkom, wat leerders beslis sal geniet om te speel, kom daar ook oefeninge en stukke voor wat nie veel musikale sin maak nie. Sommige stukke, soos *Mice* (p. 20), die laaste frase in *Hold on* (p. 25) en *Chester's crotchet stew* (p. 28) lê nie die gevoel vir 'n spesifieke toonsoort vas nie.

Jong leerders sal sommige van die stukke moeilik vind om te speel, soos byvoorbeeld *Jumping jumblies* (p. 31) en *Gone sailing duet* (p. 34). Baie spronge kom hierin voor en die beweging tussen die hande is soms parallel en soms in die teenoorgestelde rigting. Die agstenoot word baie vroeg bekendgestel en dit het tot gevolg dat die stukke in die laaste gedeelte van die lesboek, soos onder meer *Pease pudding* (p. 32) en *Jack be nimble* (p. 33), baie kompleks raak.

Die volhoudende aanmoediging om nuwe stukke "op te maak" of te "komponeer" is prysenswaardig omdat dit kreatiwiteit stimuleer. Die lesboek het groot letters wat jong leerders maklik sal kan lees.

In geheel kan *Chester's Piano Book Number One* nie as 'n geslaagde beginnersboek vir 'n jong leerder en/of gemiddelde of ondergemiddelde leerder beskou word nie. Die goue reël wat die neurowetenskap vir klavieronderwysers onderstreep, is dat volgehoue herhaling die sleutel tot sukses is. Enige informasie of vaardigheid wat op 'n permanente basis vasgelê moet word, moet genoegsaam herhaal word sodat neuronale netwerke kan ontwikkel en gevestig word. Dit is onwaarskynlik dat behoorlike vaslegging van enige van die fasette van klavierspel met die gebruik van hierdie beginnersboek sal plaasvind. Die tempo van aanbieding is te vinnig en die moeilikheidsgraad te hoog. Dit moet egter in gedagte gehou word dat addisionele boeke vir bladlees- en tegniese oefeninge ook gebruik kan word, asook 'n boek met nog stukke (*Chester's Piano Starters*). Dit kan help om 'n beter musikale fondament vir beginnerleerders te vestig. Word *Chester's Piano Book Number One* wel deur 'n onderwyser gekies vir gebruik by sommige leerders, kan dit suksesvol wees indien die leerder ouer, intelligent en baie musikaal is en die addisionele boeke ook gebruik word.

**Kwadrantvoorkeure: Carol Barratt. *Chester's Piano Book Number One***

(Sien tabel 11, p. 180)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Tabel 11: Kwadrantvoorkeure: Carol Barratt. *Chester's Piano Book Number One***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Die informasie is redelik sistematies uiteengesit en A-kwadrantleerders sal waarskynlik van die aanbieding hou. Leerders wat reeds kan lees sal ook hou van die baie volledige geskrewe aanwysings wat op elke bladsy verskyn, veral wanneer nuwe konsepte verduidelik word. Die tempo van aanbieding is wel vinnig, maar sal waarskynlik as 'n uitdaging beskou word.<br><br>Die illustrasies is nie oorweldigend nie en sal moontlik nie pla nie. Baie van die sketse is in ieder geval sonder kleur en die leerders hoef dit nie in te kleur as hulle nie wil nie. | B-kwadrantleerders sal voel dat daar te vinnig beweeg word met die bekendstelling van informasie. Reg aan die begin word vele fasette van musieklees bekendgestel en onmiddellik daarna word die nege note van die Middel-C-posisie op die groot notebalk aangeleer. Verdere fasette van notasie word so vinnig aangebied dat leerders dit moeilik sal vind om alles in te neem en neurologies vas te lê. Hierdie leerders sal voel dat daar nie genoeg stukke in die boek voorsien is wat dieselfde konsepte bevat nie en dat daar meer tyd benodig word om al die kennis en vaardighede vas te lê. Veral jonger en minder vaardige leerders mag geïnhibeer voel omdat hulle sal sukkel om van die stukkies korrek te speel. Die ongeordende wyse waarop daar van tyd tot tyd te werk gegaan word, soos byvoor-beeld met die aanleer van agstenote, drieklanke, frasering en vingersetting, sal nie leerders in hierdie kategorie se goedkeuring wegdra nie. | Die beperkings as gevolg van die Middel-C-benadering sal die entoesiasme van hierdie groep leerders demp. Daar is wel aan die begin die geleentheid om op en af te stap voor die klawerbord terwyl hulle die klawers speel, maar daarna sentreer al die spel net rondom die middel van die klawerbord. Dat daar nie voor-siening gemaak is vir prelees-aktiwiteite nie, moet ook as 'n nadeel beskou word, omdat hierdie musikale leerders daarvan sou hou om van die begin af met klanke te eksperimenteer.<br><br>Musikale leerders sal wel hou van die bekende tradisionele melodieë wat gebruik is, asook van die samespel met die ouer of onderwyser. Hulle sal ook graag reageer op voorstelle om hul eie stukke te komponeer. Sommige oefeninge en stukkies sal moontlik as onbevredigend en onmusikaal ervaar word. | D-kwadrantleerders sal 'n meer avontuurlike begin verkies. Hulle sal aan die begin gefrustreerd raak met die lang en passiewe periode waartydens informasie geassimileer moet word. Ten spyte van die aanvanklike frustrasie met die Middel-C-benadering, sal hierdie lesboek miskien die meeste aanklank vind by leerders met hierdie leeroriëntasie. Die feit dat informasie soms ongeorden aangebied word, en dat daar nie genoeg geleentheid vir vaslegging gebied word nie, sal nie veel pla nie. Hulle sal hou van die geleenthede om kreatief op te tree deur nuwe liedere"op te maak".<br><br>Die illustrasies sal in hul kraal pas, en hulle sal hou van die kreatiewe sy van die inkleur van die prentjies. Al is sommige van die illustrasies baie klein, sal hierdie leerders waarskynlik die humor raaksien wat soms voorkom. Die illustrasies wat gebruik word om sekere nuwe begrippe te help verduidelik, sal hulle miskien help om sodanige begrippe te verstaan. |

**Slotsom**

Indien *Chester's Piano Book Number One* sonder die addisionele boeke gebruik word, kan dit nie aanbeveel word as 'n geskikte beginnersboek nie. Omdat die pas van aanbieding so vinnig is, word daar nie genoeg geleentheid vir die leerder gebied om kennis en vaardighede stewig in gevestigde neuronale verbindingsnetwerke/langtermyngeheuestore van die brein vas te lê nie. Ouer, intelligente en musikaal-begaafde leerders mag moontlik sukses behaal met die gebruik van hierdie lesboek, maar die risiko sal steeds bestaan dat elementêre, basiese konsepte van musiekmaak nie goed vasgelê word nie en dat sulke leerders later mag sukkel met tegniese, ritme- of noteleesprobleme. Sou onderwysers *Chester's Piano Book Number One* wel gebruik vir beginners, is dit waarskynlik meer geskik vir leerders met serebrale kwadrantvoorkeure, naamlik die D- en in 'n mindere mate die A-kwadrante. Albei groepe mag hou van die flinke tempo waarteen informasie beskikbaar gestel word en sal nie soveel gepla wees met die feit dat daar nie genoegsame geleentheid vir herhaling en vaslegging voorsien word nie, soos wat die B-kwadrante sou verkies. Alhoewel die D-kwadrante nie baie in hul skik sal wees met die eerste paar lesse, die baie informasie wat oorgedra word en die min fisiese aktiwiteite waaraan hulle kan deelneem nie, mag hulle moontlik later tog die boek geniet. Hulle sal van die uitdagings hou. Die drang na kreatiwiteit sal bevredig word deur die prentjies in te kleur en stukke te komponeer volgens bepaalde tonele of gemoedstemmings (*moods*).

*Chester's Piano Book Number One* kan nie aanbeveel word vir leerders met B-kwadrantvoorkeure nie, omdat daar nie sistematies en deeglik te werk gegaan word nie. Die kinesteties-georiënteerde C-kwadrante sal ook nie hou van die lang periode van onaktiwiteit aan die begin nie, en sal haastig wees om dadelik 'n mooi wysie te speel en te eksperimenteer met klanke en klawers. Die omvang van slegs nege note in die middel van die klavier, sal ook as te beperkend ervaar word. C-kwadrante sal wel hou van die verwerkings van tradisionele en ander bekende melodieë, maar sommige stukke sal vir hulle onmusikaal klink en is onnodig moeilik om te speel. Daar is beter boeke vir hierdie kategorie leerders op die mark beskikbaar.

### 5.8.4 Pauline Hall. *The Oxford Piano Method: Tunes for Ten Fingers. A First Piano Book*

(Eerste publikasie 1981, Oxford University Press, 10 herdrukke met verbeterings, laaste uitgawe 2003)

Hierdie beginnersboek beslaan 48 bladsye en is gebaseer op die *Oxford Piano Method*. Dit is bedoel vir die jong beginner (*the very young beginner*). Een noot word per keer aangeleer en woorde word gebruik as 'n natuurlike manier om ritme (of toonduurtes) aan te leer.

Aanduidings ten opsigte van vingersetting word tot 'n minimum beperk, en dit word aan die onderwyser oorgelaat om die vingersetting te verskaf waar nodig (Hall 2003:Voorwoord).

In vergelyking met ander nuwer boeke op die mark, verskaf *Tunes for Ten Fingers* 'n rustige aanbieding van die elementêre beginsels van klavierspeel en notelees. Anders as wat dikwels in meer moderne reekse die geval is, word hier geen storie of karakter gekoppel aan die aanbieding van informasie nie. Hierdie lesboek is een van drie inleidende beginnersboeke (*tutors*) wat gebruik kan word om die repertorium uit te brei, maar dit kan ook op sy eie as 'n beginnersboek gebruik word. Die notasie is tipies van die Middel-C-benadering en herinner aan die beginnersboeke van John Thompson.

Na 'n kort voorbereidende periode waartydens die leerder bekendgestel word aan die topografie van die klavier (p. 3), word die musiekalfabet aangeleer (p. 4). C is die eerste klawer wat in die verskillende oktawe gespeel moet word en die ander klawers moet hierna op dieselfde manier gespeel word. Die verbeelding van die leerder word geprikkel deurdat "musikale woorde" gespeel moet word, soos byvoorbeeld B E D, E G G, B A G.

Drie nootwaardes word tegelykertyd aangeleer – heel-, half- en kwartnoot (p. 5). Mate word verduidelik asook die tydsoorttekens van twee- en viermaatslag, maar daar word nie spesifiek aangedui hoe getel moet word nie. Twee ritme-oefeninge, waarvan die eerste oefening die ritme van die bekende *Twinkle, twinkle little star* is, bestaan uit kwart- en halfnote. Die leerder moet die woorde ritmies praat en terselfdertyd met een vinger op enige klawer speel. Die sopraan- en bassleutel word op p. 6 aangeleer, en die posisie van Middel-C tussen die twee notebalke aangedui. Lyn- en spasienote word geïllustreer alhoewel daar geen melding van vyf lyne en vier spasies gemaak word nie. Daar word verduidelik dat musieknote op twee lere geskryf kan word (*two ladders*), een vir die regter- en een vir die linkerhand. Die ideale handposisie word met 'n skets verduidelik.

**Benadering**

Middel-C.

**Prelees**

Geen.

**Notasie en stukke**

Middel-C is die eerste genoteerde noot wat met die regterhand gespeel word in drie verskillende viermaatfragmente (p. 7). Hierdie fragmente van vier mate elk is in vierslagmaat genoteer en is voorsien van rympies wat die leerder hardop moet praat of sing terwyl dit gespeel word. Om te help met die vaslegging van 'n ritmiese polsslag, word die tydsduur van woorde langer as 'n kwartnoot met skuins strepe aangedui (/ / /) wat ooreenstem met die

aantal polsslae van die ooreenstemmende noot. Hierdie strategie om te help om 'n ritmiese polsslag te ontwikkel, word volgehou tot op p. 38. Geen verdere leiding ten opsigte van die toonduurtes of telling word verskaf nie. Vir jong leerders kan dit problematies wees, omdat hulle waarskynlik nog nie kan lees nie. Hulle sou die woorde wel kon memoriseer indien die onderwyser dit genoeg herhaal. Dit kan ook 'n probleem wees vir nie-Engelssprekende leerders.

Die eerste volwaardige stuk, *The sea* (p. 8), bestaan uit Middel-C's wat met die regterhand gespeel word. Dit word voorsien van 'n imponerende duetbegeleiding met 'n crescendo aan die einde. Die leerder word van die begin af attent gemaak op die atmosfeer (*play the bit about the big waves loudly, and the ripple bit quietly*). Die gedeelte wat die leerder speel, bestaan uit herhaalde Middel-Cs in die drie nootwaardes wat reeds aangeleer is.

Spel met die linkerhand begin op p. 9, ook Middel-Cs, terwyl ritmiese rympies terselfdertyd hardop gesê word.

Die note aan weerskante van Middel-C, D (pp. 10-11) en B (pp. 12-13), word vervolgens stelselmatig aangeleer. Daar word lank gefokus op elke noot wat in notasie aangeleer word en die leerder word die geleentheid gebied om die nuwe noot te oefen in 'n paar kort fragmente.

Tot en met p. 13 word al die note net op één notebalk genoteer. Op p. 14 verskyn die groot notebalk vir die eerste keer, sonder dat dit spesiaal vermeld word. Deur die verloop van die lesboek, veral in die gedeeltes waar nuwe note op die notebalk aangeleer word, word daar meestal gebruik gemaak van 'n enkel notebalk per keer. Die gevaar bestaan dat leerders nie van die begin af 'n visuele beeld opbou van die groot notebalk en die verhouding tussen die twee hande nie. Dit sou 'n beter opsie wees om die groot notebalk te gebruik, selfs as notasie net op een notebalk (sopraan of bas) verskyn.

E word op p. 16 aangeleer: *E sits on top of the first line of the ladder, just above D.* Op p. 18 word die leerder herinner aan die name van die drie reeds bekende nootwaardes. Die gepunteerde halfnoot word ook aangeleer. Kort, afsonderlike notebalke, genoem "lere" (*ladders*) met G- en F-sleutels word weereens verduidelik. Die tydsoorttekens van drieslagmaat word verduidelik. Vyf stukke, bestaande uit Cs, Ds en Es, verskyn op pp. 17-20. Al vyf stukke is slegs op die sopraannotebalk geskryf. Beweging is meestal trapsgewys, alhoewel tertssspronge hier en daar voorkom. *Mary had a little lamb* (vir die regterhand) verskyn op p. 20. Daar verskyn min voorstelle vir vingersettings by die stukke. Onderaan p. 20 verskyn daar wel 'n aanbeveling: *Play next-door notes with next-door fingers. When you miss a note out, miss a finger out too.*

A (linkerhand) word op p. 21 en F (regterhand) op p. 23 aangeleer. G (linkerhand) word aangetoon op p. 25. *My wish* (p. 25) begin met 'n opmaat, maar daar word geen melding van gemaak of 'n verduideliking verskaf nie. Die oplettende, feitegedrewe A- en B-kwadrante sal waarskynlik aandring op 'n verklaring waarom die eerste en laaste mate "te kort" is. Terts-, kwart- en kwintspronge kom in die onderskeie hande in die stukke op pp. 24 en 25 voor.

Vanaf p. 26 word die melodielyn van die stukke tussen die twee hande verdeel. Hall maak gebruik van 'n aantal bekende wysies wat baie kunstig verwerk word. Voorbeelde hiervan is onder meer *Yankee Doodle* (p. 26), *Kumbaya* (p. 27), *Old MacDonald had a farm*[78] (p. 28), *Good King Wenceslas* (p. 31), *Twinkle, twinkle little star* (p. 33) en *Jingle bells* (p. 41).

G (regterhand) word op p. 30 bekendgestel. Altesaam vyf note kan nou op die sopraannotebalk gelees word. Oorgebinde note (*tied notes*) word in allerhande nootwaardes uitvoerig op p. 32 verduidelik. Op p. 35 verskyn die duet, *Cowboy Joe.* Die duetbegeleiding bestaan uit gepunteerde ritmiese figure wat die trippelgang van die perd baie effektief uitbeeld.

F in die linkerhand is die laaste noot wat aangeleer word (p. 36). Die leerder ken nou die nege note van die Middel-C-posisie. In die volgende gedeelte word verskeie verdere konsepte van notasie behandel. Op p. 38 word *crescendo* verduidelik. Kwart-, half- en heelnootrustekens word op p. 39 verduidelik. Staccatonote word aangedui in *Cuckoo* (p. 39). Die term *staccato* word nie gebruik nie – wel die volgende aanbeveling: *Make the notes with dots underneath them short and jumpy.*

Agstenote word op p. 40 verduidelik. Die leerder moet *Baa baa black sheep* hardop sing en klap. Hierna word die nootwaardes daarvan verskaf en die leerder moet bepaal waar die agstenote voorkom. Agstenote verskyn in die laaste tien stukke van *Tunes for Ten Fingers*. In *This old man* (p. 43), *Hush, little baby* (p. 44) en *Happy birthday to you* (p. 45) word die melodielyn tussen die twee hande verdeel en die groot notebalk word gebruik. Op p. 46 word die skuifteken E-mol aangeleer. Dit word in *Halloween night* (p. 46) gebruik om die spookagtige atmosfeer uit te beeld. Geen verdere skuiftekens word gebruik nie.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleiding**

Duetbegeleidings kom slegs by vyf stukke voor. Die meeste van die begeleidings is redelik eenvoudig en kan met gemak deur 'n ouer of ouer leerder gespeel word. Van die duetpartye

---

[78] Die sprong van 'n kwart wat in die melodielyn van *Yankee Doodle* en *MacDonald* voorkom, word tussen die twee hande verdeel, sodat die interval nie met een hand gespeel hoef te word nie.

is baie treffend, soos byvoorbeeld die gepunteerde ritmes in *Cowboy Joe* (p. 35) wat die trippelende hoefslae van die perd naboots.

**Toonsoorte**

C, c, a, G, F.

**Omvang**

Die nege note van die Middel-C-posisie.

**Teorie**

Geen.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Die meeste illustrasies is vindingryk en help om die teks/karakter van die stukke uit te beeld en nuwe begrippe duideliker en verstaanbaarder te maak. Die kleur van die illustrasies is gedemp en oorheers nie die aanbieding nie. Die bladuitleg skep meestal 'n rustige indruk, alhoewel daar soms heelwat informasie op 'n enkele bladsy verskaf word.

**Nootwaardes en ritme**

Kwart-, half- en heelnote word volgens die tradisionele Middel-C-benadering gelyktydig aangeleer, saam met mate, maatstrepe en die tydsoorttekens van twee- en vierslagmaat. Die gepunteerde halfnoot word op p. 18 aangeleer en agstenote op p. 40. Alhoewel geen leiding verskaf word oor hoe die leerder die agstenote moet tel nie, behoort die gevoel van twee agstes wat gelyk is aan een kwartnoot, suksesvol vasgelê te word met die praat/sing van *Baa baa black sheep.* Dwarsdeur die lesboek word daar baie gesteun op die ritmiese praat of sing van woorde om die toonduurte van die verskillende note vas te lê. 'n Paar klapoefeninge kom hier en daar voor.[79] Die *modus operandi* om die gevoel van ritmiese waardes vas te lê deur middel van die praat of sing van 'n spesifieke teks, kan goed werk wanneer die leerder die teks ken of dit maklik kan lees. Versigtigheid moet egter aan die dag gelê word om nie uitsluitlik op so 'n metode te steun nie. Dit mag gebeur dat jong leerders nog nie bedrewe is in die lees van woorde nie, en/of dat hulle nie die liedjies se woorde van

[79] *Baa baa black sheep* word ook in *Chester's Piano Book Numer One* (Barratt 1989) gebruik om die toonduurte van agstenote vas te lê. In *Chester's Piano Book Number One* word ook eers net die ritme van die gedig gebruik en daarna moet die leerder ook die melodie ritmies speel. In die beginnersboek van Hall word slegs die gedig gebruik. Die leerder speel nie die melodie nie. Dit illustreer die verskil in die moeilikheidsgraad tussen die twee boeke. Hall het waarskynlik bevind dat dit vir 'n jong leerder te moeilik is om beide melodie en ritme tegelykertyd te bemeester.

buite ken nie. Nie-Engelssprekende leerders mag probleme met die Engelse tekste ondervind.

**Evaluasie**

Hierdie goedversorgde lesboek beweeg teen 'n rustige pas en 'n gepaste hoeveelheid tyd word spandeer om die meeste fasette van die notasie deeglik vas te lê. Nuwe konsepte word uitvoerig en deeglik verduidelik. As gevolg van die Middel-C-benadering is die eerste gedeelte van die lesboek nie baie opwindend nie, en sommige leerders mag vind dat dit aanvanklik vervelig en nie uitdagend genoeg is nie. Die duetbegeleiding help om van die stukke interessanter te maak, maar dit kom nie by alle stukke voor nie. Soos dikwels die geval is by hierdie tipe Middel-C-benadering, mag leerders die baie informasie wat reg aan die begin verskaf word, intimiderend vind (drie nootwaardes, mate en tydsoorttekens, handposisie). Daar word baie klem gelê op die ritmiese praat en sing van die woorde. Die tekste is uitstekend saamgestel en kan help om die ontwikkeling van tydwaardes goed vas te lê. Omdat jong leerders waarskynlik nog nie goed kan lees nie, bestaan die gevaar egter dat die vaslegging van 'n ritmiese polsslag nie so suksesvol sal wees as wat die opsteller beoog het nie.

'n Uitstaande kenmerk van *Tunes for Ten Fingers* is die groot aantal geslaagde verwerkings/stukke, veral in die laaste helfte van die lesboek. Dit vergoed in ruime mate vir enige onvergenoegdheid wat moontlik mag ontstaan as gevolg van die stadige pas aan die begin. Word die musikale waarde van die stukke in hierdie beginnersboek vergelyk met byvoorbeeld dié in die beginnersboeke van Barratt (1989) en Waterman en Harewood (1988), is hierdie stukke in *Tunes for Ten Fingers* soveel "mooier" en behoort dit baie genot aan die jong beginner te verskaf.

Nog 'n kenmerk van *Tunes for Ten Fingers,* wat nie altyd in dieselfde mate in beginnersboeke voorkom nie, is die baie aandag wat gegee word aan die vertolking van die stukke. Daar word gepoog om 'n gevoel vir atmosfeer en die regte tempo by leerders te ontwikkel.

*Tunes for Ten Fingers* sou baat daarby indien meer duetbegeleidings voorsien sou word. Om saam met ander musiek te maak is vir baie leerders genotvol en dit sou help om die beperking ten opsigte van omvang te omskep in 'n meer avontuurlike ervaring. In die geheel gesien, egter, is dit 'n goedbeplande en deeglike benadering vir die klavieronderrig van 'n jong beginner. Die noteskrif is ietwat klein. Groter druk word makliker deur jong leerders gelees.

'n Verdere punt van kritiek is die volgehoue gebruik van net een notebalk en die relatief min verskynings van die groot notebalk. Veral vir leerders wat baie ingestel is op beelding, is dit

baie belangrik om 'n goeie visuele beeld vas te lê. Die verwantskap tussen die sopraan - en basnotebalke word eers werklik visueel vasgelê wanneer die groot notebalk gebruik word.

**Kwadrantvoorkeure: Pauline Hall. *Tunes for Ten Fingers***

(Sien tabel 12, p. 188)

**Tabel 12: Kwadrantvoorkeure: Pauline Hall. *Tunes for Ten Fingers***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| *Tunes for Ten Fingers*, met sy sistematiese en geordende aanbieding, sal waarskynlik baie aanklank vind by leerders met hierdie kwadrantvoorkeur. Die skoon bladuitleg, geskrewe instruksies wat dikwels voorkom en die uitdagings ten opsigte van teoretiese aspekte sal byval vind. Die bedeesde illustrasies is meestal klein en nie opdringerig nie. Dit behoort nie te steur nie.<br><br>Die besonder intelligente leerder met 'n oorwegend A-kwadrantvoorkeur mag by tye, veral aan die begin, effens geïrriteerd raak met die stadige tempo waarteen beweeg word, en veral die kort viermaat fragmente wat gebruik word om nuwe note aan te leer. Tog het ook hierdie leerders 'n periode van deeglike vaslegging van elementêre begrippe nodig en sou hulle volhard met die gebruik van die boek, sal hulle baie daaruit baat. Hulle sal ook die bekende en singbare melodieë geniet. | Die weldeurdagte, geordende aanbieding sal hierdie persone tevrede stel. Hulle sal nie slegs hou van die volgorde van aanbieding nie, maar sal ook gerusgestel wees dat daar genoeg herhaling plaasvind elke keer as 'n nuwe konsep aangeleer word.<br><br>Die stadige tempo waarteen nuwe note aangeleer word, wat soms vir die A-kwadrante mag frustreer, sal hierdie leerders hoegenaamd nie pla nie, omdat hulle geborge en veilig voel met voorspelbare en deeglike herhaling.<br><br>Hierdie persone sal ook hou van die gedempte en besadigde aanbieding van illustrasies. | Hierdie beginnersboek kan met 'n redelike mate van sukses gebruik word vir leerders met C-kwadrantvoorkeure. Hulle sal waarskynlik nie baie entoesiasties wees oor die ietwat onavontuurlike aanvangsgedeelte met die beperkings rondom die omvang nie en sou veral 'n periode van prelees geniet het. Soos die boek egter vorder, word die stukkies interessanter en die musikale C-kwadrante sal dit geniet om die groot aantal bekende en/of tradisionele liedere te speel.<br><br>Leerders kan identifiseer met die vindingryke illustrasies wat menslike karaktereienskappe uitbeeld, of dit nou 'n padda of 'n aartappel is.<br><br>Meer geleentheid vir samespel saam met ander sou die boek selfs aantrekliker vir hierdie kategorie leerder gemaak het. Daar verskyn wel duetbegeleidings, sommige daarvan baie vindingryk, soos dié by *Cowboy Joe* (p. 35), maar in die geheel beskou is daar min geleentheid om musiek saam met ander te maak. | Die aanvangsgedeelte van die beginnersboek, synde tradisioneel Middel-C, sal nie baie geskik wees vir persone met D-kwadrant leervoorkeur nie. Daarvoor is die aanbieding te voorspelbaar, en dus vervelig, en daar word nie genoeg uitdaging aan hierdie leerders gestel nie.<br><br>Alhoewel die meeste van die illustrasies baie vindingryk is, mag dit soms vir hierdie leerders as effens vaal, klein en bedeesd voorkom.<br><br>Word *Tunes for Ten Fingers* wel gebruik deur persone met hierdie leervoorkeur, sal hulle dit meer begin geniet teen die einde wanneer daar verwerkings van bekende en/of tradisionele liedere verskyn.<br><br>D-kwadrante sal veral die "onakademiese" manier waarop die agstenoottoonduurte bekendgestel word, baie geniet en hulle sal volgens hierdie metode die vaardigheid om ritmepatrone uit te voer, makliker assimileer as wanneer 'n meer teoretiese aanbieding gebruik word. Dieselfde geld ook vir die ander nootwaardes en die klem wat geplaas word op die ritmiese praat of sing van die woorde van die liedere. |

**Slotsom**

Hierdie keurigversorgde boek met sy mooi glanspapier is veral geskik vir leerders met linkerhemisferiese voorkeure, dus A- en B-kwadrante. Die uiters sistematiese manier waarop informasie aangebied word en die deeglike herhaling en vaslegging van die nuutverworwe kennis behoort baie bevredigend vir veral die B-kwadrante te wees. Tog sal die leerders met regterhemisferiese voorkeure ook die boek kan geniet. Hulle sal nie so baie hou van die eerste derde van die lesboek nie, en sal dit moontlik vervelig en onopwindend vind. Maar indien hulle vasbyt, sal die laaste gedeelte vanweë die keuse en verwerkings van bekende stukke tog baie plesier verskaf. Die vindingryke illustrasies sal veral deur C-kwadrante geniet word – ook deur die D-kwadrante, alhoewel hulle moontlik helderder kleure en meer uitdagende sketse sou verkies. Die D-kwadrante sal goed reageer op die manier waarop toonduurte en 'n gevoel vir ritmiese beweging in die boek hanteer word. Hulle sal daarvan hou om dit "op gevoel" te doen, deur die ritmiese praat of sing van die woorde, eerder as die meer akademiese verduidelikings.

Kortom, alhoewel die leerders met linkerbreinvoorkeure die meeste aanklank by hierdie aanbieding sal vind, kan hierdie uitstekende beginnersboek vir leerders van al vier kwadrantvoorkeure gebruik word. Onderwysers kan gerus wees in die wete dat leerders wat deur hierdie beginnersboek gewerk het, 'n deeglike fondament in die basiese grondbeginsels van musiekspeel en notasieleer ontvang het.

### 5.8.5 Fanny Waterman en Marion Harewood. *Me and My Piano. Part 1*

(Eerste uitgawe 1988, London)

Hierdie beginnersboek van Waterman en Harewood is die eerste van twee boeke in 'n reeks wat spesiaal ontwerp is vir gebruik met baie jong leerders. Dit beslaan 48 bladsye en verskil in twee opsigte van die meeste ander beginnersboeke. In die eerste plek word die name van die note aangeleer deur aan elk van die sewe note van die musiekalfabet 'n kleur van die reënboog toe te ken. Die samestellers beveel ook aan dat gedurende die aanvangstadium gekleurde plakkers op die klawers aangebring word om die leerder met identifikasie te help. In die tweede plek word daar aanvanklik slegs met die regterhand gespeel en eers nadat al vyf regterhandnote aangeleer is, word die linkerhand ingespan. Hierna speel albei hande afwisselend in dieselfde stukke. Samespel met albei hande vind eers in die laaste vier stukke plaas.

*Me and My Piano* begin met 'n illustrasie van die korrekte sitposisie voor die klavier, die ideale handposisie (p. 3), die klawerbord met aanduidings van hoog en laag, Middel-C en groepe wit en swart klawers. Die leerder moet al die Cs op die klawerbord speel en soos 'n padda spring van noot tot noot (p. 4). *The musical rainbow* word op p. 5 bekendgestel. Dit

bestaan uit sewe kleure, net soos die musiekalfabet wat ook sewe letters het. Elke letter van die alfabet het 'n spesifieke kleur, byvoorbeeld turkoois vir C, groen vir D, geel vir E, ens. Die leerder moet elke klawer op die klawerbord speel en die naam hardop sê. Die eerste klawers wat gespeel word is dié van die eerste gedeelte van *Three blind mice*: E D C E D C G F E G F E. 'n Woordspeletjie word ook verskaf deurdat leerders "woorde" speel op die klavier, soos byvoorbeeld BAG, CAB, BEE (p. 5).

Bladsye 6-7 word gewy aan ritmiese aspekte. Kwart-, half- en heelnote word verduidelik, asook maatstrepe, mate en die 4/4 maatsoortteken. Die res van pp. 6 en 7 bestaan uit ritmepatrone wat geklap of op een klawer gespeel kan word. Leerders word aangesê om numeries te tel, dus 1-2-3-4 in vierslagmaat. Die nootwaardes en teks van *Yankee Doodle* en *Sing a song of sixpence* word op p. 7 vertoon. Die onderskeie toonduurtes van heel-, half- en kwartnote word deeglik vasgelê deur hierdie werkswyse. Die leerder moet die woorde hardop sê terwyl geklap word of op Middel-C gespeel word. Dit mag problematies wees vir leerders wat nog nie kan lees nie en moontlik ook nie Engels magtig is nie. Lyne en spasies, sopraan- en bassleutels word op p. 8 verduidelik, asook die vingernommers van die regterhand.

**Benadering**

Suiwer Middel-C. Meer tyd word aanvanklik bestee aan die vaslegging van die onderskeie toonduurtes as wat die geval is in die meeste beginnersboeke wat op die Middel-C-benadering gebaseer is.

**Prelees**

Geen.

**Notasie en stukke**

Die eerste 22 bladsye konsentreer uitsluitlik op die regterhand. Op p. 6 word die nootwaardes van kwart-, half- en heelnote aangeleer. Mate en maatlyne, asook die tydsoortteken van vierslagmaat word verduidelik en klapoefeninge voorsien.

Die woorde van *Yankee Doodle* en *Sing a song of sixpence* word op p. 7 aangedui met die ooreenstemmende nootwaardes. Leerders moet die ritme klap en die woorde hardop praat. Die ritme moet ook met een vinger op Middel-C gespeel word. Die G-sleutel word op p. 8 aangetoon, tesame met die sopraannotebalk en note op lyne en tussen spasies. Die vingernommers van die regterhand word ook verduidelik. Die eerste genoteerde noot is Middel-C. Drie kort stukke word in kwart- en halfnote op Middel-C gespeel (p. 9). Die woorde wat by hierdie stukke voorsien word, behoort te help om die uitvoering van ritmepatrone te fasiliteer. Note word volgens 'n bepaalde stelsel aangeleer waarvan nooit afgewyk word nie.

Behalwe vir die dele waar klap- en teorieoefeninge aangebied word, word 'n nuwe noot op elke tweede bladsy aangeleer. Duetbegeleidings, meestal eenvoudig en op een notebalk genoteer, verskyn by die meeste stukke. Wanneer 'n nuwe noot aangeleer word, verskyn 'n reënboog met die naam van die noot in die kleur wat dit voorstel boaan die bladsy. Die regterhandnote van Middel-C tot G word vanaf pp. 9-17 aangeleer. Op p. 11 word die tydsoortteken van tweeslagmaat verduidelik en die gepunteerde halfnoot op p. 13. Geen verwysing na intervalgrootte word gemaak nie. Spronge van tertse en kwarte kom herhaalde male in hierdie stukke voor.

Bladsy 18 word gewy aan die vaslegging van ritmepatrone. Drieslagmaat word verduidelik. Die ritmepatrone moet geklap word terwyl numeries (1-2-3) getel word. Die woorde van *Humpty Dumpty*, in drieslagmaat genoteer, verskyn onderaan die bladsy. Die sê van die teks help om die ritmiese gevoel vas te lê. Die onderwyser word aangemoedig om hierdie klapoefeninge in duette te verander deur self kwartnote te klap. Die dinamiese tekens *f* en *p* word boaan p. 19 verduidelik. Bladsye 20-21, met die opskrif *Monkey Puzzles 1,* word gewy aan die teoretiese vaslegging van toonhoogtes en nootwaardes. *Girls and boys come out to play* (p. 22) is die laaste liedjie in die regterhandseksie.

Die afdeling vir die linkerhand begin op p. 23 en strek tot op p. 31. B tot F, dalend vanaf Middel-C, word aangeleer. Dieselfde werkswyse word gevolg as wat met die regterhand die geval was en 'n nuwe noot word op elke tweede bladsy aangeleer. Staccato-aanslag word op p. 27 bekendgestel, met die verduideliking dat dit *short and crisp* gespeel moet word, met 'n ontspanne gewrig *like a bouncing ball*. Hierdie tipe aanslag word toegepas in twee stukke op p. 27, waar die linkerhand alleen speel. Die eenvoudige toonsettings bied aan die leerder die geleentheid om uitsluitlik op die nuwe tegniese beweging te fokus.

Die derde afdeling begin op p. 32. In hierdie gedeelte speel albei hande afwisselend in elke stuk. Die bindboog word op p. 34 verduidelik. Die laaste frase van *Pussy cat* (p. 35) bevat vyf mate wat die ewewig van die stuk versteur. Dinamiek kry baie aandag in hierdie seksie.

*Monkey Puzzle 2* word op pp. 36-37 aangebied. Dit bevat blokkiesraaisels en prettige speletjies. Drie rustekens (kwart-, half- en heelnootrus) word op p. 38 aangetoon. Daar is ook vyf klapoefeninge in twee-, drie- en vierslagmaat, wat die verskillende ruste insluit wat pas aangeleer is. Die bekende *Old MacDonald* verskyn op p. 39. Die hande speel afwisselend, rustekens word gebruik en staccato-aanslag word in 'n paar mate vereis. Die sprong van 'n kwart wat in die melodie voorkom, word met die linkerhand gespeel.

In 'n verwerking van die bekende *Oh when the Saints go marching in* (p. 45) word staccato- en legato-aanslag afgewissel. In *The haunted castle* (p. 46) word 'n spookagtige atmosfeer verkry deur die gebruik van 'n mineurtoonsoort (a). Verskillende nootwaardes word vir die

twee hande geskryf, soos ook voorkom in die volgende stuk, *There was an old man with a beard* (p. 47).

Geen fraseringsboë word in enige van die stukke in *Me and My Piano* gebruik nie.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleidings**

Eenvoudige duetbegeleidings word by die meeste stukke voorsien. Dit is een van die groot verskille tussen hierdie beginnersboek en byvoorbeeld dié van John Thompson, waar gevorderde en "groot-klinkende" duetpartye gebruik word wat ook 'n verskeidenheid toonsoorte moontlik maak.

**Toonsoorte**

C, F, a.

**Omvang**

Die omvang beslaan die nege note van die Middel-C-posisie.

**Teorie**

Verskeie teorie-oefeninge word in die loop van die lesboek aangebied (pp. 20-21, 36-37). Speletjies en raaisels, genoem *Monkey Puzzles 1 & 2,* verleen opwinding aan basiese teorie.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Illustrasies verskyn op elke bladsy en by die meeste stukke. Die illustrasies is kleurvol, dog die kleure is effens gedemp. Die bladuitleg skep 'n rustige indruk, ten spyte daarvan dat daar baie detail voorkom. Die kleurvolle reënboog boaan die bladsye waar nuwe note bekendgestel word, help die leerder met oriëntasie op die klawerbord en notebalk.

**Nootwaardes en ritme**

Kwart-, half- en heelnote word vroeg reeds aangeleer (p. 6), terwyl die gepunteerde halfnoot later verduidelik word (p. 13). Numeriese telwyse word aanbeveel. Klapoefeninge wat die onderskeie toonduurtes vaslê, word aan die begin van die boek verskaf (pp. 6-7), asook op pp. 18 en 38. Rustekens word op p. 38 verduidelik. In die geheel beskou, word daar baie aandag aan die vaslegging van nootwaardes en die handhawing van ritmepatrone gegee.

Leerders wat die lesboek gebruik, sal waarskynlik bewapen wees met 'n stewige ritmiese onderbou.

**Evaluasie**

Dieselfde beswaar wat ingebring word teen reekse wat op die tradisionele Middel-C-benadering gebaseer is, is hier ook geldig, maar in 'n mindere mate. Met die aanbieding van die Middel-C-benadering word verskillende nootwaardes tradisioneel reeds tydens die eerste les behandel, met mate, maatstrepe en tydsoorttekens. Die beswaar is dat die leerder soveel nuwe informasie moet assimileer dat dit baie moeilik is om te begin speel, al is dit net met een vinger op een klawer. Met *Me and My Piano* is die prosedure nie heeltemaal dieselfde nie. Na die aanleer van die eerste drie nootwaardes verskyn daar verskeie klapoefeninge wat help om die gevoel van toonduurtes te vestig. Die G-sleutel en die lyne en spasies van die regterhand word eers hierna aangeleer en daarna moet die leerder Middel-C vanaf notasie en in tyd speel, met die regte vingers en handposisie.

'n Verdere punt van kritiek teen beginnersboeke wat die Middel-C-benadering gebruik, is hier wel van toepassing. Daar word baie lank gefokus op Middel-C en die naasliggende note. Hier vind dit boonop twee maal plaas – eers by die uitgebreide afdeling met net die regterhand, wat dan stelselmatig tot 'n vyfnootomvang vorder. Hierna word die leerder weer teruggebring na herhaalde Middel-Cs en wat daarop volg wanneer die linkerhand begin speel. Dit mag gebeur dat sommige leerders dit as vervelig en onstimulerend sal ervaar. 'n Addisionele probleem wat in *Me and My Piano* voorkom, is dat baie van die notasie slegs op een notebalk per keer geskryf word. Dit veroorsaak dat die leerder nie die volledige prentjie van die groot notebalk voor oë het nie en dat die visuele vaslegging nie behoorlik kan geskied nie.

Verveling wat ervaar mag word gedurende die aanvangsperiode, word "versag" deur gepaste tekste wat help om die ritme vas te lê. Hierin is egter ook 'n probleem opgesluit. Indien die lesboek gebruik word vir voorskoolse leerders, sal hulle waarskynlik nie die woorde van die liedjies kan lees nie, en sou hulle, wanneer hulle sonder toesig van 'n ouer persoon oefen, nie hierdie hulpmiddel suksesvol kan inspan nie.

Informasie word uiters sistematies aangebied en daar vind uitgebreide herhaling plaas wat sal help met die vaslegging van toonhoogte en tydwaardes in die langtermyngeheuestore van die brein. Die stukke neig om vervelig te raak, veral die eerste gedeelte van die boek waar die omvang nog baie beperk is. Sommige liedjies se musikale waarde is nie besonder goed nie, soos byvoorbeeld *Pussy cat* (p. 35) waar die laaste frase 'n gevoel van ongebalanseerdheid laat. In die laaste deel van die lesboek verskyn 'n aantal bekende liedere, soos byvoorbeeld *Oh when the Saints go marching in* (p. 45), *Down by the lakeside*

('n verwerking van 'n melodie uit Beethoven se sesde simfonie, p. 44), *Old MacDonald* (p. 39) en *Rowing* (p. 34). Wanneer die stukke in *Me and My Piano* egter vergelyk word met dié wat verskyn in die lesboeke van Thompson en Hall, is die repertorium van opwindende stukke in laasgenoemde twee beginnersboeke veel groter. In die algemeen kan *Me and My Piano* egter beskou word as 'n geslaagde beginnersboek wat die regte informasie op 'n ordelike, sekwensiële manier aan die leerder oordra. Ongelukkig verskyn daar soms onnodige vingersettings wat daartoe kan lei dat vingers in stede van note gelees word. Sou hierdie vingersettings weggelaat word in latere publikasies, sal dit 'n uitstekende beginnersboek wees om te gebruik wanneer sommige jong leerders hulle klavierlesse begin.

**Kwadrantvoorkeure: Waterman en Harewood. *Me and My Piano Part 1***

(Sien tabel 13, p. 195)

**Tabel 13: Kwadrantvoorkeure: Waterman en Harewoord. *Me and My Piano Part 1***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| A-kwadrantleerders sal aanklank vind by die logiese en sekwensiële wyse waarop die informasie aangebied word. Dit gebeur nêrens met die aanbieding dat van die leerder verwag word om iets te speel wat nie vooraf verduidelik is nie.<br><br>Daar verskyn wel baie prentjies, maar die geheelindruk is nie opdringerig of oorweldigend nie, en die kleure redelik gedemp. Dit behoort die A-kwadrantleerder nie te veel te pla nie. | B-kwadrante behoort besonder baie te hou van die manier waarvolgens informasie aangebied word. Die logiese uitsetting en die baie herhaling behoort byval te vind by leerders met hierdie leervoorkeur. B-kwadrante hou daarvan dat alles georden is en dat dinge sonder struikelblokke verloop. Daar is nêrens enige leemtes in die aanbieding van informasie nie.<br><br>B-kwadrante sal hou van die teorieopdragte wat nuwe informasie konsolideer en groter vaardigheid in teoretiese aspekte verseker. | Persone met C-kwadrantvoorkeure sal uit die aard van die saak nie baie hou van die Middel-C-benadering nie. In die eerste instansie is die beperkte omvang vir hierdie leerders met hulle voorliefde vir kinestetiese beweging 'n probleem, want hulle sou graag groter bewegings wou uitvoer, en oor die hele omvang van die klawerbord wou speel. In die tweede instansie sal hulle waarskynlik geïnhibeer voel deurdat hulle met die eerste kennismaking met klavieronderrig aan bande gelê word deur die groot hoeveelheid kennis wat hulle eers moet inneem alvorens hulle kan begin om self te speel. C-kwadrante behoort baie goed te reageer op 'n periode van prelees en nabootsspel, en dit is jammer dat hierdie benadering nie daarvoor voorsiening maak nie.<br><br>Vir die musikale leerders sal van die stukke nie net onopwindend wees nie, maar ook onmusikaal (byvoorbeeld *Pussy cat*, p. 35). Hulle mag egter tog algaande die oulike verwerkings van bekende melodieë baie geniet. *Oh when the Saints go marching* in sal defnitief 'n treffer wees vir hierdie lewendige en musikale leerders. Hulle sal ook geniet om duette saam met die onderwyser of 'n ouer te speel. | *Me and My Piano* moenie deur leerders met hierdie leervoorkeur gebruik word nie. Daar is beginnersboeke op die mark beskikbaar wat baie beter sal pas en meer uitdagings sal stel aan hierdie groep leerders. Die beperkings wat as gevolg van die Middel-C-benadering opgelê word, sal hulle frustreer. Informasie word te beperkend, te planmatig en te geroetineerd aangebied. D-kwadrante hou van verrassings, eerder as voorspelbare roetine. Hulle wil dadelik iets "groots" speel, baie klank maak en groot bewegings uitvoer.<br><br>Hulle behoort te hou van die illustrasies, maar mag moontlik groter figure en helderder kleure verkies. |

**Slotsom**

Hierdie netjiesversorgde beginnersboek sal veral geskik wees vir leerders met linker kognitiewe leerstyle. Sulke leerders is meer begaan oor die logika van die aanbieding aan die een kant (A-kwadrant) en die proses van die aanbieding en vaslegging aan die ander kant (B-kwadrant). Die frustrasie wat die D-kwadrante ervaar omdat daar nie genoeg uitdaging en opwinding in die stukke opgesluit is nie, en die aanvanklike misnoeë van die C-kwadrantleerders omdat die stukke vervelig of onmusikaal is, sal die leerders met linkerbreinvoorkeure miskien nie soveel pla nie.

### 5.8.6 Ann Bryant. *Keyclub Book One*

(Eerste uitgawe 1998, London)

Die beginnersreeks vir klavierleerders, *Keyclub,* is, in die woorde van die samesteller (Bryant 1998b:2) … *a new world of learning the piano and is designed specifically to suit the needs of today's children and teachers. Keyclub Book One* bied informasie in die vorm van 'n reisverhaal aan wat in *Keyland* afspeel. Verskillende plekke word besoek – die pretpark, die brandweer, 'n wonderlike plaaswerf. Elke stuk vertel iets van die plek wat besoek word en word geïllustreer deur vindingryke en kleurvolle sketse. Die onderwysershandleiding verskaf wenke oor hoe informasie aangebied kan word. Baie klem word gelê op groepsonderrig en wanneer 'n nuwe stuk of nuwe begrip aangeleer word, word dit eers vooraf in die groepklas bekendgestel en geoefen voordat daar van leerders verwag word om dit op die klavier te speel. Note word een vir een aangeleer, en elke keer as 'n nuwe noot aangeleer word, open dit 'n deur na 'n nuwe area van *Keyland.* Aan die einde van elke afdeling word die leerder beloon met 'n noot-"plakker". *Worksheets* (genoem *Insect islands*) en *Info-checks* beklemtoon wat pas geleer is (Bryant 1998b: 2).

Bryant (1998b:3) is 'n voorstander daarvan dat leerders eers op sewejarige ouderdom met klavierlesse begin. Sy motiveer dit as volg:

> My findings over twenty years of teaching show that the usual pattern for children learning from below the age of seven is that they tend to reach the same stage at nine as the child who started at seven.[80]

---

[80] Die leerders waarna Bryant (1998:3) verwys, het almal reeds weeklikse klasse in musiek en beweging vir drie jaar by Bryant ontvang en het ook weeklikse blokfluitlesse vir twee van die drie jaar ontvang. Hierdie noodsaaklike voorafperiode vir die aanleer van die basiese vaardighede en konsepte, is 'n voorvereiste vir leerders wat eers op sewe- of agtjarige ouderdom met klavieronderrig begin. Dit sluit aan by en beklemtoon die belangrikheid van die geleentheidsvensterperiode.

Bryant is ook 'n skrywer van leesboeke vir leerders. Vanweë haar volhoudende betrokkenheid by jong leerders het sy die idee gekry om 'n fantasiewêreld te skep waar leerders betower kan word in … *a world of learning and fun* (Bryant 1998b: Agterblad).

Baie min leerders word professionele musici, en om daardie rede is die reeks saamgestel vir die gemiddelde leerder. Bryant stel dit as volg: *Very few children turn out to be, or even want to be professional musicians, so this is for your average kid, with a far-seeing teacher* (Bryant 1998b: Agterblad).

Bryant (1998b:2) beveel aan dat leerders ter voorbereiding eers 'n kursus in algemene musiekbekwaamheid moet volg (*pre-piano*). In die onderwyser- en ouerhandleiding word handige wenke verskaf oor hoe die *pre-piano*-periode aangepak moet word. Gedurende hierdie voorbereidende periode word verskeie begrippe vasgelê – hoog en laag, harde en sagte klanke, legato en staccato, vrolik en treurig, vinnige en stadige tempo, nootwaardes (kwart-, half- en heelnoot) en die notebalk (lyne en spasies). Die ouer of onderwyser kan allerhande hulpmiddels gebruik, soos toue wat die lyne en spasies voorstel, slaginstrumente vir vaslegging van nootwaardes, blokfluite, flitskaarte, ens. Die werksaamhede van die *pre-piano*-periode word nie in die lesboek opgeneem nie, en word slegs in die onderwysershandleiding uiteengesit.

Sodra die leerder al hierdie begrippe en vaardighede bemeester het, kan begin word met lesse uit *Keyclub Book One. Keyclub Book One* beslaan 47 bladsye. Op die eerste bladsy (p. 3) word 'n hersieningsoefening voorsien van al die konsepte van musiekmaak en notasie wat gedurende die *pre-piano*-periode onderrig is. Om *Keyland* te betree, moet die leerder die volgende kan doen:

1. Tussen die linker- en regterhand kan onderskei
2. Al die Cs op die klawerbord kan opspoor en in staat wees om Middel-C te identifiseer
3. Vertroud wees met die notasie van Middel-C in verskillende nootwaardes op die groot notebalk vir beide die linker- en regterhand
4. Bekend wees met Middel-Cs, soos vir beide die regter- en linkerhand op die groot notebalk genoteer
5. Bekend wees met kwart-, half- en heelnote
6. 'n Viermaatfragment wat uit Middel-Cs bestaan en wat vir die regter- en linkerhand afsonderlik in kwartnote genoteer is, op die klavier kan speel. Die fragment is op die groot notebalk in tweeslagmaat geskryf en die telling (1-2/1-2) en vingersetting (1e vinger) word aangedui.

**Benadering**

Middel-C.

**Prelees**

Geen.

**Gehoorspel en improvisasie**

Leerders word op 'n deurlopende basis aangemoedig om stukke te komponeer of te improviseer. Improvisasie kan ook gedoen word deur verskillende slaginstrumente te gebruik.

**Notasie en stukke**

Notelees vind plaas deur die herkenning van intervalle (intervallees). Bryant verkies die terme *steps, skips, flea jumps,* ens., omdat sy gevind het dat dit beter werk met jong leerders as die terme "sekundi", "tertse" en "kwarte".

Dit is baie belangrik om in ag te neem dat die informasie en stukke in *Keyclub* nie net vir 'n een-tot-een-situasie bedoel is nie. *Keyclub Book One* kan wel deur 'n onderwyser gebruik word om net een leerder per keer les te gee, maar die onderrig is veel waardevoller indien dit ook in 'n groepklassituasie kan plaasvind. In die handleiding vir onderwysers word volledige uiteensettings verskaf oor hoe te werk gegaan kan word om werklik maksimum voordeel uit elke stuk te put. Dit is dus nie net die stuk wat in *Keyclub Book One* voorkom wat gebruik of geëvalueer moet word nie.

Op een uitsondering na word al die stukke in *Keyclub Book One* voorsien van 'n begeleidende duetparty wat deur die onderwyser gespeel kan word. Hierdie begeleidings is op een notebalk geskryf en is relatief eenvoudig.

Die eerste area in *Keyland* wat besoek word, is *Playpark* (pp. 4-7). Al die stukke is op die groot notebalk genoteer en die onderskeie mate van elke stuk word afwisselend met die regter- en linkerhand gespeel. Dit is trouens 'n kenmerk van *Keyclub Book One* dat albei hande in al die stukke ingespan word. Soms speel die hande om die beurt en soms tegelyk, in dieselfde ritmepatroon. Die eerste vier stukke bestaan net uit Middel-Cs in kwart-, half- en heelnote.[81] Bryant slaag op 'n geniale manier daarin om hierdie stukke almal interessant en ook verskillend van mekaar te laat klink. Die toonduurtepatroon verskil in elke stuk en met behulp van uitstekende illustrasies word iets anders in elke stuk uitgebeeld. Begeleidings word by elke stuk voorsien.

[81] Vergelyk Thompson (1996) waar die eerste paar stukke net in heelnote genoteer is.

Die leerder besoek vervolgens die brandweerstasie (*Fireband,* pp. 8-11). D (regterhand) is die nuwe noot/klawer wat aangeleer word. Dit word aangedui deur 'n fragment van die klawerbord wat regs boaan die bladsy verskyn. Die notasie van D in verskillende nootwaardes word in 'n kort fragment van die notebalk ook aan die regterkant van die bladsy getoon. Boaan die linkerkant van die bladsy verskyn 'n skets van die linkerhand met die tweede vinger spesiaal aangedui. Bryant beveel 'n numeriese telwyse aan, dus 1–2–3–4 vir elke maat in viermaatslag. Daar word nie spesifiek na telling of nootwaardes verwys nie, omdat dit reeds in die *pre-piano* gedeelte verduidelik is. 'n Trap na bo (*step up*), C-D, en 'n trap na onder (*step down*)*,* D-C, word ook boaan die linkerkant van die bladsy vertoon. Die leerder word dus van die begin af geleer om volgens rigting en intervalle te lees. Hierdie patroon van verduideliking van die posisie van 'n nuwe klawer op die klawerbord en hoe dit in notasie op die notebalk lyk, word elke keer in *Keyclub Book One* gebruik wanneer 'n nuwe noot verduidelik word. D word beskryf as 'n trap bokant Middel-C. Die volgende drie liedjies bestaan uit Middel-Cs en Ds. Die gepunteerde halfnoot word kortliks op p. 9 verduidelik. *Woosh!* is in 3/4-tyd genoteer en die nuwe nootwaarde kom daarin voor.

Met *Mega market place* (pp. 11-16) word B vir die linkerhand aangeleer. Soos in die vorige afdelings bestaan *Mega market place* uit vier stukke. 'n *Info-check* verskyn op p. 12 en *Insect island* op p. 16. Die *Info-check* is 'n hersiening van alles wat tot op hierdie stadium aangeleer is. *Insect island* bestaan uit teorie-oefeninge wat deur die leerder tuis voltooi moet word. Op p. 14 (*Check out lollipops*) speel die twee hande vir die eerste keer saam. In die groepklas word leerders aangemoedig om in twee te verdeel – die een helfte sing die note van die regterhand en die ander helfte die note van die linkerhand. *Pasta power* (p. 15), wat in drieslagmaat genoteer is, bevat 'n nuwe ritme, naamlik 'n halfnoot gevolg deur 'n kwartnoot. Die uitstekende illustrasies by die onderskeie stukke val weereens op.

*Cool school* (pp. 17-20) begin met die aanleer van E vir die regterhand. Die nuwe noot se verwantskap met Middel-C is 'n tertssprong (*skip*). Boaan die linkerkant van die bladsy word 'n tertssprong na bo en na onder in notasie verduidelik – van C tot E en terug – dus slegs op die twee spesifieke lyne. Hierdie afdeling bestaan ook uit vier stukke. Sinkopasie verskyn vir die eerste keer in *Maths lesson – counting* (p. 19). Die term sinkopasie word nie bespreek of genoem nie. Bryant (1998b:14) beskryf dié ritmepatroon as 'n oefening om die leerder gewoond te maak aan 'n ritme waar die klem op 'n swak polsslag voorkom. In *Science lesson* (p. 20) speel die twee hande die meeste van die tyd saam, met verskillende nootwaardes in die twee hande in die sesde maat. Na sestien stukke kan die leerder nou vier note vanaf notasie speel.

*Fantasmo farmyard* (pp. 21-27) word vervolgens besoek. A (linkerhand) en die herhalingsteken (*first and second time brackets*) word op p. 21 aangeleer. Boaan die

linkerkant van die bladsy verskyn daar weer 'n fragment van die basnotebalk waarop trappe en spronge hersien word – die spronge weereens net tussen twee lyne (A en Middel-C). Die eerste stuk in hierdie afdeling, *Tony turkey*, is relatief eenvoudig en die hande speel beurtelings in elke maat, nooit tesaam nie. Die leerder het dus genoeg tyd om die nuwe noot en die herhalingsteken goed onder die knie te kry. In *Creature crunch* (p. 22) word twee klawers vir die eerste keer in een hand as tweeklanke saam gespeel, met die regterhand (D en E). In *Insect island* (p. 23) word teoretiese aspekte hersien. Oorgebinde note word op p. 24 in twee klapoefeninge gebruik. In die twee voorbeelde kom allerhande ritmiese permutasies voor. Die twee oefeninge moet geklap en (numeries) hardop getel word voordat oorgebinde note in *Chuncky the chicken* (p. 24) gebruik word. Die regterhand speel net een noot (E) in hierdie stuk, terwyl die linkerhand uit herhaalde note, sekundi en tertsspronge bestaan. Die twee hande speel deurentyd dieselfde ritme. Die leerder kry dus genoeg geleentheid om te konsentreer op die nuwe faset. In *All shapes and colours* (p. 25) verskyn kwartnootrustekens vir die eerste keer. Daar word geen formele verduideliking vir die rustekens verskaf nie. Die stuk is egter so vindingryk saamgestel dat die ruste 'n deel vorm van die melodie. Dit is 'n baie sinvolle manier om rustekens bekend te stel. Die begeleiding help om die ritmiese gevoel vas te lê. Heelnootrustekens kom voor in *Drowzo – the dopey farm dog* (p. 26) terwyl in *Snooze time* (p. 27) halfnootrustekens vir die eerste keer gebruik word, saam met heelnootrustekens en oorgebinde note. Al hierdie nuwe konsepte van notasie, soos byvoorbeeld die oorgebinde note, die onderskeie rustekens en die periodes van stiltes, kan deur middel van baie handige wenke in die onderwysershandleiding verder vasgelê word (Bryant, 1998b:14). *Insect island* (p. 28), met oefeninge in toonduurte, sluit hierdie afdeling af. Al die stukke in die *Fantasmo*-afdeling is in a genoteer.

F in die regterhand word in *Air space* (p. 29) aangeleer. Trappe af (*steps down),* tertsspronge af (*skips down*) en kwartspronge (*flea jumps up and down*) tussen C en F word verduidelik. Die tertsspronge vind nou plaas tussen twee spasies (F en D in die regterhand) en die kwartspronge tussen Middel-C en F. Die nuwe noot, F, asook die sprong van F na C en omgekeerd word in die volgende twee stukke gebruik. Die spasiëring van die note van die regterhand in *Take-off* (p. 30) is nie korrek nie en sal lei tot verwarring wanneer dit uitgevoer word. Dit is duidelik 'n drukfout. 'n *Info-check* wat hersiening doen van alles wat alreeds aangeleer is, asook die verduideliking van die dinamiese terme *p, f, mf* en *mp*, verskyn op p. 32.

Wanneer *Mud zone* (pp. 33-35) betree word, word G onder Middel-C bekendgestel. Die kwartsprong (*flea jump up, flea jump down*) in die linkerhand, van G-C en terug, word aan die bokant van die bladsy aangetoon. Die leerder word gevra om die tempo- of karakteraanduiding boaan *Hip, hip, hooray* (p. 34) te voorsien. *Mungo, Myrtle and Melanie*

(p. 35) met die tempo-aanduiding, *Like a dance*, in 3/4-tyd, moet met 'n *sway* (Bryant 1998b:16) gespeel word.

'n Sprong van 'n kwint (*frog jump*) op en af, tussen Middel-C en G, word in *White wishing well* (pp. 36-40) aangeleer, tesame met die nuwe noot G wat met die regterhand gespeel word. Dit is die laaste noot wat deur die regterhand aangeleer word. In *Wizards!* (p. 36) word die kwintsprong tussen C en G in die regterhand herhaaldelik gebruik, asook 'n stygende kwartsprong vanaf D na G. *Witches* (p. 37) gebruik die wysie van die bekende liedjie *Hansie Slim*.

Tydsoorttekens van drie- en vierslagmaat word in *Insect island* op p. 38 verduidelik. In *Magic nits* (p. 39) word ses verskillende ritmepatrone gebruik, asook kwint- en kwartspronge. Leerders moet die ses ritmepatrone kan identifiseer.

Met die laaste besoekpunt, *Snob spot* (pp. 41-45), word C, een oktaaf onder Middel-C, aangeleer. 'n Oktaafsprong na onder, genaamd *skydive,* en 'n oktaafsprong na bo, genaamd *rocket,* word geïllustreer. In *Um pa-pa* (p. 42) speel die leerder die begeleiding terwyl die onderwyser die sologedeelte speel. Die leerder leer nou om fyn te luister en sy/haar spel aan te pas by die melodie. In die laaste *Insect island*, p. 43, word hersiening gedoen van die note wat reeds aangeleer is. Die leerder moet nou 'n stuk improviseer deur van hierdie note te gebruik. *Bobby the snob* (pp. 44-45) is 'n duet van sestien mate wat deur die leerder en onderwyser gespeel kan word. Dit is die laaste liedjie in *Keyclub Book One.*

**Duetbegeleiding**

Eenvoudige duetbegeleidings verskyn by al die stukke. Dit bestaan meestal uit passasies wat net op een notebalk geskryf is.

**Toonsoorte**

C, a, G.

**Omvang**

Altesaam nege note word aangeleer – Middel-C tot G in die regterhand (stygend) en linkerhand (dalend), plus C 'n oktaaf onder Middel-C. Hierdie is 'n variasie op die Middel-C-posisie deurdat die F in die linkerhand weggelaat word en C 'n oktaaf laer as Middel-C in die linkerhand bygevoeg word.

**Teorie**

Met elke *Info-check* word hersiening gedoen van toonhoogte- en ritmekonsepte wat vantevore aangeleer is. Hierdie afdelings verskyn op pp. 12, 32 en 46-47. *Insect island* is elke keer 'n afdeling waartydens die leerder se teoretiese kennis getoets word. Dit verskyn

met gereëlde tussenposes in die lesboek, op pp. 16, 22, 28, 38, 46 en 47. Die leerders moet hierdie oefeninge tuis voltooi.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Die reisverhaal met die verskillende besoekpunte is vindingryk geïllustreer, so ook die verskillende musikale begrippe wat in die stukke verskyn. Sommige illustrasies is groot en ander weer heelwat kleiner, wat vir 'n goeie balans in die lesboek sorg. Dit is duidelik dat noukeurige aandag bestee is aan die samestelling van die illustrasies. Die bladuitleg is nie te besig nie en die wit agtergrond skep 'n rustige atmosfeer. By die *Insect island*-gedeeltes wat ses keer in die boek voorkom, word verskillende teoretiese aspekte herbeklemtoon deur (denkbeeldig) gebruik te maak van allerlei insekte.

**Nootwaardes en ritme**

Deur middel van die aktiwiteite in groepsverband word daar baie klem gelê op die vaslê van die verskillende toonduurtes en 'n ritmiese polsslag. Allerhande ritmiese speletjies word by elke stuk voorgestel. Die kwart-, half- en heelnoot word in die eerste afdeling gebruik nadat dit reeds in die *pre-piano*-gedeelte behandel is. Die gepunteerde halfnoot is die laaste nootwaarde wat aangeleer word (p. 9). Telling geskied numeries. Met elke stuk word die een of ander vorm van ritmiese aktiwiteit in die groepklas uitgevoer, meestal met behulp van slaginstrumente soos tromme en driehoeke. Daar word besonder baie aandag bestee aan die gevoel van sinkope. Dit word ook in die melodie van die laaste stuk (duet) toegepas.

**Evaluasie**

Daar word min geskrewe verduidelikings of aanwysings in die lesboek verskaf. Die meeste aanwysings kom in die onderwysershandleiding voor. Aan die een kant is dit 'n vindingryke strategie – die bladuitleg raak nie te besig nie en daar kan op die musiek en illustrasies gekonsentreer word. Aan die ander kant mag daar leerders wees, soos diegene met linkerhemisferiese voorkeure, wat geskrewe aanwysings sou verkies. Wanneer *Keyclub Book One* gebruik word vir jong leerders wat nog nie kan lees nie, is die afwesigheid van geskrewe aanwysings natuurlik nie 'n probleem nie.

Onderwysers wat *Keyclub Book One* gebruik, moet besef dat dit baie belangrik is om die onderwysershandleiding ook te raadpleeg omdat dit baie wenke bevat oor hoe om begrippe en vaardighede, soos notelees en ritmiese oriëntering, deeglik in die groepsklasse vas te lê. Deur slegs die lesboek te gebruik word die leerder enersyds ontneem van die geleentheid om musikale konsepte herhaaldelik te oefen en andersyds smaak die leerder nie die

vreugde van musiekmaak saam met ander leerders in groepsverband nie. (Die duetbegeleidings verskaf wel die geleentheid vir samespel met een ander persoon).

*Keyclub Book One* kan in talle opsigte as een van die suksesvolste beginnersboeke op die mark beskou word. As gevolg van die sterk klem wat op groepswerk geplaas word, kan dit egter nie sonder voorbehoud vir alle leerders aanbeveel word nie. Vindingryke onderwysers behoort egter hierdie probleem te kan oorkom. Ten spyte van die beperkinge van die Middel-C-benadering, veral aanvanklik, word die informasie op so 'n verbeeldingryke wyse aangebied dat die leerder nooit verveeld of gefrustreerd hoef te raak nie. Dit is veral die bykomende aktiwiteite, soos belig in die onderwysershandleiding, wat die eerste paar lesse so interessant maak dat verveling nie sal intree nie. Informasie word op 'n sistematiese en geordende manier aangebied en leerders wat hierdie boek met sy handleiding gebruik, sal waarskynlik later min probleme met bladlees en die uitvoering van ritmepatrone ondervind. Die groepsaktiwiteite vorm 'n belangrike komponent van die onderrigproses en waar dit vanweë bepaalde omstandighede nie aangebied kan word nie, sal die beginnersboek nie naastenby so effektief wees om leerders suksesvol te onderrig nie.

Die musikale inhoud van die stukke is baie kundig saamgestel om vermaak of plesier te verskaf terwyl spesifieke fasette van klavierspel of notasie geoefen word. Die indruk word geskep dat niks in *Keyclub Book One* op 'n lukrake manier tot stand gekom het nie. Elke noot in elke stuk is met presisie beplan volgens 'n vooropgestelde patroon.

Die afwerking van *Keyclub Book One* is oorwegend keurig, behalwe vir die foutiewe spasiëring (drukfout?) in *Take-off* (p. 30). Verder is die druk by sommige stukke effens klein vir 'n jong kind. Veral baie jong leerders lees groter figure makliker.

**Kwadrantvoorkeure: Ann Bryant. *Keyclub Book One***

(Sien tabel 14, p. 204)

**Tabel 13: Kwadrantvoorkeure: Ann Bryant. *Keyclub Book One***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Dit is moeilik om te voorspel of A-kwadrante van die aanbieding in *Keyclub Book One* gaan hou, Dit mag wees dat die verhalende trant van die aanbieding nie in hul smaak sal val nie. Dit mag egter ook gebeur dat die A-kwadrante die logiese beredeneerde aanbieding sal geniet en dat die verhalende trant nie sal pla nie. Jong kinders hou oor die algemeen wel van stories.<br><br>Eweneens mag hulle van die *Insect islands* hou of nie hou nie. Dit is moontlik dat sommige A-kwadrante dit as irriterend sal ervaar, omdat die vrae en oefeninge verdoesel word deur illustrasies van insekte en goggas.<br><br>Baie van die sukses wat met *Keyclub Book One* verkry kan word, hang af van wat in die groepklasse gedoen word. A-kwadrante werk nie graag saam met ander individue in groepe nie en om daardie rede kan hierdie boekie nie sonder meer aanbeveel word as geskikte onderrigmateriaal nie. Die probleem mag egter grotendeels oorkom word as die onderwyser self van die aktiwiteite saam met die leerder uitvoer, in stede van saam met 'n groep leerders.<br><br>Die addisionele onderrigmateriaal wat in die onderwysershandleiding voorkom, en nie in die beginnersboek wat deur die leerder gebruik word nie, mag as steurend ervaar word. Indien hulle oud genoeg is om self te lees, sal hulle verkies om opdragte self te lees. | Die meeste B-kwadrante sal baie tevrede wees met die uiters logiese en sekwensiële aanbieding. Die feite word gestruktureerd en planmatig aangebied en daar word niks van leerders verwag wat nie vooraf deeglik ondersoek is nie. Deeglike beplanning en voorbereiding geniet 'n hoë premie by hierdie kategorie leerders, en hulle sal veilig voel met die tempo waarvolgens vaardighede ontwikkel word en kennis uitgebrei word.<br><br>Dit mag egter by sommige van hierdie pragmatiese leerders gebeur, soos ook by sommige A-kwadrante, dat juis die verhalende trant waarvolgens informasie aangebied word as steurend ervaar sal word.<br><br>B-kwadrante mag 'n verdere probleem hê met die groot hoeveelheid onderrig en aktiwiteite wat in 'n groepsituasie uitgevoer word. B-kwadrante werk ook nie graag in groepe nie.<br><br>Dit is natuurlik moontlik dat die groepsklasaspek en storieaspek nie soveel steur nie en dat hierdie leerders besonder baie plesier en baat vind by hierdie aanbieding. | *Keyclub* is ideaal geskik vir leerders met C-kwadrant-voorkeure. Vanweë hul mens-georiënteerde eienskappe sal hulle dit geniet om deel te neem aan al die aktiwiteite in groepsverband. Hulle sal ook daarvan hou om duette saam met hul onderwysers te speel. Die vindingryke sketse en uitbeeldings van die krimpvarkies en ander diere en insekte sal by hulle aanklank vind.<br><br>Die beperkte omvang rondom Middel-C is nie baie geskik vir hierdie tipe leerder wat kinestetiese beweging verkies nie. Die lae C wat in stede van F onder Middel-C aangeleer word, sal egter help om die gevoel van 'n groter speeloppervlak aan te help.<br><br>Die musikale tipe leerder wat maklik van gehoor speel, sou 'n paar tradisionele wysies baie geniet het. Die stukke wat voorkom in die lesboek is egter so vindingryk saamgestel dat dit nooit vervelig raak nie, selfs al oefen die leerder sonder die duetparty. | Alhoewel die konsep van *Keyland Book 1* en die verskillende plekke wat besoek word, die belangstelling van hierdie groep leerders sal prikkel, is die groot klem wat op groepswerk geplaas word, waarskynlik nie aanvaarbaar nie.<br><br>D-kwadrante sal wel hou van die prettige wyse waarop teoretiese werk aangepas word. Die pragtige, vindingryke illustrasies sal groot byval vind by hierdie groep leerders. |

**Slotsom**

Die groot klem wat op groepwerk geplaas word (wat spesifiek in die handleiding vir die onderwyser uiteengesit word), maak *Keyclub Book One* by uitstek geskik vir C-kwadrante. Dit is ongetwyfeld so dat die voorstelle in die onderwysershandleiding wat in groepsverband uitgevoer moet word, die beginnersboek 'n groter sukses sal maak en basiese vaardighede beter sal vaslê en ontwikkel. Tog sal *Keyclub Book One*, in die hande van 'n knap onderwyser, ook met sukses gebruik kan word vir individuele leerders, sonder dat die groepskomponent noodwendig ingespan word. In so 'n geval sal dit met sukses vir leerders met linkerhemisferiese voorkeure gebruik kan word, veral omdat die informasie so logies en goed gerangskik aangebied word. Die aanvangsperiode van die aanleer van Middel-C in notasie, wat dikwels as vervelig en onstimulerend ervaar word, word in hierdie aanbieding omskep in 'n opwindende avontuur.

Noukeurige aandag is bestee aan 'n goed geordende aanbieding – inderwaarheid die mees uitstaande eienskap van hierdie beginnersboek. Daar word nêrens in *Keyclub Book One* van leerders verwag om iets te speel of te lees wat nie vooraf verduidelik en toegepas is nie.

Leerders met A- of B-kwadrantvoorkeure behoort nie die gebruik van hierdie uitstekende beginnersboek ontsê te word nie. 'n Onderwyser wat innoverend onderrig kan gee, sou *Keyclub Book One* ook vir D-kwadrante met vrug kan gebruik.

### 5.8.7 Christine H. Barden; Gayle Kowalchyk en E.L. Lancaster. *Alfred's Music for Little Mozarts. Music Lesson Books 1 & 2*

(1999, gedruk in die VSA)

In die voorwoord verwys die outeurs na onlangse navorsing wat beweer dat die vroeë studie van musiek kinders se leervermoë en geheue verbeter (… *playing and listening to music at a young age improves learning, memory, reasoning ability and general creativity. Research also supports the theory that young children who are exposed to music develop enhanced cognitive skills*).[82]

*Music Lesson Books 1 & 2* is saamgestel vir die klavieronderrig van vier- tot sesjarige leerders. Die *Music Lesson Books* moet saam met twee ander boeke gebruik word, *Music Workbook* en *Music Discovery Book.* 'n *Starter Kit*, bestaande uit 'n opgestopte beertjie en muis en 'n *Music Activity Board*, word voorsien, tesame met flitskaarte en CDs. Daar is ook 'n handleiding vir onderwysers. Wanneer 'n leerder begin om hierdie reeks te gebruik, moet

---

[82] Hier word waarskynlik verwys na die studies uitgevoer deur Rauscher et al. (1993; 1997) en Shaw (2000). Oor hierdie onderwerp is nog nie eenstemmigheid onder navorsers bereik nie. Die leser word in hierdie verband verwys na die bespreking rondom die Mozart-effek (pp. 99-101).


die ouer of onderwyser dus ten minste drie boeke aankoop, plus die *Starter Kit*, flitskaarte en CDs.

Soos ander beginnersboeke wat in die laaste tien jaar verskyn het[83], word die informasie deur middel van 'n storie oorgedra. In hierdie geval is daar twee hoofkarakters, Beethoven Bear en Mozart Mouse. Ander fiktiewe figure soos Clara Schumann Cat, Elgar E. Elephant, J.S. Bunny en Pachelbel Penguin vorm deel van die verhaal. Elke keer as 'n nuwe noot aangeleer word, word een van die diertjies op die spesifieke klawer geplaas. Elke bladsy bevat 'n fragment van die storie as agtergrond vir elke nuwe konsep wat aangeleer word. Die medewerking van die ouers is belangrik vir die sukses van hierdie beginnersboek. Daar word aanbeveel dat ouers die lesse van die leerders bywoon en aktief deelneem aan die bedrywighede.

Op die CDs kan die verhaal, sowel as voordragte van die stukke met orkesbegeleidings gehoor word.

***Music Lesson Book 1***

Die eerste lesboek beslaan 48 bladsye en begin met die verhaal van die beertjie en die muis. Dit bestaan aanvanklik uit lang geskrewe gedeeltes waartydens die verhaal van die twee opgestopte diertjies vertel word. Hulle speel in die musiekkamer, sien die leerders voor die klavier sit en sien hoe hulle vingers gebuig moet word (p. 5). Hulle ontdek lae en hoë tone – die beertjie hou van lae tone en die muis van hoë tone (pp. 6-7). Die leerders kan met tien vingers gelyktydig in die lae register van die klavier speel en dan weer in die hoë register, ook met tien vingers tegelyk. Hierdie trosse klawers moet ritmies gespeel word terwyl die leerder sê*: My bear likes LOW sounds* en *My mouse likes HIGH sounds*. Vir hierdie en ook die daaropvolgende gedeeltes waar min of meer dieselfde patroon gevolg word, moet die woorde ritmies uitgespreek word met 'n kwartnootpolsslag (kyk figuur 24).




**Figuur 24: *My bear likes low sounds*** (Barden et al. 1999:6)

Leerders kan note óf een-vir-een óf met 'n glissando op en af op die klawerbord speel (pp. 8-9). Harde en sagte klanke is volgende aan die beurt (pp. 10-11). Die leerder speel met al

---

83 *Chester* (Barratt 1989); *Keyclub* (Bryant 1998); *Piano World* (MacGregor 2000).

tien vingers tegelyk aan die onderkant vir die lae klanke en aan die bokant van die klavier vir die hoë klanke. Ewe lang note word gespeel terwyl gesê word: *My bear plays LOUD sounds* en *My mouse plays SOFT sounds.* Die diertjies ontdek verder dat hulle harde en sagte klanke op enige plek op die klawerbord kan speel.

**Benadering**

Geen voorligting word verskaf ten opsigte van die benadering waarop hierdie reeks gebaseer is nie. Aangesien die ander boeke in die *Alfred Basic Piano Library*-reeks op die veelvuldige toonsoortbenadering gebaseer is, is dit miskien logies om te verwag dat hierdie reeks ook die gemelde benadering gebruik. Alhoewel verskeie toonsoorte in die twee lesboeke voorkom, is dit veral die duetbegeleidings wat stukke in hierdie toonsoorte "plaas". Van 'n werklik sistematiese aanbieding van verskillende toonsoorte in 'n logiese volgorde, is daar nie sprake nie. Dit kom inderwaarheid voor as 'n baie deeglike, goedgekonstrueerde Middel-C-benadering, alhoewel dit van preleesnotasie gebruik. Preleesnotasie kom normaalweg nie voor in beginnersboeke wat op die Middel-C-benadering gebaseer is nie.

**Prelees**

*Music Lesson Book 1* bestaan net uit preleesnotasie – eers op swart en daarna op wit klawers.

**Swart klawers**

Groepe van twee swart klawers moet in 'n tros hard met die linkerhand aan die onderkant van die klavier gespeel word terwyl gesê word: *My bear plays 2 LOW black keys.* Dieselfde proses word met die regterhand herhaal aan die bokant van die klavier (sag) terwyl gesê word: *My mouse plays 2 HIGH black keys.* Die woorde moet ritmies gesê word volgens die ritmepatroon wat onderaan die bladsye vir die onderwyser en ouer verskaf word.

Kwartnote word op p. 15 aangeleer. Telling moet volgens toonduurte geskied, dus 1-1-1-1 vir vier kwartnote. Maatstrepe word op p. 16 verduidelik. Met die eerste preleesstukke op twee swart klawers speel die linkerhand eerste (*Left hand marching,* p. 16) en dan die regterhand (*Right hand marching*, p. 17). Duetbegeleidings (in G-mol) word by al die stukke verskaf.

Op p. 18 word groepe van drie swart klawers eers gelyktydig in trosse gespeel met die linker- en regterhande onderskeidelik. Die leerder moet nou die rympies, *My bear plays 3 LOW black keys* en *My mouse plays 3 HIGH black keys,* hardop sê terwyl die toontrosse gespeel word. Mozart Mouse is nou baie moeg en wil rus. Dit is die inleiding tot die kwartnootrus wat op p. 19 verduidelik word. Die drie swart klawers moet gelyktydig eers met

die linker- en dan die regterhand gespeel word terwyl 1-1-1-*rest* (drie kwartnote gevolg deur 'n kwartrus) getel word.

*A bear's song* (p. 20) en *A mouse's melody* (p. 21) is spieëlbeelde van mekaar en word onderskeidelik op groepe van drie swart klawers met die linker- en regterhand in kwartnootritme (enkelnote) gespeel. Met *On MacDonald's farm* (pp. 22–23) sing die leerder die eerste deel van die liedjie en speel dan die E-I-E-I-O-gedeelte met die linkerhand op die groepie van drie swart klawers en op p. 23 speel die regterhand dieselfde gedeelte. *Rockin' pony ride* (p. 24) en *Down we go* (p. 25) is ook spieëlbeelde van mekaar. Die duetbegeleiding vir albei hierdie stukke (in e-mol) toon 'n sterk jazz-agtige inslag.

**Wit klawers**

C-E op die klawerbord word baie sistematies en deeglik aangeleer. Hierdie onderafdeling, vanaf p. 26 tot op p. 36, word net met die regterhand gespeel. D is die eerste wit klawer wat aangeleer word (p. 26). Die beertjie kan nou op enige D op die klawerbord geplaas word. Hier verskil *Music Lesson Book 1* van al die ander geraadpleegde beginnersboeke wat almal met Middel-C begin. *The D song* moet met die tweede vinger van die regterhand gespeel word. Dit word voorsien van 'n duetbegeleiding met die aanduiding *Slow blues tempo*. C (p. 28) word volgens dieselfde patroon aangeleer. *The C song* (p. 29) bestaan uit Cs wat met die duim van die regterhand gespeel moet word. Die duetbegeleiding van *The C song* gebruik 'n *boogie*-patroon.

Liedjies wat uit Cs en Ds bestaan verskyn op pp. 30-31. *Mozart Mouse's first minuet* (p. 30) is in drieslagmaat, alhoewel dit nie verduidelik word nie. Omdat die leerder volgens toonduurte tel (1-1-1) tel, pla dit nie. Die halfnoot word op p. 31 aangeleer. *Nap time* is in vierslagmaat. Vir die halfnoot moet die leerder 1-2 tel en 1-2-1-2 in 'n maat met twee halfnote. Eenvoudige duetbegeleidings in C word voorsien.

E word op p. 32 bekendgestel. Die muis kan op enige E op die klawerbord geplaas word. Die stukke vanaf pp. 34-36 is op C D E gebaseer. Almal is van eenvoudige duetbegeleidings voorsien.

Die agt stukke vanaf pp. 37 - 46 word met die linkerhand gespeel en die note C, B en A word aangeleer. Dieselfde werkswyse word gevolg as wat met die regterhandgedeelte gebruik is. Die heelnoot word op p. 41 bekendgestel. Vir die heelnoot word 1-2-3-4 getel. Die toonsoort wat in *The A song* gebruik word is A, dié van *Rainy day* (p. 44) a. Net vyf note word in die eerste lesboek bekendgestel. Dit is die "klein" Middel-C-posisie, vanaf A tot E. Die hande speel slegs afsonderlik. In die laaste gedeelte (p. 40) word Elgar E. Elephant ook aan die leerders bekendgestel.

**Notasie en stukke**

Geen notebalk word in die eerste beginnersboek gebruik nie. Die leerder "lees" wel note uit die boek deurdat die naam van elke noot in die kop van die nootsimbool geskryf word. Hierdie note is in drie-of vierslagmaat passasies gerangskik. Die stukke is almal vier mate lank en die beweging is oorwegend trapsgewys. Tertsintervalle kom soms in een hand voor, maar nooit in opeenvolgende note nie – dit word altyd geskei deur 'n rusteken.

**Gehoorspel en improvisasie**

Die aanvangsgedeelte bevat elemente van improvisasie deurdat die leerders toontrosse aan die onder- en bokant van die klawerbord kan speel, beurtelings hard en sag. Hulle kan ook glissandos van die bokant na die onderkant van die klavier speel, en omgekeerd.

**Duetbegeleiding**

Duetbegeleidings word by al die stukke voorsien. Hierdie begeleidings het soms 'n jazz-agtige aanslag (pp. 24, 25, 27, 29, 37).

**Toonsoorte**

Altesaam agt toonsoorte kom in *Music Lesson Book 1* voor, naamlik G-mol, e-mol, D, C, E, a, B en A. Die verskillende toonsoorte word deur die bydrae van die duetbegeleiding moontlik gemaak.

**Omvang**

Aan die einde van *Music Lesson Book 1* het die leerder vyf note rondom Middel-C, vanaf A-E, slegs in preleesnotasie aangeleer.

**Teorie**

Geen.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Gekleurde illustrasies met gedempte kleure kom op al die bladsye voor. Die illustrasies is baie oorspronklik. Die denkbeeldige karakters van die verhaal word uitgebeeld saam met bepaalde aktiwiteite wat aangeleer of uitgevoer word. Die bladsye het 'n baie besige voorkoms, omdat daar meestal 'n volledige lys instruksies verskaf word, asook die volgende aflewering van die verhaal van Beethoven Bear, Mozart Mouse en hul vriende. Die hantering en aanwending van kleur word deurgaans op dieselfde manier hanteer. By baie stukke word die note wat gebruik gaan word in 'n klein diagram aangetoon, met die verskillende klawers

in kleur. Die kleure van die onderskeie klawers bly altyd dieselfde: Middel-C is byvoorbeeld groen en word deurgaans in die twee lesboeke so aangedui. Wanneer nuwe informasie aangebied word, word dit altyd boaan die regterkant van die bladsy aangebring in 'n skets van 'n geopende boek. Dit help baie, omdat daar onmiddellik gesien kan word wat nuut aangeleer gaan word.

**Nootwaardes en ritme**

Kwart-, half- en heelnote met ooreenstemmende rustekens word aangeleer. Telling geskied volgens nootwaardes/toonduurtes, byvoorbeeld 1-2 1-2 vir twee halfnote in 'n maat. Drie- en vierslagmaat word aangeleer.

***Music Lesson Book 2***

Die verhaal van Beethoven Bear en Mozart Mouse word verder ontwikkel. Die leerder maak ook kennis met Clara Schumann Cat en die hasie, J.S. Bunny. Elgar E. Elephant maak ook weer 'n verskyning. Hierdie lesboek, soos die eerste boek, beslaan ook agt-en-veertig bladsye.

**Benadering**

Middel-C. Kyk bespreking hierbo by *Music Lesson Book 1* (p. 207).

**Prelees**

Die preleesgedeelte strek tot op p. 25. Die eerste deel hiervan bestaan uit 'n hersiening van die note wat in die eerste boek aangeleer is. Dit begin met die eerste drie note van die Middel-C-posisie vir die regterhand – C, D en E. *Music lesson day* (p. 5) bestaan uit hierdie drie note wat met die regterhand gespeel word. Die gepunteerde halfnoot word op p. 6 aangeleer. *Ready to play* (p. 6) word met die regterhand gespeel. Op p. 7 word die "klein" Middel-C-posisie vir die linkerhand aangedui. *A cat* (p. 7) word met die linkerhand gespeel. In *Your friend* (p. 9) word vir die eerste keer met albei hande afwisselend in een stuk gespeel. Die omvang beslaan die vyf note van die Middel-C-posisie wat alreeds aangeleer is.

Dieselfde patroon waarvolgens nuwe note in *Music Lesson Book 1* aangeleer is, word in hierdie tweede lesboek gevolg. Die note aan die regterkant van Middel-C word eerste aangeleer. Vanaf pp. 10-19 word al die stukke met die regterhand gespeel. Vanaf pp. 20-25 word al die stukke weer met die linkerhand gespeel terwyl die note links van Middel-C aangeleer word. Hierna word begin met die aanleer van notasie op die notebalk en verander die patroon. Die meeste van die stukke is net vier mate lank. Slegs die laaste twee liedjies is elk agt mate lank.

F bokant Middel-C word op p. 10 aangeleer. Mozart Muis kan op enige F op die klawerbord geplaas word. *The F song* (p. 11) bestaan uit Fs wat deur die regterhand gespeel word. *I won't sneeze!* (p. 12) en *Musical cat* (p. 13) bestaan uit vier mate elk. G word op p. 14 verduidelik met die hulp van Beethoven Bear. *The G song* (p. 15) bestaan net uit Gs wat met die vyfde vinger van die regterhand gespeel word. Die maatsoortteken van vierslagmaat word op p. 18 verduidelik.

Die linkerhandafdeling begin op p. 20 met *The G song, again!* Dit is 'n presiese herhaling van die stuk op p. 15, behalwe dat dit nou met die vierde vinger van die linkerhand gespeel word en die dinamiek-aanduiding *mf* is (op p. 15 was dit *p* en moes dit met die vyfde vinger van die regterhand gespeel word).

*We know G!* (p. 21) word begelei deur 'n ritmiese *boogie*-figuur. F word op p. 22 aangeleer. Die tydsoortteken van drieslagmaat word op p. 24 verduidelik.

**Notasie en stukke**

Die proses van die aanleer van note in notasie toon groot ooreenkoms met die *modus operandi* in die preleesgedeelte. Die "nuwe" note, wat nou op die notebalk geskryf word, word een vir een aangeleer. Nuwe note word aangeleer in hul verhouding tot Middel-C.

Die leerder leer dat daar vyf lyne en vier spasies is, en dat note daarop geskryf kan word (pp. 26-27). Die sopraansleutelteken word op p. 28 aangetoon met Middel-C daarop aangebring. Die begrip van trappe (*steps*) word op p. 29 verduidelik. D is die tweede noot wat deur middel van notasie aangetoon word. *Take a step* (p. 29) word met die regterhand gespeel en bestaan uit Middel-Cs en Ds.

E word op p. 30 aangeleer. In *Stepping fun* beweeg die melodie trapsgewys van Middel-C tot E. Spronge (*skips*) van lyn tot lyn en spasie tot spasie word op p. 31 verduidelik. In *Our music friend* (p. 31) kom tertsspronge voor tussen Middel-C en E. (Tertsspronge het wel in die voorgaande stukke voorgekom, maar was in alle gevalle geskei deur 'n rusteken.)

Op p. 32 word begin met note op die basnotebalk. Dieselfde prosedure word gevolg met die bekendstelling van trappe en spronge. *Stepping down* (p. 33) bestaan uit Cs en Bs. 'n Baie ritmiese *boogie*-figuur word gebruik vir die duetbegeleiding. In *A bunny's wish* (p. 34) word steeds trapsgewys beweeg, maar met die toevoeging van A. *Skipping fun* (p. 35) bestaan uit tertsspronge tussen Middel-C en A. Tot dusver is slegs tertsspronge tussen lyne gebruik. 'n Duetbegeleiding met die aanduiding *in steady gospel style* is vir laasgenoemde liedjie voorsien.

Op p. 36 word weer teruggekeer na die regterhandnote en F word in notasie aangetoon. In *Waltzing on F* (p. 36) is die beweging trapsgewys van F na Middel-C. *Happy hoedown*

(p. 37) is saamgestel uit tertsspronge vanaf Middel-C na E (van lyn tot lyn) en F na D (spasie tot spasie). G is die laaste noot wat op die notebalk aangeleer word. Die seksie eindig met *Right hand song* en *Clara's etudes* (pp. 39-40).

G vir die linkerhand word op p. 40 aangetoon. *Minuet for J.S. Bunny* beweeg trapsgewys afwaarts van Middel-C na G en terug. Tertsspronge, tussen lyne (Middel-C en A) en spasies (G en B), verskyn in *Circle time* (p. 41). Die duetbegeleiding van hierdie stuk het weereens 'n sterk *boogie*-inslag. F in die linkerhand verskyn op p. 42. Die beweging in *Left hand song* (p. 42) is van Middel-C dalend na F en terug na Middel-C. *The merry-go-round* (p. 43) is twaalf mate lank en daar word slegs spronge en herhaalde note gebruik. Met hierdie stuk is die aanleerproses van note op die notebalk afgehandel. Die leerder kan nou nege note rondom Middel-C vanaf notasie speel. Tot op hierdie stadium is nog net van 'n enkel notebalk gebruik gemaak.

Die groot notebalk word op p. 44 bekendgestel. Al die note wat reeds aangeleer is, word daarop aangetoon met klem op Middel-C wat met behulp van 'n hulplyn tussen die twee notebalke verskyn. Nog drie stukke wat op die groot notebalk geskryf is, en met albei hande beurtelings gespeel word, rond die beginnersboek af. Soos in *Lesson Book 1* is die stukke meestal vier mate lank, met uitsondering van die laaste twee stukke wat elk agt mate lank is. Geen tradisionele of bekende wysies is gebruik nie.

Sekunde- en tertsintervalle kom in een hand voor. Intervalle van 'n kwart en kwint kom soms voor tussen twee frases – dus aan die einde van 'n frase en die begin van 'n nuwe frase. In so 'n geval word elke frase deur 'n ander hand gespeel.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleiding**

Duetbegeleidings verskyn by die meeste stukke. 'n Hele aantal jazz-agtige ritmes (*boogie*) word ook in die tweede beginnersboek gebruik. Baie begeleidings is in klassieke styl en boots soms bekende klassieke werke na, soos byvoorbeeld komposisies van Mozart en J.S. Bach.

**Toonsoorte**

Vyf toonsoorte kom in *Music Lesson Book 2* voor, naamlik C, a, F,d, G.

**Omvang**

Aan die einde van *Music Lesson Book 2* is die nege note van die volledige Middel-C-posisie in notasie aangeleer.

**Teorie**

Geen.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Kyk bespreking van illustrasies op pp. 209-110 (*Music Lesson Book 1*).

**Nootwaardes en ritme**

Die gepunteerde halfnoot word in *Music Lesson Book 2* nuut aangeleer. Die leerder word nou die keuse gebied om óf volgens nootwaardes/toonduurtes óf numeries te tel.

**Evaluasie**

Die twee lesboeke beslaan altesaam 96 bladsye en die vordering is baie stadig. Aan die einde van die tweede lesboek kan leerders slegs die nege note van die Middel-C-posisie vanaf notasie speel, en net met trappe en spronge (sekundi en tertse).

Baie van die spasie op elke bladsy word in beslag geneem deur die verhaal van die onderskeie diertjies. Of die verhalende trant waarop *Music Lesson Books 1 & 2* informasie aanbied aanklank by alle leerders sal hê, is moeilik om gesaghebbend te voorspel. Dit is moontlik en selfs waarskynlik dat baie leerders besonder baie sal hou van die verhaal wat ontvou, en dat dit juis hierdie verhaal is wat hulle belangstelling in hul klavierlesse prikkel. Die verhaal word so aangebied dat sekere konsepte van notelees daardeur geïllustreer word. Voorbeelde hiervan is die rusteken wat voorkom omdat die muis baie moeg is en wil rus, en die hasie wat heen en weer oor die lyne spring om die konsep van tertsspronge te illustreer.

Konsepte word in die twee lesboeke baie deeglik en sistematies aangebied. Die samestellers gaan op 'n unieke wyse te werk. In die lang preleesgedeeltes word elke noot individueel voorgestel en in twee of drie stukke vasgelê voordat oorgegaan word na die volgende noot. Die regterhand se note word eerste aangeleer en daarna die note van die linkerhand. Min of meer dieselfde werkswyse word gevolg wanneer notasie aangeleer word. Net een notebalk word gebruik vir die aanleer van die onderskeie note. Anders as in die preleesafdeling val die klem in die notasiegedeelte nie soseer op die naam van die noot wat aangeleer word nie, maar eerder op die twee intervalle, sekundi en tertse. Notelees vind plaas deur middel van die herkenning van intervalle. Die groot notebalk word eers teen die einde van die tweede lesboek in gebruik geneem. Die twee hande speel dan vir die eerste

keer om die beurt in een stuk, maar geen gelyktydige samespel met albei hande kom voor nie.

Hierdie reeks is by uitnemendheid geskik vir die baie jong beginner – enersyds omdat dit so stadig beweeg en andersyds as gevolg van die verhalende trant van aanbieding. Die twee boeke is uitstekend saamgestel en beweeg metodies en doelmatig. Daar word nooit iets van leerders verwag wat nie vooraf deeglik verduidelik is nie. Vir die effens ouer leerder is die aanbieding waarskynlik te stadig; hulle sal minder storie wil hoor en meer wil speel.

Die musikale gehalte van die stukke is uit die aard van die beperkte omvang nie baie stimulerend nie. Die meeste stukke is net vier mate lank, en dit op sigself verhinder dat tradisionele/singbare wysies gebruik word. Wanneer die duetbegeleidings egter saamgespeel word, behoort leerders die liedjies te geniet. Sommige onderwysers mag bedenkinge hê oor die jazz-agtige duetbegeleidings wat redelik dikwels voorkom, en hulle mag oordeel dat dit nie bevorderlik is vir die ontwikkeling van suiwer klassieke smaak nie[84]. Die gevaar bestaan dat leerders so opgaan in die aansteeklike ritmes dat hulle nie voldoende aandag gee aan die uitvoering van korrekte ritmepatrone nie, en 'n vryer improvisatoriese ritmepatroon uitvoer. Dit kan egter ook juis gesien word as waardevol, omdat leerders aan 'n wye spektrum van musikale style blootgestel word en vir leerders wat maklik van gehoor speel, sal dit baie opwindend kan wees.

Die aanvangsgedeelte van *Alfred's Music for Little Mozarts Book 1* verdien spesiale vermelding. Die mees basiese en elementêre fasette van klavierspel en klanke word besonder demonstratief en effektief aangebied. Die begrippe van laag en hoog en links en regs word verder versterk deurdat die informasie oor die lae register en die onderkant van die klavier altyd op die linkerkantste bladsy van die geopende boek verskyn en die toontrosse met die linkerhand gespeel moet word. Op hierdie manier word die linkerhand geassosieer met die onderkant van die klavier en die lae register. Die informasie oor hoë register en die bokant van die klavier word weer verskaf op die regterkantste bladsy van die geopende boek op die klavier en die toontrosse in die hoë register word met die regterhand gespeel.

**Kwadrantvoorkeure: Barden, Kowalchyk en Lancaster. *Alfred's Music for Little Mozarts Books 1 & 2***

(Sien tabel 15, p. 215)

---

[84] Hierdie bewering is slegs 'n aanname.

**Tabel 15: Kwadrantvoorkeure: Barden, Kowalchyk en Lancaster.** ***Alfred's Music for Little Mozarts Books 1 & 2***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Dit is moontlik dat A-kwadrante nie van die storiekomponent van die aanbieding sal hou nie, omdat hulle moontlik instinktief meer suiwer logika verkies. Feit is egter dat die boeke bedoel is vir die heel jong beginner, en dat hulle moontlik juis van die storiekomponent sal hou. Die baie sistematiese, logiese en geordende wyse waarop konsepte onthul word soos wat die verhaal ontplooi, behoort egter baie aanklank by hierdie groep leerders te vind.<br><br>Die knap onderwyser sal die kind se reaksie ontleed en die storiekomponent kan dan meer of minder beklemtoon word na gelang van die leerder se reaksie. Dit mag ook wel gebeur dat hierdie kategorie leerders, wat baie daarvan hou om te lees, graag die verhaal self sal wil lees (mits hulle reeds kan lees). | Die sistematiese, geordende wyse waarop konsepte aangebied word, behoort baie aanklank te vind by leerders met hierdie leervoorkeur. Hulle sal hou van die stadige pas van aanbieding, omdat konsepte baie deeglik vasgelê sal word. B-kwadrante mag egter nie hou van die onrustige voorkoms van die bladsye nie, omdat dit die aandag aftrek en die feit dat die storie in 'n mate die roetine van aanbieding verstoor, mag vir hulle hinderlik wees.<br><br>Dit mag ook wees dat die klem wat op jazz-ritmes in die begeleidings geplaas word, as hinderlik ervaar word, omdat dit die aandag aflei van konsepte wat nuut aangeleer moet word. | Van al die tipes leerders sal hierdie kategorie leerders waarskynlik die meeste hou van hierdie aanbieding. Hulle sal kan identifiseer met die twee hoofkarakters en ook die karakters wat later bykom. Hulle sal dit waarskynlik baie geniet om duette saam met 'n ander persoon te speel en die jazz-agtige bege-leidings sal moontlik ook baie aftrek kry.<br><br>Ongelukkig word min geleentheid vir hierdie musikale leerders geskep om bekende wysies te sing of te speel. Dit is aktiwiteite waarvan hierdie leerders gewoonlik baie hou. | Die tempo van aanbieding beweeg moontlik te stadig en gedissiplineerd vir hierdie leerders. Dit beweeg veral ook stadig omdat dit so lank neem om die verhaal te vertel. Hierdie leerders wil dadelik iets skouspelagtigs speel en hoor. Hulle sal die illustrasies geniet, maar dié is te klein en dof om werklik 'n indruk te maak.<br><br>Aan die ander kant mag die storie juis vir sommige leerders 'n fantasie-wêreld open wat hulle lesse baie opwindend maak. |

**Slotsom**

Die twee lesboeke van *Alfred's Music for Little Mozarts* beïndruk met die weldeurdagte aanbieding van feite. Hierdie reeks kan beskou word as een van die suksesvolste beginnersboeke ten opsigte van die volgorde van aanbieding. Of die samestellers daarin slaag om met die verhalende trant en die baie "toebehore" leerders te bekoor, is moeilik om te sê. Aan die een kant mag dit juis diegene afskrik wat sonder twyfel sou hou van die geordende aanbieding en stadige pas, soos die B-kwadrante. Aan die ander kant mag dit meehelp dat jong leerders dit geniet en uitsien na hulle les om die volgende episode in die verhaal te hoor. Die wedervaringe van die karakters mag ook daadwerklik help om van die begrippe deeglik vas te lê.

Alles in ag genome is dit waarskynlik dat die leerder met 'n C-kwadrantvoorkeur die meeste aanklank sal vind by hierdie aanbieding. Onderwysers moet in gedagte hou dat *Music for Little Mozarts, Books 1 & 2,* nie juis geskik sal wees vir die ouer leerder nie. Dit is by uitnemendheid geskik vir die baie jong beginner.

**5.8.8 Joanna MacGregor. *Piano World. Book 1. Saving the Piano***

(Eerste publikasie 2000, London)

*Saving the Piano* beslaan 32 bladsye en is die eerste in die reeks van drie beginnersboeke wat deur Joanna MacGregor saamgestel is. Dit is 'n unieke aanbieding omdat daar baie aspekte is wat nog nie vantevore op dieselfde manier in ander beginnersboeke aangebied is nie. *Saving the Piano* word vergesel van 'n CD waarop 'n hele verhaal vertel word. Ned en Grumper, tesame met twee ander vriende, almal strokiesprentfigure, woon in *Piano World.* Hulle ontvang 'n geheimsinnige boodskap van die Scherzo-susters dat die klaviere hulp nodig het, omdat klaviere waarop nie gespeel word nie (*Silent pianos*) weggegooi gaan word indien die vriende nie sekere take voltooi nie. Ned, Grumper en hul vriende moet die susters se raaisels uitwerk en hul take voltooi sodat die klaviere gered sal word. Daar word begin met 'n uitbeelding van *Piano World*, die leefwêreld waarin die hoofkarakters woon en waar al die aksie plaasvind (pp. 2-3). Al die karakters word bekendgestel – Ned en Grumper, Crash Harry, Tone Cluster en die twee Scherzo-susters. Die klawerbord wat in 'n kurwe uitgebeeld word, verskyn op die tweede bladsy (p. 3). 'n Leeu dui die lae klanke aan en 'n muis die hoë klanke. Die Scherzo-susters verduidelik waar Middel-C op die klawerbord is. Ned beveel dat al die Cs op die klawerbord gesoek en gespeel moet word. Verdere informasie word aangebied deur die verskillende karakters. Die verhaal en al die informasie wat oorgedra moet word, kan in die lesboek gelees word en alles word ook op die CD vertel. Nuwe informasie, hetsy nuwe nootwaardes, note of rustekens, verskyn in gedeeltes wat aangedui word as *Technix.* Dit verskyn boaan die bladsy waarop die informasie verskaf word.

**Benadering**

Middel-C.

**Prelees**

Geen.

**Notasie en stukke**

In *Piano World* word aanvanklik meer aandag aan ritmepatrone bestee as wat die norm is met die Middel-C-benadering. Die ritmekomponent word dwarsdeur die boek sterk beklemtoon, veral met behulp van ritmiese begeleidings (*boogie* en *blues*) en interessante klapoefeninge. Die konsep van ritme word deur MacGregor (2000:4) soos volg gedefinieer: *Rhythm = a group of sounds of the same or varying length.* Kwart- en halfnote word op p. 4 aangeleer en die leerder moet drie ritme-oefeninge klap. Hierna moet dieselfde ritmepatroon op enige C gespeel word. Telling geskied numeries. 'n Jazz-agtige duetparty verskyn onderaan die bladsy. Hierdie begeleiding kan ook gehoor word op die CD, met en sonder die leerder se bydrae. Dergelike tipes jazz-agtige duetpartye word by die meeste stukke en oefeninge in die beginnersboek verskaf. Op p. 5 verskyn vier ritme-oefeninge wat saam met die begeleiding onderaan die bladsy geklap kan word. Mate, maatstrepe en die 4/4-maatsoortteken word verduidelik. Op p. 6 word 'n groot hoeveeheid informasie aangebied, soos gewoonlik die geval is met die Middel-C-benadering – die regter- en linkerhand en vingernommers, 'n enkel notebalk (met beklemtoning van vyf lyne) en die groot notebalk, sopraan- en bassleutels, lae en hoë klanke. Die wyse waarop die regte handposisie verkry kan word, word soos volg deur Ned (p. 6) verduidelik: *Play with your fingers curved – imagine there's a small yo-yo under your hand and keep your wrist flat.*

Die eerste ses stukke (pp. 7-9) bestaan uit Middel-Cs wat op 'n enkel notebalk genoteer is en om die beurt met die duime van die linker- en regterhand gespeel moet word. Elk van die stukke is voorsien van 'n teks en 'n eie begeleidingsparty, sommige volgens 'n *boogie*-ritme. Die begeleidings moet sterk ritmies gespeel word en dit is moontlik dat die leerder meer na die begeleiding sal luister as die note wat hy/sy self speel. Die terme *f = forte* en *p = piano* word in die *Technix*-blokkie (p. 9) verduidelik.

Nuwe note/klawers verskyn boaan die bladsy in sketse van die notebalk en klawerbord. Die nuwe klawer word rooi ingekleur. D word op p. 10 aangeleer. Die begeleiding van die eerste stuk, *Walkin' the blues,* word met 'n aansteeklike *boogie*-ritme gespeel. B word op p. 11 verduidelik en word met die linkerhand gespeel. Die staccato-aanslag word gelyktydig met die aanleer van B verduidelik met die opdrag dat dit … *crisp and bouncy* gespeel moet word. Hierdie baie vroeë aanleer van staccato-aanslag moet bevraagteken word, omdat leerders

op hierdie stadium nog baie moet konsentreer om die regte note en nootwaardes met die korrekte handposisie en aanslag te speel. Staccato-aanslag word in die meeste beginnersboeke veel later aangeleer en soms glad nie. Die stukke op pp. 10 en 11 is nie voorsien van 'n teks nie.

Die nege stukke wat tot dusver aangeleer is, word almal net op één notebalk genoteer, ten spyte van die feit dat die groot notebalk reeds op p. 6 vertoon is.

Teorie-oefeninge op p. 12 moet eers voltooi en dan gespeel word. Die gepunteerde halfnoot word in die *Technix*-gedeelte (p. 13) bekendgestel. *Ned's dainty dance* (in drieslagmaat) is op die groot notebalk genoteer. Die twee hande speel vir die eerste keer saam en woorde word voorsien. Die gepunteerde halfnoot wat pas aangeleer is, kom ook hierin voor.

A en E word op pp. 14 en 15 aangeleer. *Digital dodgems* (viermaatoefeninge) op pp. 14 en 15 help om leerders gewoond te maak aan die nuwe note. Die teorie-oefeninge op pp. 16 en 17 bevat onder meer 'n musikale raaisel (*Crossword*). Half- en kwartnootruste word in die *Technix*-afdeling op p. 17 verduidelik. Klapoefeninge (*Clap and play*) bevat ingewikkelde ritmepatrone met gesinkopeerde effekte. Jong leerders sal waarskynlik sukkel om dit korrek uit te voer.

F (regterhand) word in *Copy cat* (p. 18) gebruik. Al beslaan die omvang van *Copy cat* slegs vier note, is dit as gevolg van 'n gesinkopeerde ritmepatroon 'n baie gevorderde stuk vir 'n jong kind om te speel. Van die note word legato gespeel en ander staccato. Crescendo- en diminuendo-tekens verskyn ook vir die eerste keer.

G (linkerhand) word op p. 19 aangeleer. Tertsspronge, van lyn tot lyn en spasie tot spasie, kom in *It's a mystery* (p. 19) voor. Die heelnoot en heelnootrus word in die *Technix*-gedeelte op p. 20 verduidelik. *Jingling bells* bevat slegs heelnote en die pedaal kan regdeur aangehou word. In *Caught in a calypso* (p. 21) kom twee tydsoorttekens voor: 2/4 en 3/4. Die stuk is sestien mate lank en twee- en drieslagmaat word afwisselend gebruik. Hierdie patroon word volgehou vir al sestien mate. Dit sal moeilik wees vir jong leerders om reg te tel en die regte ritmiese gevoel van die *calypso* oor te dra.

Agstenote word in *Technix* boaan p. 22 verduidelik. Die telling vir vier agstenote word as 1 & 2 & aangedui. Drie verskillende ritmepatrone kan geklap of gepraat word, onderskeidelik gebaseer op die uitspreek van die woorde *Grumper's Grunge, Crash Harry* en *Pitter Patter Paws*.

G (regterhand) word op p. 25 aangeleer. In *Hot cross buns* moet die agt agstenote in die derde maat opeenvolgend met die regterhand gespeel word. Die jong beginner wat nog nie oor goeie vingervaardigheid beskik nie, sal dit moeilik vind om die note egalig en teen 'n

geskikte tempo te speel. *Don't cook 'em – clap 'em!* is 'n klapoefening wat gelyktydig deur onderwyser en leerder geklap moet word, gebaseer op die ritme van *Hot cross buns*. Dit sal prettig wees om uit te voer, alhoewel jong leerders waarskynlik sal sukkel om die vinnig-bewegende gedeelte ritmies uit te voer.

F (linkerhand) word gebruik in *Left-hand blues* (p. 26). Kwint- en kwartspronge kom hierin voor. Die duetparty bestaan uit 'n boogie-ritme. In *Give it everything* (p. 28) speel die hande saam. G (regterhand) en F (linkerhand) word slegs in die sesde maat gebruik en in die trosakkoord (*cluster*) aan die einde. Die grootste gedeelte van die stuk sentreer rondom die vyf klawers in die middel van die klavier. Dit begin in vierslagmaat, gaan oor in drieslagmaat en eindig uiteindelik in tweeslagmaat. Die jong beginner sal die laaste gedeelte van die stuk (twee agstenote gevolg deur 'n kwartnootrus) waarskynlik moeilik vind om ritmies te speel.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleiding**

Die meeste stukke is voorsien van 'n duetgedeelte wat net op een notebalk geskryf word. Van die begeleidings het 'n sterk jazz-agtige inslag.

**Toonsoorte**

F, A-mol, C, a en d.

**Omvang**

Die nege note van die Middel-C-posisie.

**Teorie**

Teorie-opdragte word met gereelde tussenposes verskaf (pp. 12, 16, 17 en 27). Prettige oefeninge, soos onder meer die voltooiing van 'n blokkiesraaisel (p. 16), word aangebied.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Die talle illustrasies in helder kleure is 'n kenmerk van *Piano World*. Nuwe informasie word aangebied in die eie woorde van die een of ander karakter soos in 'n strokiesprent. Die algehele effek is baie besig en 'n bladsy moet lank bestudeer word om al die relevante informasie te ontsyfer. Waardevolle informasie kan op hierdie manier verlore gaan omdat dit maklik misgekyk kan word.

**Nootwaardes en ritme**

Kwartnote, halfnote en tydsoorttekens word heel eerste aangeleer (pp. 4-5). Daarna volg die gepunteerde halfnoot (p. 13), kwart- en halfnootrustekens (p. 17) en agstenote (p. 22). Die heelnoot en sy toonduurte word nooit verduidelik nie. Die heelnoot word selde gebruik [slegs in *Speeding up* (p. 22)]. Die heelnoot word ook soms in teorie-oefeninge gebruik. Verskeie klapoefeninge is in *Piano World* ingesluit. Telling geskied numeries. Die ritme word ook vasgelê deur die name *Grumper's Grunge, Crash Harry,* en *Pitter Patter Paws* ritmies uit te spreek.

Baie aandag word bestee aan die beklemtoning van 'n ritmiese polsslag. Dit word aangehelp deur die jazz-agtige begeleidings wat baie dikwels by die stukke voorkom. Ongelukkig is baie van die ritmepatrone in die stukke onnodig ingewikkeld vir 'n jong beginner. Tydens hierdie aanvangsperiode in 'n kind se ontwikkeling gaan dit juis daarom dat basiese konsepte en vaardighede deeglik vasgelê moet word. Uitsonderings en ingewikkelde ritmepatrone kan later aangeleer word. Die wyse waarop die maatslag in dieselfde stuk verander, soos in *Caught in a Calypso* (p. 21) en *Give it everything* (p. 28), is nie 'n goeie idee op hierdie vroeë stadium nie en sal dalk meer verwarring as vaslegging skep.

Leerders wat maklik van gehoor speel, sal hierdie tipe jazz-begeleidings waarskynlik opwindend vind. Daar moet egter daarteen gewaak word dat leerders nie so opgaan in die ritmiese uitlewing en 'n tipe improvisatoriese uitvoering dat daar nie ook gefokus word op basiese konsepte soos nootwaardes en die lees van toonhoogte nie.

**Evaluasie**

Die Middel-C-benadering het tot gevolg dat die leerder vir 'n beduidende periode aan die begin óf nie speel nie óf net op Middel-C speel. Die jazz-begeleiding help om hierdie aanvangsproses opwindender te maak. Dit strek moontlik nie tot die leerder se voordeel nie, omdat meer gekonsentreer mag word op die aansteeklike ritme as op die aanleer van kennis en vaardighede.

'n Groot verskeidenheid informasie word op verskillende areas op die bladsye versprei. Daar is nie veel logika in die aanwysings van die susters of die ander karakters wat die klaviere moet "red" nie. Die aanbieding van informasie is onordelik en die indruk word geskep dat daar min doelmatige beplanning plaasgevind het in die ontwikkeling van die lesboek. Hiervan getuig die feit dat daar nagelaat is om die heelnoot bekend te stel, terwyl dit tog in een stuk en ook in sommige teorie-oefeninge voorkom. Soms word die nuwe noot van die regterhand eerste aangeleer, en op die volgende bladsy die ooreenstemmende noot van die linkerhand. Op ander plekke word die linkerhandnoot weer eerste aangeleer en daarna die ooreenstemmende noot van die regterhand. Dit is nie logies nie en sommige leerders mag dit hinderlik vind.

Die baie figure en skel kleure wat op elke bladsy voorkom, mag sommige leerders se aandag aftrek en die bemeestering en vaslegging van konsepte mag as gevolg daarvan skade lei. Trouens, daar word soveel aandag geskenk aan die verskillende karakters wat informasie aanbied, dat die informasie self verlore kan gaan of nie goed genoeg vasgelê word nie. Ook op die CD word die storie op so 'n manier vertel dat dit nie logies van punt tot punt beweeg nie.

Die baie stukke wat net op een notebalk in plaas van die groot notebalk genoteer is, voorkom visuele vaslegging van die groot notebalk. Veral wanneer die linkerhand speel, is dit ongewens om te lank net op een notebalk te genoteer. Die leerder moet, veral aanvanklik, 'n visuele beeld vaslê van die twee notebalke met Middel-C in die middel en die linkerhand se note na die onder- of linkerkant.

Behalwe *Hot cross buns* (p. 25) en *The grand old Duke of York* (p. 29) word geen volks- of tradisionele wysies in die lesboek gebruik nie. Dit moet as 'n groot tekortkoming beskou word omdat leerders dit geniet om bekende wysies te speel en te sing. Of die jazz-agtige begeleidings 'n positiewe of negatiewe uitwerking op jong leerders sal hê, is moeilik om vas te stel. Dit is nie altyd moontlik om vooruit te bepaal hoe 'n besondere leerder sal ontwikkel nie. Leerders wat van kleins af 'n aanleg toon om van gehoor te speel, mag die gebruik van *Piano World* as 'n baie aangename en selfs opwindende leerervaring beskou. Daar mag egter nooit uit die oog verloor word dat hierdie vroeë periode van musiekopvoeding van 'n kind se lewe baie belangrik is vir die vaslegging van basiese vaardighede en kennis nie. Laasgenoemde mag nooit verwaarloos word as gevolg van die moontlike "lekkerkry" en veral ritme-improvisasie wat deur die jazz-karakter aangemoedig word nie. Die volgehoue jazz-agtige karakter mag die ontwikkeling van leerders se klassieke musikale smaak nadelig beïnvloed.

Oor die algemeen beskou, kan *Piano World* nie as 'n geslaagde beginnersboek vir die gemiddelde leerder beskou word nie, hoofsaaklik omdat die tempo van aanbieding te vinnig is. Die neurowetenskap het bevind dat herhaling, hetsy van kennis of vaardighede, die bousteen is vir die vorming van gevestigde modules en neuronale netwerke in die brein. Kennis en vaardighede wat deur genoegsame herhaling in hierdie permanente of gevestigde verbindingsnetwerke vasgelê is, sal onder normale omstandighede nooit weer verlore gaan nie en altyd 'n deel van so 'n leerder se "speelbiblioteek" bly. Die voorvereiste is egter dat die herhaling van basiese konsepte werklik gereeld en oor 'n lang tydperk moet plaasvind. Wanneer nuwe informasie verskaf word, moet dit nie te vinnig opgevolg word met verdere nuwe informasie nie. Indien die volume nuwe kennis te groot is, sal volkome vaslegging in die brein nie gevestig word nie.

In *Piano World* word daar nie slegs vinnig beweeg ten opsigte van die aanleer van konsepte nie, maar die moeilikheidsgraad is dikwels te hoog vir die gemiddelde leerder. Voorbeelde hiervan is wanneer ruste aangeleer word (pp. 17 en 18), wisselende maatslag (pp. 21 en 28) en die vroeë bekendstelling van agstenote (p. 22). Ten opsigte van die bekendstelling van agstenote, kan die werkswyse van MacGregor vergelyk word met dié van ander beginnersboeke soos onder andere *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002), *Piano Adventures* (Faber en Faber 1993), *Noona Basic Piano* (Walter en Carol Noona 1988) en *Keyclub* (Bryant 1998) waar agstenote glad nie vir beginnerleerders aangeleer word nie.

**Kwadrantvoorkeure: Joanna MacGregor's *Piano World***

(Sien tabel 16, p. 223)

**Tabel 16: Kwadrantvoorkeure: Joanna MacGregor's *Piano World***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Dit is moeilik om te voorspel of A-kwadrante van hierdie aanbieding sal hou. Waarskynlik sal die meeste leerders geen aanklank sal vind by hierdie aanbieding nie, veral omdat die informasie so deurmekaar en ongestruktureerd aangebied word. Dit is egter ook moontlik dat sommige A-kwadrante geprikkel sal word deur die uitdagings wat aan hulle gestel word en hulle mag die jazz-komponent wat altyd teenwoordig is, stimulerend vind.<br><br>Die oordadige gebruik van sprokiesprentkarakters en die baie besige bladuitleg mag moontlik ook steurend wees vir persone met hierdie leervoorkeur. | B-kwadrante sal die aanbieding as te vinnig en onplanmatig ervaar. Die feit dat vaardighede en informasie nie behoorlik vasgelê en beoefen kan word nie, sal 'n gevoel van ongemak en frustrasie veroorsaak. Die ongeordende plasing van informasie op elke bladsy is nie metodies genoeg nie, en die aanwending van kleur en illustrasies sal hierdie leerders waarskynlik nie aanstaan nie.<br><br>Die aanbieding van informasie geskied nie gestruktureerd nie. Dit word onder andere gedemonstreer deur die gebruik van 'n nootwaarde wat nooit bekendgestel is nie. B-kwadrantleerders sal onveilig voel met so 'n lukrake aanbieding, omdat hulle 'n hoë premie op logiese opvolging stel. Die gemiddelde jong leerder sal waarskynlik boonop van die stukkies en ritme-oefeninge moeilik vind om uit te voer en dit mag uiteindelik veroorsaak dat sulke leerders ontmoedig word. | Die strokiesprent-karakters is nie innemende figure nie, en sal baie moontlik nie tot die mens-georiënteerheid van hierdie leerders spreek nie. Daar mag egter ook dié leerders wees wat baie hou van die karakters en die verhalende trant van die aanbieding.<br><br>Daar is te min beweging oor die klawerbord heen om die kinestetiese gevoel van hierdie leerders te bevredig. Die musikale leerders wat maklik van gehoor speel, sal wel aanklank vind by die jazz-agtige begeleiding. Hulle sal baie daarvan hou om die duette saam met 'n onderwyser of ouer te speel. Hierdie groep leerders sou tradisionele, bekende melodieë baie geniet het. Nie al die stukke in die boek is baie musikaal nie en sal gevolglik nie besonder aangenaam wees om te speel nie. | D-kwadrante sal waarskynlik van hierdie aanbieding hou. Hulle sal hou van die helder kleure en die "besige" bladsye. Van die informasie sal miskien by hulle verbygaan, omdat hulle nie die geduld sal hê om al die voorskrifte deur al die verskillende karakters te lees nie.<br><br>Die Middel-C-benadering is nie baie geskik vir leerders met hierdie kwadrantvoorkeur nie, maar in hierdie geval sal die jazz-agtige begeleiding tog 'n gevoel van opwinding verseker. Hulle mag miskien nie daarvan hou om saam met 'n ander persoon musiek te maak nie, en mag dalk verkies dat die CD die begeleidings verskaf.<br><br>Die vinnige tempo waarteen nuwe konsepte aangebied word, sal leerders met suiwer D-kwadrantvoorkeure waarskynlik nie pla nie. Leerders wat egter ook oor linkerhemisferiese voorkeure beskik, sal baie moontlik voel dat dit 'n "onveilige" lesboek is om te gebruik omdat daar nie voldoende geleenthede vir vaslegging en insinking is nie. |

**Slotsom**

*Piano World* kan nie as 'n geslaagde beginnersboek vir jong beginners beskou word nie, hoofsaaklik omdat nuwe informasie te vinnig aangebied word. Baie illustrasies en die besige bladuitleg maak dit veral ongeskik vir leerders met B- en waarskynlik ook A-kwadrantvoorkeure. Leerders met D-kwadrantvoorkeure mag moontlik hou van die manier waarop informasie aangebied word. Of leerders daarvan hou of nie, die onplanmatige en ongeordende aanbieding wat so vinnig beweeg, sal geen leerder met enige leervoorkeur ten goede te staan kom nie en die basiese grondlegging van kennis van vaardighede sal nie ten beste plaasvind nie. Selfs hoogs musikale of begaafde leerders wat nuwe konsepte vinnig aanleer, benodig stewige vaslegging van die basiese konsepte van klavierspel en notelees. Met die gebruik van *Piano World* sal hierdie tipe vaslegging nie plaasvind nie.

## 5.9 DIE BAKENLEESBENADERING

Drie van die geraadpleegde boeke maak gebruik van die bakenleesbenadering wat aanvanklik veral deur die toedoen van Clark en Goss in Amerika bekend geraak het.

### 5.9.1 Frances Clark, Louise Goss en Sam Holland. *The Music Tree: The Music Tree: Time to Begin*

(Eerste publikasie 1973, nuutste herdruk 2002)

Word gebruik saam met *A Handbook for Teachers* (Clark & Goss 1996)

As 'n alternatief vir die Middel-C-benadering het Clark en Goss in 1955 deur middel van 'n boekreeks, *Library Piano Students*, met hierdie totaal nuwe benadering na vore gekom om beginners die basiese feite van notasie te leer. Hierdie eerste reeks is opgevolg deur 'n tweede hersiene reeks beginnersboeke in 1962 en weer later deur nog 'n hersiene uitgawe in 1973. Die uitgawe van 1973 heet *The Music Tree*-reeks en maak deel uit van die *Frances Clark Piano Library*. Hierdie reeks bestaan uit verskeie beginnersboeke. *The Music Tree: Time to Begin* is bedoel vir die jong beginner. 'n Handleiding vir die onderwyser word voorsien waarin die standpunte en werkswyses uiteengesit word. As ouditiewe hulpmiddel is 'n kasset en CD ook beskikbaar. Die reeks sluit verder 'n boek vir volwasse beginners en nog ander boeke met klaviersolos en duette in.

Die mees onlangse hersienings van *The Music Tree*-reeks, 2000-2002, maak gebruik van die dienste van verskeie opvoedkundige konsultante, onder andere Sam Holland. Alhoewel die inhoud nie veel verander is nie, is dit meer uitgebrei as die oorspronklike beginnersboek van 1973. Klein illustrasies kom voor wat nie in die oorspronklike uitgawe gebruik is nie, van die stukke is verander of weggelaat en nuwe stukke, waaronder 'n paar tradisionele wysies, het in die plek gekom. 'n Nuwe aanvullende boek, *The Music Tree: Time to Begin Activities*,

kan saam met die *The Music Tree: Time to Begin* gebruik word. Bladlees, nootwaardes en ritme asook teorie word verder in *The Music Tree: Time to Begin Activities* vasgelê. Elke eenheid bevat ten minste een teoriespeletjie.

Volgens Clark en Goss is 'n basiese filosofie van opvoedkunde van die klavier in die *Music Tree*-reeks ingebou, naamlik dat suksesvolle klavierleerders reeds van die begin af afgeronde musici moet wees. Leerders moet van die begin af 'n holistiese opvoeding in alle fasette van musiekmaak ontvang … *successful piano students are the ones who develop from the beginning as complete, well-rounded musicians. The approach is holistic – everything starts at the beginning, at least in embryonic form. Nothing is put off until "later"* (Clark & Goss 1996:2).

*The Music Tree: Time to Begin* is inderdaad daarop toegespits om alle fasette van musiekmaak en klavierspel vanaf die aanvangsstadium te ontwikkel. Dit beslaan 72 bladsye en bestaan uit nege eenhede. Dieselfde patroon word in elke eenheid gevolg. Eerstens word nuwe begrippe of konsepte aangeleer waarop in die bepaalde eenheid gefokus word. Dit is die *Discovery*-gedeelte. In die tweede onderafdeling, *Using what you have discovered*, word alles wat reeds behandel is, selfs reg van die begin af, weer hersien. Die *Using*-gedeeltes is deurgaans meer uitgebreid as die *Discovery*-gedeeltes. Die *Using*-gedeeltes begin met 'n paar stukke wat gebaseer is op die nuwe konsepte wat in die *Discovery*-gedeeltes behandel is. Dit word gevolg deur 'n gedeelte wat op tegniese ontwikkeling konsentreer, genoem *Warm-ups for daily practice*. *Rhythmic reading* is die volgende onderafdeling in die *Using*-gedeeltes waartydens allerhande ritmiese aktiwiteite plaasvind wat alles ten doel het om 'n ritmiese polsslag vas te lê en 'n vaardigheid op te bou in die lees en uitvoering van ritmepatrone. 'n Vierde onderafdeling, *Intervals*, fokus op die klawerbord, die name van die verskillende klawers en later ook op intervalle. Elke *Using*-gedeelte eindig met 'n opdrag om kreatief te dink: *Make some pieces of your own*, met voorstelle vir musikale elemente wat gebruik kan word asook moontlike titels.

Die repertorium bestaan uit 61 stukke: 31 volgens preleesnotasie, 23 met gedeeltelike notebalknotasie, twee stukke op 'n enkel notebalk met vyf lyne en vyf stukke op die groot notebalk.

Om die leerders te help om hierdie leeravontuur te geniet, is daar twee strokiesprent-karakters: Chip, 'n eekhorinkie met groot oë wat wys na alles wat daar te sien is op die bladsy, en Bobo, 'n hond met lang ore wat die belangrikheid beklemtoon om te luister na elke klank wat op die klavier gemaak word. Chip en Bobo se hooftaak is om die leerders te herinner aan wat hulle by die les geleer het en wat om te doen wanneer hulle tuis oefen.

Die grootste gedeelte van die eerste lesboek sentreer rondom die lees van note sonder 'n volledige notebalk. Die aandag word veral toegespits op rigting- en intervallees.

**Benadering**

Die bakenleesbenadering, met F (bassleutel), G (sopraansleutel) en Middel-C as bakennote.

**Prelees**

Die eerste drie eenhede bestaan uit preleesnotasie op swart klawers. Selfs nadat lyne en spasies in die vierde eenheid bekendgestel is, vind daar, tot in die agtste eenheid, steeds herhaling van preleesnotasie op swart klawers plaas.

Dieselfde patroon van aanbieding word deurgaans in al die preleeseenhede gevolg. In die eerste eenheid word slegs met die tweede vinger van elke hand gespeel. Vanaf die tweede tot vierde eenhede word die tweede en derde vingers van elke hand gebruik. Die vierde vinger word eers vanaf die vyfde eenheid gebruik (op die wit klawers). Die eerste en vyfde vingers word nooit in hierdie eerste lesboek gebruik nie. Die stukke in die preleesgedeelte is kort, meestal nie meer as vier mate nie, alhoewel maatstrepe nie op hierdie vroeë stadium voorkom nie. Die note word verdeel tussen die twee hande wat mekaar reëlmatig afwissel. Elke frase word 'n oktaaf hoër of laer herhaal. Die ideaal is dat leerders met 'n goeie handposisie speel en gemaklik en grasieus van oktaaf tot oktaaf beweeg. Leerders moet geleer word om fyn te luister en baie aandag behoort ook gegee te word aan legatospel, selfs gedurende hierdie aanvangsperiode.

**Notasie en stukke**

Hierdie afdeling word onderverdeel in die *Discovery*-gedeeltes waar nuwe konsepte bekendgestel word en die *Using what you have discovered*-gedeeltes waar die nuwe konsepte verder vasgelê word.


**Die *Discovery*-gedeeltes**[85]

Die volgende konsepte word in die *Discovery*-gedeeltes van die eerste drie eenhede en die eerste deel van die vierde eenheid verduidelik: die begrippe laag en hoog op die klawerbord, kwart- en halfnote, toonskakerings van hard tot sag, herhaalde note, fraseringsboë en die 8ve-teken (oktawe hoër of laer). Aan die onderkant van sommige bladsye verskyn 'n duetbegeleiding. Op die CD word die polsslag eers vooraf aangegee voordat spel 'n aanvang neem.

---

[85] Die *Discovery*-gedeeltes van die onderskeie eenhede word eerste bespreek en daarna die *Using what you have discovered*. Van die stukke wat in die eerste gedeeltes van *Using what you have discovered* voorkom, word saam met die *Discovery*-gedeeltes bespreek.

Spel in die eerste eenheid vind op groepe van twee swart klawers plaas. Die begrippe laag en hoog word in die eerste *Discovery*-afdeling verduidelik aan die hand van twee stukke, *Take off* (p. 4) (kyk figuur 25) en *Landing* (p. 5), wat die opstyg en landing van 'n vliegtuig uitbeeld.




**Figuur 25: *The Music Tree: Time to Begin*** (Clark et al. 2002:4)

Die leerder word nie gevra om te tel nie, omdat nootwaardes nog nie aangeleer is nie. Die ritmiese polsslag moet aangevoel word. Die meeste van die stukke in *The Music Tree: Time to Begin* is voorsien van tekste wat leerders hardop en ritmies moet lees. Dit help baie om die ritmiese polsslag vas te lê.

Kwart- en halfnote word op p. 6 aangeleer. In die *Using*-gedeelte (pp. 8-11) van die eerste eenheid word vier verdere stukke geplaas – elk gebaseer op die groep van twee swart klawers.

In die *Discovery*-gedeelte van die tweede eenheid word gekonsentreer op volumeskakerings. *P* (*piano*) word op p. 14 aangeleer en F (*forte*) op p. 15. Die leerder word voortdurend bewus gemaak van dinamiese kontraste. *P* en/of *F* verskyn by alle stukke in die res van die lesboek. Ook in die *Using*-gedeelte word die aandag voortdurend op dinamiese kontraste gevestig. Herhaalde note word op p. 16 verduidelik. Die derde vingers van albei hande word aangetoon. Die stukke in hierdie gedeeltes vereis egter net die gebruik van een vinger per stuk. Die tweede en derde vingers word op hierdie stadium nog nie albei in een stuk aangewend nie.

Die derde eenheid (p. 22) begin met die vertoon van 'n fraseringsboog, met die verduideliking: *Notes within a slur belong together – play them as smoothly as possible.* Fraseringboë word in *Drifting* (p. 22) en *Kites* (p. 23) aangedui. *Drifting* se omvang is twee oktawe en *Kites* bestaan uit vier stygende oktawe (om die vlieër na te boots). Die tweede en derde vingers van een hand word nou opeenvolgend in een stuk gebruik. Die *8ve*-teken

word op pp. 24-25 verduidelik.[86] In hierdie *Using*-gedeelte word vier stukke gebruik om die konsep van 'n oktaafsprong, aangedui deur 'n *8ve*-teken, verder vas te lê, asook die gebruik van fraseringsboë.

Aan die einde van die derde eenheid het die leerders alreeds 21 stukke gespeel. Hulle het ook 'n aantal liedjies "opgemaak" volgens aanbevelings in die *Using*-gedeeltes.

**Gedeeltelike notebalknotasie *(Partial staff notation)***

Die gepunteerde halfnoot word in die vierde eenheid verduidelik. Dit verskyn in *Winter fun* (p. 32), die eerste stuk wat met die tweede vingers van elke hand op die wit klawers A (regterhand) en F (linkerhand) gespeel word. Teen hierdie tyd het leerders al agtergekom dat musiek gedurig beweeg – op of af of in 'n reguit lyn (herhaalde note). Hulle is nou gereed om met groter presisie te lees – naamlik hoe ver op of af die musiek beweeg. Die interval van 'n sekunde word eerste verduidelik en geïllustreer deur gebruik te maak van slegs twee lyne (p. 33). *Naptime* en *Winter night* (p. 33) is die eerste twee liedjies wat op lyne genoteer is. In *Stubborn mule* (p. 35) speel die twee hande vir die eerste maal twee note saam. Mate en maatstrepe word op p. 36 verduidelik. Die bekende wysie, *Merrily we roll along* (p. 36), is op twee lyne geskryf en maatstrepe word daarop aangedui, alhoewel die leerder nie gevra word om te tel nie. Die regterhand speel die eerste frase en die linkerhand die tweede.

Die interval van 'n terts op twee lyne word in die vyfde eenheid aangeleer (p. 39). Melodiese en harmoniese tertse kom voor in *Parade* en *Tree house* (p. 40 in die *Using*-gedeelte). In *Stargazers* (p. 41) word daar weer teruggekeer na preleesnotasie op swart klawers. 'n Eenvoudige verwerking van die bekende melodie uit Beethoven se negende simfonie waartydens die melodielyn tussen twee hande verdeel word, verskyn op p. 42. Die vierde vingers van elke hand word nou vir die eerste keer gebruik. Hier word weer gebruik gemaak van twee lyne. Aan die einde van die vyfde eenheid het die leerder reeds 36 verskillende stukke gespeel. Hierdie stukke is geskryf in 2/4-, 3/4-, 4/4-, 5/4- en 6/4-tyd, maar sonder die kompleksiteite van tydsoorttekens en mate. Tydsoorttekens van vier-, drie- en vyfmaatslag word in die sesde eenheid verduidelik (p. 46). *Pumpkin eater* (p. 47) en die bekende *Camptown races* (p. 48) is albei op 'n notebalk met drie lyne genoteer. *Bedtime* (p. 49, swart klawers) en *Marching band* (p. 50, wit klawers) is in preleesnotasie.

Die interval van 'n kwart word in die sewende eenheid (p. 53) verduidelik. Vir die notasie van *Railroad crossing* en *Noisy neighbours* (p. 53) word drie lyne gebruik. Albei liedjies bevat melodiese kwartintervalle wat tussen twee hande verdeel word.

[86] Die *8ve*-teken word vroeg reeds aangedui omdat die samestellers 'n hoë premie stel op spel op die uitgebreide klawerbord.

Die heelnoot word eers op p. 59 in die agste eenheid aangeleer. Die samestellers het met voorbedagte rade so lank gewag voordat die heelnoot aangeleer word, omdat die toonduurte van 'n heelnoot onnatuurlik lank is vir 'n jong leerder om aan te hou (Clark & Goss 1996:23). Die duetbegeleiding gaan voort met volgehoue kwartnootbeweging waarteen leerders die heelnote in hul eie spel kan meet. Die interval van 'n kwint word op p. 60 verduidelik. *Oh, my!* en *King George V* (p. 60) word op notebalke van drie en vier lyne onderskeidelik genoteer en bestaan uit note met 'n intervalafstand van 'n kwint. Die interval word beurtelings melodies en harmonies gespeel. *Clouds* (p. 62) word volgens preleesnotasie beurtelings op drie swart en drie wit klawers gespeel. Leerders word aangemoedig om ook met die pedaal te eksperimenteer. Die bekende en gewilde *Old MacDonald,* wat in feitlik al die beginnersboeke voorkom, verskyn op p. 63, en die "berugte" interval van 'n kwart word tussen die twee hande verdeel. 'n Notebalk bestaande uit drie lyne is vir die notasie gebruik.

Die negende eenheid is die klimaks van die boek (p. 66). Die sleuteltekens word nou aangeleer. Die F-sleutel word eerste verduidelik. *Bass stave* (p. 66) is die eerste liedjie met "volwaardige" notering op die notebalk met vyf lyne, voorsien van 'n F-sleutelteken. Die liedjie moet met die linkerhand gespeel word en bestaan uit die bakennote F en Middel-C. Die tydsoortteken is vierslagmaat. Die G-sleutel word op die volgende bladsy aangedui. *Treble stave* (p. 67) is die eerste liedjie wat op Middel-C en G gespeel word, eweneens op 'n volwaardige vyflynige notebalk genoteer en met 'n G-sleutel. Die groot notebalk word op p. 68 vertoon, met die bakennote F, G en Middel-C daarop aangedui. Die laaste vyf stukke word gebaseer op hierdie drie bakennote. *Walking on stilts* en *Tumbleweed* (p. 68) bestaan net uit die drie bakennote – G en Middel-C in die eerste stuk en F en Middel-C in die laaste. In *Quiet evening* (p. 69) word A bokant bakennoot G (regterhand) en B onderkant bakennoot C (linkerhand) bygevoeg terwyl D bokant Middel-C (regterhand) in *Sunny morning* gebruik word. B (derde lyn, regterhand) en A (vyfde lyn linkerhand) word in *Graduation march* (p. 70) nuut aangeleer. Die leerder het nou 61 stukke aangeleer en kan agt note op die groot notebalk lees.

***Using What You Have Discovered*-gedeeltes**

In die *Using*-gedeeltes word die aktiwiteite herhaal wat in die *Discovery*-gedeeltes behandel is. Elke afdeling begin met stukke wat toegepas word op die note en nootwaardes wat in die *Discovery*-gedeeltes gebruik is.

**Gehoorspel en improvisasie**

Daar word baie klem op kreatiewe ontwikkeling gelê. Leerders word in elk van die nege afdelings aangemoedig om self stukke te komponeer*: Make some pieces of your own.* Elke

*Using*-gedeelte word afgesluit met allerhande voorstelle ten opsigte van titels, ritmes en toonhoogtes wat aan die hand gedoen word.

**Duetbegeleidings**

Duetbegeleidings word by die meeste van die stukke voorsien.

**Toonsoort**

Altesaam twaalf toonsoorte word gebruik, die meeste moontlik gemaak deur middel van die duetbegeleidings saam met preleesstukke op swart klawers. In die gedeelte waar vanaf notasie gespeel word, kom die toonsoorte C, F en G voor. Geen aandag word op toonsoorte gevestig nie.

**Omvang**

Die leerder speel oor die hele klawerbord. Baie van die stukke in die preleesgedeelte strek oor 'n omvang van vier oktawe. In hierdie eerste gedeelte van die lesboek kan leerders in enige oktaaf begin, met inagneming van die aard van die stuk en die aantal oktawe wat vereis word. Die omvang van note wat vanaf notasie gelees word, strek van F onder Middel-C tot B bokant Middel-C. Hiervan kan agt note vanaf notebalknotasie gelees word.

**Teorie**

In die onderafdeling *Written and creative work* word die name van die onderskeie note en intervalle hersien.

**Tegniese oefeninge**

Baie aandag word vanaf die eerste les aan 'n goeie handposisie bestee. In die onderwysershandleiding (Clark & Goss 1996:12) word uitvoerig verduidelik hoe hierdie posisie verkry moet word en hoe dit in stand gehou moet word. Baie aandag word bestee aan legatospel. *… Learning to play legato within the hand is the most refined technic students begin to learn in The Music Tree: Time to Begin. The learning process should begin with the ear* (Clark & Goss 1996:13).

Die tegniese oefeninge volg 'n vasgestelde patroon. Wanneer leerders leer om enkelnote te speel, raak hulle reeds bewus daarvan dat 'n af-op-beweging nodig is om klank te maak – die klank word gemaak wanneer die klawer af beweeg en dit hou op wanneer die klawer gelig word. Wanneer leerders leer om legato te speel, ontdek hulle dat die af-op-beweging wat hulle vir 'n enkele klawer gebruik het, ook toegepas kan word op twee klawers, en later drie en meer klawers. Die tweeklawer-legato en die fraseringsboog word in die derde eenheid toegepas. Soos in die *Discovery*-afdeling word die tweeklawer-legato in een hand oorgedra na 'n derde klawer in die ander hand. Die opwarmingsoefeninge brei uit van twee-

na drieklawer-legato in beide rigtings – vingers 432 en 234 – na patrone wat 3232 en 2323 gebruik, later 43234, ens.

**Illustrasies**

Sketsies van Chip en Bobo word herhaaldelik gebruik. Die bladuitleg is baie rustig, en is waarskynlik met voorbedagte rade so beplan deur die samestellers. Klein sketse kom soms voor wat van die stukke illustreer. Baie bladsye is verdeel in wit en mosterdkleurige gedeeltes. Daar word baie sistematies met die bladuitleg te werk gegaan.

**Nootwaardes en ritme**

'n Gevoel vir ritmiese beweging en 'n ritmiese polsslag word eers ontwikkel met die uitvoer van liggaamsbewegings soos dans, stap, huppel of die swaai van arms op die maat van musiek (Clark & Goss 1996:10). Hierna word oorgegaan na nootwaardes en ritmepatrone. Die uitvoering van ritmepatrone word volgens 'n bepaalde patroon aangeleer: eers die uitvoer van ritmiese beweging, dan polsslag, dan relatiewe toonduurte en uiteindelik notasie. Die doelwit van die samestellers van *The Music Tree: Time to Begin* is dat die leerder onmiddellik kan reageer wanneer hulle die notasie sien en uiteindelik die notasie kan skryf vir die ritmes wat hulle hoor en sien. In die praktyk beteken dit dat leerders die ritme op 'n baie fisiese manier moet ervaar voordat hulle 'n nuwe stuk speel. Daar word gebruik gemaak van 'n sterk ritmiese polsslag met armswaaie. Leerders word nie gevra om te tel voordat hulle nie bekend is met nootwaardes nie. Nadat die eerste drie nootwaardes aangeleer is, word die getal polsslae van elke noot hardop getel – dus nootwaarde/toonduure- en nie numeriese telling nie. Tydsoorttekens word op p. 46 in die sesde eenheid aangeleer. Daar word geleidelik en feitlik ongemerk oorgegaan van nootwaarde- na numeriese telling. Die samestellers beklemtoon die handhawing van 'n ritmiese polssslag as volg: *Our job is to be sure that there is no question about rhythm before students play a piece for the first time. Rhythm is not something to be corrected after several false starts* (Clark & Goss 1996:11).

**Evaluasie**

*The Music Tree: Time to Begin* is 'n unieke en hoogs suksesvolle benadering tot aanvangsonderrig vir klavier. In vele opsigte kan dit beskou word as die reus onder beginnersboeke. Dit is in die eerste plek veel omvangryker as al die ander beginnersboeke wat bestudeer is vir hierdie studie. In die tweede plek openbaar dit, ten spyte van sommige ooreenkomste met ander benaderings, diepgaande filosofiese verskille met al die ander beginnersboeke wat geraadpleeg is.

*The Music Tree: Time to Begin* begin met pre-notebalk notasie. Die leerder leer om rigting en intervalle met gemak en vertroue te lees. Die ontdekking van die groot notebalk is 'n

logiese stap nadat die leerders hul stukke suksesvol kan speel. Vordering is uiters metodies, en nuwe begrippe word sistematies volgens 'n bepaalde patroon aangeleer. Die *Using what you have discovered*-gedeeltes sorg dat alle nuwe konsepte weer beklemtoon en beoefen word. In die agste eenheid word byvoorbeeld steeds van preleesnotasie op wit- en swart klawers gebruik gemaak.

Die beginnersboek van Clark, Goss en Holland verskil in verskeie opsigte van ander beginnersreekse:

- 'n Gevoel vir ritmiese polsslag en die onderskeie nootwaardes/toonduurtes word besonder goed vasgelê met die kwartnoot as die een onveranderlike wat dwarsdeur *The Music Tree: Time to Begin* gebruik word. Ritmiese aspekte en nootwaardes word konstant beklemtoon en alle nuwe stukke moet eers ritmies verstaan en korrek geklap word voordat dit gespeel word. 'n Geleidelike oorgang vind in die manier van tel plaas. Omdat tydsoorttekens so laat in die boekie eers behandel word, word aanvanklik nie op numeriese telling aangedring nie. Die leerder moet volgens toonduurtes tel. Die basiese kwartnoot-polsslag moet deurgaans behou word.
- Slegs die tweede, derde en vierde vingers van elke hand word gebruik. Die eerste en vyfde vingers word op hierdie vroeë stadium nog nie ingespan nie.
- Die aanleer van notasie op die notebalk is 'n baie geleidelike proses en die leerder word eers aan die einde van die lesboek van 72 bladsye aan die groot notebalk blootgestel. Die preleesgedeelte duur baie lank, en selfs nadat daar begin is om geleidelik notasie te lees, word daar nog gereeld terugbeweeg na preleesnotasie. Die leerder word met die aanleer van note op die notebalk nie dadelik blootgestel aan 'n notebalk met vyf lyne nie. Daar word aanvanklik net soveel lyne gebruik as wat werklik nodig is. Dit word geleidelik uitgebrei totdat die notebalk met vyf lyne teen die einde van die lesboek in gebruik kom. Wanneer begin word met die lees van bakennote in notasie, het leerders reeds 'n lang periode van kennismaking met die klawerbord gehad, en is hulle goed ingelig oor intervalgrootte en rigtinglees.
- Daar word baie aandag geskenk aan tegniese opwarming en die korrekte handposisie.
- Die stukke is in vele opsigte eiesoortig. In die 1973-publikasies is daar glad nie gebruik gemaak van bekende en/of tradisionele volkswysies nie. Die nuwe uitgawe (2002) bevat wel 'n beperkte aantal bekende melodieë soos *Old MacDonald* (p. 63), *Camptown races* (p. 48) en *Merrily we roll along* (p. 36). Die stukke in *The Music Tree: Time to Begin* is almal saamgestel met geleidelike tegniese ontwikkeling in gedagte. Die alternatiewe gebruik van die twee hande help 'n gevoel van balans aan (Clark & Goss 1996:7). Die hande speel meestal afwisselend en samespel kom eers in die laaste gedeelte af en toe

voor. Die stukke is meestal net vier mate lank (wat herhaal kan word). Die harmoniese onderbou is nie gebaseer op die normale IV-V-I harmonieë nie – meestal net twee harmonieë, naamlik V-I.

'n Leerder wat deur hierdie beginnersboek gewerk het, behoort geen meer probleme te ervaar met die basiese konsepte van notasie of toonduurte nie en sal waarskynlik oor die nodige vaardighede beskik om maklik en korrek van die blad te lees. Die samestellers slaag daarin om die elementêre fasette van klavierspel en musiekmaak, of dit nou ritme en nootwaardes, dinamiek, tegniek en handposisie, toonhoogtes, intervalle van sekundi tot kwinte is, baie deeglik vas te lê. Die duetbegeleidings sal ook pret verskaf en die belangstelling van leerders bly prikkel. Wanneer nuwe konsepte aangebied word, word dit vir die eerste keer toegepas in eenvoudige toonsettings, sodat die leerder uitsluitlik kan konsentreer op die nuwe konsepte.

Leerders sal dit veral geniet om oor die hele klawerbord te speel. Hulle word nie beperk tot nege klawers in die middel van die klawerbord, soos wat die geval is met die meeste beginnersboeke wat die Middel-C-benadering gebruik nie. Die enigste kritiek teen *The Music Tree: Time to Begin* is dat van die stukke baie dieselfde klink en min bekende wysies gebruik word. Leerders geniet dit tog om bekende en singbare wysies op die klavier te speel.

Geen illustrasies het in die 1973-publikasie verskyn nie. In die uitgawe van 2002 kom wel 'n aantal illustrasies voor, wat meestal klein in formaat is. Prentjies van Chip en Bobo verskyn deurgaans en soms ook illustrasies wat die teks van 'n bepaalde stuk uitbeeld.

**Kwadrantvoorkeure: Clark, Goss & Holland. *The Music Tree: Time to Begin***

(Sien tabel 17, p. 234)

**Tabel 17: Kwadrantvoorkeure: Clark, Goss & Holland. *The Music Tree: Time to Begin***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| *The Music Tree: Time to Begin* sal baie aanklank vind by leerders met hierdie tipe leervoorkeur. Die informasie word duidelik en presies aangebied. Daar word op elke bladsy geskrewe verduideikings en opdragte verskaf wat diegene wat 'n voorkeur toon vir geskrewe tekste tevrede sal stel. Die innoverende en stimulerende aanbieding sal baie aanklank vind by A-kwadrante. Die stap-vir-stap ontplooiing van informasie en die konsekwente *modus operandi* pas in die kraal van hierdie groep leerders. Hulle sal baie hou van die skeiding wat gemaak word tussen die *Discoveries* en die *Using*-gedeeltes, omdat dit baie sin maak. | Die uiters sistematiese en geordende aanbieding van informasie sal hierdie tipe leerder tevrede stel. Daar word ook genoeg hersiening van "ou" materiaal gedoen wat sal verseker dat informasie baie deeglik vasgelê word. Die B-kwadrant leerder sal veral baie hou van die konsekwente en konserwatiewe aanbieding van *Discoveries* gevolg deur die *Using*-gedeelte waar al die nuwe begrippe en konsepte vasgelê word. Leerders sal geborge voel in die georganiseerde stap-vir-stap aanbieding wat nooit afwyk van die vasgestelde patroon nie. Soos wat gevorder word sal hulle plesier vind in die logika en voorspelbare en genoegsame herhaling wat sorg dat vaardighede en kennis goed vasgelê word. | Alhoewel die sistematiese, metodiese wyse van aanbieding nie juis 'n hoë prioriteit is vir C-kwadrante nie, sal hierdie boek tog om ander redes deur hierdie leerders suksesvol gebruik kan word. Dit is veral so omdat daar genoeg kinestetiese aktiwiteite ingesluit word om hierdie leerders tevrede te stel. Leerders speel vanaf die eerste les oor 'n uitgebreide gedeelte van die klawerbord. C-kwadrante sal ook baie hou van die volgehoue afwisseling van hande wat ook kinestetiese plesier sal verskaf. Hulle sal dit geniet om met grasieuse bewegings van oktaaf tot oktaaf oor die klawerbord te beweeg. Die ritme-oefeninge word ook op 'n interessante manier aangebied, soos dat die leerder verskillende ritmes gelyktydig op die klavierdeksel tik.<br><br>Nog 'n belangrike komponent wat in *The Music Tree: Time to Begin* 'n rol speel is die verskaffing van 'n duetparty. Hierdie mensgeoriënteerde tipe leerders sal dit baie geniet om saam met die onderwyser of 'n ander persoon musiek te maak. Die paar bekende wysies wat in die latere uitgawe opgeneem word, sal verdere plesier verskaf aan hierdie musikale groep leerders. Hulle sal dit ook geniet om te eksperimenteer met klanke en veral om nuwe stukkies "op te maak".<br><br>Hierdie leerders sal kan identifiseer met die twee strokiesprentkarakters, Chip en Bolo. | Alhoewel daar in die boek min illustrasies gebruik word, is die aanbieding van informasie van so 'n gehalte dat persone met D-kwadrant breinvoorkeure tog ook met die boek sal kan identifiseer. Hulle sal hou van die uitdaging om hul eie stukke "op te maak" na aanleiding van die voorstelle wat in die *Using*-gedeeltes gemaak word. Die term *discoveries* sal hul belangstelling en gevoel vir die avontuurlike prikkel. Die wyse waarvolgens persone met hierdie leervoorkeur samevattend na dinge kyk, sal tot gevolg hê dat hulle ook kan identifiseer met die holistiese eindproduk van 'n afgeronde musikus wat deur die samestellers nagestreef word.<br><br>Die prelees-gedeelte wat toe-laat dat die jong kind vroeg reeds "groot" klanke maak, sal besonder stimulerend wees vir hierdie kunssinnige en waagmoedige persone. Die kreatiewe sy van hierdie leerders sal bevredig word deur die skep en ontwerp van nuwe stukke. |

**Slotsom**

Hierdie uitstekende beginnersboek is by uitnemendheid een van die min beginnersboeke wat met sukses deur al die kwadrantvoorkeure gebruik sal kan word. Dit is veral geskik vir persone met linkerhemisferiese voorkeure. Die logiese, geordende uiteensetting met die baie geskrewe instruksies sal veral spreek tot die A-kwadrante, terwyl die B-kwadrante baie bevrediging sal kry uit die metodiese aanbieding, die baie herhaling en die gevolglike vaslegging van al die fasette van musiekmaak.

Wat betref die leerders met regterhemisferiese voorkeure, sal die C-kwadrante daarvan hou om duette met die onderwyser te speel, en sal ook graag oor die omvang van die hele klawerbord speel. Leerders speel inderwaarheid vanaf die eerste les en dwarsdeur die lesboek oor 'n uitgebreide omvang van die klawerbord. Dit behoort ook plesier te verskaf aan veral A- en D-kwadrante. Persone met sterk D-kwadrantvoorkeure sal waarskynlik nie in dieselfde mate as die bogenoemde drie kategorieë van die lesboek hou nie. Die onderbeklemtoning van illustrasies sal deur hierdie leerders wat baie hou van visuele, artistieke uitbeeldings as 'n leemte ervaar word. Aan die ander kant sal hulle hou van die avontuurlikheid wat in die aanbieding opgesluit is. Hulle skeppingsdrang sal geprikkel word met die skep van hul eie melodieë.

Dit is interessant om daarop te let dat Suzuki ook die *Music Tree*-reeks van Clark en Goss gebruik. Volgens Bigler & Lloyd-Wats (1998:65) het Suzuki die volgende oor hierdie reeks te sê:*The organization of the material is superb. The presentation follows in logical progression and this orderliness helps children to learn without confusion. The books do not use a Middle-C orientation.* Oor die Suzuki-benadering waarvolgens leerders geleer word om note te lees, skryf Bigler & Lloyd-Wats (1998:65-66) as volg: *Reading is taught by intervals. In our opinion this is the best way to read music. All musicians read notes by their relationships to each other and because reading by letter (subvocalizing) takes too much time.*

*The Music Tree: Time to Begin* is in die lig van die neurologiese navorsing oor die vorming van gevestigde verbindingsnetwerke, die geskikste beginnersboek om vir alle leerders met al vier kwadrantvoorkeure te gebruik. Informasie word nie alleen baie metodies en stadig aangebied nie, maar in vergelyking met ander beginnersboeke word daar ook relatief min informasie aangebied, ten spyte van die feit dat *The Music Tree: Time to Begin* 'n veel groter volume beslaan as al die ander beginnersboeke wat vir die studie bestudeer is. Dit beteken dat veel meer herhaling plaasvind. Die volume is byna twee maal meer as dié van *Easiest Piano Course* (Thompson 1996) en meer as twee maal as dié van *Chester's Piano Book Number One* (Barratt 1989) en *Piano World* (MacGregor 2000). In laasgenoemde twee beginnersboeke word selfs agstenote aangeleer, wat nie in *The Music Tree: Time to Begin*

behandel word nie. Daar word volhoudend herhaling gedoen van reedsbehandelde materiaal. Preleesnotasie word tot by die agste eenheid elke keer herhaal, ten spyte van die feit dat die lees van notasie vanaf die notebalk reeds 'n aanvang geneem het. Dit stem ooreen met die bevinding van die neurologiese wetenskap dat vaardighede en kennis slegs deur volhoudende herhaling in gevestigde verbindingsnetwerke vasgelê kan word.

### 5.9.2 Nancy and Randall Faber. *Piano Adventures Lesson Book Primer Level*

(Eerste uitgawe 1993, laaste herdruk 1996)

Hierdie reeks bestaan uit ses vlakke, vanaf *Primer Level* tot *Level 5*. Dit word aangevul deur 'n CD en midiskywe. Volgens die samestellers is *Piano Adventures* 'n benadering wat gebaseer word op die elemente van ontdekking, kreatiwiteit en avontuur deur die medium van klavierspeel (Faber & Faber 1996a:Voorwoord). Vir elke vlak bestaan daar vyf boeke wat afwisselend gebruik kan word:

- *Lesson Book*
- *Theory Book*
- *Performance Book*
- *Technique and Artistry Book*
- *Christmas Book.*

*Lesson Book: Primer Level* is die eerste boek in die reeks. Die *Theory Book* voorsien geskrewe werk, bladlees en gehooropleiding, terwyl die *Performance Book* addisionele stukke verskaf om die leerder genoeg oefening te gee sodat die nodige kennis en vaardighede bemeester en goed vasgelê kan word. Die *Technique and Artistry Book* bou 'n tegniese fondament vir musikale spel terwyl die *Christmas Book* … *sightreading stocking stoppers* insluit (Agterblad van *Lesson Book* 1996).

*Primer Level* word in tien eenhede *(units*) verdeel. Aan die bokant van die eerste bladsy van elke eenheid verskyn 'n logo wat bestaan uit 'n uitbeelding van aspekte wat in die volgende gedeelte behandel gaan word. Aan die einde van die meeste eenhede verskyn twee simbole om die beurt: 'n *Creative*-simbool (palet van skilder) met aanbevelings dat die leerder 'n stuk moet komponeer of speel volgens bepaalde voorstelle en 'n *Discovery*-simbool (gloeilamp) met 'n verskeidenheid voorskrifte en vrae wat help om begrippe of vaardighede verder vas te lê.

Die lesboek van 63 bladsye begin met sketse en beskrywings van hoe 'n persoon korrek voor die klavier behoort te sit (p. 3), die hande (links en regs), korrekte handposisie en nommers van die vingers (p. 4), rangskikking van wit en swart klawers op die klawerbord en die begrippe middel, laag en hoog. Baie geskrewe aanwysings word gebruik.

**Benadering**

Bakenleesbenadering met F (bassleutel), G (sopraansleutel) en Middel-C.

**Prelees**

Bykans 'n derde van die lesboek word aan preleesnotasie gewy, eers op swart en daarna op wit klawers. Aandag word aan die korrekte handposisie en die gebruik van die regte vingers bestee. Die leerder moet vanaf Middel-C met die derde vinger van die regterhand (ondersteun deur die duim) al die wit klawers op die klawerbord na bo speel, en dan weer dieselfde proses herhaal vanaf Middel-C na onder, met die derde vinger van die linkerhand. Behalwe om aandag te vestig op die ontwikkeling van 'n korrekte handposisie, is dit ook bedoel om die begrippe en klank van laag en hoog op die klavier vas te lê (p. 5).

**Swart klawers**

*Two Black Ants* (p. 6) herinner aan die skryfwyse van Clark et al. (2002) in *The Music Tree: Time to Begin.* Groepe van twee swart klawers, in kwartnote genoteer, word met die tweede en derde vingers van die linkerhand eers afwisselend en dan gelyktydig in drie dalende oktawe gespeel. *Two Blackbirds* (p. 7) word op dieselfde manier met die regterhand in drie stygende oktawe gespeel. Groepe van drie swart klawers word ook op soortgelyke wyse hanteer (pp. 8-9). In die *Creative*-gedeelte (p. 8) word leerders aangemoedig om stukke op drie swart klawers te "komponeer" met klanke wat hoër of laer beweeg.

Die kwartnoot word in die tweede eenheid verduidelik (p. 10). Telwyse kan volgens nootwaardes of Franse tydname geskied.[87] Die stukke in die tweede eenheid is almal van duetbegeleidings voorsien. Die halfnoot word baie volledig op p. 14 verduidelik en die heelnoot op p.17. Volumeskakerings, *forte* en *piano*, word op p.16 bekendgestel. Aan-duidings ten opsigte van dinamiek word by elke stuk voorsien. 'n Ritme-oefening op een klawer, met dinamiese verskille tussen *p* en *f,* verskyn onderaan die bladsy. 'n Interessante toonsetting van *Old MacDonald had a Song* wat met albei hande om die beurt gespeel word, verskyn op p. 18. Die sprong van 'n kwart wat in die melodielyn voorkom, word tussen die twee hande verdeel. Leerders word ook aangemoedig om hierdie liedjie in verskillende oktawe op die klawerbord te speel. In die *Creative*-afdeling word die leerder gevra om 'n stuk te komponeer wat net uit heelnote bestaan.

**Wit klawers**

Die musiekalfabet word in die derde eenheid behandel (pp. 20-29). Die aanleer van wit klawers word gebaseer op die posisie van die groepe swart klawers. Die eerste groep, C, D en E, omring die groep van twee swart klawers. Die leerder word daarop gewys dat note

[87] Kyk verduideliking van die onderskeie telwyses op p. 318.

soms na bo en soms na onder beweeg en ook herhaal kan word. F, G, A en B omring die groep van drie swart klawers en word die eerste maal gebruik in *The Escalator* (p. 23). Dit is 'n baie interessante "komposisie". Die vier note, F, G, A, B word tussen die twee hande verdeel, 2+2, en word stygend oor vier oktawe gespeel. Die regterhand word telkens deur die linkerhand gekruis. Dit kan ook dalend gespeel word en die regterhand sal dan oor die linkerhand kruis.

Trappe op en trappe af word op p. 24 verduidelik. Die C-majeurposisie word in 'n skets op dieselfde bladsy verduidelik.[88] Mate en maatstrepe word op p. 25 verduidelik, sonder dat 'n spesifieke maatslag genoem word. Die Middel-C-posisie, met albei duime op Middel-C, word op p. 27 verduidelik en die gepunteerde halfnoot op p. 28. Die bekende *Alouette* verskyn op p. 29. Dit word hoofsaaklik met die regterhand gespeel, behalwe vir die lae G aan die einde van die eerste frase, wat met die linkerhand gespeel word. Omdat daar tot op hierdie stadium nog geen spronge in die melodielyn voorkom wat met een hand gespeel word nie, moet die interval van 'n terts volgens 'n voetnota deur nabootsing aangeleer word. Leerders word verder aangemoedig om *Alouette* in verskillende oktawe op die klavier te speel.

**Notasie en stukke**

Die lees van notasie begin vanaf die vierde eenheid (p. 30). Die groot notebalk, lyne en spasies, lyn- en spasienote, die bas- en sopraansleutels word op pp. 30-31 verduidelik. Die eerste drie stukke, op pp. 32-34, is slegs vir die regterhand geskryf. Die eerste bakennoot, Middel-C, word op p. 32 aangeleer. *Middle C march* bestaan uit Middel-Cs wat eers met die regter- en dan met die linkerhand in kwart-, half- en heelnote gespeel word. 'n Ritmiese, marsagtige duetparty word verskaf. G (sopraansleutel) word op p. 33 aangeleer met die aanwysing dat dit op die tweede lyn van die sopraannotebalk geskryf word. *A ten-second song*, slegs vir die regterhand, bestaan uit Middel-Cs en Gs, wat beteken dat kwintspronge in een hand voorkom. *Honking cars* (p. 34) bevat harmoniese kwinte (tweeklanke) en melodiese kwintspronge tussen C en G. In *Best friends* (p. 35) word steeds net die twee bakennote, C en G gebruik, maar nou word Middel-C met die linkerhand gespeel en G met die regterhand. Die twee hande speel afwisselend en saam. *Best friends* word eers net met die derde vinger van elke hand gespeel. In die *Discovery*-afdeling word leerders aangemoedig om met vingersetting te eksperimenteer en die stuk met die tweede vinger van elke hand te speel.

F (linkerhand) as die derde bakennoot word op p. 36 verduidelik. *Gorilla in the tree* (genoteer vir die linkerhand) bestaan net uit twee note (F en Middel-C). In *My invention* (p. 37) word al

[88] Kyk op p. 149-150 vir 'n verduideliking van die Middel-C-posisie en p. 156 vir 'n verduideliking van die C-majeurposisie.

drie bakennote en albei hande beurtelings in een stuk gebruik. In die *Creative*-gedeelte word leerders aangemoedig om 'n kort stuk te komponeer wat uit die drie bakennote bestaan.

In die vyfde eenheid (pp. 38-39) word daar op die vyf note van die Middel-C-posisie wat met die regterhand gespeel word, gekonsentreer. D, E en F word gelyktydig op p. 38 aangeleer. Trappe op en trappe af word in notasie aangetoon (p. 39). Die leerder word geleer om rigting- en intervallees voortdurend toe te pas. Die posisie van elke nuwe noot wat gespeel word, word bepaal deur sy verhouding met die voorgaande noot en die verhouding tot die naaste bakennoot. Geen klem word op die name van die note gelê nie.

Vierslagmaat word op p. 40 verduidelik. Die samestellers skenk baie aandag aan vingersetting, en daar word veral gewaak daarteen om spesifieke klawers met spesifieke vingers te assosieer. In *Frogs on logs* (p. 41) word Middel-C byvoorbeeld met die tweede vinger van die regterhand gespeel. Die tweede frase wat op D en die derde frase wat op E begin, word elke keer met die tweede vinger gespeel en noodsaak dus 'n verskuiwing in handposisie. Dit verhoed dat 'n assosiasie opgebou word dat die Middel-C-posisie altyd met dieselfde vingers gespeel word. Die duetbegeleiding van *Frogs on logs* is baie vindingryk en verleen 'n ritmiese *swing* aan die liedjie. Leerders word aangemoedig om 'n spesiale einde vir *Frogs on logs* te improviseer, wat uitbeeld hoe die paddas in die water spring.

B, A en G (linkerhand) van die Middel-C-posisie word in die sesde eenheid (pp. 42-47) geleidelik ingefaseer, met B op p. 42, A op p. 44 en G op p. 46. Dit is 'n ander benadering as wat gevolg word met die aanleer van D, E en F op die sopraannotebalk, wat gelyktydig aangeleer word. Drieslagmaat word op p. 43 verduidelik. *Come see the parade!* (p. 46) word voorsien van 'n kragtige duetbegeleiding. Dit behoort baie geniet te word deur jong leerders.

In die sewende eenheid word op tertsspronge gekonsentreer. Eers word net spronge van lyn tot lyn behandel. In *Allegro* (p. 49) speel die twee hande vir die eerste keer saam. Die duim van die regterhand word op E gebruik, wat weereens 'n beweging weg van die tradisionele Middel-C-vingersetting is. Tertsspronge van spasie tot spasie word op p. 50 verduidelik. *Elephant ride* (p. 50) bevat tertsspronge tussen spasienote in albei hande. In *Yankee Doodle* (p. 51) word gebruik gemaak van tertsspronge wat in albei hande voorkom en op lyne sowel as in spasies geskryf word. Die regterpedaal word vir die eerste keer ingespan en afgehou vir die eerste vier mate.

Die leerder kan nou die note vanaf F in die bassleutel (stygend) tot G in die sopraansleutel lees. Dit is 'n omvang van nege note en dieselfde as wat leerders in die meeste ander beginnersboeke speel nadat hulle volgens die Middel-C-posisie geleer is. Die werkswyses waarvolgens note met behulp van notasie aangeleer word, verskil egter drasties tussen die twee benaderings.

Die agtste eenheid begin met die aanleer van C in die bassleutel, tweede spasie van onder en 'n oktaaf onderkant Middel-C (p. 52). Oktaafspronge, vanaf Middel-C na C 'n oktaaf laer, kom voor in *Learning bass C* (p. 52). Die C-majeurposisie word op die groot notebalk aangetoon (p. 53). Die twee note wat nog nie vantevore in notasie gebruik is nie, word bekendgestel, naamlik D en E vir die linkerhand, onderkant Middel-C. Die volgende drie stukke, op pp. 53-55, word gebruik om die C-majeurposisie met al sy note stewig vas te lê. In *Copy cat* (p. 54) boots die linkerhand die melodie van die regterhand 'n oktaaf laer na. In die *Creative*-gedeelte word voorgestel dat die leerder 'n tweemaatmelodie komponeer en dat die linkerhand dit dan naboots (*copy*).

Die negende eenheid begin met 'n verduideliking van die bindboog. In *Bells of Great Britain* (p. 59) word die regterpedaal vir die volle duurte van die stuk afgehou. Die leerder word in die *Creative*-gedeelte aangeraai om te eksperimenteer met die wyse waarop klank verander wanneer die pedaal afgehou word en harmoniese tertse hoog op die klawerbord gespeel word.

Die kwartnootrus is die enigste rusteken wat in *Piano Adventures* behandel word (tiende eenheid, p. 60). *Cheer*[89] is 'n baie effektiewe klapoefening wat die leerder moet klap en tel. In *Our team* (p. 60) verskyn die kwartnootrus, anders as in die meeste ander lesboeke, op die eerste polsslag van die maat. Dit het tot gevolg dat die leerder die periode van rus werklik ritmies ervaar. Ook in *Once there was a princess* (p. 61) kom kwartnootruste op "ongewone" polsslae in die maat voor, naamlik die derde polsslag, wat ook 'n relatief sterk aksent is. Dit is 'n baie effektiewe manier om die leerder die rus te laat "voel". *Bugle boys* (p. 62), die laaste stuk in die lesboek, gebruik net drieettername, naamlik C, E en G. Die leerder word in die *Creative*-gedeelte gevra om 'n eie komposisie op hierdie drie lettername te konstrueer. Dit moet *Congratulations march* heet.

**Gehoorspel en Improvisasie**

Leerders word aangemoedig om stukke te komponeer of "op te maak" (*make up*). 'n Oranje simbool met die woorde *Create* kondig die opdrag aan om nuwe stukke te komponeer. Dit bevat interessante wenke wat die leerder laat konsentreer op uitbeelding van die teks en spesifieke intervalle. Dit ontwikkel leerders se kreatiewe vermoëns en maak hulle sensitief vir begrippe soos trappe, spronge en atmosfeer-uitbeelding.

[89] Dit wil voorkom asof hierdie *Cheer*-oefening 'n tipe slagspreuk is wat tydens wedstryde/kompetisies deur 'n span se ondersteuners gedreunsing word.

**Duetbegeleiding**

Duetbegeleidings kom by die meeste stukke voor. Die meeste daarvan is oorspronklik en musikaal – en selfs opwindend by tye, byvoorbeeld by *Frogs on logs* (p. 41), *Come see the parade* (p. 46), *Copy cat* (p. 54) en *The bugle boys* (p. 62).

**Toonsoorte**

G-mol, C, F, a, F.

**Omvang**

12 note, bestaande uit die note van die C-majeurposisie en die Middel-C-posisie.

**Teorie**

Geen aandag word gewy aan die skryf en voltooiing van teoretiese oefeninge nie. Die veronderstelling is duidelik dat die leerder van die *Theory Book* gebruik sal maak.

**Tegniese oefeninge**

Geen tegniese oefeninge word verskaf nie. Die veronderstelling is dat leerders die *Technique and Artistry Book* sal gebruik om hulle tegniese vermoëns te ontwikkel.

**Illustrasies**

Die illustrasies is klein en onopvallend, en in vergelyking met die illustrasies in ander beginnersreekse soos die Alfred-reekse, nie besonder oorspronklik nie. Dit hou ook nie tred met die gees van die tyd nie. Daar verskyn wel 'n prentjie by elke stuk wat uitbeeld wat in die teks voorkom. Hierdie uitbeelding is meestal klein en nie baie vindingryk nie. Dit kom voor asof die samestellers die illustrasies doelbewus tot die minimum in hoeveelheid en grootte beperk het. Die mees geslaagde illustrasie word in die begin van die lesboek gevind, waar prentjies van miere en voëls die konsepte laag en hoog toelig. As gevolg van die min en klein illustrasies is die bladuitleg rustig. Heelwat geskrewe aanwysings en verduidelikings word verskaf.

**Nootwaardes en ritme**

Die sistematiese en versigtige wyse waarop nuwe konsepte bekendgestel word, is kenmerkend van *Piano Adventures.* Slegs vier nootwaardes word tydens die preleesstadium aangeleer. Dit bied aan die leerder die geleentheid om die ritmiese gevoel van die verskillende toonduurtes goed te bemeester, sonder dat die aandag met die lees van note afgelei word.

Vierslagmaat word in die vierde en drieslagmaat in die sesde eenheid aangeleer. Net één rusteken word gebruik, naamlik die kwartnootrus (p. 60). Rustekens word in die meeste

ander beginnersboeke gebruik om aan te dui wanneer 'n hand nie speel nie. In *Piano Adventures* word die rus bekendgestel as 'n oomblik van stilte wat aangevoel moet word. Dit kom voor in die melodielyn en die leerder word sodoende baie meer daarvan bewus gemaak. Wat die manier van tel betref, word die leerder die keuse gebied om volgens nootwaardes/toonduurtes of Franse tydname te tel. Slegs een ritme-driloefening kom voor (p. 17), en die *Cheer*-oefening op p. 60.

Daar word baie aandag geskenk aan die ontwikkeling van 'n ritmiese polsslag. Omdat so min nootwaardes aangeleer word, en ook omdat die tekstuur van die stukke eenvoudig en deursigtig is, kry die leerder die geleentheid om baie goed vertroud te raak met die verwantskap tussen nootwaardes. Ritmepatrone behoort gevolglik deeglik in die brein se geheuestore gevestig te word.

**Evaluasie**

Hierdie reeks kan beskou word as een van die suksesvoller reekse vir beginners, veral omdat die hoeveelheid informasie met voorbedagte rade baie beperk word en baie sinvol en stelselmatig aangebied word. Die onderrig van notasie word voorafgegaan deur 'n uitgebreide prelees-afdeling. Hierdie lang periode van prelees bied aan leerders voldoende geleentheid om hulleself ten opsigte van die klawerbord te oriënteer. Dit help ook om vinger- en ritmiese vaardighede op te bou voordat met die ingewikkelde proses van notasielees begin word. Die baie geslaagde duetbegeleidings wat by die meeste preleesstukke voorsien word, behoort opwinding aan die jong leerder te verskaf.

Die bakenleesbenadering word gebruik met die aanleer van notasie. Dar word lank gefokus op die drie bakennote op die notebalk. Nadat die notebalk bekendgestel is, word daar vir geruime tyd beurtelings stilgestaan by elk van die bakennote. In die proses word kwintspronge gebruik, maar geen aandag word daarop gevestig nie, omdat die leerder nie die bakennote volgens intervalle lees nie. Na die bekendstelling en vaslegging van die bakennote word onderrig verskaf ten opsigte van die herkenning van slegs twee tipes intervalle, naamlik trappe (sekundi) en tertsspronge. Intervallees vind vanaf die bakennote plaas, en die leerder word geleer om note volgens trappe of spronge vanaf die bakennote te identifiseer.

'n Probleem kan in beginnersboeke ontstaan wanneer die Middel-C-posisie in notasie eerste aangeleer word en daarna na die C-majeurposisie. Dit kan dan gebeur, soos wel in van die Bastien- en Alfred-reekse die geval is, dat twee van die note van die Middel-C-posisie (B en A onder Middel-C) nie verskyn in die stukke wat op die C-majeurposisie gebaseer is nie en dat die herkenning en speel daarvan nie genoegsaam plaasvind vir deeglike vaslegging nie. Dit gebeur wel in *Piano Adventures* dat genoemde note nie in die laaste ses bladsye (pp. 52-

58) voorkom nie. A en B kom egter herhaalde kere in die stukke vanaf bladsy 42 tot bladsy 49 voor en die weglating van hierdie note in die laaste paar stukke behoort nie noodwendig probleme vir jong leerders te veroorsaak nie.

'n Kenmerk van *Piano Adventures* is die stadige pas van aanbieding. Heelwat minder aspekte van notelees word in hierdie lesboek aangespreek as wat in baie ander lesboeke die geval is. Konsepte soos legato en staccato, frasering en fraseringsboë, skuiftekens, toonsoorttekens en agstenote word glad nie behandel nie. Selfs die interval van 'n kwart wat met een hand gespeel word, kom nie in *Piano Adventures* voor nie.

'n Wye spektrum van fasette van musiekmaak word wel aangespreek, en dit is duidelik dat daar gepoog is om 'n omvattende musikale fondament te lê. Daar word ook aandag geskenk aan die atmosfeer en tempo waarin die stukke gespeel word. Die belang van kreatiewe werk word volhoudend beklemtoon en leerders word aangemoedig om te komponeer aan die hand van spesifieke riglyne.

Die samestellers het baie min gebruik gemaak van tradisionele en/of singbare liedjies. Dit is waarskynlik omdat die drie bakennote uit die aard van die saak beperkings uitoefen ten opsigte van die melodielyn. Aan die een kant moet die afwesigheid van bekende tradisionele of ander bekende kinderliedjies as 'n leemte beskou word, omdat leerders dit geniet om sulke liedjies te speel en sing. Aan die ander kant, is die materiaal van die meeste stukke egter interessant (ook dié in *Performance Book*) en sorg dit saam met die duetbegeleiding vir aangename luister- en speelgenot.

Die noteskrif is groot en sal maklik deur jong leerders gelees word. Verskillende vingersettings word in van die stukke gebruik, sodat die leerder nie dalk die vingersetting in plaas van die note lees nie en nie 'n assosiasie opbou dat bepaalde note slegs met bepaalde vingers gespeel moet word nie.

Hierdie is duidelik 'n baie goed beplande beginnersboek waartydens geen faset, hoe klein ook al, aan toeval oorgelaat word nie. Die hele aanbieding is tot in die fynste besonderheid beplan en al die informasie word met voorbedagte rade op 'n baie spesifieke wyse aan die leerder oorgedra. Die aktiwiteite in die lesboek kan aangevul word met die addisionele boeke soos op p. 236 genoem. Vir die gemiddelde leerder sal die *Lesson Book* waarskynlik voldoende wees en is die *Performance Book* en *Christmas Book* nie 'n voorvereiste vir sukses nie, alhoewel die gebruik daarvan beter vaslegging sal verseker en dus aangemoedig behoort te word.

**Kwadrantvoorkeure: Faber & Faber. *Piano Adventures. Lesson Book. Primer Level***

(Sien tabel 18, p. 244)

**Tabel 18: Kwadrantvoorkeure: Faber & Faber. *Piano Adventures. Lesson Book. Primer Level***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Leerders met hierdie leervoorkeur sal baie hou van die logiese, geordende aanbieding van informasie. Die aanwysings is volledig uitgeskryf. Nuwe konsepte, soos nootwaardes, die notebalk(e), sleuteltekens, trappe en spronge word baie deeglik verduidelik, wat aanklank behoort te vind by A-kwadrante. Dit mag egter gebeur dat die stadige tempo waarteen informasie aangebied word, en die baie herhaling van konsepte, wat snelle ontwikkeling veral aanvanklik inhibeer, nie genoeg uitdaging bied aan sommige van hierdie kategorie leerders nie. Aan die ander kant kan die uitdagings ten opsigte van improvisasie in die *Creative*-gedeeltes en die vrae wat beantwoord moet word in die *Discovery*-gedeeltes, as prikkelend en uitdagend ervaar word.<br><br>A-kwadrante sal waarskynlik hou van die bladuitleg en veral omdat informasie nie oorskadu word deur groot en helder illustrasies nie. | Hierdie beginnersboek is by uitnemendheid geskik vir leerders met B-kwadrantleervoorkeure. Die deeglike en sistematiese wyse waarop informasie aangebied word, sal as veilig en bevredigend ervaar word. Dit is duidelik dat "geen kanse gewaag word nie" en elke tree van die ontwikkelingspad noukeurig beplan is. Vir die meeste B-kwadrante sal die tempo van aanbieding waarskynlik nie te stadig wees nie, omdat hulle geborge voel as konsepte deeglik vasgelê word en genoeg herhaling plaasvind.<br><br>Die afwesigheid van kleurvolle illustrasies sal vir die B-kwadrante eerder 'n voordeel as 'n nadeel wees.<br><br>Die feit dat daar relatief min informasie in hierdie boek met sy 63 bladsye aangebied word, sal deur hierdie leerders as 'n pluspunt beskou word. Liewer te min as te veel, en stadig eerder as vinnig, is waarskynlik hulle leuse by die aanleer van nuwe informasie. | Die musikale leerder sal waarskynlik op die lange duur gefrustreerd raak met die versigtige en stadige pas van aanbieding.<br><br>C-kwadrante sal moontlik meer aanklank vind by 'n beginnersboek wat meer tradisionele/singbare melodieë gebruik. Hulle sal egter wel hou van die duetbegeleidings wat verskaf word, omdat hulle dan saam met ander persone musiek kan maak. Hulle sal dit ook opwindend vind om reeds tydens die eerste paar lesse oor die hele klawerbord te beweeg (kinestetie s). Die gebruik van preleesnotasie wat hulle in staat stel om van die begin af op die swart note te speel, sal ook in hul kraal pas. Hulle sal ook hou van die oorspronklike wyse waarop die kwartnootrus bekendgestel word.<br><br>Die voorstelle om hul eie stukke te "komponeer" sal aan hierdie musikale leerders genoegdoening en stimulasie verskaf, soos ook die voorstelle om in ander oktawe, hoër of laer op die klawerbord te speel.<br><br>C-kwadrante sou moontlik groter en meer kleurvolle illustrasies verkies. | Hierdie beginnersboek is nie bedoel vir die avontuurlike D-kwadrant leerders nie. Die illustrasies is te klein en nie kleurvol genoeg nie en sal nie hierdie leerders se belangstelling aanwakker nie. Die baie logiese aanbieding is te voorspelbaar en nie avontuurlik genoeg nie. Hulle sou verkies dat daar meer informasie bekendgestel word en dat 'n minder konserwatiewe benadering gevolg word.<br><br>Die waagmoed van hierdie kategorie leerder sal wel aangespreek word deur die voorstelle ten opsigte van eie komposisies in bepaalde style wat in die *Creative*-afdelings aangemoedig word. Aangesien voorstelle tot komposisie ook in heelwat ander boeke op 'n gestruktureerde manier voorkom, sal hierdie beginnersboek nie die geskikste keuse vir D-kwadrante wees nie. |

**Slotsom**

*Piano Adventures* is duidelik die beste geskik vir leerders met linkerhemisferiese voorkeure en veral B-kwadrante sal hierdie benadering geniet en behoort baie sukses met die toepassing daarvan te behaal. Die aanbieding van konsepte geskied ordelik en daar word voorsiening gemaak vir genoegsame vaslegging van vaardighede en kennis. Leerders met A-kwadrantvoorkeure sal ook aanklank hierby vind, alhoewel die baie versigtige en gekontroleerde aanbieding soms vir die intelligenter/talentvoller leerder te stadig sal wees.

Leerders met C-kwadrantvoorkeure sal sekere fasette soos die preleesgedeelte in *Piano Adventures* geniet, maar in die geheel gesien is daar beter boeke op die mark vir hierdie kategorie leerders beskikbaar. Leerders met D-kwadrantvoorkeure sal waarskynlik nie aanklank vind by hierdie sistematiese, geordende en stadige manier van aanbieding nie.

Die groot waarde van hierdie uitstekende beginnersboek is dat dit 'n goeie keuse sal wees vir die gemiddelde en stadige leerder wat nie noodwendig groot musikale belofte toon nie. Die besonder intelligente leerder wat informasie vinnig assimileer sal nie genoegsaam deur die aanbieding gestimuleer word nie. Ook die besonder musikale leerder sal nie soveel aan bande gelê wil word ten opsigte van wat aangebied word nie en sou 'n beginnersboek met meer tradisionele en bekende wysies verkies.

Die onderwyser kan gerus wees dat enige leerders wat deeglik deur *Piano Adventures* werk, geen leemtes in hulle opleiding sal hê nie en dat die belangrikste fasette, soos tyd, ritme en notelees, baie deeglik vasgelê sal word. Soos ook die geval is met *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002) word daar ruim geleentheid vir herhaling gebied sodat neuronale senuweenetwerke versterk en gevestig kan raak.

### 5.9.3 Andrew Scott en Gary Turner. *Progressive Piano Method for Young Beginners. Book 1*

(Geen datum aangedui nie)

*Progressive Piano Method for Young Beginners* is 'n reeks wat bestaan uit drie boeke (Scott & Turner, s.j.:4). Die eerste lesboek beslaan 44 bladsye en word saam met 'n CD, DVD en video verkoop. Die idee is dat die kind saam met die musiek op die CD kan oefen. Elke liedjie word twee maal met die begeleiding op die CD gespeel. Die derde en vierde keer word net die begeleiding gehoor en die leerder kan dan saam speel. Indien die liedjie gedeeltes vir beide die linker- en regterhand bevat, word hulle eers afsonderlik en daarna saam gespeel. Die begeleiding op die CD word nie as 'n duetparty in die beginnersboek verskaf nie. Op die CD help 'n trom om die ritme aan te dui en dit konsekwent te hou.

*Progressive Piano Method for Young Beginners* word verdeel in tien leseenhede. Les 1 (pp. 5-11) begin met illustrasies van 'n seuntjie wat in die regte posisie voor die klavier sit, die korrekte handposisie (die vingers moet gekrul word asof dit 'n bal vashou), die klawers, linker- en regterhande en vingernommers en die begrippe hoog en laag. Die note in die musiekalfabet word op p. 6 voorgestel met prentjies van diere waarvan die eerste letter met die naam van die noot ooreenstem, byvoorbeeld *Bee* vir B en *Cat* vir C. Elke keer wanneer 'n nuwe noot aangeleer word, word dit saam met die prentjie bekendgestel. Groepe van twee en drie swart klawers word uitgewys en spesiale aandag gewy aan die wit klawer C. Die leerder moet al die Cs op die klawerbord speel. Op p. 7 word Middel-C op die skets van die klawerbord aangetoon in geel.

Op p. 8 word 'n enkel notebalk vertoon, onder die opskrif *How to read music,* sonder melding van vyf lyne en vier spasies. Die sopraan- en bassleutels word aangetoon. Die groot notebalk verskyn op p. 9. Die kwartnoot word op dieselfde bladsy bekendgestel, sonder dat die toonduurte of telwyse verduidelik word.

**Benadering**

Bakenlees, met Middel-C vir die regterhand en C 'n oktaaf laer vir die linkerhand as bakennote.

**Prelees**

Geen.

**Notasie en stukke**

Middel-C op die groot notebalk word op p. 10 aangetoon. Die eerste gedeelte (tot op p. 25) word gewy aan die aanleer van die note wat deur die regterhand gespeel moet word. *Cat walk* (p. 10) bestaan uit Middel-Cs en is gerangskik in twee mate van vier kwartnote elk. Die 4/4-maatsoortteken word op p. 11 verduidelik. *Four four cats* (p. 11) bestaan uit vier mate van vier Middel-Cs elk. Al benodig hierdie twee stukke slegs die sopraannotebalk, word die groot notebalk vir hierdie en al die daaropvolgende stukke in die res van die lesboek gebruik.[90]

Les 2 begin met die aanleer van D (p. 12). Hierdie afdeling bestaan uit vyf stukke van vier mate elk. Halfnote en numeriese telling word op p. 13 verduidelik. E bokant Middel-C word in die derde leseenheid op p. 15 aangeleer. Tertssponge (tussen C en E) kom alreeds in hierdie stukkie (p. 15) voor. Die heelnoot word op p. 16 verduidelik. *Merrily* (p. 17) is agt

[90] Hierdie *modus operandi* is verkieslik bo dié wat byvoorbeeld deur Hall (2003) en Waterman en Harewood (1988) gebruik word, waar aanvanklik net één notebalk vertoon word. Die gebruik van die groot notebalk behoort leerders te help om 'n beter visuele beeld vas te lê en mag moontlik ook help om meer insig te verkry in die notasie.

mate lank en die maatnommers word onderaan elke maat aangebring. *Progressive Piano Method* is die enigste van die geraadpleegde beginnersboeke waar klem gelê word op die hoeveelheid mate wat in elke stuk voorkom. Maatnommers word in die res van die lesboek aangedui wanneer stukke agt mate lank is.

F (regterhand) word in die vierde leseenheid op die groot notebalk aangetoon. Tertsspronge van lyn tot lyn en spasie tot spasie kom in *Frog hop* (p. 18) voor. F word net in een liedjie gebruik voordat G op p. 19 aangeleer word. Die res van die vierde leseenheid sluit bekende tradisionele wysies in, soos *Mary had a little lamb* (p. 19),[91] Beethoven se *Ode to joy* (p. 20) en *Aura Lee* (p. 21). In *Aura Lee* en *Oats and beans* (p. 21) verskyn stygende en dalende kwartspronge. Geen spesiale melding word van spronge of intervalle gemaak nie.

Die vyfde leseenheid (p. 22) begin met 'n verduideliking van die 3/4-maatsoortteken. Die gepunteerde halfnoot word op p. 23 aangeleer. Die res van die eenheid bestaan uit twee tradisionele liedjies in walsmaat, *Little Bo Peep* (p. 24) en *Girls and boys come out to play* (p. 25).

Die sesde leseenheid begin met die aanleer van die note van die linkerhand (p. 26). Die bakennoot C is 'n oktaaf onder Middel-C. Nuwe note word vervolgens op dieselfde manier aangeleer as wat met die regterhand gebeur het: D (p. 27), E (p. 28), F (p. 31) en G (p. 33). Die kwartnootrus word in die sewende leseenheid verduidelik (p. 29). Sewe van die agt stukke in eenhede ses en sewe bestaan slegs uit vier mate elk en die agtste stuk, *Merrily*, uit agt mate (p. 30).

In *Go tell Aunt Nancy* (p. 33) word die sprong van 'n kwint vir die eerste keer gebruik. Die opmaat-beginsel word op p. 35 verduidelik. Die opmaat word beskryf as die *Lead-in note*. Die stuk *The cuckoo* (p. 35), waarin die opmaat vir die eerste keer voorkom, is 'n baie goeie keuse omdat die aksent natuurlik op die eerste telling val. Elke keer as 'n opmaat of *lead-in* in 'n stuk voorkom (pp. 39, 40 en 42), word die leerder spesiaal daarop gewys en vermaan om eers 'n hele maat vooraf te tel voordat spel begin.

In die laaste leseenheid (p. 36) word stukke gebruik waar die hande om die beurt speel. Die leerder het nou die tien note van die C-majeurposisie in notasie aangeleer. Die klawers word op 'n skets van die klawerbord aangetoon, maar geen verwysing word na die C-majeurposisie gemaak nie. Die heelnootrusteken word op p. 37 en die halfnootrusteken op p. 38 verduidelik. Die toepassing van rustekens is soms moeilik vir beginners, soos byvoorbeeld in *The banks of the Ohio* (p. 40). In maat 13 word halfnote met die regterhand

---

[91] *Mary had a little lamb* is feitlik presies dieselfde wysie as wat op p. 17 in die stuk *Merrily* gebruik is. Dit verskyn ook, met dieselfde naam, *Merrily*, op p. 30 waar dit met die linkerhand gespeel word.

gespeel en terselfdertyd kwartnote en kwartnootruste met die linkerhand. Die bekende *When the Saints go marchin' in* (p. 42) sluit die lesboek af.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleiding**

Geen.

**Toonsoorte**

Slegs twee toonsoorte, C en F.

**Omvang**

Die tien note van die C-majeurposisie word in notasie aangeleer.

**Teorie**

Geen.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Illustrasies met gedempte kleure verskyn by al die stukke en nuwe konsepte wat verduidelik word. Die prentjies wat by die aanleer van elke nuwe noot geteken word, stem ooreen met die dierekarakter wat daarby uitgebeeld word met die aanvang van die beginnersboek. Omdat die sketse so gedemp in kleur is, oorheers dit nie die bladuitleg nie. Wanneer die illustrasies vergelyk word met illustrasies wat in ander beginnersboeke voorkom, vertoon hierdie tekeninge effens futloos en nie orals baie oorspronklik nie.

**Nootwaardes en ritme**

Vier nootwaardes (heelnoot, gepunteerde halfnoot, half- en kwartnoot) en die ooreenstemmende rustekens word aangeleer. Telling geskied numeries. In die eerste aantal stukke word die maatslae binne elke maat genommer. Hiermee word volgehou vir die eerste elf stukke, en daarna weer op pp. 22 en 23, met die aanleer van die 3/4-maatslag en die gepunteerde halfnoot. Hierna verskyn dit nie weer nie.

**Evaluasie**

Die elementêre grondbeginsels van klavierspel word in 'n lang inleidende gedeelte aangeleer. Leerders moet lank wag voordat hulle kan begin om self te speel. Informasie word in logiese volgorde aangebied. Wat ordening betref, is daar egter leemtes, hoofsaaklik

deurdat geen intervalle eers verduidelik word voordat dit gespeel word nie. Dit is 'n groot kontras met die *modus operandi* in byvoorbeeld *Piano Adventures* en *Keyclub Book One* waar tertsintervalle eers net op lyne en later tussen spasies aangeleer word. Die beweging in *Progressive Piano Method* is baie vinnig en daar word nie voldoende geleentheid geskep vir leerders om die lees van note en nootwaardes behoorlik onder die knie te kry nie. Dit is opvallend dat daar nie altyd ewe veel geleentheid toegelaat word om note aan te leer nie. Die eerste paar note wat aangeleer word, van Middel-C tot E in die regterhand, word elk gevolg deur vyf stukke waartydens die nuwe noot geoefen kan word. Met F en G is dit egter nie die geval nie. F word net in een stuk gebruik voordat G aangeleer word. Wat die linkerhandnote betref, word D na slegs twee viermaatstukke gevolg deur die aanleer van E. Na F volg twee agtmaatstukke voordat G aangeleer word.

*Progressive Piano Method* stem in die wyse van aanbieding ooreen met die lesboek van Waterman en Harewood, deurdat al die note van die regterhand eers aangeleer word voordat met die note van die linkerhand begin word. Eers nadat al die note in albei hande aangeleer is, word begin om om die beurt met die linker- en regterhand te speel. Geen samespel met albei hande kom voor nie.

Die bakenleesbenadering en gebruik van die C-majeurposisie sorg daarvoor dat die omvang nie beperk word tot die paar note rondom Middel-C nie. Aan die ander kant veroorsaak die uitsluitlike gebruik van die C-majeurposisie dat die note direk onder Middel-C, naamlik B en A, nooit in notasie aangeleer word nie. Alhoewel daar nie klapoefeninge of ander spesiale metodes gebruik word om 'n begrip vir nootwaardes vas te lê nie, word daar tog baie aandag aan tyd en ritme gegee. Aanvanklik word die telling van elke maat in die maat geskryf en dit gee die leerder 'n goeie aanduiding van hoe getel moet word. Die trom wat die ritmiese polsslag aandui voor elke stuk (op die CD) sal ook help om die ritmiese gevoel vas te lê. Vanaf p. 23 word elke maat genommer. Dit word volgehou by die meeste stukke tot aan die einde van die lesboek. Die maatnommers dien geen doel nie en sal eerder daartoe bydra om die leerder te verwar, wat dit dalk as vingersetting of telling van nootwaardes sal lees.

Die gebruik van die groot aantal eenvoudige verwerkings van bekende tradisionele liedjies sal waarskynlik bydra tot die genot wat jong leerders uit hierdie lesboek sal put. Ongelukkig is van die verwerkings nie altyd korrek volgens harmoniese reëls nie en meestal nie van 'n hoë musikale gehalte nie. Die verdubbeling van die majeurterts en opeenvolgende oktawe word dikwels tussen die twee hande aangetref (sien byvoorbeeld *The Mexican hat dance,* p. 39 en *The banks of the Ohio*, p. 40). Die verwerkings van hierdie twee stukke, soos ook *When the Saints go marchin' in* (p. 42) is nie bevorderlik vir die ontwikkeling van goeie klassieke smaak nie.

*Progressive Piano Method* verskil van ander beginnersboeke wat duetpartye voorsien wat saam met die stukke gespeel kan word. Die begeleidings word slegs op die CD gehoor en is nie in die boek gedruk nie. Dit moet as 'n tekortkoming beskou word omdat sommige leerders baie daarvan hou om musiek saam met die onderwyser of ander leerders te maak.

Hierdie beginnersboek is duidelik bedoel vir die baie jong beginner. Die skrif is groot en sal maklik deur jonger leerders gelees word.

Dit is interessant om die wyse waarop die lees van note in *Progressive Piano Method* aangepak word, te vergelyk met dié van die ander twee geraadpleegde beginnersboeke wat ook op die bakenleesbenadering geskoei is, naamlik *The Music Tree: Time to Begin* van Clark et al. (2002) en *Piano Adventures* van Faber en Faber (1996a). In laasgenoemde twee beginnersboeke word volhoudende klem geplaas op intervalgrootte. In die lesboek van Scott en Turner word geen verwysing na intervalgrootte gemaak nie. Die lees van note is duidelik gebaseer op rigtinglees alleenlik en nie intervallees nie.

**Kwadrantvoorkeure: Scott en Turner. *Progressive Piano Method for Young Beginners. Book 1***

(Sien tabel 19, p. 251)

**Tabel 19: Kwadrantvoorkeure: Scott en Turner. *Progressive Piano Method for Young Beginners. Book 1***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Leerders wat reeds kan lees, behoort te hou van die groot hoeveelheid geskrewe informasie wat verskaf word. Die lang inleidende gedeelte met voorskrifte en verduidelikings sal A-kwadrante moontlik nie soveel pla as vir persone met ander leervoorkeure nie. Hulle sal hou van die logiese en beredeneerde wyse waarop konsepte van notasielees aange-bied word.<br><br>Die prente is soms groot, maar die kleure is so gedemp dat dit nie opdringerig is nie. Dit behoort nie hierdie kategorie leerders te steur nie.<br><br>Die konserwatiewe aanbieding sal waarskynlik deur sommige A-kwadrante as beperkend ervaar word, omdat geen uitdagings aan die speler gestel word nie. | B-kwadrante mag 'n mate van aanklank vind met die aanbieding van informasie. Dit is egter ook moontlik dat sommige leerders mag voel dat hulle nog meer geleentheid wil hê om al die fasette van notasie behoorlik in te oefen. Daar word wel heelwat stukke aangebied na die aanleer van 'n nuwe noot, maar die stukke is meestal net vier mate lank en bied nie genoegsame geleentheid vir behoorlike vaslegging nie.<br><br>Vir die B-kwadrante sou dit verkieslik wees indien die begrippe van trappe en spronge eers verduidelik word. Interval-spronge kom voor sonder dat die leerder vooraf daarop attent gemaak word. | Die lang inleidende gedeelte sonder enige aksie, sal waarskynlik nie veel byval vind by hierdie kinesteties-geöriënteerde leerders nie. Hulle sou 'n preleesafdeling meer geniet omdat dit aan hulle die geleentheid bied om dadelik oor 'n groot omvang te speel en met verskillende ritmes en klankkleure te eksperimenteer.<br><br>Die afwesigheid van enige geleentheid tot musisering met ander, soos byvoorbeeld duette, sal ook gemis word wanneer hierdie lesboek gebruik word. Die gebruik van die CD waarin duetbegeleiding wel verskaf word, mag moontlik aanvanklik deur sommige leerders geniet word, maar dit is nie 'n geskikte plaasvervanger om die bevrediging en opwinding te verskaf wat ervaar word tydens samespel met die onderwyser of 'n ouer nie.<br><br>C-kwadrante sal waarskynlik hou van die sketse wat menslike karaktertrekke met humor uitbeeld.<br><br>Musikale leerders wat maklik wysies van gehoor speel, sal moontlik baie hou van die jazz-agtige melodieë in die laaste gedeelte van die lesboek. | Hierdie beginnersboek is nie geskik vir D-kwadrante nie. Die inleidende gedeelte waartydens niks gespeel word nie, is te lank vir hierdie impul-siewe en ongeduldige leerders. Hul drang na kreatiwiteit sal nie bevredig word nie.<br><br>Die gebruik van die CD waartydens die leerder die stukkies saam met die voorafopgeneemde begeleiding speel, mag aanvanklik vir opwinding sorg. Die gevaar bestaan egter dat die opwinding op die lang termyn sal verflou. Die enkellyn-melodieë mag sonder enige duet-begeleiding as vervelig en onop-windend ervaar word.<br><br>Die sketse is effens te vaal vir hierdie passievolle leerders. Hulle sal waarskynlik helderder kleure en 'n kreatiewer uitbeelding verkies. |

**Slotsom**

*Progressive Piano Method* kan nie as 'n geslaagde beginnersboek beskou word nie. Dit beweeg te vinnig met die aanbieding van feite en sommige konsepte, soos intervalle, word glad nie verduidelik nie. Sou die lesboek wel gebruik word, sal dit waarskynlik die meeste aanklank vind by A-kwadrante, alhoewel sommige mag voel dat die pas van aanbieding aanvanklik te stadig is. B-kwadrante sal waarskynlik hou van die sistematiese aanbieding van feite, maar sal ongemaklik voel omdat daar nie genoegsame geleentheid voorsien word vir behoorlike vaslegging nie. Leerders met oorwegend regterhemisferiese voorkeure sal om verskeie redes baie gefrustreerd raak met die gebruik van hierdie lesboek. Vir die C-kwadrante is die groot tekortkoming waarskynlik die groot klem wat op die een tot een situasie geplaas word en die feit dat daar geen geleentheid gebied word om saam met ander persone musiek te maak nie. Die D-kwadrante sal veral nie hou van die lang verduidelikings aan die begin nie en hulle sal voel dat hulle te lank moet wag voordat hulle toegelaat word om iets te speel. Dit sal hul opwinding reg aan die begin van hul klavierstudies temper. Die logiese benadering mag moontlik deur hierdie impulsiewe en kreatiewe leerders as kleurloos en beperkend ervaar word. Die illustrasies is ook nie opvallend en kleurvol genoeg nie.

Die laaste paar liedjies in die lesboek neig duidelik na 'n minder formele tipe aanbieding, met meer klem op ligte, populêre musiek. Die klem op meer populêre musiek is nie in sigself sleg nie, en sommige leerders mag veral daarby aanklank vind. Ongelukkig is die verwerkings van veral die laaste drie liedjies onbevredigend en musikaal onoortuigend en is as sulks nie bevorderlik vir die ontwikkeling van goeie musikale smaak nie. Onderwysers wat veral ingestel is op die onderrig van klassieke musiek, moet om hierdie rede goed dink voordat hulle hierdie beginnersboek vir 'n leerder kies. Dit is belangrik dat goeie musieksmaak, sy dit vir klassieke of ligte musiek, stap vir stap vanaf 'n jong ouderdom ontwikkel word.

## 5.10 BEGINNERSBOEK WAT GEBASEER IS OP 'N VERMENGING VAN INTERVAL-LEES, VEELVULDIGE TOONSOORT- EN BAKENLEES-BENADERINGS

Hierdie benadering is uniek en word slegs in een beginnersboek toegepas.

**Walter en Carol Noona. *Noona Basic Piano Starter Book*** (1988. Ohio, VSA)

Hierdie lesboek beslaan 49 bladsye, bevat dertig stukke en is verdeel in tien leseenhede (*Lessons*). Elke les bied nuwe informasie aan, bevat 'n aantal stukke, teorie-oefeninge, skryfwerk en 'n hersiening van reeds behandelde materiaal. Volgens 'n aanbeveling van die outeurs (p. 3), mag die tyd wat aan 'n leseenheid bestee word, wissel van kind tot kind. Onderwysers moet geduldig wees en elke individuele leerder genoeg tyd gun om al die begrippe te verstaan.

Die eerste les begin met 'n skets van die korrekte sitposisie voor die klavier, die linker- en regterhande, vingernommers en die korrekte handposisie (p. 5). Vervolgens verskyn 'n skets van die klawerbord waar die groepe swart en wit klawers uitgewys word. Die leerder word gevra om groepe van twee en drie swart klawers aan te wys met die regter- of linkerhand (p. 6). Die middel van die klavier word aangetoon en die begrippe laag en hoog aangedui. Tydens hierdie eerste les vind daar nog geen prelees plaas nie en die kind speel slegs op die groepe van twee en drie swart klawers (p. 7).

**Benadering**

Die samestellers (Voorwoord) stel dit as volg: *The approach to reading is intervallic and the harmonic direction is gradual multi-key.* Die benadering toon ook ooreenkomste met die bakenleesbenadering omdat G (regterhand) en F (linkerhand) eerste in notasie aangeleer word.

**Prelees**

Die preleesafdeling beslaan ongeveer twee derdes van die inhoud van die lesboek.

**Swart klawers**

Spel op swart klawers begin in die tweede les. Agt stukke word op swart klawers gespeel. Kwart- en halfnote word eerste aangeleer. Die leerder word aanvanklik die keuse gebied om volgens een van vier maniere te tel:

1. Franse tydname
2. Eenheid of toonduurte, dus 1-1-1-1 vir vier kwartnotę en 1-2 vir 'n halfnoot
3. Beskrywende woorde, soos byvoorbeeld *walk, walk, walk, walk* vir vier kwartnote en *walk, walk, sit-ting* vir twee kwartnote gevolg deur 'n halfnoot.
4. Numeries.

*Noona Basic Piano Starter Book* is een van die min beginnersboeke wat voorstel dat Franse tydname gebruik word. Die eerste stuk (in kwartnote) word op groepe van twee swart klawers gespeel. Mate en maatstrepe word aangetoon, alhoewel die halfnoot, mate en maatstrepe eers op p. 9 verduidelik word.

Dinamiese tekens, *piano* en *forte* word op p. 10 verduidelik. Geen verdere tempo- of karakteraanduidings word voorsien nie. Legato-aanslag word op p. 11 verduidelik. Die instruksies is bondig: *Move from one sound to the next in a smooth, connected manner.*

Die heelnoot word in les drie verduidelik (p. 12). Die leerder kan óf volgens Franse tydname óf nootwaardes tel, óf beskrywende woorde gebruik – *whole note hold it*. Die bekende liedjie,

*Merrily we roll along*, verskyn op p. 13. Staccato-aanslag word baie kortliks op p. 15 verduidelik. Die leerder word aangesê om *short and detached* te speel wanneer staccato-dotjies bo- of onderkant note in die manuskrip verskyn. Die staccato-note wat in *My fat cat!* (p. 15) voorkom, word slegs op herhaalde note gebruik.

**Wit klawers**

Wit klawers word in die vierde les aangeleer (p. 16). Op p. 17 word fragmente van die klawerbord getoon wat binne-in 'n ballon gemonteer is en waarop die verskillende wit klawers aangedui word. Dit kan nie as 'n geslaagde metode beskou word om die musiekalfabet te verduidelik nie, omdat die fragmente verhoed dat die leerder 'n geheelbeeld van die klawerbord kry. Die Middel-C-posisie, wat uit nege klawers bestaan, word op p. 18 getoon. Die interval van 'n sekunde word verduidelik as 'n trap van een wit klawer tot die volgende (*step on the keys*).

'n Tertssprong tussen twee wit klawers word in les vyf aangeleer en word in 'n skets van die notebalk geïllustreer. 'n *Writing*-afdeling (p. 23) sluit die vyfde les af.

Tydsoorttekens word in les ses bekendgestel en die 4/4-tydsoortteken word vervolgens baie volledig op p. 24 verduidelik. Die leerder word nou aangeraai om numeries te tel. Dit is die vierde manier van tel wat geïmplementeer word. Die bekende *Yankee Doodle* verskyn op p. 25. Die gepunteerde halfnoot en die 3/4-tydsoortteken word op p. 26 bekendgestel. Die aanduiding boaan *Pop! Goes the weasel* (p. 26) is dat dit in die Middel-C-posisie gespeel word. Die linkerhand kruis die regterhand om A bokant Middel-C te speel. Dit is nie deel van die Middel-C-posisie nie. Hierdie noot word baie duidelik aangedui en leerders behoort geen probleme te ondervind om dit korrek te speel nie. Daar verskyn ook kwart- en kwintintervalle in die melodielyn tussen die twee hande.

Tot op p. 27 is al die stukke op die Middel-C-posisie gebaseer. Die sewende les (p. 28) begin met 'n verduideliking van die C-majeurposisie. 'n Bekende stuk in hierdie afdeling is *Pony boy* (p. 29), ook bekend as "Hansie Slim". Die leerder word aangemoedig om die stuk te transponeer na G deur op die D in plaas van die G te begin speel. Dit is die eerste aanduiding dat aandag geskenk word aan spel in verskillende toonsoorte. In *Technique lesson* (p. 30) word die leerder gewys hoe die hand op die klawer moet val (*drop*) en wegbeweeg (*roll*).

**Notasie en stukke**

Die notebalk met lyn- en spasienote word op pp. 32-33 in die agtste leseenheid verduidelik, asook die sopraan- en bassleutels met G (regterhand) en F (linkerhand). Op p. 34 word trappe op en trappe af (*stepping up, stepping down*) en herhaalde note (*same line or space*) in notasie in fragmente van die notebalk getoon. Kort fragmente wat begin op die twee "bakennote" G en F, en bestaan uit trappe en herhaalde note, word met albei hande gespeel.

Les 9 begin met die verduideliking en skets van die C-majeurposisie in notasie (p. 36). Die kwartnootrus word op p. 38 bekendgestel. Die twee tipes tertsintervalle van lyn tot lyn en spasie tot spasie, word in 'n diagram aangetoon, melodies en harmonies. Die heelnootrus word op p. 39 verduidelik.

In les 10, op p. 40, word die bindboog verduidelik. Boaan die bladsy word fragmente van die Middel-C-posisie en die C-majeurposisie getoon. Die leerder moet bepaal op watter patroon die volgende twee stukke, *Frisbee* (p. 40) en *Yoo-hoo* (p. 41) gebaseer is. *First and second endings* is die begrip wat op p. 42 verduidelik word. Die halfnootrus word op p. 43 bekendgestel en saam met die kwart- en heelnootrus in *Cookies* gebruik. In die laaste twee mate van die liedjie speel die twee hande dieselfde note, 'n oktaaf uitmekaar. Op p. 44 word die begrip *D.C. al Fine* geïllustreer aan die hand van die Franse tradisionele lied *Alouette.*

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleidings**

Duetbegeleidings verskyn slegs by elf van die dertig stukke. Die duetpartye is meestal net op een notebalk geskryf. Hierdie begeleidings is baie eenvoudig en kan met net een hand gespeel word. Dit dra nie veel by om die stukke interessanter of opwindender te laat klink nie.

**Toonsoorte**

Die stukke in die preleesgedeelte op swart klawers is almal in F-kruis. Twee stukkke in die preleesgedeelte op wit klawers is in a. In die notasiegedeelte verskyn 'n paar fragmente in F. Die res van die stukke is almal in C. Behalwe 'n voorstel dat *Pony boy* (p. 29) na die G-posisie getransponeer moet word, is daar geen doelbewuste pogings om in ander toonsoorte te speel nie.

**Omvang**

Twaalf note, vanaf C, 'n oktaaf onder Middel-C tot G 'n kwint bokant Middel-C – dus die note van die C-majeurposisie en die Middel-C-posisie.

**Teorie**

Teorie- en/of skryfoefeninge kom in elk van die tien lesse voor.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Die illustrasies is baie bedeesd en nie die opvallendste eienskap van hierdie beginnersboek nie. Die enigste kleur wat gebruik word is 'n oranje agtergrond waarop wit sketse aangebring is. Daar verskyn by die meeste stukke illustrasies, maar dit is nie besonder geslaagd nie. As gevolg van die baie geskrewe informasie wat op elke bladsy aangebring word en die groot druk van die musieknotasie, is die geheelindruk van die meeste bladsye redelik besig.

**Nootwaardes en ritme**

Kwart-, half-, gepunteerde half- en heelnote met hul ooreenstemmende rustekens word aangeleer. Die aanbevole wyse van tel word nie konsekwent gehandhaaf nie. Eers word die leerder die keuse gebied om óf volgens Franse tydname, óf nootwaardes/toonduurte óf volgens beskrywende woorde te tel. Wanneer tydsoorttekens in gebruik kom, word die leerder aangeraai om numeries te tel, dit wil sê 1-2-3-4 in vierslagmaat. Al hierdie verskillende maniere van tel mag vir die jong leerder verwarrend wees.

Daar word nie besonder baie aandag geskenk aan die vaslegging van 'n ritmiese polsslag nie en geen spesiale klap- of ander ritme-oefeninge word voorsien nie. Vaardigheid in die uitvoering van ritmepatrone en die relatiewe toonduurtes van die onderskeie note behoort egter goed te ontwikkel omdat die ritmiese strukture eenvoudig bly in al die stukke en leerders dus aandag daaraan kan skenk.

**Evaluasie**

Konsepte word op 'n ordelike en logiese wyse bekendgestel en daar word konserwatief te werk gegaan met die hoeveelheid konsepte wat aangebied word. Kruise en molle word byvoorbeeld nie aangeleer nie – ook nie agstenote en die konsep van frasering nie. Slegs herhaalde note, sekundi en tertse word bekendgestel. Geen interval groter as 'n terts kom voor nie. Die tekstuur van die stukke is deursigtig en eenvoudig. Groot druk word deurgaans gebruik wat sal help dat jong leerders die notasie gemaklik sal lees.

Die uitgebreide preleesafdeling bied genoeg geleentheid vir die leerder om rustig bekend te raak met die samestelling van die klawerbord. Elementêre ritmiese vaardighede behoort ook goed vasgelê te word. Die aanleer van staccato-aanslag op so 'n vroeë stadium mag egter deur sommige onderwysers as voortydig beskou word.

Notelees word deur middel van intervalherkenning gedoen. Soos ook in die Faberreeks (1996) gebeur, word die C-majeurposisie en Middel-C-posisie eers baie deeglik bekendgestel in die preleesafeling. Die leerder is dan goed vertroud met die nootname en hul ligging op die klawerbord, asook die konsepte van trappe en sponge. Wanneer met die lees vanaf die notebalk begin word, word F (linkerhand) en G (regterhand) eerste aangeleer, omdat dit die lyne is waarop die onderskeie sleuteltekens begin. Hierdie note kan as bakens beskou word. Die begrippe van trappe op, trappe af en herhaalde note word nogmaals verduidelik. Wanneer die groot notebalk bekendgestel word, word die C-majeurposisie en Middel-C-posisie gelyktydig aangetoon (p. 36). Anders as wat die geval is met die Middel-C-benadering, waar noot vir noot aangeleer word, word in *Noona Basic Piano Starter Book* tien note (C-G in elke hand) feitlik gelyktydig aangeleer. 'n Paar lesse later word A en B (net onder Middel-C) in die linkerhand ook gelyktydig aangeleer (p. 40). Omdat die leerder deur middel van intervalle lees, behoort dit egter nie 'n probleem te wees nie. In die preleesafdeling kom hier en daar intervalle van kwarte en selfs kwinte in die melodielyn voor, maar dit word tussen die twee hande verdeel. Geen interval groter as 'n terts kom in die notasiegedeelte in een hand voor nie.

Die grootste kritiek teen *Noona Basic Piano Starter Book* is dat sommige van die stukke nie baie stimulerend is nie. Sommige leerders mag dit as vervelig of onopwindend ervaar. Baie stukke is nie voorsien van duetbegeleidings wat dit "mooier" kan laat klink nie. Die duetbegeleidings self is ietwat kleurloos. Daar verskyn egter verskeie bekende en tradisionele liedjies wat wel plesier behoort te verskaf.

Die benadering waarvolgens *Noona Basic Piano Starter Book* saamgestel word, word deur die skrywers self beskryf as gegrond op intervallees en die geleidelike toonsoortbenadering. Daar kom egter min tereg van die aanleer van verskillende toonsoorte. Die Middel-C-posisie word aanvanklik tydens die uitgebreide preleesafdeling gebruik. Dit word ook so aangedui bokant die stukke vanaf pp. 18-27. Die C-majeurposisie word vervolgens op p. 28 in die preleesafdeling bekendgestel. Wanneer met notasie begin, word die C-majeurposisie gebruik tot op p. 38 wanneer weer oorgeskakel word na die Middel-C-posisie. Afgesien van die preleesafdeling op swart klawers, wat uiteraard in 'n kruis- of moltoonsoort sal wees, is die meeste stukke in C. Slegs eenmaal (p. 29) word die leerder aangeraai om 'n stuk in die G-posisie in plaas van die C-posisie te speel. Geen melding word egter van G-posisie of G-

toonsoort gemaak nie. Die toonsoort van a kom wel in twee stukke in die preleesgedeelte voor (pp. 18-19), maar geen aandag word daarop gevestig nie.

**Kwadrantvoorkeure: Walter & Carol Noona. *Noona Basic Piano Starter Book***

(Sien tabel 20, p. 259)

**Tabel 20: Kwadrantvoorkeure: Walter & Carol Noona. *Noona Basic Piano Starter Book***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Hierdie beginnersboek met sy sistematiese en ordelike aanbieding behoort in die kraal te pas van leerders met A-kwadrantvoorkeure. Leerders wat kan lees sal hou van die groot hoeveelheid geskrewe verduidelikings en aanbevelings wat gebruik word.<br><br>Die baie intelligente A-kwadrant mag moontlik gefrustreerd raak met die stadige pas van aanbieding en groter uitdagings verkies. Die transposisie van *Pony boy* na 'n ander toonsoort sal hierdie leerders waarskynlik prikkel en mag as 'n intellektuele uitdaging beskou word. | Leerders met hierdie kwadrantvoorkeur sal waarskynlik baie van *Noona Basic Piano Starter Book* hou. Hulle sal tevrede voel met die logiese en ordelike aanbieding, en die genoegsame geleentheid wat geskep word vir herhaling om vaardighede en kennis vas te lê. Die beperkinge ten opsigte van intervalgrootte sal hulle nie pla nie – hulle sal dit trouens verwelkom, omdat dit 'n dissipline van ordelikheid reflekteer.<br><br>Die stadige en deeglike pas van aanbieding sal baie byval vind by B-kwadrante. | Die musikale en kinesteties-geöriënteerde C-kwadrante sal daarvan hou om dadelik te kan speel op die swart klawers, en later ook op die wit klawers, sonder dat hulle aan bande gelê word deur ingewikkelde notasie op die notebalk. Die stukke is nie altyd baie "mooi" of opwindend om te speel nie. Daar is egter wel 'n paar bekende en/of singbare melodieë opgeneem waarvan hierdie leerders sal hou. Daar kom nie baie duette voor nie, en die begeleiding wat wel soms voorsien is, is nie besonder musikaal en verbeeldingryk nie. C-kwadrante sou waarskynlik groter groepsbetrokkenheid verwelkom het.<br><br>C-kwadrante behoort baie te hou van die voorstel om van die stukke in ander toonsoorte te speel.<br><br>Die oorhoofse indruk van die illustrasies is dat dit verbeeldingloos is met min afwisseling. Dit sal nie veel tot hierdie kategorie leerder spreek nie. | Alhoewel hierdie leerders moontlik aanvanklik gestimuleer mag word met die preleesafdeling, is dit baie waarskynlik dat hul belangstelling nie enduit met die gebruik van hierdie lesboek geprikkel sal word nie. Die stukke is nie verbeelding-ryk genoeg saamgestel nie en bied nie genoeg uitdaging aan hierdie avontuurlustige leerders nie. Die versigtige en sistematiese aanbieding wat beperk word deur intervalgrootte, sal as inhiberend ervaar word en nie hierdie leerders se belangstelling aanwakker of behou nie.<br><br>Die illustrasies is waarskynlik te vaal en oninteressant vir D-kwadrantleerders. |

**Slotsom**

*Noona Basic Piano Starter Book* sal beslis nie die beste keuse wees vir leerders met D-kwadrantvoorkeure nie. Die aanbieding is te veilig, te voorspelbaar en te patroongebonde. Die stukke is nie juis "mooi" of singbaar nie. Min tradisionele wysies is opgeneem wat plesier sou kon verskaf aan hierdie groep jong beginners. Die illustrasies wat dwarsdeur die lesboek dieselfde voorkoms het, veral ten opsigte van kleur, sal nie die belangstelling van die D-kwadrante prikkel nie.

Aan die ander kant behoort die leerders met A- en B-kwadrantvoorkeure baie te hou van hierdie beginnersboek. Veral die B-kwadrante sal waarskynlik besonder baie van die strenge dissipline en beperkings hou wat kenmerkend is van die benadering van die samestellers. Die feit dat daar nie juis "mooi" en bekende wysies in *Noona Basic Piano Starter Book* opgeneem is nie, sal nie noodwendig deur hierdie leerders as 'n tekortkoming beskou word nie, omdat vreugde geput sal word uit die metodiese en logiese manier van aanbieding.

Alhoewel daar meer geskikte beginnersboeke vir die C-kwadrante op die mark beskikbaar is, behoort *Noona Basic Piano Starter Book* tog wel met 'n mate van sukses vir persone met C-kwadrantvoorkeure gebruik te kan word. C-kwadrante sal aanklank vind by van die fasette wat na vore kom, soos die lang periode van preleesnotasie en die samespel met andere. Hulle sal dit ook geniet om van die stukke na ander toonsoorte te transponeer.

Hierdie boek sal nie 'n geskikte keuse wees vir baie intelligente of ooglopend uitstaande musikale leerders nie. Leerders wat 'n meer gemiddelde en selfs ondergemiddelde intelligensie en/of musikale potensiaal toon, mag baie goed vaar met die aanbieding in *Noona Basic Piano Starter Book.*

## 5.11 VEELVULDIGE TOONSOORTBENADERING

Twee boekreekse resorteer onder hierdie kategorie, naamlik die Bastien- en Alfred-reekse. In die Bastien-reeks word twee kategorieë beginnersboeke bespreek, vir jong beginners en vir effens ouer beginners, asook 'n aantal addisionele boeke vir bladlees, teorie en tegniek. In die Alfred-reeks word slegs die heel eerste beginnersboek bespreek.

### 5.11.1 Die Bastien-reeks vir beginners

Die groot hoeveelheid klavieronderrigmateriaal wat deur die Bastien-familie op die mark geplaas is, vorm een van die hoekstene van die Amerikaanse klavierpedagogiek. Volgens Baker-Jordan is Jane Bastien, die eggenote van James en die moeder van Lori en Liza, die "stuurman" aan die roer. Baker-Jordan (2003:171) skryf soos volg:

> Jane's love and enthusiasm for teaching is well known and contagious. By constantly teaching all ages and levels, she brings a vast amount of pragmatic knowledge to the Bastien materials along with her compositional talents. Lori and Liza are following in Jane's footsteps and have already made major contributions to several other Bastien teaching materials.

Die verskillende beginnersreekse wat deur James en Jane Smisor Bastien saamgestel is, bevat 'n groot aantal boeke. Dit veroorsaak probleme vir onderwysers, omdat daar onsekerheid bestaan oor watter van hierdie beginnersboeke die beste is vir 'n spesifieke beginner en waar sulke boeke in die reeks inpas. Onderwysers weet ook nie altyd of dit nodig is om aanvullende materiaal met die beginnersboeke te gebruik nie en watter van die boeke in kombinasie met mekaar gebruik moet word nie. Boekwinkels beskik baie dikwels nie oor al die boeke nie en daar kan maklik leemtes in die aanbieding as gevolg hiervan ontstaan.

Daar is twee reekse uit die Bastien-stal: *Bastien Piano Basics* en *The Bastien Piano Library*. Alhoewel *Bastien Piano Basics* dieselfde konsepte op feitlik dieselfde manier aanbied as *Bastien Piano Library*, bestaan daar tog verskeie verskille tussen die twee reekse. Die verskille in skryfstyl is veral van belang: die linkerhand van *Piano Basics* bevat minder akkoorde en skep sodoende 'n groter onafhanklikheid van die hande. Konsepte word ook bondiger aangebied. Daar is minder woorde vir die leerders om te lees met die gevolg dat die bladuitleg nie so besig is nie (Bastien 1995:49).[92]

*Bastien Piano Basics* bestaan uit twee stelle beginnersboeke – een vir die baie jong beginner van vyf tot ses jaar (*Piano for the Young Beginner*) en 'n ander vir die ietwat ouer beginner van sewe tot tien jaar (*Piano: Primer*). Na voltooiing van enige een van hierdie beginnersreekse is die leerder gereed om voort te gaan met *Level 1*.

#### ***5.11.1.1 Die reeks: James Bastien. Bastien Piano Basics: Piano for the Young Beginner***

(1987. San Diego, Kalifornië)

Hierdie reeks bestaan uit vier boeke:[93]

---

[92] Die boekreeks uit die *Piano Library*-reeks word nie behandel nie. 'n Ondersoek na die lesboek, *Piano Lessons, Primer Level* deur James Bastien, het getoon dat informasie so vinnig aangebied word dat dit nie as 'n haalbare opsie vir 'n beginnerleerder beskou kan word nie. Die lesboek is ook aanbeveel vir leerders van sewe tot tien jaar. In die lig van die nuwe informasie oor geleentheidsvensters, is sewe jaar alreeds 'n laat ouderdom om met onderrig te begin. Dit wil verder ook voorkom asof daar nie later, hersiene uitgawes van die spesifieke boek is nie. Die afleiding kan gemaak word dat die outeur besef het dat die veelvuldige toonsoortbenadering aangepas sal moet word, omdat dit te vinnig beweeg vir die deursnee beginnerleerder.

[93] In die bespreking van die *Bastien*-materiaal vir beginners, word meer as een boek van 'n reeks behandel. Om logistiese redes word na die eerste kernboek waarin die informasie eerste verskaf word, verwys as die **lesboek**.

- *Piano for the Young Beginner Primer A*
- *Piano for the Young Beginner Primer B*
- *Theory & Technic for the Young Beginner Primer A*
- *Theory & Technic for the Young Beginner Primer B.*

#### *5.11.1.2 James Bastien. Piano for the Young Beginner Primer A*

Primer A beslaan 47 bladsye en begin met gekleurde prente van die klavier, die korrekte sitposisie voor die klavier, die korrekte handposisie en sketse van die linker- en regterhand, vingers en vingernommers. Hierna word die groeperings van swart en wit klawers aangedui en die begrippe laag en hoog verduidelik (pp. 4-7).

**Benadering**

Alhoewel dit nie deur die samestellers in die Voorwoord genoem is nie, word hierdie beginnersboeke gebaseer op die (geleidelike) veelvuldige toonsoortmetode (Baker-Jordan 2003:172). Baker-Jordan (2003:172) beklemtoon dat intervalle ook volgens hierdie benadering beklemtoon word … *intervals are equally stressed within the multi-key approach – described as "positions" such as Middle C position.* Die aanleer van note op die klawerbord en later op die notebalk stem in hierdie vroeë stadium inderdaad ooreen met die Middel-C-benadering. Die eerste handposisie wat aangeleer word en wat reg deur hierdie eerste boek gebruik word, is die Middel-C-posisie. Eers in die opvolgboek, *Piano for the Young Beginner Primer B*, word die C-majeurposisie aangeleer. Die aanleer van die twaalf verskillende toonsoorte begin eers vanaf *Level 1*.

**Prelees**

Prelees vind eers op swart klawers plaas en daarna op wit klawers.

**Swart klawers**

Slegs twee stukke word op die swart klawers gespeel (pp. 8-9). Die toonduurtes van kwart- en halfnote word verduidelik, asook mate en maatstrepe. Vir die kwartnoot moet die leerder *quarter* tel en vir die halfnoot *half note.* Hierdie wyse van tel word die Amerikaanse telmetode genoem omdat dit aanvanklik hoofsaaklik in Amerika gebruik is.[94] Die omvang van hierdie afdeling word beperk tot die groepe swart klawers in die middel van die klawerbord. Tydsoorttekens word nie verskaf nie, alhoewel die stukke verdeel word in mate met vier kwartnote per maat.

**Wit klawers**

---

[94] Die Amerikaanse telwyse word ook in die Alfredreeks gebruik. Kyk op p. 295 vir verdere informasie.

Sewentien stukke word op wit klawers gespeel (pp. 10-27). Die heelnoot word op p. 15 aangeleer met die aanbevole manier van tel: *whole note hold it*. Binne die bestek van sewe bladsye (pp. 10-16) word nege note volgens preleesnotasie aangeleer. Hierdie nege note vorm die totale omvang van note wat in *Piano for the Young Beginner Primer A* gebruik word.

Die melodielyn van die stukke in die preleesafdeling bestaan uit herhaalde note, sekunde-, terts- en kwartintervalle. Geen verduideliking word verskaf van die interval-afstande tussen note nie. Die stukke word voorsien van tekste wat in die meeste gevalle goed by die musiek pas.[95]

Die Middel-C-posisie op die klawerbord word op p. 18 aangetoon. *Old MacDonald* (pp. 18-19) word met twee hande afwisselend in die Middel-C-posisie gespeel. Die lastige kwartsprong in die eerste maat word deur die linkerhand gespeel. Geen verwysing word na hierdie intervalsprong gemaak nie. Dit mag tegnies moeilik uitvoerbaar wees vir jong beginners met klein hande. Sou die sprong verdeel word tussen twee hande, sal die stuk veel makliker speel.[96]

Die gepunteerde halfnoot word baie kortliks op p. 20 verduidelik. Die leerder word aangesê om *Half note dot* te tel. Die tydsoorttekens van twee-, drie- en vierslagmaat word onderskeidelik op pp. 22, 24 en 26 verduidelik. Die leerder word nou die keuse gebied om óf numeries te tel óf die Amerikaanse telmetode te gebruik. Al die stukke in hierdie preleesafdeling op wit klawers is op die Middel-C-posisie gebaseer.

**Notasie en stukke**

Notelees geskied deur intervalherkenning. Die oorgang van prelees na notasielees geskied baie vinnig. Leerders word, sonder enige verduideliking vooraf, blootgestel aan die notebalke van die regterhand (p. 28) en die linkerhand (p. 32). Geen verwysing word na die sopraan- of bassleuteltekens gemaak nie. Die begrip van buurnote of trappe (*stepping notes*) word eerste verduidelik (p. 28) en die notasie op die notebalk daarna getoon. Middel-C, D en E (sopraannotebalk) word gelyktydig aangeleer. Herhaalde note word op p. 30 verduidelik.

Op p. 32 word dieselfde proses met die linkerhand herhaal en word die leerder bekendgestel aan drie note van Middel-C-posisie vir die linkerhand – Middel-C, B en A. Soos met die regterhand gebeur het, word hierdie drie note in die volgende vier stukke in trapsgewyse

---

[95] Die begrippe laag en hoog word nie suksesvol verduidelik in *Snow in winter* (p. 16) nie. Die melodielyn styg terwyl die woorde beskryf dat die sneeu na onder val (*it comes down).*

[96] In *The Green Book* (John Schaum 1996) word dieselfde lied op so 'n manier verwerk dat die linkerhand nie hierdie sprong alleen hoef te speel nie. Ook in *The Music Tree*-reeks (Clark et al. 2002) word hierdie probleem beter hanteer deur die sprong tussen twee hande te verdeel.

beweging en herhaalde note gebruik (pp. 32-35). Vanaf pp. 28-36 word notasie net op een notebalk geskryf. Hierdie skryfwyse kan nie aanbeveel word nie. Die leerder sal 'n beter insig in die notasieproses hê indien die groot notebalk vanaf die begin gebruik word.

Die groot notebalk, waarop die " verkleinde" Middel-C-posisie (vyf note, A-E) verskyn, is die begin van 'n afdeling waarin die twee hande om die beurt in een stuk speel (p. 36). Op p. 38 word die Middel-C-posisie getoon wat uit sewe note bestaan (G onderkant Middel-C tot F bokant Middel-C). *Skipping notes* is 'n kort fragment waarin albei tipes tertsspronge, van lyn tot lyn en van spasie tot spasie, gelyktydig bekendgestel word. Die bekende liedjie, *Yankee Doodle*, verskyn op p. 39. Die melodielyn word tussen die hande verdeel en albei tipes tertsspronge kom hierin voor.

Die volledige Middel-C-posisie van nege note verskyn op p. 42. Alhoewel kwartspronge nog nie verduidelik is nie, nie in die preleesafdeling en ook nie in notasie nie, word 'n kwartsprong wel in *Jolly Old Saint Nicholas* (p. 44) gebruik.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleidings**

Geen duetparty word in die preleesseksie gebruik nie. Die eerste duetbegeleiding verskyn eers op p. 31 en verskyn daarna by tien van die volgende veertien stukke. Die duetbegeleidings is meestal eenvoudig en nie baie opwindend nie.

**Toonsoorte**

Afgesien van die twee preleesstukke op swart klawers, is die stukke, op een na, almal in C. *Night owl* (p. 34) is in a.

**Omvang**

Die nege note van die Middel-C-posisie.

**Teorie**

Geen. Leerders moet vir hierdie aspek van hul ontwikkeling *Theory & Technic for the Young Beginner Primer A* gebruik.

**Tegniese oefeninge**

Geen. Leerders moet vir hierdie aspek van hul ontwikkeling *Theory & Technic for the Young Beginner Primer A* gebruik.

**Illustrasies**

Die kleur wat vir die illustrasies gebruik word is ietwat gedemp, maar die prentjies vertoon tog kleurvol. Dit illustreer op vindingryke wyse elke faset wat behandel word. Dit kan as een van die mees suksesvolle aspekte van *Piano for the Young Beginner Primer A* beskou word. Die bladuitleg is in die algemeen nie te besig nie, veral ook omdat min geskrewe instruksies voorkom.

**Nootwaardes en ritme**

Kwart-, half-, gepunteerde half- en heelnote word aangeleer. Telling vind aanvanklik volgens die Amerikaanse telmetode plaas. Wanneer met tydsoorttekens begin word, word die leerder die keuse gebied om óf numeries óf volgens die Amerikaanse metode te tel. Geen spesiale fokus word geplaas op die handhawing van 'n ritmiese polsslag nie en ook nie vir die behoorlike vaslegging van ritmepatrone nie. Stukke in twee-, drie- en vierslagmaat word gebruik.

**Evaluasie**

Die lang periode van prelees help die leerder om baie van die basiese vaardighede te bemeester voordat die leerproses 'n aanvang neem. Die aanbieding van die preleesgedeelte kan egter wel gekritiseer word, omdat die aanbieding nie altyd oortuigend is nie. Daar word geen geleentheid gebied om oor die hele omvang van die klawerbord te speel nie, en spel word dwarsdeur die preleesgedeelte beperk tot die middel van die klavier.

In teenstelling met die relatief lang periode van prelees, beweeg *Piano for the Young Beginner Primer A* in die laaste gedeelte van die lesboek baie vinnig met die aanbieding van nuwe informasie. Leerders wat stadig leer, mag probleme ervaar om die informasie behoorlik te assimileer. Die oorgang vanaf die preleesgedeelte na die notasiegedeelte word besonder swak hanteer deurdat daar geen verduideliking verskaf word van wat besig is om te gebeur nie. Daar word geen melding gemaak van die notebalk met lyne en spasies en die onderskeie sleuteltekens nie.

Word *Piano for the Young Beginner Primer A* byvoorbeeld vergelyk met die beginnersreekse van Faber en Faber (1996a) en Clark et al. (2002), is laasgenoemde twee reekse veel beter, juis omdat geen "foute" begaan word met die ordelike aanbieding van konsepte nie, dit meer omvattend is en veel meer herhaling insluit. Die aanbieding van tertsspronge, byvoorbeeld, word in die Faberreeks eers net aangebied van lyn tot lyn en daarna van spasie tot spasie. In *Piano for the Young Beginner Primer A* word albei tertsspronge gelyktydig in een les aangebied, terwyl twee nuwe note terselfdertyd aangeleer word. Kwartspronge kom voor in die prelees- en notasiegedeeltes sonder dat dit ooit verduidelik word.

Ten spyte van die feit dat die reeks op die veelvuldige toonsoortmetode geskoei is, is die omvang van hierdie eerste lesboek beperk tot nege note, soos gewoonlik die geval is met beginnersboeke wat op die Middel-C-benadering gebaseer is. Die stukke is baie eenvormig en nie altyd interessant om te speel of na te luister nie. Bowendien word die duetparty eers baie laat in die boek bygevoeg. Dit sou beter wees indien duetbegeleidings reeds in die begin van die lesboek ingefaseer word, omdat duetspel die lesse aangenamer en opwindender maak, veral op 'n stadium wanneer die kind se eie speelvermoë net tot 'n paar note beperk is.

Die musikale waarde van *Piano for the Young Beginner Primer A* oortuig nie. Van die stukke klink baie eenders, is vervelig en bied weinig uitdaging aan die leerder. Baie min bekende kinderliedjies of volkswysies word gebruik en 'n groot persentasie van die stukke bestaan net uit trapsgewyse beweging op en af oor die klawerbord.

**Kwadrantvoorkeure: James Bastien. *Piano for the Young Beginner Primer A***

(Sien tabel 21, p. 267)

**Tabel 21: Kwadrantvoorkeure: James Bastien. *Piano for the Young Beginner Primer A***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| A-kwadrante sal waarskynlik nie baie hou van die manier waarop informasie aangebied word nie. Vir dié leerders wat self kan lees verskyn daar te min geskrewe riglyne om begrippe en musikale aspekte te verduidelik en soms, soos by die oorgang van die preleesafdeling na notasie, word geen agtergrondvoorligting verskaf nie. Informasie word nie orals sistematies aangebied nie, en soms word noodsaaklike kennis nie voorsien nie. Voorbeelde hiervan is die G- en F-sleutels wat gebruik word maar nooit verduidelik word nie. Die sprong van 'n vierde in *Jolly old Saint Nicholas* is ook nie vooraf verduidelik nie. Die nalaat van hierdie tipe informasievoorsiening mag daartoe lei dat A-kwadrante nie veel vertroue in hierdie beginnersboek sal hê nie.<br><br>Die A-kwadrante sal moontlik nie baie hou van die groot illustrasies nie, alhoewel die kleure redelik gedemp is. | Leerders met B-kwadrantvoorkeure sal hou van die lang periode van prelees wat die lees van notasie voorafgaan. Hulle sal ook hou van die tipe Middel-C-benadering waarvolgens nuwe note op die notebalk aangeleer word, alhoewel die gelyktydige aanleer van drie nuwe note per keer in notasie waarskynlik as te vinnig ervaar sal word.<br><br>Die gebrekkige voorligting wat soms verskaf word, soos tydens die oorgang na notasie op die notebalk, sal nie byval vind by hierdie tipe leerder nie. So ook sal die swak hantering van die kwartinterval hierdie analitiese tipe leerder frustreer.<br><br>Die stukke wat dikwels net trapsgewys op en af beweeg, sal nie vir hierdie leerders vervelig of onopwindend wees nie, maar eerder 'n manier om goeie vaslegging van vaardighede te verseker. | C-kwadrante mag hou van die mensgeöriënteerde illustrasies. Nogtans sal *Piano for the Young Beginner Primer A* waarskynlik nie veel aanklank vind by leerders met hierdie leervoorkeur nie. Daar verskyn te min duette om die musiek werklik lewendig en interessant te maak en samewerking met ander persone te fasiliteer. Min geleentheid word gebied vir kinestetiese beweging, soos byvoorbeeld ritmiese klap-oefeninge en beweging van die hande in verskillende oktawe oor die omvang van die hele klawerbord heen. Selfs tydens die swartklawer-gedeelte word geen geleentheid gebied om oor 'n wyer omvang te speel nie.<br><br>Die musikale gehalte van die stukke sal nie opwindend genoeg vir hierdie musikale leerders wees nie. | Hierdie leerders sal waarskynlik baie hou van die illustrasies. Dit sal hulle ook help om van die teoretiese fasette beter te verstaan, soos byvoorbeeld die trappe en spronge. Die beperking van die omvang en die groot aantal stukke wat baie eners klink, sal egter as oninteressant en nie uitdagend genoeg ervaar word en D-kwadrante sal om hierdie rede nie veel aanklank vind by hierdie beginnersboek nie. |

### *5.11.1.3 James Bastien. Theory & Technic for the Young Beginner Primer A*

(1987)

Hierdie aanvullende boek beslaan 40 bladsye en is bedoel om saam met die lesboek, *Piano for the Young Beginner Primer A*, gebruik te word. Dit beweeg stap vir stap met die aanbieding in die lesboek en bied nie alleen teorie- en vingeroefeninge aan nie, maar verskaf ook addisionele informasie. Al die verskillende aspekte van notelees word weer verduidelik, dikwels veel meer uitvoerig as in die lesboek self. Met die oorgang van preleesnotasie na notasie word die groot notebalk met vyf lyne en vier spasies verduidelik (p. 24). Die sopraan- en bassleutels word baie volledig beskryf en geïllustreer op pp. 25 en 28 onderskeidelik en die groot notebalk op p. 30. Ook trappe (p. 26), herhaalde note (p. 27) en spronge (p. 31) word in hierdie boek veel vollediger en verstaanbaarder verduidelik as in die lesboek self (pp. 26-32). Die illustrasies beeld die verskillende konsepte op voortreflike wyse uit. Die illustrasies sal 'n groot hulpmiddel wees vir leerders wat verkieslik deur middel van beelding leer. Die laaste gedeelte van die boek (pp. 32-37) word uitsluitlik aan tegniese ontwikkeling bestee en bevat oefeninge met herhaalde note en tertsspronge.

### *5.11.1.4 James Bastien. Piano for the Young Beginner Primer B*

(1987)

*Piano for the Young Beginner Primer B* beslaan 46 bladsye en begin dadelik met stukke in die Middel-C-posisie.

**Benadering**

Die benadering in hierdie tweede beginnersboek is meer duidelik herkenbaar as geskoei op die veelvuldige toonsoortmetode. Geen verwysing word egter na toonsoorte gemaak nie. Toonsoorttekens word ook nie aangedui nie.

**Prelees**

Geen.

**Notasie en stukke**

Notasielees sluit aan by wat reeds in *Piano for the Young Beginner Primer A* gedoen is, en die leesproses vind plaas deur die lees van intervalle, dus die onderlinge afstand tussen note. Intervalle vanaf 'n sekunde tot 'n kwint word stelselmatig aangeleer. Met elke nuwe interval wat aangeleer word, volg vier stukke waarin die toepassing en vaslegging van die interval plaasvind. Die Middel-C-posisie word op p. 4 aangetoon, in notasie en ook in 'n skets van die klawerbord. Agstenote word op p. 6 verduidelik. Die leerder word weer voor die keuse gestel om óf numeries óf volgens die Amerikaanse metode te tel. Behalwe vir 'n

tertssprong wat op p. 6 voorkom (*Two little blackbirds*) bestaan die stukke tot by p. 15 uit trapsgewyse beweging en herhaalde note.

Die C-majeurposisie word boaan p. 8 vir die eerste keer vertoon. Die res van die stukke in *Piano for the Young Beginner Primer B* is op hierdie posisie gebaseer. Dit het tot gevolg dat die twee note net onder Middel-C (B en A), nooit weer in hierdie lesboek voorkom nie. Die grootste verskil tussen *Piano for the Young Beginner Primer A* en *Piano for the Young Beginner Primer B* is dat eersgenoemde gebaseer is op die Middel-C-posisie en laasgenoemde op die C-majeurposisie en later ook op die G-posisie. Dit is die eerste trap in die rigting van die geleidelike veelvoudige toonsoortbenadering wat eers later in die reeks beslag kry. Na die bekendstelling van die C-majeurposisie word die notasie van C, D en E in die bassleutel gelyktydig aangeleer. Drie van die volgende vier stukke (pp. 8-11) is gebaseer op hierdie nuwe posisie en bestaan uit trapsgewyse beweging van C tot G en weer terug na C met die regter- en linkerhand afsonderlik. Duetbegeleiding word by sommige stukke verskaf.

Vanaf p. 12 word op intervalle gekonsentreer. Die sekunde (p. 12) en terts (p. 16) word weereens verduidelik. Soos in *Piano for the Young Beginner Primer A* word beide tipes tertssprونge terselfdertyd aangeleer – van lyn tot lyn en spasie tot spasie. Tertsintervalle word vervolgens in vier eenvoudige stukke gebruik. Fraseringsboë word op p. 18 verduidelik. Geen melding word van frasestruktuur gemaak nie, slegs dat 'n fraseringsboog 'n geboë lyn is wat bo-oor 'n aantal note gevind word, dat die note ... *smooth and connected* gespeel moet word en dat die hand gelig moet word aan die einde van die fraseringsboog. In die laaste liedjie van hierdie groepie, *My gray cat* (p. 19), word die bindboog verduidelik.

Kwartintervalle word op p. 20 aangeleer. Die volgende vier stukke is almal in F. Die toonsoort word nie genoem nie en toonsoorttekens word nie gebruik nie. Fraseringsboë kom voor in die stukke op pp. 20, 21 en 23, maar *At the zoo* (p. 22) word sonder fraseringsboë genoteer.

Kwintintervalle word op p. 24 verduidelik en word herhaaldelik in die volgende vier stukke gebruik (pp. 24-27). Die toonsoort is nou weer C. Fraseringsboë word net in drie van die vier stukke aangetoon. Die heelnootrus word op p. 26 verduidelik.


Die kruisteken word op p. 28 bekendgestel. Ses verskillende kruise word in een-maat-fragmente van die klawerbord aangetoon. Hierdie wyse van verduideliking, waarvolgens notevoorbeelde aangedui word wat uit slegs een noot op een notebalk per keer bestaan, kan nie as suksesvol beskou word nie en jong leerders sal dit waarskynlik verwarrend vind omdat die konteks waarin die kruise gebruik word, nie in die voorbeelde verskyn nie. Die probleem is daarin geleë dat die leerder nie die groot notebalk met bas- en

sopraannotebalke visueel kan waarneem nie en dus nie intervallees of rigtinglees kan gebruik om die noot en kruis te identifiseer nie. In *Church bells* (p. 28) kom 'n F-kruis as skuifteken voor en in *Floating clouds* (p. 29) word twee kruise (C- en D-kruis) in die sopraan- en basnotebalke gebruik. Geen verdere kruise kom in *Piano for the Young Beginner Primer B* voor nie. Die verskille tussen melodiese en harmoniese intervalle word op p. 30 verduidelik. In *Indian drums* (p. 31) verskyn harmoniese kwart- en kwinttweeklanke asook kwartnootruste wat boaan die bladsy verduidelik is.

Staccato-aanslag word op p. 32 soos volg verduidelik: *… play short, separating the tones ... To play staccato, let the key go immediately after playing.* Staccato-note kom in die volgende twee stukke voor (pp. 32 en 33). Omdat die tekstuur en ritme van albei stukke eenvoudig is, kan dit as 'n geslaagde poging beskou word om leerders vertroud te maak met die nuwe aanslag.

Die G-posisie met 'n afstand van twee oktawe tussen die twee hande word op p. 34 bekendgestel. Dit beteken dat vier nuwe note (A, B, C en D bokant Middel-C) op die sopraannotebalk en G, A en B op die basnotebalk gelyktydig aangeleer word.

Die volgende tien stukke (tot aan die einde van die lesboek) is almal in G of g. Geen toonsoorttekens word by enige van die stukke verskaf nie. Inderwaarheid word daar dus "verkeerde" visuele informasie aan die brein voorsien. In *Love somebody* (p. 37) (kyk figuur 26) word die melodie hoofsaaklik in agstenote met die regterhand gespeel terwyl die linkerhand die begeleiding verskaf in die vorm van harmoniese kwinte. Die melodie in die regterhand word verdeel in frases wat legato gespeel moet word, terwyl die begeleidingsfiguur in die linkerhand 'n kwartnootrus in sommige mate het. Dit is 'n moeilike beweging vir 'n jong beginner om uit te voer. Agstenote kom in hierdie moeilike stuk vir die eerste keer weer voor nadat dit nie in die laaste elf stukke gebruik is nie.




**Figuur 26: *Piano for the Young Beginner Primer B*** (Bastien 1987b:37)

Die halfnootrus word op p. 38 verduidelik en moltekens op p. 40. Daar word op dieselfde omslagtige wyse te werk gegaan met die aanleer van die moltekens as met die bekendstelling van kruise. Die volgende vier stukke is almal in g. Dit is interessant dat toonsoorttekens nooit gebruik word nie, selfs al kom sekere toonsoorte herhaaldelik voor (soos G in ses stukke en g in vier stukke). In die laaste stuk, *Little Indian brave* (p. 44), word harmoniese kwinttweeklanke met staccato-aanslag deur die linkerhand gespeel terwyl die legato melodielyn deur die regterhand gespeel word.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleidings**

Duetbegeleidings verskyn by 14 van die 39 stukke.

**Toonsoorte**

C, G, F en g.

**Omvang**

19 note, vanaf G, eerste lyn van die basnotebalk tot D, vierde lyn van die sopraannotebalk.

**Teorie**

Geen. Leerders moet vir hierdie aspek van hul ontwikkeling *Theory & Technic for the Young Beginner Primer A* gebruik.

**Tegniese oefeninge**

Geen. Leerders moet vir hierdie aspek van hul ontwikkeling *Theory & Technic for the Young Beginner Primer A* gebruik.

**Ilustrasies**

Die illustrasies is kleurvol en vindingryk, baie soos dié in *Piano for the Young Beginner Primer A*. Dit is meestal nie te groot en oorweldigend nie en die bladuitleg is gevolglik nie te besig nie. Die sketse help om die inhoud van die teks van die liedjies duidelik te maak en sal veral van hulp wees by leerders wat verkies om volgens beelding te leer.

**Nootwaardes en ritme**

Die agstenoot word nuut aangeleer (p. 6). Die leerder word 'n keuse gebied van hoe om te tel – volgens die Amerikaanse telmetode of numeries. Die nadele verbonde aan eersgenoemde manier van tel, word op pp. 295 bespreek. Agstenote verskyn net in sewe van die volgende 39 stukke.

**Staccato**

Die eerste toepassing van staccato-aanslag verskyn in twee stukke (pp. 32 en 33). Omdat die stukke so eenvoudig en maklik is om te speel, sal dit leerders help om al hulle aandag aan die nuwe tegniese faset te wy. Staccato-note verskyn, na die inisiële verskyning, net in drie van die volgende tien stukke, en dan meestal by herhaalde note en harmoniese tweeklanke. In die laaste stuk in die lesboek, *Little Indian brave* (p. 44), speel die linkerhand staccato tweeklanke (kwint) terwyl die regterhand 'n legato-melodie daarteen speel. Jong beginners mag dit moeilik vind om twee verskillende tipes aanslae gelyktydig uit te voer.

**Evaluasie**

Die aanbieding van nuwe informasie is nie altyd sistematies nie en daar word soms nie genoeg tyd bestee aan die behoorlike vaslegging van die verskillende fasette van notasie nie. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- Die agstenoot verskyn na die bekendstelling daarvan op p. 6 net in sewe van die daaropvolgende 39 stukke.
- Na die verduideliking van 'n fraseringsboog (p. 18), verskyn verskeie stukke (op pp. 22, 25, 31, 32, 33, 36) waarin geen fraseringsboë gebruik word nie. Dit kan die persepsie by leerders laat dat net sekere stukke in frases verdeel word en ander nie.
- Die staccato-aanslag word baie kripties verduidelik (p. 32), waarna dit in twee stukke gebruik word, en daarna in slegs drie van die volgende tien stukke voorkom. Dit is nie genoeg herhaling om hierdie tipe aanslag goed te vestig nie. Dit word boonop soms in toonsettings gebruik waar die een hand legato speel en die ander hand staccato.

'n Ander faset van *Piano for the Young Beginner Primer B* wat gekritiseer kan word, is die aanbieding van kruise en molle. Veel meer kruis- en moltekens word verduidelik en vertoon as wat in die opvolgstukke gebruik word, en van hierdie verhogings en verlagings kom nooit weer in die lesboek voor nie. Die aanleer en aantoon van ses kruise in verskillende posisies op fragmente van die notebalk (p. 28) is op hierdie tydstip onnodig verwarrend omdat die leerder tot dusver, en tot op p. 34, slegs in die C-majeurposisie speel en ook nog nie begin het met die aanleer van toonlere nie. Dieselfde beswaar geld wanneer ses molle aangeleer word (p. 40) en slegs B-mol (op albei notebalke) in die daaropvolgende stukke gebruik word. Dit is belangriker dat die beginsel gesnap word.

Die musikale gehalte van die stukke in hierdie tweede beginnersboek verskyn, stem baie ooreen met dié in *Piano for the Young Beginner Primer A.* Van die wysies is baie voorspelbaar en eentonig en bied nie werklik uitdaging in die bemeestering daarvan nie.

Die vinnige pas van aanbieding sal noodwendig vir party leerders probleme veroorsaak. Dit moet egter onthou word dat *Piano for the Young Beginner Primer B* verkieslik nie in isolasie gebruik moet word nie, maar saam met addisionele boeke wat sal help om begrippe vas te lê.

Sommige nuwe begrippe word baie sistematies hanteer, soos byvoorbeeld die aanleer van die verskillende intervalle. Elke nuwe interval wat aangeleer word, verskyn herhaaldelik in die daaropvolgende stukke. Wat nie sistematies aangeleer word nie, is die verduideliking van die G-posisie waar vier "nuwe" note gelyktydig op die sopraannotebalk aangeleer word. Nie genoeg herhaling van die note in hierdie uitgebreide omvang word voorsien nie. Dit val ook op dat die linkerhandnote van die Middel-C-posisie (A en B) nooit weer gebruik word nadat die C-majeurposisie verduidelik is nie. Een van die belangrikste riglyne wat die neurowetenskap aan die opvoedkunde in die algemeen verskaf het, is juis dat volhoudende herhaling nodig is vir die ontwikkeling van neuronale verbindingsnetwerke wat onontbeerlik is vir die ontwikkeling en vaslegging van langtermyngeheue en vaardighede.

**Kwadrantvoorkeure: James Bastien. *Piano for the Young Beginner Primer B***

(Sien tabel 22, p. 274)

**Tabel 22: Kwadrantvoorkeure: James Bastien. *Piano for the Young Beginner Primer B***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Sommige A-kwadrante mag hou van die aanbieding van konsepte omdat dit op die oog af logies voorkom. Tog mag die meer ondersoekende A-kwadrantleerder probleme ondervind met die gebruik van hierdie lesboek, hoofsaaklik omdat die vaslegging van vaardighede en kennis as onvoldoende en ook as onordelik beskou mag word. Voorbeelde hiervan is die wyse waarop die agstenoot en staccato-aanslag hanteer word. Met die aanleer van fraseringsboë word geen verdui-deliking van frasestruktuur voorsien nie en fraseringsboë word ook nie konsekwent in stukke gebruik nie. Dit is 'n ernstige tekortkoming en A-kwadrante sal meer logiese verdui-delikings en toepassing verwag.<br><br>A-kwadrante wat nuwe stukke maklik aanleer, sal nie werklik bevrediging put uit die tipe stukke wat in hierdie beginnersboek geplaas is nie. Baie daarvan is op dieselfde patroon gebaseer en bied nie 'n uitdaging in die bemeestering daarvan nie. | Omdat informasie nie sistematies en ordelik aangebied word nie, is dit waarskynlik raadsaam om nie *Piano for the Young Beginner Primer B* vir B-kwadrante te gebruik nie. Die inkonsekwentheid met die aanbieding en die onvoldoende vaslegging van aspekte soos agstenote, skuiftekens, frasering en die G-posisie, sal deur hierdie leerders as onbevredigend ervaar word. | Hierdie leerders sal waarskynlik baie hou van die illustrasies wat so kundig aangebring is en die menslike eienskappe wat in baie van die prentjies uitgebeeld is. Vir persone wat hou van sosiale interaksie en graag aktiwiteite saam met ander beoefen, verskyn daar egter te min duetbegeleidings.<br><br>Die stukke wat in die boek voorkom, sal waarskynlik die C-kwadrante teleurstel. Die meeste daarvan is voorspelbaar omdat dieselfde melodiese patroon (soos trapsgewyse beweging op en af) so dikwels voorkom. Die musikale gehalte is dikwels nie hoogstaande nie en in sommige stukke is die toonsoort nie oortuigend nie (*Humpty Dumpty*, p. 13). Van die opwinding daaraan verbonde om bekende volkswysies of kinder-liedere te speel, kom in *Piano for the Young Beginner Primer B* weinig tereg. | D-kwadrante sal waarskynlik hou van die kleurvolle en vindingryke illustrasies wat help om elke faset duidelik te maak en die woorde van die liedere op te helder. Alhoewel baie van die stukke onopwindend is en tot verveling kan lei, is daar wel 'n paar stukkke, soos onder meer *Little Indian brave* (p. 44) wat interessant is en tesame met die sketse die verbeelding prikkel. In die algemeen gesien is *Piano for the Young Beginner Primer B* egter té voorspelbaar en bevat dit nie opwindende voorstelle soos transponering en improvisasie nie. |

#### *5.11.1.5 James Bastien. Theory & Technic for the Young Beginner Primer B* (1987)

Hierdie boek beslaan ook 40 bladsye en bestaan uit verduidelikings van al die verskillende konsepte wat in die lesboek behandel is, asook teorie-oefeninge en tegniese oefeninge. Die verduidelikings van die konsepte soos nootwaardes en intervalle is inderwaarheid veel beter as in die lesboek. Die wyse waarop agstenote, skuiftekens en melodiese en harmoniese intervalle verduidelik word, is byvoorbeeld baie meer logies as in *Piano for the Young Beginner Primer B.* Ten spyte van die uitgebreide verduideliking van agstenote op p. 6, word hierdie nootwaardes min gebruik in die res van die boek (slegs 8 uit 'n totaal van 30 stukke.) Die illustrasies in *Theory & Technic for the Young Beginner Primer B*, is soos dié van sy voorganger, van die suksesvolste aspekte in die boek. Illustrasies is belangrik omdat sommige leerders makliker en beter leer wanneer hulle konsepte visueel kan waarneem. In die *Technic*-gedeeltes word al die konsepte wat reeds behandel is, geïnkorporeer. Dit is enersyds daarop gemik om leerders se tegniese vermoëns te verbeter en andersyds is dit so gestruktureer dat al die verskillende konsepte wat behandel word in die oefeninge herbeklemtoon word. In die geheel gesien is hierdie 'n waardevolle en absoluut onmisbare toevoeging tot die gebruik van die primêre lesboek.

**Slotsom**

Dit wil voorkom asof die beginnersreeks van James Bastien, *Piano for the Young Beginner Primers A & B*, algemeen in Suid-Afrika deur musiekonderwysers gebruik word.[97] Die gewildheid van hierdie beginnersboeke kan waarskynlik toegeskryf word aan bekendstellingstoere wat deur James en Jane Bastien in Suid-Afrika onderneem is. Die boeke is meestal ook in musiekboekwinkels beskikbaar en dit is moontlik ook 'n rede waarom klavieronderwysers dit aankoop.

Volgens Fourie (2004), wat 'n paar dae by die Bastienskool deurgebring het, behaal die Bastiens groot sukses in Amerika met hul onderwys en onderrigmateriaal. Tog het 'n ontleding van die twee lesboeke vir vyf- en sesjarige, asook sewe- tot tienjarige leerders, getoon dat hulle op hulle eie nie as geslaagde beginnersboeke beskou kan word nie. Informasie word nie altyd suksesvol oorgedra nie en leerders kan die aanbieding as onlogies en verwarrend ervaar. Konsepte word vinnig na mekaar aangebied en daar word nie genoegsame herhaling toegelaat wat veilige neuronale vaslegging sal verseker nie. Die sukses wat die Bastiens in hulle skool met hulle leerders behaal, mag natuurlik aangehelp word deur die wyse waarop die onderwysers die onderrig aanbied. Goeie onderwysers

[97] Dit is slegs 'n aanname, gegrond op waarneming.

gebruik nie noodwendig net wat in 'n lesboek staan nie, maar kan dit op verskeie maniere aanvul.

'n Hele aantal redes kan gegee word waarom *Piano for the Young Beginner Primers A en B* nie sonder voorbehoud aan leerders gegee kan word nie. Die grootste beswaar wat leerders met linkerhemisferiese kognitiewe style teen hierdie aanbieding mag inbring, is dat daar nie altyd logies en sistematies te werk gegaan word met die aanbieding van informasie nie en veral die B-kwadrante mag voel dat daar nie genoegsame herhaling is vir die vaslegging van basiese informasie en vaardighede nie. Die verduideliking van 'n agstenoot en die daaropvolgende toepassing daarvan in *Piano for the Young Beginner Primer B* en ook in 'n mindere mate in *Theory and Technic for the Young Beginner Primer B*, is inderwaarheid 'n voorbeeld van hoe onderrig nie moet plaasvind nie. Konsepte wat so min kere herhaal word, sal nie posvat in die langtermyngeheuestore van die brein nie.

Die musikale gehalte van die twee boeke is teleurstellend. Daar is nie werklik "mooi" stukke opgeneem nie, en baie daarvan bestaan hoofsaaklik uit op- en afbewegings in veral die C-majeurposisie. Stukke wat vir jong leerders mooi en avontuurlik is om te speel, word gewoonlik met entoesiasme gespeel. Wanneer die leerders egter verveeld raak met wat hulle moet speel, sal hulle entoesiasme waarskynlik taan, wat ook 'n slegte uitwerking op die aanleerproses sal hê. Word die stukke in *Piano for the Young Beginner Primers A & B* byvoorbeeld vergelyk met beginnersboeke soos dié van John Thompson (1996) en van Palmer et al. (1999) in die Alfred-reeks, kan 'n groot verskil in musiekkwaliteit waargeneem word en is laasgenoemde beginnersboeke heelwat beter ten opsigte van musiekkwaliteit. Die stukke in *Keyclub* (Bryant 1998) is ook baie opwindender om te speel.

Indien klavieronderwysers *Piano for the Young Beginner Primers A & B* vir beginnerleerders wil gebruik, is dit baie belangrik dat *Theory & Technic for the Young Beginner Primers A & B* daarmee saam gebruik word. Sommige beginnersboeke, soos *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002) en *Piano Adventures* (Faber & Faber 1996a), is voldoende op hul eie, sonder addisionele hulp. Met die gebruik van hierdie Bastien-reeks is dit nie die geval nie en word sommige aspekte selfs beter hanteer in die aanvullende materiaal as in die lesboek self. Dit is moeilik om te verstaan hoekom die inhoud van *Theory & Technic for the Young Beginner Primers A & B* nie in die oorspronklike lesboek self geïnkorporeer is nie. Daar sou dan uit een in plaas van uit twee boeke gewerk word, wat dit makliker vir onderwyser en leerder sou maak. In die huidige formaat word dieselfde konsepte twee maal verduidelik en aangebied – die tweede maal duideliker en meer samehangend as in die primêre lesboeke.

Wanneer die spesiale karaktereienskappe en voorkeure van verskillende leerders in aanmerking geneem word, blyk dit dat die gebruik van hierdie beginnersboeke alleen nie sonder voorbehoud by enige van die vier groepe leerders gebruik kan word nie. Word die aanvullende materiaal gebruik, is die kanse op sukses veel groter en behoort veral leerders met linkerhemisferiese voorkeure sukses daarmee te behaal. C-kwadrante sal waarskynlik die minste aanklank vind by hierdie lesboeke, hoofsaaklik omdat die geleentheid tot samespel baie beperk is en die stukke nie baie bevrediging sal verskaf nie. D-kwadrante sal waarskynlik baie hou van die illustrasies, maar die enersklinkende stukke sal baie waarskynlik nie uitdagend genoeg wees nie.

#### *5.11.1.6 James Bastien. Piano Primer Level*

(1985)

Hierdie lesboek maak ook deel uit van die *Bastien Piano Basics*-reeks vir beginners in klavier. Dit beslaan 36 bladsye, bevat 54 stukke en is bedoel vir die effens ouer beginner, van sewe- tot elfjarige ouderdom. Dit kan saam met *Performance Primer Level* gebruik word, asook met *Technic Primer Level* en *Theory Primer Level*. Die stukke sluit oorspronklike komposisies, bekende volksliedjies en popliedjies in, en, volgens Bastien, … *in creative, enjoyable arrangements* (Bastien 1985b:2). Dit begin, soos ook in *Piano for the Young Beginner Primer A,* met illustrasies van hoe om in die korrekte posisie voor die klavier te sit, die regte handposisie, linker- en regterhand en vingernommers en die begrippe hoog en laag (pp. 4-7). Heelwat van die stukke in *Piano Primer Level* is ook in *Piano for the Young Beginner Primers A & B* opgeneem, soms met ander name en teks en met ander toonhoogtes.

**Benadering**

Anders as wat die geval is met die *Piano for the Young Beginner*-reeks, word die benadering in die voorwoord beskryf as ... *a gradual multi-key approach.* Sewe toonsoorte kom in die lesboek voor, alhoewel geen verduidelikings van toonsoorte of toonsoorttekens verskaf word nie. Daar skyn geen sistematiese teoreties-gebaseerde meesterplan te wees waarvolgens nuwe toonsoorte tydens die vroeë aanvangsperiode aangebied word nie.

**Prelees**

Ongeveer 'n derde van *Piano Primer Level* bestaan uit preleesnotasie. Kwart- en halfnote word heel eerste verduidelik, volgens die Amerikaanse telmetode – dus *quarter* vir die kwartnoot en *half-note* vir die halfnoot. Al die stukke in die preleesafdeling is in mate verdeel. Die leerder moet hardop tel in al die stukke, en ook die vingernommers hardop sê. Maatslag en maatsoorte word nie verduidelik nie. Die meeste van die stukke is in vierslagmaat.

**Swart klawers**

Die eerste speelavontuur is om die konsepte van hoog en laag vas te lê. Groepe van twee en drie swart klawers moet beurtelings met die twee hande stygend en dalend op die klawerbord gespeel word (pp. 6-7). Kwart- en halfnote word op p. 8 aangeleer, ook mate en maatstrepe. Die heelnoot word op p. 10 bekendgestel. *Lamb at school* (p. 11) is dieselfde as *Mary's lamb* (p. 15) in *Piano for the Young Beginner Primer A.* Die stuk in laasgenoemde beginnersboek is egter in preleesnotasie op wit klawers terwyl *Lamb at school* op swart klawers gespeel word. Die duime word in hierdie stuk, en ook in *Old MacDonald* (p. 12) op swart klawers gebruik. *Old MacDonald* kom in albei Bastien-reekse voor, op swart klawers in *Piano Primer Level* (p. 12) en wit klawers in *Piano for the Young Beginner Primer A* (p. 18). Die sprong van 'n terts in die melodielyn van *Lamb at school* en die kwartsprong in *Old MacDonald* word nie vooraf verduidelik nie.[98]

**Wit klawers**

Die musiekalfabet word op pp. 14 en 15 verduidelik. Vanaf pp. 16-23 vind spel met behulp van preleesnotasie op die wit klawers plaas. Die C-majeurposisie word op p. 16 aangetoon. Al die stukke in die preleesafdeling is op die C-majeurposisie gebaseer. Legatospel word op p. 16 bekendgestel: *... play smoothly, connecting the tones.* Die melodie van *Stepping up and down* (p. 16) beweeg trapsgewys van Middel-C na G en trapsgewys terug, eers met die regterhand en dan met die linkerhand. Dit is 'n melodiepatroon wat herhaalde male in al die beginnersboeke van die *Bastien Piano Basics*-reeks voorkom.

Tweeslagmaat word op p. 18 en drieslagmaat en die gepunteerde halfnoot op p. 20 verduidelik. Die leerder word die keuse gebied om óf numeries te tel óf die Amerikaanse telmetode te gebruik. Vierslagmaat word op p. 22 verduidelik. Herhaalde note, trapsgewyse beweging en tertssspronge kom in al die stukke voor. Kwartspronge word nie weer in hierdie gedeelte aangetref nie. *Review*, bestaande uit teorie-oefeninge, sluit die gedeelte af (p. 24).

**Notasie en stukke**

Die lees van note vind plaas deur die lees van intervalle. Die notasiegedeelte van die boek word ingelei met die opskrif: *Staffs and clefs* (p. 25). Die notebalk word verduidelik, lyn- en spasienote en die sopraan- en bassleutels getoon. Die name van die lyn- en spasienote word nie aangedui nie. Op p. 26, met die opskrif: *How notes move on the staff*, word getoon dat beweging op die klawerbord met herhaalde note, trappe of spronge kan plaasvind (op die diagram word eers net 'n tertssprong van lyn tot lyn aangetoon). Die C-majeurposisie

---

[98] Kyk hantering van die kwartinterval in Schaum (1996:17), Palmer et al. (1999:16) en Faber en Faber (1996b:18), waar die verdeling tussen die twee hande so bewerkstellig word dat die kwartsprong tussen die linker- en regterhand verdeel word.

van die regterhand word ook op p. 26 op die notebalk en klawerbord aangedui. *C-song* (p. 26) bestaan uit die vyf note vanaf Middel-C na G en terug, in kwart- en halfnote. In *Skipping fingers* en *Go tell Aunt Rhodie* (p. 27) kom tertssponge van spasie tot spasie ook voor, wat nie in die diagram aangetoon is nie. *Skating* (p. 28) en *Roller coaster ride* (p. 29) is 'n presiese herhaling van *C-song* (p. 26) en *Skipping fingers* (p. 27), nou vir die linkerhand geskryf. Die groot notebalk word op p. 30 gedemonstreer, met 'n skets van die C-majeurposisie op die klawerbord en notebalk. Die leerder kan nou tien note op die notebalk lees.

In *Piano for the Young Beginner Primer A* leer die leerder slegs die nege note rondom Middel-C aan. Dit is in pas met die Middel-C-benadering. In *Piano Primer Level* word die Middel-C-posisie nie aangeleer nie en word daar onmiddellik met die C-majeurposisie begin. Binne die bestek van drie bladsye leer die leerder tien note op die notebalk aan. Hierdie baie vinnige manier waarop notasie aangeleer word, illustreer die belangrike verskil tussen die veelvuldige toonsoortbenadering en die Middel-C-benadering. By die Middel-C-benadering word meestal veel stadiger te werk gegaan om note op die notebalk bekend te stel. Leerders leer om note te lees deur die posisie van die noot op die notebalk te identifiseer, terwyl met die intervalleesmetode van die veelvuldige toonsoortbenadering note volgens die rigting op die notebalk en die grootte van die interval gelees word. Daar word met laasgenoemde benadering weinig klem gelê op nootname.


Die groot notebalk word op p. 30 aangetoon. Die twee stukke op pp. 30 en 31 klink baie eenders en bestaan uit trapsgewyse beweging tussen C en G. In albei stukke wissel die hande mekaar af. Intervalle van trappe en spronge, aangedui as 2des (*steps*) en 3des (*skips*) word op pp. 32 en 33 verduidelik. In 'n diagram op p. 33 word tertssponge aangedui tussen twee lyne en ook tussen twee spasies. Sekunde-intervalle (dus trapsgewyse beweging) word in *Stealing 2nd base* (p. 32) gebruik en tertse in *Skipping frogs* (p. 33). Ook hier is die tempo van aanbieding baie vinnig. In teenstelling met wat byvoorbeeld in die Faberreeks (1996a; 1996b) gebeur, waar tertssponge eers net van lyn tot lyn en dan van spasie tot spasie aangeleer word, word tertssponge van lyn tot lyn en spasie tot spasie in *Piano Primer Level* gelyktydig aangeleer. Die volgorde waarvolgens konsepte verduidelik word, is nie logies nie. Tertssponge van lyn tot lyn word op p. 26 verduidelik terwyl albei tipes tertssponge (ook van spasie tot spasie) op pp. 27 en 29 in *Skipping fingers* en *Roller coaster ride* onderskeidelik voorkom. Albei tipes tertssponge word weer op p. 33 verduidelik. Die wyse waarop hierdie intervalle aangebied word, is nie sistematies nie en leerders mag daardeur verwar word.

Frases en fraseringsboë word soos volg verduidelik: *The slur is used to show a musical thought called a phrase* (p. 34). *Happy Halloween* (d) is die eerste stuk waarin die musiek in

frases verdeel word en fraseringsboë gebruik word. Oorgebinde note word op p. 35 verduidelik. Fraseringsboë word nie sistematies toegepas in die daaropvolgende stukke nie. Soms word geen fraseringsboë aangedui nie (pp. 37, 44, 56, 57, 62) en soms word net dele van 'n stuk van fraseringsboë voorsien (pp. 38, 39, 42, 53, 61).

Die interval van 'n kwart (*a larger skip: skip two keys*) word op p. 36 aangeleer. Kwintintervalle word op p. 38 verduidelik (*a larger skip: skip three keys*). Hierdie interval word net eenmaal gebruik in *Five hunting hounds* (p. 38) voordat oorgegaan word na 'n beskrywing van melodiese en harmoniese intervalle op p. 39. Harmoniese intervalle word gedefinieer as: ... *two notes together; to make harmony in music.* Die harmoniese kwint word in notasie aangedui en gebruik in *Indian drums* (p. 39). Die rustekens van kwart-, half- en heelnote word gelyktydig op p. 40 aangeleer. Die kwart- en heelnootrus word albei vir die eerste keer in *My computer* (p. 40) gebruik, tesame met harmoniese kwint-, terts- en sekunde-intervalle in die linkerhand. Voorbeelde van harmoniese tertse en sekundi is nog nie behandel nie.

Die hantering van harmoniese intervalle ten opsigte van legato en non-legato word in *My computer* (p. 40) beter hanteer as byvoorbeeld in *Piano Lesson Book 1* van Palmer et al. (1999) (kyk pp. 49, 51, 54, 56). Die rusteken tussen die harmoniese intervalle in die linkerhand ruim onsekerheid ten opsigte van legatospel uit die weg. Die drieklank van C in noue ligging, in blok- en gebroke akkoorde, word op p. 41 aangetoon. In die eerste gedeelte van die bekende liedjie, *Row, row, row your boat* (p. 42) word die melodie met die regterhand gespeel terwyl die linkerhand die drieklank van C in blokakkoorde as begeleiding speel. *Love somebody* (p. 43) bestaan uit 'n melodie wat met die regterhand gespeel word met blokakkoorde in sommige mate in die linkerhand. Hier bestaan wel onsekerheid oor hoe die drieklank, gevolg deur 'n enkelnoot, deur die linkerhand gespeel moet word en geld dieselfde beswaar as wat ingebring is in *Piano Lesson Book 1* van Palmer et al. (1999) (kyk fig. 29).




**Figuur 27:** ***Piano Primer Level*** (Bastien 1985b:43)

Die Middel-C-posisie word op p. 44 aangeleer. A, B en Middel-C (bassleutel) word aangeleer. In *Middle-C warm-up* (p. 44) kom 'n kwintsprong in die linkerhand voor. Agstenote word kortliks op p. 46 verduidelik. Telling kan óf numeries óf volgens die Amerikaanse telmetode uitgevoer word. Die eerste verskyning van hierdie nuwe nootwaarde in *Birthday fun* (p. 46) en *Skip to my Lou* (p. 47) sal waarskynlik nie sonder probleme geskied nie, omdat gedeeltes in die twee stukke voorkom wat jong leerders tegnies moeilik mag vind.

Skuiftekens word op dieselfde manier aangeleer as in *Piano for the Young Beginner Primer B*. Kort fragmente van die notebalk word gebruik om die verskillende kruis- en moltekens aan te toon. Dit sal vir jong leerders verwarrend wees en ook moeilik om te lees, omdat die notevoorbeelde nie in die konteks van die groot notebalk verskyn nie. Kruise word eerste aangeleer, op p. 48, en molle heelwat later, op p. 58. *Lavender's blue* (p. 49) is 'n bekende liedjie waarin agstenote en F-kruise voorkom. Die wyse waarop skuiftekens in hierdie stuk gebruik word, is veel beter as in *Piano for the Young Beginner Primer B* waar verskillende kruise op twee notebalke gespeel word.

A bokant Middel-C word op p. 50 aangeleer. Die nuwe handposisie bestaan uit die eerste vyf note van die D-toonleer. Die toonsoort van D word egter nie genoem nie. Dit is opvallend dat slegs die regterhandposisie van D aangetoon word. *Aura Lee* (p. 50) is die eerste stuk waarin die nuwe noot voorkom (toonsoort G). *Scarborough fair* (p. 51), 'n mooi Skotse liedjie, is gebaseer op die nuwe handposisie. Die melodielyn word tussen die twee hande verdeel.

Die G-posisie vir albei hande (twee oktawe uitmekaar) word op p. 52 aangeleer. B, C en D bokant Middel-C in die sopraannotebalk word vir die eerste keer gebruik. Die nuwe note kom in trapsgewyse beweging voor in *G warm-up.* Die drieklank op G in blokakkoorde word in *That old car* (p. 53) gebruik. *The singing donkey* (p. 55) is feitlik 'n identiese toonsetting van die liedjie in *Piano for the Young Beginner Primer B* (p. 39). (Dieselfde liedjie word ook in Palmer et al. *Piano Level 1A* (1999:49) as 'n rondo gebruik.)

Staccato-aanslag word op p. 56 verduidelik. In *The clock* (p. 56) kry die leerder die geleentheid om die nuwe aanslag te oefen. In *Indian dance* (p. 60) word staccatokwinte in die linkerhand teen 'n legato-melodie in die regterhand gespeel. Die korrekte uitvoering hiervan mag probleme oplewer. Verkieslik behoort so 'n nuwe tipe aanslag eers vir geruime tyd in eenvoudige toonsettings gebruik te word, sodat leerders al hulle aandag aan 'n tegnies korrekte uitvoering kan wy.

Die molteken word in *Electric bass* (p. 58, g) en in *The dragon's lair* (p. 59, F) gebruik. Die laaste stuk in die boek, *Jingle bells* (p. 62), word met twee hande tesaam gespeel in die vorm van 'n melodie met begeleiding.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleiding**

Eenvoudige duetbegeleidings, op een notebalk genoteer, word by veertien van die 54 stukke aangetref.

**Toonsoorte**

Sewe toonsoorte kom voor: G-mol, C, d, F, G, a, g.

**Omvang**

19 note, vanaf G eerste lyn, basnotebalk tot D, vierde lyn, sopraannotebalk.

**Teorie**

Geen. Leerders moet vir hierdie aspek van hul ontwikkeling *Theory Primer Level* gebruik.

**Tegniese oefeninge**

Geen. Leerders moet vir hierdie aspek van hul ontwikkeling *Technic Primer Level* gebruik.

**Illustrasies**

Die illustrasies is baie goed en sal die verbeelding van die meeste leerders prikkel. Dit help ook om die karakter van stukke uit te beeld, soos byvoorbeeld die lang groen wurm wat trappe klim by *Stepping up and down* (p. 16), *Skipping frogs* (p. 33) wanneer tertse aangeleer word, die mineurtoonoort (d) by *Happy Halloween* (p. 34) vir 'n spookagtige atmosfeer en die humoristiese uitbeelding van *The singing donkey* (p. 55).

**Nootwaardes en ritme**

Kwart- en halfnote word tydens die eerste les verduidelik (p. 8) en die heelnoot gou daarna (p. 10). Die tydsoorttekens van twee-, drie- en vierslagmaat word op pp. 18, 20 en 22 onderskeidelik verduidelik. Die gepunteerde halfnoot word op p. 20 bekend gestel en agstenote op p. 46. Die leerder word die keuse gebied om óf volgens die Amerikaanse telmetode óf numeries te tel. Agstenote word in slegs vier van die laaste sestien stukke gebruik. Alhoewel daarop aangedring word dat leerders hardop moet tel voordat 'n nuwe stuk aangeleer word, word daar weinig klem gelê op die aanleer van 'n ritmiese polsslag. Geen addisionele klap- of ander ritme-oefeninge word voorsien nie. Dit is te betwyfel of 'n goeie ritmesin en vaardighede in die uitvoer van ritmepatrone stewig vasgelê sal word aan

die hand van voorligting in *Piano Primer Level.* Dit is trouens baie waarskynlik dat leerders met die gebruik van hierdie beginnersboek baie verward sal wees ten opsigte van die onderskeie relatiewe toonduurtes. Veral die vaslegging van agstenote is onvoldoende en daar word nie genoeg geleentheid aan leerders gebied om die ritmepatroon deeglik onder die knie te kry nie. Nuwe ritmepatrone, veral na die aanleer van agstenote, word elke keer gebruik in stukke wat die leerder waarskynlik moeilik sal vind om te speel.

#### *5.11.1.7 Jane Smisor Bastien. Performance Primer Level*

(1985)

Hierdie boek van 32 bladsye bevat 25 stukke en moet saam met *Piano Primer Level* gebruik word. Die informasie en verduidelikings word in *Piano Primer Level* verskaf, terwyl *Performance Primer Level* stukke bevat wat toegepas word op die nuutverworwe kennis.

**Benadering**

Veelvuldige toonsoortbenadering.

**Prelees**

Sewe uit die 25 stukke bestaan uit preleesnotasie. Vier hiervan word op swart klawers gespeel en drie stukke op wit klawers.

**Notasie en stukke**

Soos in *Piano Primer Level* vind notelees in *Performance Primer Level* plaas deur middel van intervalle. Die stukke in *Performance Primer Level* dien as aanvulling by dié wat in *Piano Primer Level* verskyn. Die C-majeurposisie word op p. 12 op die groot notebalk verduidelik en die Middel-C-posisie op p. 24. Bekende melodieë in die lesboek is dié van onder andere *Yankee Doodle* (p. 24), *Camptown races* (p. 25) en *Ten little Indians* (p. 26).

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleiding**

Verskyn net by vier van die 25 stukke.

**Toonsoort**

Dieselfde majeurtoonsoorte as wat in *Piano Primer Level* verskyn (wat op die wit klawers begin), kom voor in *Performance Primer Level.* Die twee mineurtoonsoorte, a en g, wat in ook in *Piano Primer Level* gebruik word, kom egter nie in *Performance Primer Level* voor nie.

**Omvang**

19 note, vanaf G, eerste lyn op basnotebalk tot D, derde lyn sopraannotebalk.

**Teorie**

Geen.

**Tegniese oefeninge**

Geen.

**Illustrasies**

Die illustrasies is groot en kleurvol en beeld die karakter van die stukke uit.

**Nootwaardes en ritme**

Geen verduideliking van nootwaardes word verskaf nie. Kwart-, half-, gepunteerde half- en heelnote word meestal gebruik. Agstenote kom in die 21ste stuk vir die eerste en enigste maal voor.

#### *5.11.1.8 James Bastien. Technic Primer Level*

(1986)

Volgens die Voorwoord bevat hierdie boek verskeie oefeninge wat bedoel is om hand- en vingerkoördinasie en vaardigheid in klavierspel te ontwikkel. Geen addisionele informasie word aangebied nie. Dit bevat slegs tegniese oefeninge waarin die konsepte wat in die lesboek behandel word, verder vasgelê word. Die aandag word onder meer gevestig op frasering, fraseringsboë en die oplig van die hand aan die einde van 'n frase, oorgebinde note, melodiese en harmoniese intervalle, drieklanke, skuiftekens en staccatospel. By sommige stukke word leerders aangemoedig om die stukke of oefeninge op ander toonhoogtes te begin. Deur dit te doen, speel die leerder *ipso facto* in verskillende toonsoorte. Dit kan beskou word as 'n voorloper van die ideaal om in al die toonsoorte te kan speel.

**Evaluasie**

Die evaluering van die drie boeke, *Piano Primer Level, Performance Primer Level* en *Technic Primer Level*, moet as 'n eenheid gedoen word, omdat nie een van die boeke alleen voldoende sal wees om 'n beginnerleerder te onderrig nie. Dit is noodsaaklik dat die drie boeke gelyktydig as aanvulling tot mekaar gebruik word met *Piano Primer Level* as die primêre lesboek.

Dit is interessant om te let op die verskil wat die samestellers van die reeks, *Bastien Piano Basics,* maak tussen onderrig vir die jong beginner en die effens ouer beginner. *Piano for*

*the Young Beginner Primer A* begin met 'n aanbieding wat baie geskoei is op die Middel-C-benadering. Dit begin met die Middel-C-posisie, terwyl *Piano Primer Level* met die C-majeurposisie begin en eers heelwat later op die Middel-C-posisie fokus. Dit is 'n groot verskil in benadering. Die tempo waarteen nuwe notasie aangeleer word in *Piano Primer Level* is heelwat vinniger as in *Piano for the Young Beginner Primer A*.

Die Bastien-reeks vir die ouer leerder is volgens Bastien gebaseer op die geleidelike veelvuldige toonsoortmetode (Voorwoord). In teenstelling met die tempo waarteen nuwe informasie ten opsigte van ritme en notasie aangebied word, vorder die aanleer van verskillende toonsoorte in dié reeks boeke relatief stadig. Soos met die Middel-C-benadering, speel leerders ook vir lang tye net in C. Al word geen melding van toonsoorte in enige van die drie boeke gemaak nie, behoort leerders wat *Technic Primer Level* gebruik, moeiteloos van een toonsoort na 'n volgende te kan beweeg deur middel van melodiepatrone wat op ander toonhoogtes herhaal word.

Daar word in die primêre lesboek nie genoeg aandag bestee aan die vaslegging van 'n ritmiese gevoel nie en geen spesiale ritme-oefeninge word voorsien nie. Soos op pp. 295 bespreek word, kan die sogenaamde Amerikaanse telmetode (dus *quarter, half-note* en *whole note hold it*) nie as 'n geslaagde manier van tel beskou word nie. Die gebruik van Franse tydname en selfs numeriese telling sou 'n veel beter ritmiese ontwikkeling verseker. Agstenote word teen die einde van *Piano Primer Level* aangeleer, maar baie min oefening in die speel daarvan word voorsien. Ook in *Performance Primer Level* word daar in net één stuk van agstenote gebruik gemaak. Die eerste maal dat agstenote in *Piano Primer Level* gespeel word (*Birthday fun*, p. 46), word dit gebruik in 'n stuk waarin fraseringsboë verskyn en moeilike spronge in die linkerhand voorkom. Wanneer nuwe ritmiese konsepte aangeleer word, is dit veel verstandiger om dit aanvanklik in makliker stukke te gebruik sodat die leerder veral aandag aan die nuwe konsep kan bestee. Agstenote word wel in verskeie oefeninge in *Technic Primer Level* gebruik.

Die aanleer van staccato-aanslag in *Piano Primer Level* is ietwat suksesvoller as in *Piano for the Young Beginner Primer B,* omdat dit in eenvoudige toonsettings voorkom, alhoewel albei hande tegelykertyd speel. Daar word egter nie vir die leerder genoeg geleentheid in die lesboek gebied om die staccato-aanslag behoorlik onder die knie te kry nie. Dit word te vroeg in moeilike stukke gebruik waar die een hand legato en die ander hand staccato speel. Staccato-aanslag word verskeie kere in *Technic Primer Level* gebruik.

Skuiftekens word onnodig ingewikkeld aangebied. Die notasie van kruise of molle op kort fragmente van die notebalk sal vir die leerder op hierdie vroeë stadium moeilik wees om te

lees. Leerders is geleer om note volgens intervalle en rigting te lees, en die herkenning van losstaande nootfragmente is waarskynlik bokant hulle vuurmaakplek.

'n Verdere probleem wat opduik in *Piano Primer Level,* en dit is 'n probleem wat dikwels in beginnersboeke voorkom, is die toepassing van fraseringsboë. Die vroeë gebruik van fraseringsboë is baie belangrik omdat dit die jong leerder van die begin af bewusmaak van frasestruktuur en vorm in musiek. Nadat fraseringsboë vir die eerste maal in *Piano Primer Level* verduidelik is en in drie stukke gebruik is, verskyn dit dikwels nie by daaropvolgende stukke nie, of dit verskyn net in gedeeltes van stukke. Dit is 'n onaanvaarbare praktyk.

**Kwadrantvoorkeure: James Bastien*. Bastien Piano Basics Piano Primer Level***

**Jane Smisor Bastien. *Bastien Piano Basics Performance Primer Level***

**James Bastien. *Technic Primer Level***

(Sien tabel 23, p. 287)

**Tabel 23: Kwadrantvoorkeure: *James Bastien. Bastien Piano Basics Piano Primer Level.***

**Jane Smisor Bastien. *Bastien Piano Basics Performance Primer Level***

**James Bastien. *Technic Primer Level***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| A-kwadrante sal waarskynlik hou van hierdie boekreeks. Die gebruik van preleesnotasie wat geleidelik oorgaan in notebalk-notasie sal as logies en sistematies ervaar word. Sou net die lesboek gebruik word, sal leerders waarskynlik voel dat die pas van aanbieding te vinnig is en dat hulle nie al die konsepte volledig kan bemeester voordat nuwe konsepte aangeleer word nie. Word die aanvullende boeke ook gebruik, sal hierdie beswaar waarskynlik in 'n mindere mate geld.<br><br>Sommige fasette van die aanbieding mag wel frustrasie veroorsaak. Die aanleer van skuiftekens sal as lomp en onnodig moeilik ervaar word. Ook die onsistematiese en onbeholpe wyse waarop intervalle verduidelik word, sal deur hierdie nugter, logies-denkende leerders as onbevredigend beskou word. | Sou leerders met B-kwadrantvoorkeure net die lesboek gebruik, sal hulle beslis voel dat te veel informasie te gou aangebied word en dat die ontwikkeling van vaardighede nie diep genoeg kan insink voordat nuwe materiaal aangebied word nie. Hierdie beswaar verval in 'n groot mate wanneer die addisionele materiaal ook gebruik word.<br><br>Ook hierdie leerders mag gefrustreer wees met die onsistematiese en lomp aanbieding van konsepte wat soms voorkom. Die beswaar wat die A-kwadrante teen die infasering van skuiftekens mag ervaar, sal deur die B-kwadrante ook ondervind word en hulle sal baie waarskynlik ook probleme ondervind om die skuiftekens op kort fragmente van die notebalk te lees. B-kwadrante voel veilig wanneer alles onder beheer is, en hierdie aanbieding sal hulle frustreer. Sommige van hierdie kruise en molle word in ieder geval nêrens verder in die lesboek gebruik nie.<br><br>Die aanbieding van materiaal is meestal goed georden, maar inkonsekwenthede kom wel voor, soos byvoorbeeld met die aanleer van tertse, waar 'n tertssprong tussen twee spasies voorkom nog voordat dit verduidelik is. Dit word dan wel later verduidelik, maar dan het die leerder dit alreeds gespeel. Die aanleer van die staccato-aanslag geskied te vinnig en leerders sal voel dat hulle nie genoeg oefening kry in die ontwikkeling van die nuwe tipe aanslag nie. Dit word te gou in ingewikkelde stukke gebruik met 'n verskillende tipe aanslag in elke hand. | Die pragtige illustrasies sal plesier verskaf aan hierdie groep leerders. Hulle sal nie alleen die vindingrykheid geniet nie, maar ook die menslikheid wat uit die illustrasies en tekste van stukke spreek.<br><br>Die spaarsame gebruik van duetbegeleidings sal hierdie leerders die plesier ontneem om musiek saam met ander te maak. Bowendien is die duetbegeleidings dikwels nie baie opwindend nie. 'n Aantal tradisionele wysies word gebruik wat genot sal verskaf aan musikale C-kwadrante.<br><br>Leerders wat uit *Technic* speel, sal waarskynlik besonder baie hou van die oefeninge waar hulle telkens op 'n hoër noot moet begin. Hulle behoort te hou van die verskillende klankeffekte wat verkry word, en dit bevredig ook in 'n mate die sug na kinestetiese bevrediging. | Vanweë die uitstekende illustrasies sal hierdie boeke baie geniet word deur leerders met 'n kunssinnige aanvoeling. Die vinnige gang van die aanbieding sal moontlik 'n uitdaging wees vir leerders wie nie so gesteld is op dissipline, roetine en sistematiese aanbieding nie. Hulle sal ook die "mooier" wysies in die boeke geniet.<br><br>Soos die C-kwadrante sal hierdie groep leerders waarskynlik die oefeninge in *Technic Primer Level* geniet en dit as 'n uitdaging beskou om elke keer op 'n ander noot te begin. |

**Slotsom**

Wanneer die *Bastien Piano Basics*-reeks vir die ouer beginner evalueer word vir gebruik by leerders met verskillende kwadrantvoorkeure, moet as voorvereiste gestel word dat die drie boeke wat hierbo bespreek is, saam in die onderrig van die beginnerleerder gebruik moet word. Dit is verkieslik dat die teorieboek ook gebruik sal word. Die teorie-oefeninge sal veral deur die A- en B-kwadrante as sinvol bekou word. Word slegs die lesboek gebruik, is die vordering te vinnig en die vaslegging van konsepte onvoldoende. Die musikale gehalte van die stukke in hierdie reeks is beter as in dié van die reeks vir die jonger beginner. Alhoewel heelwat stukke oninteressant is, is daar tog 'n aantal geplaas wat deur die leerders geniet sal word.

Dit wil voorkom asof hierdie reeks nie uitsluitlik vir die een of ander voorkeurkwadrant geskik sal wees nie, maar dat dit in gelyke mate deur veral A-, B- en C- kwadrante gebruik sal kan word. D-kwadrante mag 'n ietwat sterker voorkeur vir die boekreeks openbaar as leerders van die drie ander groeperinge. Elke groep leerders sal waarskynlik van sommige fasette van die aanbieding hou en minder van ander fasette, maar globaal gesien behoort die reeks met 'n redelike mate van sukses deur leerders met al vier kognitiewe voorkeure gebruik te kan word.

### 5.11.2 Willard A. Palmer, Morton Manus en Amanda Vick Lethco. *Alfred's Basic Piano Library. Piano Lesson Book Level 1A*

*(Lesson Book, Levels 1A-6,* 1981-1984. Derde Uitgawe *Level 1A,* 1999. VSA)

Volgens die samestellers volg *Alfred's Basic Piano Library* 'n maklike stap vir stap benadering (Palmer et al. 1999:2). Die veronderstelling is dat die eerste lesboek in die reeks nie in isolasie gebruik word nie, maar dat dit aangevul word deur die aansienlike aantal addisionele boeke (altesaam 16) wat as toevoeging tot *Level 1A* beskou word. Daar bestaan onder meer aanvullende boeke vir komposisie, gehooropleiding, notelees, tegniek en teorie, asook verskeie boeke met 'n uitgebreide repertorium. Die reeks is verder ook voorsien van 'n onderwysershandleiding, 'n MIDI-disket en CD (Palmer et al. 1999:1). Die *Alfred Basic Piano Library* was een van die eerste reekse om die kern- of lesboek te korreleer met ander boeke, soos boeke vir teorie, tegniek en repertoire. Baker-Jordan (2003:188) beskryf dit soos volg: *This was a very valuable innovation that added much to piano pedagogy and educational materials.*

Die basis van die Alfred-strategie is om konsepte wat reeds aangeleer is, weer te bevestig wanneer nuwe materiaal aangeleer word. Dit word soos volg geformuleer in die *Piano Teachers' Guide to Book 1A*.

> The concept of overlapping new information with information already grouped is a most important teaching technique followed in Alfred's Basic Piano Library (Palmer et al. 1984:8).

Die kernboek van die reeks, *Piano Lesson Book Level IA,* beslaan 63 bladsye. Dit begin met uitbeeldings van die korrekte sitposisie voor die klavier, die hande en nommers van die verskillende vingers, die korrekte handposisie, die meganisme van 'n klawer en die begrippe laag en hoog – op die klawerbord asook in toonproduksie. Die treffende illustrasies in hierdie gedeelte (pp. 3-7) help om die verduidelikings meer verstaanbaar te maak.

**Benadering**

Veelvuldige toonsoortbenadering. Volgens die samestellers ... *a true multi-key approach.* Hulle voeg ook by: *Although key signatures are not introduced in Level 1 A, the student actually plays in seven different keys!* (Palmer et al. 1999:2).[99]

**Prelees**

Word gebruik op swart en wit klawers.

**Swart klawers**

Die kwartnoot, mate en maatstrepe word op p. 8 aangeleer. Die leerder word die keuse gebied om volgens die Amerikaanse telmetode of volgens nootwaardes te tel.[100] Die eerste stuk, *Right and left* (p. 8), bestaan uit kwartnote[101] wat in vierslagmaat gerangskik word en op groepe van twee swart klawers gespeel moet word met die tweede en derde vingers. Die hande speel afsonderlik, twee oktawe uitmekaar. Die halfnoot word op p. 9 aangeleer en saam met kwartnote gebruik in *Left and right* wat op groepe van drie swart klawers, met eers die linkerhand en dan die regterhand, gespeel word. Die heelnoot, wat beskryf word as *... a very long note* en waarvoor 1-2-3-4 of *whole note hold down* getel kan word, word op p. 11 aangeleer. Altesaam sewe stukke word op swart klawers met die tweede, derde en vierde vingers gespeel. Van die stukke is kunstig verwerk, soos byvoorbeeld die bekende *Merrily we roll along* (pp. 10-11), *Jolly old Saint Nicholas* (pp. 14-15) en *Old MacDonald* (pp. 16-17). Laasgenoemde stuk word oor 'n omvang van vier oktawe gespeel en die sprong van 'n vierde in die melodie word tussen die twee hande verdeel. Tertsspronge kom ook voor in die preleesgedeelte op swart klawers. *Forte (f)* en *piano (p)* word op p. 12 bekendgestel.

---

[99] Kyk bespreking van die aanleer van veelvuldige toonsoorte op p. 298.
[100] Kyk op p. 295 vir 'n verdere bespreking van die telmetodes.
[101] Van die samestellers van latere beginnersboeke verkies om die eerste paar stukke liewer met kwart- in plaas van heelnote te begin [vergelyk byvoorbeeld Thompson (1996) en Barratt (1989)].

**Wit klawers**

Die musiekalfabet word op pp. 18 en 19 verduidelik. Op p. 19 word die onderskeie klawers van die musiekalfabet aangedui in 'n afsonderlike fragment van die klawerbord, met 'n skets van 'n voorwerp of persoon waarvan die eerste letter ooreenstem met dié van die klawer langsaan, soos byvoorbeeld *apple* vir A, *boy* vir B, ens. Omdat die kort diagram nie 'n geheelbeeld van die klawerbord gee nie, kan dit nie as 'n effektiewe manier beskou word om die klawerbord aan jong leerders bekend te stel nie.

Preleesnotasie op wit klawers word in die volgende sewe liedjies voortgesit. Die Middel-C-posisie, aanvanklik bestaande uit slegs vyf klawers, A-E (twee klawers onder en twee klawers bokant Middel-C) word geïllustreer deur middel van 'n skets van die klawerbord (p. 20). Die eerste stuk, *Batter up!,* bestaan uit die eerste vyf klawers van die Middel-C-posisie. Die omvang van *My clever pup* (p. 21), strek oor sewe klawers, met G onder Middel-C en F bokant Middel-C bygevoeg. Vierslagmaat word op dieselfde bladsy verduidelik. Die volledige Middel-C-posisie van nege klawers word op p. 22 getoon.

Die C-majeurposisie word op pp. 23, 24 en 26 aangetoon. Die tydsoortteken van drieslagmaat tesame met die gepunteerde halfnoot word op p. 24 verduidelik. Slegs twee tertsspronge (p. 25) kom in die preleesgedeelte op wit klawers voor. Die beweging is oorwegend trapsgewys op en af.

**Notasie en stukke**

Notelees vind plaas deur middel van rigtinglees en intervalherkenning. Die notebalk met lyn- en spasienote verskyn op p. 27. Die klem val op note wat óf op lyne óf in spasies geskryf word, sonder enige vermelding van watter lyn of spasie of die naam van die noot. Oriëntering van note op die notebalk is aanvanklik baie soos dié van die bakenleesbenadering. Die note F (p. 28) en G (p. 30), in ooreenstemming met die F- en G-sleutels, is die eerste note wat in notasie aangeleer word. Op p. 28 word die bassleutelteken verduidelik met F (vierde lyn) op die notebalk. Die leerder se aandag word gevestig op die konsep van herhaalde note en note wat trapsgewys beweeg, in hierdie voorbeeld van F na onder tot by C, volgens die C-majeurposisie en weer terug na F. Op p. 30 word dieselfde prosedure gevolg met die verduideliking van die G-sleutelteken.

Die groot notebalk word op p. 32 aangedui. Die C-majeurposisie vir albei hande op die groot notebalk en die ooreenstemmende klawers op die klawerbord word in 'n skets op p. 33 aangedui. Vanaf pp. 33-49 is alle stukke gebaseer op die C-majeurposisie. Die leerder moet die tien note kan lees waaruit die C-majeurposisie bestaan. Die nadeel van die volgehoue gebruik van die C-majeurposisie is dat die twee note direk onder Middel-C, naamlik B en A,

nooit in notasie gebruik word nie, terwyl dit wel oorspronklik deur middel van die Middel-C-posisie in die preleesafdeling aangeleer word.[102]


Legatospel word op p. 35 verduidelik. Die beweging word vergelyk met 'n wipplank. Terselfdertyd word die fraseringsboog verduidelik wat frases in 'n stuk aandui. Onder die opskrif: *Measuring distances in music* (p. 36) word die konsep van intervalle verduidelik. 'n Sekunde (*step*) word op p. 36 in die stuk *Just a second!* aangeleer. Die konsep van naasliggende note word suksesvol geïllustreer. Elke maat van die stuk bestaan uit drie herhaalde note en 'n interval van 'n sekunde tussen die derde en vierde maatslag. Die begrip van oorgebinde note word op p. 37 verduidelik en in *Balloons* (p. 37) vir die eerste maal gebruik. Die proses van oorvleueling (*overlapping*) waarvan melding gemaak word in die onderwysershandleiding, word duidelik illustreer in *Balloons*. 'n Nuwe konsep (oorgebinde noot) word aangeleer terwyl vaslegging plaasvind van al die vorige informasie en speelwyses. Die stuk moet legato gespeel word, die melodie beweeg trapsgewys en word deur middel van fraseringsboë in frases verdeel. Dit is alles konsepte wat pas aangeleer is.

Die interval van 'n terts, van lyn tot lyn en spasie tot spasie, word op p. 38 verduidelik. Beide tipes tertsspronge word suksesvol geïllustreer in *Who's on third?* (p. 38) en *Mexican hat dance* (p. 39). Melodiese en harmoniese tertse en sekundi word op p. 40 verduidelik en die kwartnootrus op p. 41. In *Rock song* (p. 41) word oorvleueling bewerkstellig deur die gebruik van melodiese en harmoniese tertse en sekundi, asook die kwartnootrus wat pas aangeleer is. In *Rockets* (p. 42) speel die twee hande vir die eerste keer tesaam. Die linkerhand speel harmoniese sekundi en tertse as begeleiding vir die melodie wat in die regterhand voorkom.

Harmoniese sekundi wat deur harmoniese tertse gevolg word, en waar een van die note herhaal word, soos in *Rockets* (mate 3-4), kan probleme skep (kyk figuur 28). Alhoewel hierdie stuk nie van fraseringsboë voorsien is nie, is die veronderstelling dat dit legato gespeel moet word. Streng gesproke beteken dit dat die onderste note, F na E in die linkerhand, legato gespeel moet word terwyl die boonste G opgelig moet word sodat dit weer gespeel kan word. Terselfdertyd moet die melodie in die regterhand legato gespeel word. Dit is 'n moeilike prosedure om deur 'n jong leerder uitgevoer te word.

---


[102] Vergelyk hantering van identiese probleme in *Piano Adventures* (Faber en Faber 1993) en *Piano for the Young Beginner Primer B* (Bastien 1987b).




**Figuur 28:** ***Piano Lesson Book 1A*** (Palmer et al. 1999:42)

In *Sea divers* (p. 43) word harmoniese sekundi en tertse weer in die regterhand as begeleiding gespeel terwyl die melodie in die linkerhand verskyn. Dieselfde probleme ten opsigte van legatospel in die regterhand word hier ondervind. Identiese speelwyse kom ook voor in stukke op pp. 47, 49, 54, 60-61. 'n Kwartinterval word op p. 44 verduidelik. Melodiese kwarte verskyn in *Play a fourth* (p. 44) en *July the fourth* (p. 45), albei in F. Dit is geslaagde pogings om die nuwe interval vas te lê. In *July the fourth* (p. 45) word fraseringsboë vir die eerste keer weer gebruik nadat dit op p. 39 die laaste keer voorgekom het. Dit word ook net gebruik in vyf van die agt mate van die melodielyn wat beurtelings met die regter- en linkerhand gespeel word.

*Love somebody* (p. 47) is 'n hersiening van al die melodiese en harmoniese intervalle wat tot dusver aangeleer is. Die regterhand speel die melodie en die linkerhand harmoniese sekundi, tertse en kwarte as begeleiding. Die twee hande speel tesaam in mate twee, vier, ses en agt. Dieselfde probleem wat hierbo bespreek is ten opsigte van die uitvoering van die legatospel in naasliggende tweeklanke, word ook hier ondervind (kyk figuur 29).




**Figuur 29:** ***Piano Lesson Book 1A*** (Palmer et al. 1999:47)

Die interval van 'n kwint word op p. 48 verduidelik en verskyn die eerste keer in *My fifth* (met verwysing na Beethoven). Die twee hande speel afsonderlik en die leerder kan al sy/haar

aandag wy aan die nuwe interval. *The donkey* (p. 49) bestaan uit 'n melodie wat met die regterhand gespeel word en 'n begeleiding in die linkerhand wat bestaan uit 'n harmoniese sekunde, 'n terts, kwart en uiteindelik 'n kwint. Hierdie stuk kan gespeel word as 'n rondo vir twee of drie klaviere.

Op p. 50 word met spel in die G-posisie begin. Die twee hande speel twee oktawe uitmekaar. Die leerder leer dus drie note in die linkerhand aan (G op die eerste baslyn, gevolg deur A en B), en vier nuwe note in die regterhand, A, B, C en D bokant Middel-C). Hierdie aanleer van nuwe note geskied in terme van die lees van intervalle en rigting. Dit is nie soseer die letternaam van die note wat geleer word nie, maar eerder die intervalafstand en rigting vanaf die vorige noot. *Position G* is baie eenvoudig en beweeg met een hand per keer op en af oor die omvang van die vyf note. In *Jingle bells!* (p. 51) word die melodie met die regterhand gespeel en die begeleiding in die linkerhand bestaan oorwegend uit harmoniese kwinte. Fraseringsboë word op p. 50 gebruik, maar nie in *Jingle bells!* nie. *Willie & Tillie* (p. 52) is in die vorm van 'n raaisel (wat in die teks versteek is) en begin met 'n opmaat. In *A friend like you* (p. 54) word al die harmoniese intervalle wat tot dusver aangeleer is, opeenvolgend in die linkerhand gebruik (kwinte, kwarte, tertse en sekundi). Die boonste noot van die linkerhand wat met die duim gespeel word, bly dieselfde (D). Die regterhandparty is deur middel van fraseringsboë in frases verdeel, dit begin ook met 'n opmaat en bevat oorgebinde note. Die linkerhandparty met die tweeklanke bevat geen aanduidings ten opsigte van aanslag nie.

C-kruis word op p. 55 aangeleer. In teenstelling met die *Bastien Piano Basics*-reeks waar verskeie kruise tegelykertyd aangeleer word, word hier net één kruis aangeleer. B-mol word op p. 56 aangeleer. In *Indian song* (p. 57, in g) word fraseringsboë slegs in die eerste agt mate van die sestien mate gebruik. *D.C. al Fine* word onderaan die bladsy verduidelik.

Staccato-aanslag word op p. 57 aangeleer. Staccato word beskryf as die teenoorgestelde van legato. Die klawer moet onmiddellik nadat dit gespeel is, gelos word ... *release the key the instant you play it.* Staccato-aanslag word die eerste keer gebruik in *Raindrops* (p. 58) wat bestaan uit staccato-oktaafspronge tussen die hande. Dit kan as 'n geslaagde aanbieding beskou word om die gevoel van 'n staccato-aksie te illustreer. In *It's Halloween!* (p. 59) word staccato-aanslag weereens gebruik, hierdie keer saam met crescendo- en diminuendo-aanduidings wat boaan die bladsy verduidelik is. In *Horse sense* (p. 60), 'n hersiening van die C-majeurposisie, word die meeste van die musikale komponente gebruik wat deur die verloop van *Piano Lesson Book Level 1A* aangeleer is.

**Gehoorspel en improvisasie**

Geen.

**Duetbegeleidings**

Duetbegeleidings kom by 19 van die 47 stukke in die lesboek voor. Die meeste duette verskyn in die preleesgedeelte, waar nege uit die twaalf stukke voorsien word van 'n duetparty. Dit help baie om die aanvanklike proses van bekend raak met die klavier interessant te maak.

**Toonsoorte**

In die Voorwoord tot die lesboek word van sewe toonsoorte gepraat. Dit is eintlik baie misleidend. C-kruis (majeur) en G-mol (majeur) kom voor in die preleesafdeling op swart klawers. Die stuk wat sogenaamd in C-kruis geskryf word (*Right and left*) (p. 8), bestaan egter net uit twee note en is nie voorsien van 'n duetbegeleiding nie. Die toonsoort (C-kruis) word nie eintlik bevestig nie en dit kan ook as G-mol beskou word. Die res van die toonsoorte is C, F, d, G en g.

**Omvang**

Negentien note – van G (eerste lyn, basnotebalk) tot D (vierde lyn, sopraannotebalk). Die note direk onder Middel-C, B en A, word in die preleesafdeling gebruik, maar word nie in notasie aangeleer nie.

**Teorie**

Geen sistematiese teorie-oefeninge kom voor nie. Op die laaste twee bladsye verskyn *Review* waar 'n paar elementêre vrae beantwoord moet word. Daar is 'n teorieboek in die reeks beskikbaar *(Theory Book Level 1A)* wat tesaam met die lesboek gebruik kan word om teoretiese begrippe te verduidelik en vas te lê.

**Tegniese oefeninge**

Geen. Leerders kan wel die *Technic Book Level 1A* gebruik om hul tegniek te ontwikkel.

**Illustrasies**

Noukeurige aandag word geskenk aan die illustrasies. Dit is meestal vindingryk uitgevoer en help aanvanklik om elementêre begrippe soos handposisies, laag en hoog en links en regs vas te lê. Die illustrasies help om nuwe begrippe duidelik te maak en by meer formele stukke die atmosfeer uit te beeld. Leerders wat die beste volgens beelding leer, sal veral baie baat hierby vind. Die bladuitleg is meestal nie baie besig nie.

**Nootwaardes en ritme**

Die kwartnoot en halfnoot word baie vroeg feitlik gelyktydig aangeleer en die heelnoot spoedig daarna, in die derde stuk. Die gepunteerde halfnoot word op p. 24 verduidelik. Die leerder

word met die heel eerste kennismaking van klavierspeel aangesê om "in tyd" te speel en hardop te tel.

Die aanbieding van ritme moet beskou word as een van die swak skakels in hierdie andersins geslaagde beginnersboek. Die grootste probleem met die aanbieding van ritmiese oriëntasie lê daarin dat daar nie duidelike riglyne gegee word oor hoe getel moet word nie. Die aanduidings in die lesboek toon dat telling volgens die sogenaamde Amerikaanse telmetode[103] of volgens nootwaarde/toonduurte uitgevoer word. Die nootwaarde-telwyse, waarvolgens byvoorbeeld "een-een-een-een" (*one-one-one-one*) vir vier kwartnote in vierslagmaat getel word en "een-twee-een-twee" vir twee halfnote, behoort nie probleme te lewer nie en sal waarskynlik help om die aanvoeling en begrip vir die verskillende toonduurtes duidelik vas te lê. Volgens die Amerikaanse telmetode word kwartnoot (*quarter*) vir 'n kwartnoot getel en (*half-note*) vir 'n halfnoot. Hiervolgens sal 'n maat wat uit vier kwartnote bestaan kwartnoot-kwartnoot-kwartnoot-kwartnoot (*quarter- quarter-quarter-quarter*) getel word. Dit kom voor as 'n lomp manier en ook nie oortuigend ten opsigte van logika nie. Die tydsduur en aantal sillabes van die woord kwartnoot (*quarter*) is byvoorbeeld presies net so lank as halfnoot (*half-note*) en heelnoot (*whole-note*). Die aanbeveling oor hoe om vir 'n heelnoot te tel is heel-noot-hou-af (*whole-note-hold-down*). Dit kan tot verwarring lei. Die gebruik van Franse tydname sal 'n oplossing vir die probleem wees en, indien dit konsekwent van die begin af aangeleer word, behoort dit baie te help om ritmepatrone te vestig. Leerders kan ook numeries tel, byvoorbeeld een-twee-drie vir walsritme, of een-en-twee-en-drie-en indien agstenote voorkom.[104]

Die Amerikaanse telmetode is vir die eerste keer deur Robert Pace gebruik in sy revolusionêre veelvuldige toonsoortbenadering wat gedurende die 1950s groot opspraak verwek het op die terrein van klavieronderrig vir beginners in Amerika (Baker-Jordan 2003:185). Ander boeke deur Amerikaners saamgestel, soos byvoorbeeld die reekse van Bastien, gebruik ook hierdie manier van tel. In die geval van die *Music Tree*-reeks is nootwaardetelling slegs aanvanklik gebruik en word vanself later uitgefaseer deur in elke maat numeries te tel.

**Evaluasie**

Die *overlapping*-konsep waarvan in die onderwysershandleiding melding gemaak word (Baker-Jordan 2003:188) is eintlik niks nuuts nie, omdat dit die vanselfsprekende manier is waarop enige onderrig aangepak behoort te word. Dit is logies dat, soos die leerder se kennis

---

[103] Die term *Amerikaanse telmetode* word in die tesis gebruik om duidelik onderskeid te maak tussen die verskillende telwyses. Hierdie tipe telwyse kom slegs voor in die lesboeke van Amerikaanse oorsprong.
[104] In *Noona Basic Piano Starter Book* (1988:8-9) word nog 'n alternatief voorgestel, naamlik om beskrywende woorde te gebruik vir die verskillende nootwaardes, byvoorbeeld *walk walk* vir twee kwartnote en *sit-ting* vir 'n halfnoot.

en vermoë vergroot, die basiese dinge wat reeds aan die begin aangeleer is, steeds gebruik word. Dit is ook in ooreenstemming met die bevindinge van die neurowetenskap, naamlik dat informasie of vaardighede volhoudend oor 'n lang periode herhaal moet word om te verseker dat dit behoorlik vasgelê word. Dit is ironies dat dit in die *Piano Lesson Book Level 1* nie altyd die geval is nie. Dikwels word verskeie konsepte onmiddellik na mekaar aangebied en kry die leerder in sulke gevalle nie die geleentheid om volkome vertroud te raak met die eerste konsep nie. Voorbeelde hiervan is die verduideliking van sekunde-intervalle en die konsep van oorgebinde note onmiddellik na mekaar (pp. 36-37), harmoniese en melodiese intervalle en die kwartnootrus (pp. 40-41), asook die halfnootrus en die skuifteken C-kruis (pp. 54-55).

Die gebruik van fraseringsboë word eweneens nie konsekwent toegepas nie. Dit verskyn in sommige van die stukke terwyl dit in ander glad nie aangewend word nie. Soms verskyn dit in gedeeltes van stukke, maar nie in die hele stuk nie.

Die grootste probleem met die gebruik van hierdie lesboek is die hantering van harmoniese tweeklanke wat direk na mekaar volg. Aangesien geen aanduiding verskaf word van hoe die opeenvolgende tweeklanke uitgevoer moet word nie, moet aanvaar word dat dit legato gespeel moet word. Die reekse tweeklanke bevat in al die gevalle 'n gemeenskaplike noot, wat dit baie moeilik maak vir 'n beginnerleerder om legato uit te voer. Een van die note moet dan opgelig word terwyl die ander noot legato oorgaan na die volgende tweeklank. Die probleem sou opgelos kon wees indien hierdie opeenvolgende tweeklanke los (*non-legato* of *staccato*) gespeel sou word. *Staccato*-aanslag word egter eers later (p. 58) verduidelik.

Die gehalte en keuse van die stukke is een van die positiewe aspekte in hierdie lesboek. Die stukke behoort in die smaak van die meeste leerders te val. Alhoewel kreatiewe spel nie aangemoedig word nie, is sommige van die stukke opwindend, soos byvoorbeeld *Raindrops* (p. 58) met oktaafspronge om *staccato*-aanslag aan te leer, *Old MacDonald* (pp. 16-17) waar in die tweede gedeelte elke keer 'n oktaaf hoër gespeel word, en die rondo, *The donkey* (p. 49), waar twee of drie klaviere saam kan speel. In ander stukke word die atmosfeer suksesvol uitgebeeld, soos in *Indian song* (p. 57) en ook *It's Halloween* (p. 59) waar die spookatmosfeer gepas oorgedra word. Hierdie stukke sal waarskynlik ook lekker wees om te speel. Leerders word attent gemaak op toonskakerings en verskillende tipes aanslag, soos legato en staccato.

**Die aanleer van veelvuldige toonsoorte**

Dit is nie duidelik wat die samestellers bedoel met die term **veelvuldige toonsoortbenadering** (*multi-key approach*) nie. Die aandag word nêrens in *Piano Lesson Book Level 1A* op enige toonsoort gevestig nie, en nuwe toonsoorte word ook nie planmatig aangeleer nie. Die wyse waarop notasie aangeleer word, stem aanvanklik ooreen met die Middel-C-benadering deur die gebruik van die Middel-C-posisie. Met die aanleer van notasie

en die gebruik van die C-majeurposisie word 'n tipe bakenleesbenadering gevolg waarvolgens F in die linkerhand en daarna G in die regterhand aangeleer word, gekoppel aan die onderskeie sleuteltekens. Hierna word onmiddellik oorgegaan na die aanleer van die vyf note van die C-majeurposisie in elke hand op die groot notebalk en daar word nie weer spesifiek verwys na die bakennote nie. Die twee note direk onder Middel-C word nooit weer gebruik nie en die aanleer van tien note so vinnig na mekaar is in sterk teenstelling met die geleidelike wyse waarop nuwe note aangeleer word in die tradisionele Middel-C- en bakenleesbenaderings.

Alhoewel *Piano Lesson Book Level IA* volgens Palmer et al. (1999) gegrond is op 'n veelvuldige toonsoortbenadering, kom dit voor asof hierdie benadering nie 'n baie geslaagde manier is om klavieronderrig aan jong beginners te verskaf nie. Daar kan geen fout gevind word met die beginsel om leerders te leer om op 'n vroeë stadium van hul ontwikkeling as pianiste in al die majeur- en mineurtoonsoorte en selfs modale modusse te speel nie. Dit is inteendeel 'n tendens wat baie aangemoedig behoort te word en uiteindelik goeie resultate soos 'n goeie toonsoortsin vir alle toonsoorte tot gevolg sal hê. Dit was dan ook die uitgangspunt van Burrows, Pace, Bastien en andere (Bastien 1977:66). Bastien (1977:66) skryf hieroor die volgende: *The procedure of the multiple key method is to learn all twelve major 5-finger positions within the first few months of instruction*.

Dit wil egter voorkom asof dit 'n hoogs idealistiese benadering is wat nie werklik op 'n suksesvolle wyse deur die heel jong beginner geakkomodeer word nie. Vir die jonger en minder musikale leerder wat sukkel om vinnig die groot aantal toonsoorte aan te leer, het die geleidelike veelvuldige toonsoortbenadering ontwikkel wat dit vir die leerder makliker maak deurdat die pas van aanbieding nie so vinnig is nie, met … *sufficient time to learn each group of keys over several years of study* (Bastien 1995:42). Oor hierdie meer gematigde benadering skryf Novik (Bastien 1977:70):

> … the slower rate of key presentation might eliminate any confusion that could arise from the more rapid total twelve key presentation. Experience has indicated that this is especially true with very young students and those who get little parental guidance and assistance at home.

Dit wil dus voorkom asof die uitgangspunt van onder andere Swenson (1972:2), wat al dertig majeur- en mineurtoonsoorte[105] gedurende die eerste jaar van onderrig wil aanleer, in die praktyk blyk onrealisties te wees. Dit mag natuurlik werk by leerders wat maklik van gehoor speel, maar die leerder wat stadiger vorder, nie maklik van gehoor speel nie en moontlik minder musikaal is, sal baie waarskynlik nie die mas hiermee opkom nie.

---

[105] Volgens die voorwoord tot Swenson (1972) se boek: *Discovering the Piano: The Multiple Key Approach*.

In werklikheid is die benadering, soos deur die samestellers in die Voorwoord beskryf as 'n ware veelvuldige toonsoortbenadering (*true multi-key approach*) baie misleidend, want soos dit in hierdie eerste beginnersboek toegepas word, is daar geen sprake van 'n doelgerigte en sistematiese werkswyse om verskillende toonsoorte logies aan die leerders bekend te stel nie. Eweneens is die aanspraak dat *Piano Lesson Book Level 1A* sewe verskillende toonsoorte dek, ook misleidend. Die beginnersboeke wat met preleesnotasie op swart klawers begin, speel *ipso facto* in toonsoorte soos G-mol en D-mol (of F-kruis en C-kruis). In *Piano Lesson Book Level 1A* word ook stukke aangetref in F, G, d, g, en natuurlik C, maar daar word nêrens van toonsoorte gepraat of selfs toonsoorttekens gebruik nie. In ander beginnersboeke, soos byvoorbeeld Thompson (1996), geskoei op die Middel-C-benadering, kom inderdaad sewe toonsoorte voor en in Hall (2003) kom vyf toonsoorte voor. Dit is duidelik dat die proses om die sogenaamde **veelvuldige** toonsoorte aan te leer, eers vanaf die tweede lesboek 'n aanvang sal neem. Die konsep van harmoniese tweeklanke, wat herhaaldelik in veral begeleidingsfigure in *Piano Lesson Book Level 1A* voorkom, dien waarskynlik as 'n voorbereiding vir die veelvuldige toonsoortkonsep wat in latere lesboeke in die reeks volg. Hierdie harmoniese tweeklanke is meestal in 'n tonika-dominant-tonika-verhouding en is as sulks 'n meer "harmoniese benadering" as wat die geval is wanneer 'n stuk net uit twee stemme bestaan.

Alhoewel die pas van aanbieding soms baie vinnig is, slaag die samestellers van *Piano Lesson Book Level 1A* tog daarin om die meeste nuwe konsepte suksesvol te illustreer deurdat die eerste verskyning van so 'n konsep in eenvoudige stukke plaasvind. Die leerders kan dus al hulle aandag wy aan die nuwe konsep.

Die druk is groot en baie geskik vir gebruik deur jong leerders.

**Kwadrantvoorkeure: Palmer, Manus & Lethco. *Alfred's Piano Lesson Book Level 1A***

(Sien tabel 24, p. 299)

**Tabel 24: Kwadrantvoorkeure: Palmer, Manus & Lethco. *Alfred's Piano Lesson Book Level 1A***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Leerders met A-kwadrant-voorkeure behoort te hou van die sistematiese wyse waarop informasie aangebied word. Die bladuitleg is baie aantreklik en nie te vol detail en illustrasies nie. Dit behoort hierdie kategorie leerders tevrede te stel.<br><br>Die hantering van legato-aanslag deur middel van die fraseringsboë sal waarskynlik deur hierdie leerders as onbevredigend ervaar word. Dit word nie orals logies en sistematies toegepas nie.<br><br>Die leerder wat 'n onafhanklike denker is, mag ook wonder waarom nie meer klem gelê word op die verduideliking van toon-soorte nie, veral aangesien die samestellers hierdie faset beklemtoon in die voorwoord.<br><br>A-kwadrante mag probleme ondervind met die wyse waarvolgens naasliggende tweeklanke aangebied word. | B-kwadrante sal waarskynlik die lesboek geniet, maar nie sonder frustrasies nie. Hulle sal hou van die sistematiese aanbieding van konsepte, maar sommige aspekte sal moontlik nie hulle goedkeuring wegdra nie. In die eerste plek sal die hantering van fraseringsboë hierdie leerders waarskynlik pla, omdat die toepassing daarvan nie konsekwent is nie. Hulle mag ook probleme ondervind met die aanbevole telwyses. B-kwadrante hou nie van eksperimente nie en sou waarskynlik een bepaalde patroon van tel verkies.<br><br>B-kwadrante sal waarskynlik hou van die manier waarop nuwe konsepte in die stukke geïmplementeer word. Elke nuwe faset word in 'n baie eenvoudige toonsetting vir die eerste keer gebruik, sodat die leerder uitsluitlik op die nuwe konsep kan konsentreer. Daar word meestal genoeg geleentheid verskaf sodat nuwe konsepte saam met reeds-behandelde fasette deeglik vasgelê word. Tog mag sommige van hierdie leerders voel dat daar langer op nuwe konsepte gefokus moet word.<br><br>Die hantering van legato/non-legato by die harmoniese tweeklanke wat na mekaar volg, sal hierdie puntenerige leerders nie tevrede stel nie. Dit is nie duidelik of hierdie tweeklanke legato gespeel moet word nie, en indien probeer sou word om dit legato te speel, sal die meeste leerders dit moeilik vind. | Die preleesgedeelte sal waar-skynlik baie positief deur C-kwadrante ervaar word. Hulle sal dit geniet om reeds tydens die eerste les 'n stukk te speel en nuwe stukke aan te leer met elke les. Hulle sal hou van die illustrasies, omdat dit meestal mense uitbeeld wat die een of ander aksie uitvoer. Sommige van die stukke, soos *Old MacDonald* (pp. 16-17), sal hulle veral baie geniet omdat dit oor die hele klawerbord beweeg. *The donkey* (p. 49), wat as 'n rondo op twee of drie klaviere gespeel kan word, sal definitief as opwindend ervaar word, veral omdat hulle hou van aktiwiteite in groepsverband. Om dieselfde rede sal hulle baie daarvan hou om duette saam met die onderwyser of ouer te speel.<br><br>Die stukke, veral dié met melodie en begeleiding, behoort bevrediging te verskaf aan musikale leerders, wat moontlik ook maklik van gehoor speel. Ongelukkig word leerders nie aangemoedig om van die stukke in ander toonsoorte te speel nie. Die musikale leerder sal nie baie probleme hiermee ondervind nie. Dit sal hulle help om vroeg reeds 'n bekendheid op te bou van ander toonsoorte. | D-kwadrante sal hou van die preleesgedeeltes wat hulle in staat stel om van die begin af stukke te speel.<br><br>Alhoewel sommige illustrasies klein is, is dit meestal baie vindingryk en kleurvol saamgestel. Dit behoort baie aanklank te vind by hierdie leerders.<br><br>D-kwadrante sal waarskynlik meer hou van hierdie tipe benadering as byvoorbeeld van die Middel-C-benadering, veral omdat dit vinniger beweeg ten opsigte van die aanleer van notasie. Fasette wat die A- en B-kwadrante pla, soos die hantering van telwyse en frasering, sal nie vir hierdie leerders 'n probleem wees nie. Hulle is nie op sulke klein detail gesteld nie. Hulle stel meer belang in die groter prent, en sal waarskynlik om daardie rede hou van die melodieë met blokakkoord-begeleiding van die laaste gedeelte.<br><br>Al hou hierdie leerders nie daarvan om in groepe te werk nie, behoort hulle te hou van die avontuurlikheid om *The donkey* (p. 49) op twee of drie klaviere as 'n rondo te speel. Die raaisel met *Willie and Tillie* (p. 52) sal waarskynlik ook plesier verskaf. |

**Slotsom**

Ten spyte van die tekortkominge soos hierbo uitgewys, wil dit voorkom asof hierdie reeks reeds beproef is en steeds deur groot getalle onderwysers in Suid-Afrika gebruik word[106]. Volgens Baker-Jordan (2003:189) het hierdie boekreeks 'n belangrike pedagogiese bydrae gemaak en is dit steeds gewild in Amerika. Dit mag wees omdat hierdie een van die min reekse vir die jong beginner is wat 'n mate van aanklank sal vind by persone met al vier kwadrantvoorkeure. Alhoewel A- en veral B-kwadrante aanvanklik meer sal hou van die Middel-C-benadering, omdat dit stadiger beweeg ten opsigte van die aanleer van nuwe note, sal die leerders met linkerhemisferiese kwadrantvoorkeure waarskynlik wel hou van die sistematiese, logiese uiteensetting en aanbieding in *Piano Level 1A*.

Persone met regterhemisferiese voorkeure sal nie veel gepla wees met konsepte van herhaling en logika wat die linkerbreinkwadrante mag ontstel nie. Albei groepe sal hou van die preleesgedeelte en die avontuurlikheid om *Old MacDonald* (pp. 16-17) oor die hele omvang van die klavier te speel en *The donkey* (p. 49) op drie klaviere te speel. Die D-kwadrante sal veral hou van die redelike vinnige pas van vordering en die feit dat daar nie te veel herhaling van dieselfde informasie voorkom nie. Dit is ongelukkig, veral vir die C-kwadrante, dat daar nie meer gemaak word van die veelvuldige toonsoortaspek nie, want vir 'n groot aantal van hierdie leerders sal dit waarskynlik baie maklik wees om stukke na ander toonsoorte te transponeer.

Al vier kwadrante behoort plesier te put uit die speel van die stukke. Talle bekende tradisionele en ander singbare melodieë verskyn in die lesboek.

In teenstelling met die onderskeie Bastienreekse, waar die gebruik van addisionele beginnersboeke noodsaaklik is om sukses te behaal, kan *Piano Level 1A* net so op sy eie met sukses deur klavieronderwysers aan leerders voorgeskryf word. Die gebruik van die addisionele boeke, soos byvoorbeeld vir bladlees, tegniek, teorie en ook 'n uitgebreide repertorium, moet egter aangemoedig word, omdat dit beter vaslegging van vaardighede en kennis sal verseker.

---

[106] Hierdie bewering is nie wetenskaplik getoets nie.

## 5.12 BEGINNERSBOEK WAT NIE HERKENBAAR EEN SPESIFIEKE BENADERING GEBRUIK NIE

Slegs een beginnersboek resorteer onder hierdie kategorie.

**Fritz Emonts. *The European Piano Method Vol. 1***[107]

(1998. Eerste uitgawe 1992. Mainz, Duitsland)

Emonts het die beginnersboek saamgestel omdat hy glo dat die leerders van die onderskeie nasies in Europa 'n vertroudheid met mekaar se kulture deur die medium van musiekopvoeding moet opbou. Daar is 'n groot verskeidenheid volkswysies van verskeie Europese lande in hierdie beginnersboek gebruik, al was dit nie moontlik om vertalings van die tekste in al die tale te druk nie. Emonts glo verder dat die natuurlikste manier waarop 'n verbinding tussen 'n kind en 'n musiekinstrument geskep kan word, is om die kind te stimuleer om te eksperimenteer met die klawerbord en om bekende wysies van gehoor te probeer speel. Emonts (1998:Voorwoord) stel dit as volg:

> The natural progression, from singing and listening to playing, forms the foundation for the development of listening ability and musicality. During a lifetime with an instrument one should always try to replay on it everything that one has heard.

Emont glo verder dat die leerder bekend moet wees met die hele klawerbord, van die laagste tot die hoogste register, deur aanraking sowel as deur gehoor. Die jong speler moet alreeds 'n gevoel van kontak met die klawerbord hê voordat klavierspel gekombineer word met die gekompliseerde proses van die lees van musiek. Deur aanvanklik slegs op die swart klawers te speel, bied 'n uitstekende geleentheid om eerstehandse kennis op te doen van die rangskikking van die klawers op die klawerbord. Vir die improviseer van melodieë is die pentatoniese toonleer van die swart klawers makliker om te hanteer as die diatoniese toonleer van wit note.

As toevoeging tot die lesboek is daar ook addisionele boeke deur dieselfde skrywer beskikbaar, gepubliseer met stukke vir twee en vier hande, wat die materiaal musikaal en tegnies voltooi. 'n CD is ook beskikbaar wat saam met die boek gebruik kan word.

*The European Piano Method* verskil van ander benaderings van klavieronderrig vir jong beginners. Dit is dikker as die normale beginnersboek (88 bladsye) en is verdeel in vyf hoofgedeeltes:

---

[107] Tydens die bespreking van die geskiktheid van *The European Piano Method* vir persone met spesifieke breinvoorkeure, moet in gedagte gehou word dat hierdie boek as 'n tweede, of selfs derde, in plaas van 'n eerste beginnersboek beskou moet word. Dit behoort ook beskou te word as gerig op 'n effens ouer beginner. Dit is duidelik nie vir baie jong en onervare leerders bedoel nie.

1. Nabootsspel op swart en wit klawers (pp. 8-19).
2. Speel van gehoor – wysies met 'n omvang van eers vyf en dan ses note (pp. 20-29).
3. Die speel van genoteerde musiek – eers net met drie en daarna met vyf vingers (pp. 30-47).
4. Spel met vyf vingers op verskillende plekke op die klawerbord – begin byvoorbeeld telkens op 'n ander noot. Ook majeur- en mineurtoonsoorte (pp. 48-69).
5. Verandering van handposisie binne dieselfde stuk (pp. 70-87).

**Benadering**

Die benadering is hoogs uitsonderlik en nie werklik vergelykbaar met enige ander beginnersreeks of -benadering nie. Die aanleer van notasie begin min of meer volgens die Middel-C-benadering, behalwe dat geen voorligting ten opsigte van toonhoogte, nootwaardes en maatsoorte verskaf word nie. Die onderwyser speel 'n baie belangrike rol deurdat konsepte wat nie in die lesboek behandel word nie, aangevul moet word. Wanneer begin word met "formele" onderrig, wat die aanleer van notasie en nootwaardes impliseer, moet die leerder, deur middel van nabootsing en improvisasie, alreeds heel vaardig in klavierspel wees. Die vierde gedeelte toon ooreenkomste met die beginsel van veelvuldige toonsoorte. Emonts se benadering vertoon egter onplanmatig, omdat daar geen geordende, logiese voortbeweging van een toonsoort na 'n volgende is nie.

**Prelees/nabootsspel**

*The European Piano Method* bevat 'n uitgebreide nabootsgedeelte (afdeling 1 pp. 8-19). Prelees bestaan gewoonlik uit simbole wat toonduurtes en rigting aandui, meestal in groot noteskrif, sonder dat lyne en spasies gebruik word. Die leerder "lees" in werklikheid wel vanaf die manuskrip, maar in 'n vereenvoudigde vorm. In *The European Piano Method* word hierdie tipe lees nie deur die leerder uitgevoer nie. Die tipe "stuk" wat gespeel word, is dikwels meer 'n kennismaak en ondersoek van al die verskillende maniere van klankprodusering wat op die klavier moontlik is. Dit bevat nie eenvoudige melodieë waar een noot per keer deur een hand gespeel word nie, maar bestaan dikwels uit twee of drie klawers wat gelyktydig afgedruk word en hoog en laag op die klavier in verskillende ritmepatrone gespeel kan word. Soms word groepe wit klawers afgewissel met groepe swart klawers. Die leerder kan nie lees wat in die boek gedruk is nie, en is aangewese op die onderwyser wat die "stuk" moet voorspeel. Die gedeeltes wat die onderwyser voorspeel, is wel genoteer op die notebalk, in 'n vereenvoudigde vorm. Die leerder leer dan die stuk aan deur middel van nabootsing. Hierdie nabootsafdeling is werklik 'n baie avontuurlike begin vir enige jong leerder en 'n uiters oorspronklike kennismaking met die instrument.

Sewe stukke word op swart klawers gespeel. Die leerder word met die eerste les aangemoedig om die groepe van twee swart klawers op verskillende maniere te speel. Leerders hoef ook nie stil te sit nie en mag op en af voor die klavier loop terwyl hulle speel – hard of sag, vinnig of stadig, met of sonder pedaal. Die groepe van twee en drie swart klawers kan as toontrosse of enkelnote gespeel word. Allerhande ritmepatrone word voorgestel en die leerder word ook aangemoedig om met die pedaal te eksperimenteer. Op p. 16 (no. 8) word groepe van drie wit klawers (C, D en E) afwisselend met groepe van drie swart klawers, in toontrosse en individuele note oor die omvang van die hele klawerbord gespeel. Die leerder word daarop gewys dat dit 'n heeltoontoonleer is. 'n Duet wat deur dekades heen 'n groot gunsteling was by oud en jonk, die bekende *Chopsticks* (in die beginnersboek word dit genoem *Having fun with black keys*), verskyn op p. 18 (no. 9) in allerlei gedaantes (kyk figuur 30). Sonder twyfel sal alle leerders (en onderwysers) geniet om dit te speel!

**Speel van gehoor**

Hierdie afdeling (afdeling 2 pp. 20-29) beslaan tien bladsye en is 'n aanduiding van die hoë premie wat Emonts op hierdie tipe klavierspel plaas. Leerders word aangemoedig om bekende melodieë van gehoor te probeer speel. Hierdie gedeelte word in vier afdelings verdeel. Die eerste twee afdelings bestaan uit volksliedjies uit verskillende lande en beslaan 'n omvang van vyf note. Die derde afdeling bevat liedjies met 'n omvang van ses of meer note (p. 26). Die laaste afdeling (p. 27) illustreer voorbeelde van maklike begeleidings wat by die liedjies gebruik kan word. Aangesien die leerder op hierdie stadium nog glad nie note kan lees nie, moet onderwysers die wysies voorspeel of voorsing. Leerders moet dit memoriseer en self in verskillende toonsoorte probeer speel.

**Improvisasie**

Leerders word van die begin af aangemoedig om met allerhande klankeffekte te eksperimenteer en melodieë te improviseer. Hulle moet ook met die pedaal eksperimenteer. Improvisasie gaan dikwels saam met speel van gehoor, en dit is baie duidelik dat hierdie faset 'n belangrike rol sal speel wanneer leerders hierdie lesboek gebruik. Die doel van die improvisasie is ook om leerders 'n vertroudheid te laat opbou met verskeie toonsoorte sodat hulle met gemak daarin kan speel.

**Notasie**

Die eerste gedeelte van die derde afdeling (speel vanaf genoteerde musiek, pp. 30-47, bestaan uit die "klein" Middel-C-posisie, dit wil sê die note van A onder tot E bokant Middel-C (vyf note). Die eerste stuk is voorsien van mate, maatstrepe, tydsoorttekens, G- en F-sleutels, kwart- en halfnote en vingersettings. Die benadering van die beginnersboek van

Emonts toon ooreenkomste met die reekse van Bastien (1985 en 1987) en *Lesson Book 1A* (Palmer et al. 1999) waar drie tot vyf note gelyktydig in notasie aangeleer word. Geen verduideliking word ten opsigte van toonhoogte, maatslag, nootwaardes of vingersetting verskaf nie. Hierdie afdeling word in twee dele verdeel, eers spel met drie vingers en daarna spel met vyf vingers van elke hand.

Kontrapuntale konsepte kom verskeie male in die lesboek voor. Nommers 22 en 23 is byvoorbeeld musikale "raaisels" wat deur die leerder beantwoord moet word. Hierdie oefeninge is redelik gevorderd en die meeste jong leerders sal probleme ondervind om die opdrag korrek uit te voer.

Wanneer spel met vyf vingers 'n aanvang neem, word die volledige Middel-C-posisie (nege note) aangetoon (p. 34). Vier nuwe note word nou gelyktydig aangeleer, naamlik F en G in die bas- en sopraansleutels onderskeidelik. Vanaf pp. 34-47 verskyn 18 stukke waarin terts-, kwart- en kwintspronge voorkom. Die omvang van hierdie stukke is almal beperk tot die nege note van die Middel-C-posisie. Die hande speel in die eerste paar stukke meestal afwisselend, maar samespel met albei hande kom toenemend in die laaste paar stukke voor en die musiek raak geleidelik meer ingewikkeld.




**Figuur 29:** ***Having Fun with Black Keys*** (Emonts 1998:18)

Twee duette (pp. 36-39, nommers 29 en 30), die laaste 'n verwerking van die bekende Negro Spiritual, *Swanee River,* is ook opgeneem in hierdie gedeelte. *Swanee River* is in F genoteer. Die B-mol in die melodielyn word eers later verduidelik en verskyn hier sonder enige verduideliking vooraf.

Die bedoeling met die vierde gedeelte (spel met vyf vingers op verskillende plekke op die klawerbord, pp. 48-69) is waarskynlik dat leerders 'n vaardigheid opbou om in verskillende toonsoorte te leer speel. Behalwe vir toonsoort C word baie stukke in F geskryf. Die

"ekskursie na nuwe toonsoorte" begin in die vierde afdeling (p. 48) met 'n skets van die notebalk van die eerste vyf note van F in die sopraan- en bassleutels. Die molteken wat hierin voorkom word soos volg verduidelik: *Flat: one semitone lower*. Die F-posisie word in notasie en met 'n skets van die klawerbord aangedui. Boaan p. 49 verskyn 'n agtmaat-frase in F (no. 45a) wat met albei hande, 'n oktaaf tussen die hande, in parallelle beweging gespeel word. Die voorliefde wat Emonts vir kontrapuntale praktyke toon, word geïllustreer wanneer hierdie frase in daaropvolgende oefeninge in omkering en teenoorgestelde beweging gespeel word (nommers 45 b, c en d). Dit word ook voorsien van 'n duetparty.

*Oh when the Saints go marching* (no. 46 in F) verskyn in 'n duetverwerking op p. 50 en die gedeelte vir die leerder is slegs vir die regterhand geskryf. Oorgebinde note word in hierdie stuk vir die eerste maal gebruik – sonder dat die konsep verduidelik word. Die herstelteken word kortliks op p. 53 verduidelik wanneer die musiek van F na C moduleer in *Valse* (no. 49).

No. 50, met die opskrif, *Play from memory,* bestaan uit die eerste frases van drie volksliedjies wat reeds in die speel-van-gehoorseksie gebruik word, met die aanbeveling dat die leerder die liedjies van geheue speel en dit neerskryf. Hierdie frases is ook almal in F genoteer. Die leerder moet ook probeer om 'n begeleiding daarby te speel. *Good Morning* (p. 54) gebruik die "nuwe" ritme: 'n gepunteerde kwartnoot gevolg deur 'n agstenoot. Leerders sal dit moeilik verstaan omdat die agstenoot nog nie aangeleer is nie.

Die C-majeurposisie word op p. 56 in 'n skets boaan die bladsy getoon. *Boating* (no. 55) en *Merrily we roll along* (no. 56) word albei in C genoteer. Kwint-, kwart- en tertstweeklanke verskyn in *Merrily we roll along* as 'n begeleiding in die linkerhand.

Majeur- en mineurtoonsoorte word in die volgende gedeelte (pp. 58-59) behandel. Die verskil tussen 'n majeur- en mineurdrieklank word aangetoon en die klankverskil beklemtoon.

Die D-posisie word op p. 60 vertoon. D en d is die volgende toonsoorte wat behandel word. *Dialog* (no. 62) is in d en die leerder moet dit ook in die majeurtoonsoort speel. Die omgekeerde gebeur met *Changing the time* (no. 63) wat in D genoteer is en deur die leerder omgeskakel moet word na d. Agstenote word op p. 62 verduidelik. Geen leiding word verskaf oor hoe getel moet word nie.

Die G-posisie word op p. 62 aangetoon, met 'n oktaaf tussen die twee hande. In *Walking and running* (nommers 65, in G) word 'n geslaagde uitbeelding gegee van die verwantskap tussen kwart- en agstenote. Die twee hande speel om die beurt 'n kort frase in kwartnote. Onmiddellik hierna word dieselfde frase herhaal, maar hierdie keer word elke kwartnoot

vervang met twee agstenote. Alhoewel die beginsel van hulplyne nog nie verduidelik is nie, word D bokant Middel-C met die linkerhand gespeel.

Die A-posisie word op p. 66 aangedui, in parallelle rigting, die hande 'n oktaaf uitmekaar. No. 69, *Wenn ich ein Vöglein wär,* bevat 'n Alberti-begeleiding wat met die linkerhand gespeel word. Die laaste twee stukke (nommers 71 en 72) is albei in a en in 6/8-tyd genoteer.

Die vyfde afdeling (pp. 72-77) word gebaseer op veranderings van handposisie wat binne dieselfde stukke voorkom. Die leerder moet vier bekende volkswysies eers met die regter- en dan met die linkerhand speel terwyl noukeurig gelet word op die vingersetting wat in die manuskrip aangedui is. Die oorsit en deursit van vingers en duim word duidelik in hierdie voorbeelde aangetoon.

Hierna moet elke stuk gespeel word met die melodie in die regterhand en begeleiding met die tonika- en dominantnote in die linkerhand. Hierdie melodieë het almal in die derde afdeling verskyn en die leerder word daarna verwys (pp. 37, 39, 40). *Waltz in a minor key* (no. 77), in d, bestaan uit agstenootlopies wat met die linkerhand gespeel word, gevolg deur mineur- of majeurdrieklanke met die regterhand. Die leerder moet probeer om die stuk te speel met die hande omgeruil. Die stukke in hierdie gedeelte van die beginnersboek is aansienlik moeiliker as wat die normale beginnerleerder aan die einde van die eerste jaar van onderrig sal kan speel.

Die laaste gedeelte van die lesboek is te gevorderd vir beginners en word nie verder bespreek nie.

**Duetbegeleiding**

Duetbegeleidings word slegs by ses stukke verskaf.

**Tegniese oefeninge**

Baie aandag word bestee aan tegniese ontwikkeling en verskeie vingeroefeninge (pp. 47, 55, 57, 75, 80) kom in die lesboek voor.

**Toonsoorte**

Elf verskillende toonsoorte kom in hierdie beginnersboek voor. Die opvolging van die verskillende toonsoorte geskied op die oog af lukraak, met geen vooruitbeplande, sistematiese aanbieding nie.

**Omvang**

Behalwe tydens die aanvangsgedeelte is daar is geen beperking op die omvang van die onderskeie stukke nie. Note wat hulplyne benodig word aan die bo- en onderkant van albei notebalke gebruik.

**Illustrasies**

*The European Piano Method* word deur pragtige illustrasies versier. Fyn detail en helder kleure kenmerk hierdie tekeninge. Dit mag egter wees dat jong leerders nie die kunstigheid van die tekeninge waardeer nie, en dat die idioom van die illustrasies meer tot volwassenes as tot jong leerders spreek. Waar 'n stuk van 'n beskrywende titel voorsien word, is dit in die meeste gevalle voorsien van 'n vindingryke, kunstige uitbeelding. 'n Groot aantal bladsye bevat egter geen illustrasies nie.

**Nootwaardes en ritme**

Min aandag word gewy aan die vaslegging van nootwaardes en die ontwikkeling van 'n ritmiese polsslag. Behalwe vir die agstenoot teen die einde, waar die verwantskap tussen die kwart- en agstenoot verduidelik word (p. 62), word geen voorligting verskaf ten opsigte van nootwaardes nie. Die notasiegedeelte begin met stukke waarin kwart-, half- en heelnote gebruik word (p. 30). Hierdie eerste stuk is in vierslagmaat en die tydsoortteken verskyn vooraan elke stuk, maar geen aanduiding word verskaf oor hoe getel moet word nie. Die gepunteerde halfnoot word die eerste keer op p. 32 gebruik, sonder dat die toonduurte of tydsoortteken van drieslagmaat beskryf word. Stukke in saamgestelde tyd kom in die laaste gedeelte van die beginnersboek voor, nadat die agstenoot bekendgestel is. Geen verduideliking of vermelding word van enkelvoudige of saamgestelde tyd gemaak nie.

Afgesien daarvan dat die aanbieding van nootwaardes met min of geen verduideliking geskied, is die aanbieding van daarvan ook nie sekwensieel nie. Die ingewikkelde ritmiese konstruksie van 'n gepunteerde kwartnoot, gevolg deur 'n agstenoot, word in 'n stuk gebruik voordat agstenote nog aangeleer is. Hierdie ritmepatroon word weer gebruik nadat die agstenoot aangeleer is, sonder dat enige verduideliking daarvan voorkom.

**Evaluasie**

Hierdie beginnersboek is in vele opsigte uniek en kan nie as 'n gewone beginnersboek beskou word nie. Twee aspekte kom duidelik na vore:

- Die aanbieding van konsepte in *The European Piano Method* is aan die een kant uiters vindingryk, maar aan die ander kant is die gebrek aan voorligting, veral met die bekendstelling van elementêre begrippe aangaande notasie, 'n groot probleem. Die tempo van die aanleer van kennis en vaardighede is baie vinnig en van die stukke is reeds vroeg in die lesboek moeilik en die meeste jong leerders sal probleme ondervind om dit te speel. Dit is duidelik nie geskik as 'n beginnersboek vir 'n jong beginner nie, omdat die voorligting nie slegs te vinnig nie, maar boonop onvolledig en onsistematies

aangebied word. As gevolg hiervan behoort dit eerder as 'n tweede, of aanvullende boek beskou te word.

- *The European Piano Method* sal by uitnemendheid 'n geskikte boek wees vir leerders wat maklik van gehoor speel. Veral die eerste nabootsgedeelte sal vir sulke leerders 'n avontuur wees. Hulle sal waarskynlik ook daarvan hou om volgens die aanbevelings improvisasies te doen en sal graag bekende wysies met begeleidings van gehoor speel. Die *modus operandi* in die gedeelte wat improvisasie aanmoedig, is baie interessant, met allerhande voorstelle van hoe die leerder nuwe stukke kan komponeer en ook voorstelle oor hoe om 'n verskeidenheid begeleidingsfigure te inkorporeer. Transposisie van toonsoort tot toonsoort word ook baie beklemtoon.

As 'n boek vir beginners is veral vier areas baie afgeskeep.

- Geen voorligting word verskaf ten opsigte van die name van note nie. Boaan elke gedeelte, waar "nuwe" note vir die eerste keer gebruik gaan word, verskyn fragmente van die notebalk met die note wat gebruik gaan word, maar die musiekalfabet en die name van die note/klawers word nêrens logies uiteengesit en verduidelik nie. Die note word geïdentifiseer volgens vingersetting wat in die skets bo-op elke noot aangebring is.
- Informasie word nie ordelik aangebied nie. B-mol word byvoorbeeld gebruik in *Swanee River* (pp. 38-39), nog voordat hierdie skuifteken behandel is. Kruise word nooit verduidelik nie en verskyn sonder enige voorbereiding wanneer die D-posisie op p. 60 aangebied word. Toonsoorttekens word gebruik maar word nooit verduidelik nie. Die ritmepatroon van 'n gepunteerde kwart- gevolg deur 'n agstenoot kom voor in *Good morning* (p. 54) nog voordat agstenote verduidelik is.
- Daar word geen aandag aan teoretiese aspekte bestee nie. Al is die fokus in die onderrigmetode meer toegespits op gehoorspel, improvisasie en transponering, durf teoretiese aspekte, veral vir beginners, nie agterweë gelaat word nie.
- Daar word min aandag aan 'n musikale vertolking van enige van die stukke bestee. Fraseringsboë word vir die eerste maal in die laaste tien bladsye van die lesboek gebruik. Die afwesigheid van fraseringsboë en onkunde ten opsigte van frasestruktuur mag 'n vroeë groei in musikale aanvoeling en struktuurontwikkeling inhibeer. Wanneer musiek duidelik in frases verdeel word deur middel van fraseringsboë, is die struktuur daarvan duideliker en help dit met die asemhalingspunte en uiteindelik ook met die vertolking.

*The European Piano Method* bevat wel oorspronklike idees. Die voorliefde vir kontrapuntale skryfwyse is opvallend. Daarvan getuig die nabootsings, kanons en omkerings van frases.

Stukke moet soms 'n oktaaf hoër gespeel word en in een geval moet die hande selfs omgeruil word. Die kontrapuntale speelpraktyke sal moontlik veral vir leerders met A-kwadrantvoorkeure, en moontlik ook D-kwadrante, prikkelend en uitdagend wees.

Daar is 'n mate van beplanning in die wyse of patroon waarop konsepte bekendgestel word. 'n Onderskeid word getref tussen spel wat eers net met drie vingers van elke hand gespeel word en daarna met vyf vingers. Die seksie waar 'n stuk telkens op 'n ander noot op die klawerbord begin word, kom selde in die meer tradisionele benaderings voor. Hierdie gedeelte sluit verskillende toonsoorte in en toon ooreenkomste met die veelvuldige toonsoortbenadering. Die aanleer van die verskillende toonsoorte geskied egter nie volgens 'n logiese patroon nie.

Die laaste twee afdelings van *The European Piano Method* konsentreer op die verandering van handposisie wat in dieselfde stuk voorkom en op legato- en staccato-aanslag.

Jong leerders sal waarskynlik probleme ondervind om die klein druk te lees. Groter druk is veral vir jong beginners meer gebruikersvriendelik. Die notasie op bladsye waar geen prentjies voorkom nie, is soms moeilik om te lees omdat die stukke baie opmekaar gedruk is.

Wanneer 'n evaluasie gedoen word ten opsigte van moontlike breinvoorkeure, kom by hierdie beginnersboek 'n kriterium na vore wat nie by ander beginnersbundels so 'n groot rol gespeel het nie, naamlik leerders wat maklik van gehoor speel. Die beginnersboek is by uitstek geskik vir hierdie kategorie leerders. Emonts heg duidelik baie waarde aan speel-van-gehoor en improvisasie. Aanmoediging om bekende stukke van gehoor te speel en op allerhande maniere te improviseer loop soos 'n silwer draad deur die lesboek.

**Kwadrantvoorkeure: Emonts. *The European Piano Method*[108]**

(Sien tabel 25, p. 311)

[108] Tydens die bespreking van die geskiktheid van *The European Piano Method* vir persone met spesifieke breinvoorkeure, moet in gedagte gehou word dat hierdie boek as 'n tweede, of selfs derde, in plaas van 'n eerste beginnersboek beskou moet word. Dit behoort ook beskou te word as gerig op 'n effens ouer beginner. Dit is duidelik nie vir baie jong en onervare leerders bedoel nie.

**Tabel 25: Kwadrantvoorkeure: Emonts. *The European Piano Method***

| A-kwadrant | B-kwadrant | C-kwadrant | D-kwadrant |
|---|---|---|---|
| Dit is baie waarskynlik dat leerders met hierdie leervoorkeur die aanbieding van konsepte baie stimu-lerend en uitdagend sal vind. Daar word van die leerder verwag om heelwat onaf-hanklike dinkwerk te doen, en juis dit sal dit moontlik aantreklik maak vir A-kwadrante. Min geskrewe aanwysings kom voor en dit sal die intelligente A-kwadrant forseer om te probeer agterkom wat die "meesterplan" van aanbieding is.<br><br>Leerders se intelligensie word geprikkel deur verskeie prosedures wat in die lesboek voorkom, soos byvoorbeeld die musikale "raaisels", omkering, kanons en teen-oorgestelde beweging.<br><br>Die illustrasies is pragtig en smaakvol gedoen en behoort nie te steur nie. | Hierdie beginnersboek sal in alle waarskyn-likheid glad nie aanvaarbaar wees vir B-kwadrant leerders nie. Die werkswyse waarvolgens informasie aangebied word, mag met 'n oppervlakkige evaluering planmatig en georden voorkom. Nadere kennismaking toon egter dat daar vir die meeste jong leerders veels te vinnig beweeg word en dat vaardighede nie alleen nie vasgelê word nie, maar dat baie konsepte glad nie verduidelik word nie.<br><br>B-kwadrante sal waarskynlik die gebrek aan sistematiese hantering onaanvaarbaar vind. Hulle hou nie daarvan dat dinge van hulle verwag word as hulle nie voldoende voorbereid daarvoor is nie, soos byvoorbeeld ritmepatrone wat gespeel moet word voordat die nootwaardes nog behandel is en kruise en molle wat nog glad nie verduidelik is nie.<br><br>Terwyl daar tog 'n stelsel gevolg word waarvolgens informasie aangebied word, is die volgorde waarvolgens informasie aangebied word, nie altyd logies nie. Dit is byvoorbeeld onduidelik waarom die Middel-C-posisie eers gebruik word en daarna die toonsoorte van F, C, D, G en A, in hierdie volgorde. Soms word beide die majeur- en mineurtoonsoort gebruik, maar dit gebeur nie in alle gevalle nie. | Die leerder met 'n goeie gehoor wat maklik van gehoor speel, sal die aanvangsgedeeltes van die boek besonder stimulerend vind. Hulle sal hou van die nabootsing en sal dit geniet om die volksliedjies met 'n omvang van vyf of ses note te speel en na ander toonsoorte te transponeer.<br><br>Die pragtige illustrasies behoort groot byval te vind by hierdie kunssinnige leerders.<br><br>Leerders wat hou van kinestetiese beweging sal die interessante vingeroefeninge baie geniet, ook van die spel oor die hele omvang van die klawerbord, veral in die eerste afdeling waar volgens nabootsing gespeel word. Hulle sal ook daarvan hou om die duette te speel. Die kanon, soos byvoorbeeld op p. 79, waar meer as een persoon kan speel of sing, sal veral geniet word deur persone wat daarvan hou om aktiwiteite saam met ander uit te voer. Die groot aantal duette sal om dieselfde rede groot aftrek kry. | Gedeeltes van *The European Piano Method* is by uitnemend-heid geskik vir hierdie kategorie leerders, mits hulle effens ouer is en reeds 'n kennis het van sommige aspekte van notasie. Veral die nabootsspel op swart en wit klawers sal baie plesier verskaf. Die haastige en moontlik impulsiewe leerder sal baie daarvan hou om gou 'n liedjie te kan speel. Die voorstelle ten opsigte van kreatiwiteit, impro-visasie, harmonisasie en trans-ponering sal groot byval vind.<br><br>Die vinnige pas waarteen informasie aangebied word, sal hierdie leerders nie pla nie, behalwe as die pas so vinnig is dat hulle glad nie kan byhou nie.<br><br>Hulle sal moontlik baie hou van die pragtige illustrasies. Hulle sou egter ook verkies dat illustrasies op elke bladsy en by meer stukke verskyn. |

**Slotsom**

Dit is baie duidelik dat *The European Method* nie *ipso facto* aan enige leerder gegee kan word nie. Dit verskil van die standaard beginnersboek waar informasie deurdag en sistematies aan die jong beginners bekendgestel word. *The European Method* beweeg baie vinnig en groot leemtes kan in 'n leerder se musiekopvoeding ontstaan as slegs van hierdie boek gebruik gemaak sou word. Dit is beter om aan hierdie as 'n opvolgboek te dink nadat die grondbeginsels van notasieleer reeds met behulp van 'n ander beginnersboek aan die leerder verduidelik is. Tog bevat *The European Method* vars en oorspronklike idees en goeie musiek, en dit sal vir sommige leerders 'n groot ontdekkingstog wees om daaruit te werk. Veral die leerder wat van kleins af 'n aanvoeling toon om maklik van gehoor te speel, sal baie baat vind by die gebruik van hierdie beginnersboek en die baie wenke wat daarin vervat word.

Wat die kwadrantvoorkeure betref, is dit makliker om te sê watter kategorie leerders glad nie hierdie beginnersboek moet gebruik nie, naamlik die B-kwadrante. Dit wyk te ver af van die gebaande weë, verduidelik te min en beweeg te vinnig. Die intelligente A-kwadrant mag wel die uitdaging geniet om uit *The European Method* te werk, mits dit voorafgegaan word deur 'n ander beginnersboek wat die basiese feite van notasie verduidelik het. Die aansienlike klem wat op die kontrapuntale speelpatrone geplaas word, behoort hierdie groep leerders te stimuleer. Die musikale C-kwadrantleerder sal 'n ander sy van die aanbieding baie geniet, naamlik die nabootsgedeelte in die begin en die groot klem wat op improvisasie en transposisie geplaas word. Sorg moet egter gedra word dat wanneer hierdie leerders *The European Method* gebruik, hulle wel goed onderlê word in alle teoretiese beginsels. D-kwadrante sal ook die eerste gedeelte van die boek opwindend vind, maar mag dalk later probleme vind om by te hou by die vinnige pas waarteen beweeg word. Dit is ook 'n opsie om die eerste gedeelte van *The European Method* te gebruik, naamlik die nabootsspelgedeelte en miskien ook die volkswysie-gedeelte, en daarna oor te skakel na 'n eenvoudiger reeks wat meer konsentreer op die elementêre fasette van notasielees.

## 5.13 OORHOOFSE BESPREKING VAN TENDENSE SOOS GEOPENBAAR IN DIE ONTLEDING VAN DIE ONDERSKEIE BEGINNERSBOEKE

Die maat-tot-maat ontleding van die onderskeie beginnersboeke het 'n verskeidenheid van neigings en tendense aangetoon. In Tabel 26 word die benaderings, ooreenkomste en verskille tussen die verskillende beginnersboeke aangedui:

| Outeur | Titel | Datums | Benadering | Toonsoorte | Aantal bladsye | Prelees | Telling | Land | Nootwaarde |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Schaum | *Piano Course: The Green Book* | 1996 | Middel-C | 4 | 44 | Geen | Numeries | VSA | 5 |
| Thompson | *Easiest Piano Course. Part One* | 1996 | Middel-C | 6 | 39 | Geen | Numeries | VSA | 4 |
| Barratt | *Chester's Piano Book Number One* | 1989 | Middel-C | 4 | 35 | Geen | Numeries | Engeland | 5 |
| Hall | *Tunes for Ten Fingers* | 2002 | Middel-C | 5 | 47 | Geen | Numeries | Engeland | 5 |
| Waterman en Harewood | *Me and My Piano* | 1988 | Middel-C | 3 | 47 | Geen | Numeries | Engeland | 4 |
| Bryant | *Keyclub Book One* | 1998 | Middel-C | 3 | 47 | Geen | Numeries | Engeland | 4 |
| Barden et al. | *Alfred's Music for Little Mozarts Bk1* | 1999/1999 | Middel-C | 8 | 48 | Ja | Nootwaarde<br>Numeries | VSA | 3 |
| Barden et al. | *Alfred's Music for Little Mozarts Bk 2* | 1999 | Middel-C | 5[109] | 48 | Ja | Nootwaarde<br>Numeries | VSA | 4 |
| MacGregor | *Piano World* | 2000 | Middel-C | 5 | 32 | Geen | Numeries | Engeland | 5 |
| Clark et al. | *The MusicTree*<br>*The Music Tree: Time to Begin* | 2002 | Bakenlees | 12 | 72 | Ja | Aanvanklik nootwaardes. Daarna numeries. | VSA | 4 |
| Faber en Faber | *Piano Adventures Lesson Book Primer Level* | 1996 | Bakenlees | 5 | 63 | Ja | Franse tydname/ nootwaarde | VSA | 4 |
| Scott en Turner | *Progressive Piano Method for Young Beginners* | Geen datum | Bakenlees | 2 | 44 | Nee | Numeries | Australië | 4 |
| Noona en Noona | *Noona Basic Piano Starter Book* | 1988 | Intervallees Geleidelike veelvuldige toonsoort | 4 | 47 | Ja | Franse tydname Beskrywend Amerikaans Numeries | VSA | 4 |
| Bastien, James | *Piano for the Young beginner Primer A* | 1987 | Geleidelike veelvuldige toonsoort | 3 | 46 | Ja | Amerikaans Numeries | VSA | 4 |

[109] In totaal vyf toonsoorte. Drie van hierdie toonsoorte het nie in Bk 1 verskyn nie.

| Outeur | Titel | Datums | Benadering | Toonsoorte | Aantal bladsye | Prelees | Telling | Land | Nootwaarde |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bastien, James | *Piano for the Young beginner Primer B* | 1987 | Geleidelike veelvuldige toonsoort | 4 | 46 | Ja | Amerikaans Numeries | VSA | 5 |
| Bastien, James | *Piano Primer Level* | 1985 | Geleidelike veelvuldige toonsoort | 7 | 63 | Ja | Amerikaans numeries | VSA | 5 |
| Palmer et al. | *Alfred's Piano Library. Piano Lesson Book Level A* | 1999 | Geleidelike veelvoudige toonsoort | 6 | 63 | Ja | Aanvanklik Amerikaans. Later numeries | VSA | 5 |
| Emonts | *The European Piano Method Vol. 1* | 1998 | Geen bepaalde benadering | 11 | 87 | Ja | Geen aanduiding | Duitsland | 5 |

**Tabel 26: Benaderings, ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie beginnersboeke**[110]

Die benaderings, ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie beginnersboeke word vervolgens aan die hand van die volgende kriteria bespreek:

- Benadering en lande van oorsprong
- Die hoeveelheid toonsoorte in die onderskeie beginnersboeke
- Preleesaktiwiteite
- Telwyses.

### 5.13.1 Benadering en lande van oorsprong

Die analise van die beginnersboeke het getoon dat al die beginnersboeke wat in Engeland hul oorsprong het, vanaf 1977 tot 2003, op die Middel-C-benadering gebaseer word, terwyl die Amerikaanse boeke wat gedurende min of meer dieselfde periode die lig gesien het, meestal op die bakenlees- en veelvuldige toonsoortbenaderings gebaseer word. Die heel "vroegste" Amerikaanse beginnersboeke van Schaum en Thompson is ook op die Middel-C-benadering gebaseer. Dit is baie interessant dat die meer onlangse Amerikaanse beginnersreeks van Barden et al. (1999) ook op die Middel-C-posisie gebaseer is. Dit wil voorkom asof daar 'n terugkeer besig is om plaas te vind na die Middel-C-benadering, veral in Amerika. Die beginnersboek van Bastien vir die heel jong beginner (*Primer A*) uit die *Piano Basics*-reeks toon ook duidelike ooreenkomste met die Middel-C-benadering en is

[110] Die tabel is saamgestel volgens die volgorde van bespreking in eerste gedeelte van Hoofstuk 5.

uitsluitlik op die Middel-C-posisie gebaseer. Die beginnersboek deur die Australiese skrywers, Scott en Turner, gebruik 'n tipe benadering wat ooreenkomste toon met die bakenleesbenadering.

Wat soms gebeur in beginnersboeke wat gebaseer word op die veelvuldige toonsoort-benadering, is dat begin word met die aanleer van die note van die C-majeurposisie, en nie die Middel-C-posisie nie. Dit word deur Bastien in die beginnersboek vir die ouer leerder gedoen (*Piano Primer Level* 1985). Dit is 'n totaal ander benadering. Die leerder leer steeds die noot Middel-C eerste aan, maar in stede daarvan dat die hande in 'n spieëlbeeld van mekaar in teenoorgestelde rigting beweeg, word in die C-majeurposisie dieselfde note 'n oktaaf uitmekaar in dieselfde rigting gespeel. Volgens hierdie metode leer leerders dikwels drie of vyf note per hand gelyktydig aan, wat natuurlik veel vinniger is as die Middel-C-benadering wat meestal net een noot per keer aanleer. Ander beginnersboeke, soos dié van Palmer et al. (1999) en Bastien (1987) se *Piano Primer B* vir die jong beginner, begin wel met die Middel-C-posisie, maar beweeg baie vinnig na die C-majeurposisie. Dit het tot gevolg dat die note direk onder Middel-C in die linkerhand, B en A, dan nooit weer gelees/gespeel word nie. Dit moet as 'n ernstige leemte in die aanbieding beskou word.

Afgesien van die ooglopende verskille tussen benaderings ten opsigte van die posisies wat gebruik word om note te leer lees (Middel-C en/of C-majeurposisies) verskil die Middel-C-benadering ook van die ander benaderings ten opsigte van die wyse waarop leerders bewus gemaak word van toonhoogtes en nootposisies op die notebalk. Met die Middel-C-benadering word die lees van note op die notebalk chronologies aangeleer en die aandag word van noot tot noot gevestig op die posisie van die noot op die notebalk. Met ander woorde, leerders leer om die onderskeie note te lees deur elke noot individueel op die notebalk te visualiseer. Met die bakenlees- en veelvuldige toonsoortbenaderings leer die leerder om note op die notebalk te lees deur middel van die intervalafstand en rigting vanaf een noot na die volgende. Dit kom voor asof intervallees en rigtinglees in die Westerse wêreld 'n tipiese Amerikaanse uitvindsel is. Dit word byvoorbeeld beklemtoon in die reeks van Barden et al. (1999) wat ook op die Middel-C-benadering gebaseer is. Die lees van intervalle word wel ook beklemtoon in die beginnersboek van Engelse oorsprong van Bryant (1998).

*Noona Basic Piano Starter Book* van Noona en Noona (1988) is ook Amerikaans van oorsprong en toon 'n unieke benadering wat 'n tipe samesmelting of vermenging van die "Amerikaanse" benaderings is: intervallees (en gepaardgaande rigtlnglees), die bakenlees- en veelvuldige toonsoortbenadering.

### 5.13.2 Die hoeveelheid toonsoorte in die onderskeie beginnersboeke

'n Ontleding van die aantal toonsoorte wat in die onderskeie beginnersboeke voorkom, toon dat dié boeke wat op die geleidelike veelvuldige toonsoortbenadering gebaseer is, nie noodwendig meer toonsoorte bevat as die boeke wat op ander benaderings gebaseer word nie, en dat daar soms selfs beduidend minder toonsoorte gebruik word as in lesboeke wat op die Middel-C- en bakenleesbenaderings gebaseer is. Twee aspekte moet hier in gedagte gehou word:

- Beginnersboeke wat van preleesnotasie op swart klawers gebruik maak, mag 'n groter verskeidenheid toonsoorte bevat, onder meer "vreemde" toonsoorte soos G-mol en F-kruis, D-mol en C-kruis, wat uit die aard van die saak nie in boeke gebaseer op die Middel-C-benadering sal voorkom nie.
- Die duetbegeleidings wat in baie beginnersboeke voorkom, maak 'n wye verskeidenheid toonsoorte moontlik, wat nie noodwendig in die leerder se gedeelte gereflekteer word nie. Word daar gekyk na die aantal toonsoorte wat voorkom in 'n bepaalde beginnersboek, word soms 'n vals persepsie geskep dat leerders ingelig in verskeie toonsoorte kan speel. Beginners kan byvoorbeeld met behulp van 'n duetbegeleiding maklik in toonsoorte soos d en a speel, waar die eerste vyf note net uit wit klawers bestaan. Dit is egter nie 'n berekende beweging na 'n nuwe toonsoort wat deur die leerder aangeleer word nie. Dit gebeur byvoorbeeld in Thompson (1996) dat die herhalende Middel-Cs waaruit die melodie bestaan, as gevolg van die begeleiding in F, (p. 8), A-mol (p. 9), C (p. 10) en c (p. 11) gespeel word.

*The Music Tree: Time to Begin* van Clark et al. (2002), gebaseer op die bakenleesbenadering, bevat inderwaarheid veel meer toonsoorte (altesaam 12) as die beginnersboeke wat aanspraak daarop maak dat hulle op 'n veelvoud van toonsoorte gebaseer word. Dit moet egter in aanmerking geneem word dat *The Music Tree: Time to Begin* meer bladsye beslaan as die "gewone"[111] beginnersboek en dus meer geleentheid bied om nuwe toonsoorte aan te leer. Aan die ander kant word in *The Music Tree: Time to Begin* selfs minder materiaal behandel as wat in baie ander beginnersboeke voorkom en die pas van aanbieding is veel stadiger. *Piano Lesson Book 1A* van Palmer et al. (1999), gebaseer op die veelvuldige toonsoortmetode, beslaan 63 bladsye en bevat slegs ses[112] toonsoorte teenoor die 12 van Clark et al. (2002). *Music for Little Mozarts Books 1 & 2* (Barden et al. 1999) beslaan altesaam 94 bladsye met 11 verskillende toonsoorte. Dit is ook insiggewend dat die beginnersboeke wat veral op die jong beginner gemik is uit die *Piano*

[111] *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002) beslaan 72 bladsye, terwyl die gemiddelde aantal bladsye in die 18 lesboeke wat ontleed is, 51 bladsye beslaan.
[112] In die Voorwoord word beweer dat sewe toonsoorte gebruik word.

*Basics*-reeks van Bastien (1985 & 1987), minder toonsoorte bevat as die beginnersboek vir die ouer beginner uit die dieselfde reeks. Dit ondersteun die waarneming dat opvoeders geleidelik tot die gevolgtrekking gekom het dat die aanvanklike ideaal om jong leerders binne die bestek van een jaar al die verskillende majeur- en mineurtoonsoorte aan te leer, onrealisties is.

Dit is uit hierdie gegewens duidelik dat die benaming (geleidelike) veelvuldige toonsoort-benadering, eintlik baie misleidend is. Met die uitsondering van *Primer Level* uit die Bastienreeks (1985) vir die ouer beginner, waar beide die C- en G-posisie aangeleer word, word daar nie in een van die beginnersboeke wat op hierdie benadering gebaseer word, 'n merkbare, doelgerigte en sistematiese patroon aangetref waarvolgens nuwe toonsoorte aan leerders geleer word nie. 'n Mens sou verwag dat 'n benadering wat ten doel het om leerders vertroud te maak met al die verskillende toonsoorte, dit planmatig sou doen, deur byvoorbeeld van C-posisie na G- of F-posisie te beweeg. Met die uitsondering van die beginnersboek van Emonts (1998), word in geeneen van die geraadpleegde beginnersboeke verwys na toonsoorte nie. Soms word wel verwys na die G-posisie, maar geen verduideliking van enige toonsoort *per se* word verskaf nie. In geeneen van die geraadpleegde lesboeke word toonsoorttekens verskaf by toonsoorte wat dit benodig nie (byvoorbeeld G- en F-majeur). Aangesien dit vir goeie breinfunksie uiters belangrik is om 'n leerder van die begin af met korrekte informasie te voorsien, moet hierdie weglating van toonsoorttekens as 'n visuele tekortkoming gesien word.

Jane Smisor Bastien en James Bastien het in 1963 'n beginnersboek genaamd *Pre-Reading experience* gepubliseer wat op die veelvuldige toonsoortbenadering gebaseer was. Bastien (1977:74) beskryf die boek as volg: *All melodies are in 5-finger positions and are presented in pre-staffed notation. The twelve major positions are taught by groups.*

Die verwagting was dat leerders ongeveer sewe tot nege weke nodig sou hê om deur die boek te werk (Bastien 1977:74). Die *Bastien Piano Basics*-reeks van 1985 volg 'n meer gematigde benadering. Bastien (1995:51) beskryf dit as 'n …*gradual multi-key series*. Die ideaal om al twaalf majeur vyfvingerposisies aan beginnerleerders te leer, is aanbevelenswaardig en mag verwesenlik word in opvolgboeke, maar dit blyk onsuksesvol of nie haalbaar te wees nie as 'n benadering om die gemiddelde jong leerder die eerste grondbeginsels van musiekmaak te leer. Daar mag natuurlik gevalle wees waar uitsonderlik musikale leerders geen probleme ondervind om hierdie toonsoorte gedurende die eerste jaar van onderrig aan te leer nie.

### 5.13.3 Preleesaktiwiteite

Prelees het in Amerika ontstaan en ontwikkel en het veral sedert die sewentigerjare aldaar die norm geword waarvolgens die meeste beginnersboeke vir klavier 'n aanvang neem. Die beginnersboeke van Engelse oorsprong, wat meestal op die Middel-C-benadering gebaseer word, asook die Australiese beginnersboek van Scott en Turner, wat op die bakenleesmetode gebaseer word, maak nie van prelees gebruik nie. Van die beginnersboeke wat op die Middel-C-benadering gebaseer word, kom prelees in slegs een beginnersreeks voor, naamlik dié Amerikaanse reeks van Barden et al. (1999). *Book 1* van *Music for Little Mozarts* bestaan trouens net uit preleesnotasie.

### 5.13.4 Telwyses

Vyf verskillende telwyses word in die verskillende beginnersboeke gebruik, naamlik:

1. Numeriese telwyse (byvoorbeeld 1-2-3-4 vir elke maat in vierslagmaat)
2. Franse tydname (byvoorbeeld *ta-ta-ta-ta* vir vier kwartnote en *ta ta ta-ah* vir twee kwartnote gevolg deur 'n halfnoot)
3. Amerikaanse telmetode (byvoorbeeld *quarter* vir 'n kwartnoot en *half note* vir 'n halfnoot)
4. Nootwaarde/toonduurte (byvoorbeeld 1-1-1-1 vir vier kwartnote en 1-2 1-2 vir twee halfnote)
5. Beskrywende name (byvoorbeeld *walk walk walk walk* vir vier kwartnote en *walk walk sit-ting* vir twee kwartnote gevolg deur 'n halfnoot).

Die mees algemene telwyse is die numeriese telwyse, dus 1-2-3-4 vir 'n maat in vierslagmaat. Die beginnersboeke wat op die Middel-C-benadering gebaseer is, gebruik almal hierdie telwyse. Dit sluit ook die ouer Amerikaanse boeke van Schaum (1996) en Thompson (1996) in. Die mees onlangse toevoeging tot boekreekse gebaseer op die Middel-C-benadering, dié van Barden et al. (1999), beveel, behalwe die numeriese telwyse, ook die nootwaarde-telwyse aan. Dit wil voorkom asof die samestellers van die latere Amerikaanse boeke verkies om aanvanklik nie met die numeriese telwyse te begin nie. Die leerder word meestal 'n keuse gebied waarvolgens getel kan word. Soms kan 'n keuse selfs tussen drie telwyses gemaak word, soos byvoorbeeld in *Noona Basic Piano Starter Book.* Die sogenaamde Amerikaanse telmetode word gevind in die onderskeie *Bastien*-reekse en *Piano Lesson Book 1A* van Palmer et al. (1999) in die Alfredreeks.

## 5.14 GROEPERING VAN BEGINNERSBOEKE VOLGENS LEERDERS SE KWADRANT-VOORKEURE

Ten opsigte van die groepering van die beginnersboeke volgens die verskillende breinvoorkeure van leerders, moet daar in gedagte gehou word dat die geraadpleegde beginnersboeke nie saamgestel is met die onderskeie kognitiewe leervoorkeure in gedagte nie. Wanneer 'n boek dus nie gekeur word vir leerders met bepaalde kognitiewe leervoorkeure nie, dui dit nie noodwendig daarop dat dit 'n swak beginnersboek is nie. Dit gebeur wel dat die samestelling van sommige beginnersboeke nie geskik is vir gebruik by 'n spesifieke groep leerders nie, en dat daar ander beginnersboeke is wat beter aan die bepaalde groep se behoeftes sal voldoen. Daar is egter beginnersboeke wat, beoordeel as 'n beginnersboek *per se,* 'n minder goeie keuse sal wees vir enige leerder, afgesien van bepaalde leervoorkeure. *Piano World* van MacGregor (2000) is 'n voorbeeld hiervan. Hierdie boek moet as 'n onsuksesvolle beginnersboek beskou word omdat dit nie voldoen aan die voorvereiste vir 'n suksesvolle leerproses nie, naamlik 'n sistematiese aanbieding gepaard met langdurige, volgehoue herhaling. Een van die belangrikste aanbevelings van die neurowetenskap aan klavieronderriggewers is dat die herhaling van konsepte en bewegings soveel maal moet plaasvind dat sterk verbindingsnetwerke in die brein gevorm sal word wat saam aktief raak met dieselfde boodskap. Dendriet- en sinaptiese verbindings moet so groot en doeltreffend moontlik ontwikkel en permanent gevestig raak (die sogenaamde *hard wiring*).

'n Aantal van die beginnersboeke wat ondersoek is, vorm deel van reekse boeke wat ontwerp is om aanvullend tot mekaar gebruik te word. Sommige lesboeke is op hulle eie so goed saamgestel dat addisionele hulp nie noodwendig nodig is nie, soos byvoorbeeld *Easiest Piano Course Part One* van John Thompson (1996), *The Music Tree: Time to Begin* van Clark et al. (2002) en *Piano Lesson Book 1A* van Palmer et al. (1999). Ander beginnersboeke sal slegs met sukses gebruik kan word mits die aanvullende boeke ook saam gebruik word, soos veral die geval is met die onderskeie *Bastien*-reekse en ook *Chester's Piano Book Number One* (Barratt 1989).

Die samestelling van sommige beginnersboeke is van so 'n aard dat, alhoewel dit miskien vanweë die een of ander eienskap beter sou pas by 'n spesifieke kognitiewe leervoorkeur, dit tog wel vir leerders met ander leerstyle gebruik kan word. Leerders kan ook multi- en nie enkeldominant wees, en dit behoort die doelwit van die onderwyser te wees om, volgens die ideaal van heelbreinonderrig, al vier kwadrante van 'n leerder se brein te stimuleer. Die verantwoordelikheid lê dan by die onderwyser om onderrig so aan te bied dat dit by elke leerder se kognitiewe leerstyl sal pas. Dit mag ook nooit uit die oog verloor word nie dat die

eiesoortige bydrae van die onderwyser self 'n groot invloed kan uitoefen op 'n klavierleerder se ontwikkeling. Baker-Jordan (2003:167) haal vir Chronister in hierdie verband as volg aan: … *if a teacher was stranded on a desert island with only the worst possible method available, a good teacher could still teach well because it is, ultimately, the teacher who makes the difference in the learning process.*

In tabel 27 word die verskillende beginnersboeke aangetoon wat die beste sal pas by leerders met spesifieke leerstyle. Sommige beginnersboeke is egter ook geskik vir leerders met ander leervoorkeure, alhoewel nie heeltemaal in dieselfde mate nie. Die syfers 1 tot 5 dui die sterkte van die voorkeure aan. 1 dui op 'n baie sterk voorkeur terwyl 2 ook 'n baie goeie keuse is, alhoewel nie in dieselfde mate as 1 nie. Syfer 3 dui op 'n meer gematigde voorkeur. Waar 4 aangedui word, mag so 'n beginnersboek onder bepaalde omstandighede moontlik 'n mate van sukses behaal by leerders met bepaalde kognitiewe voorkeure, maar dit is nie 'n aanbevelenswaardige keuse nie. Waar die syfer 5 voorkom, behoort dit verkieslik nie gebruik te word vir 'n spesifieke leerder nie.

| **Outeur(s)** | **Boek** | **A-kwadrant** | **B-kwadrant** | **C-kwadrant** | **D-kwadrant** |
|---|---|---|---|---|---|
| Schaum | *Green Book* | 5 | 5 | 5 | 5 |
| Thompson | *Easiest Piano Course* | 1 | 1 | 2 | 5 |
| Barratt | *Chester's Piano Book Number One* | 4 | 5 | 5 | 4 |
| Hall | *Tunes for Ten Fingers* | 2 | 2 | 3 | 3 |
| Waterman en Harewoord | *Me and My Piano* | 2 | 2 | 5 | 5 |
| Bryant | *Keyclub* | 2 | 2 | 1 | 2 |
| Barden et al. | *Music for Little Mozarts, 1 & 2* | 2 | 1 | 1 | 3 |
| MacGregor | *Piano World* | 5 | 5 | 5 | 4-5 |
| Clark et al. | *The Music Tree: Time to Begin* | 1 | 1 | 1 | 2 |
| Faber en Faber | *Piano Adventures* | 1 | 1 | 3 | 5 |
| Noona en Noona | *Piano Basic: Piano. Starter Book* | 2 | 2 | 3 | 5 |
| Bastien, James | *Primer A & Primer B* (tesame met addisionele boeke) | 4 | 4 | 4 | 4 |
| Bastien, James | *Primer Level* (tesame met addisionele boeke) | 3 | 3 | 3 | 3 |
| Palmer et al. | *Alfred's Piano Lesson Book Level 1A* | 3 | 3 | 3 | 3 |
| Emonts | *The European Piano Method* | 3 | 5 | 1 | 1 |

**Tabel 27: Beginnersboeke en kwadrantvoorkeure wat die beste by mekaar pas**

Die beginnersboek wat by die meeste leerders goed gebruik kan word, is die baie voortreflike *The Music Tree: Time to Begin* van Clark et al. (2002). Hierdie beginnersboek is uitstekend vir die eerste drie kwadrante, maar kan ook goed werk vir leerders met D-kwadrantvoorkeure. Nog 'n uitstekende beginnersboek, Bryant se *Keyclub Book One* (1998), is veral 'n goeie keuse vir leerders met C-kwadrantvoorkeure. Die enigste rede waarom hierdie beginnersboek nie in 'n hoër kategorie val vir die ander drie kwadrante nie, is omdat daar baie klem geplaas word op groepswerk. Persone met linkerhemisferiese voorkeure en ook D-kwadrante verkies om op hulle eie te werk en hou nie juis van groepsaktiwiteite nie. 'n Knap onderwyser kan egter met gerustheid hierdie beginnersboek vir alle leerders gebruik. Die materiaal word op 'n deurdagte, maar tog opwindende wyse aangebied en in die hande van 'n knap onderwyser kan leerders met enige kwadrantvoorkeur daarby baat vind. Klavierleerders behoort in ieder geval van jongsaf te leer om ook in groepsverband musiek te maak. Musiek is by uitnemendheid 'n sosiale aktiwiteit. Die ontwikkeling van die leerder se onderbenutte breinkwadrante is die ideaal met die toepassing van die filosofie van heelbreinonderrig en ook in ooreenstemming met die doelstelling van Herrmann (1995) se heelbreinmodel.

Van die boeke wat gebaseer is op die bakenleesbenadering, is die Faber en Faber-reeks se *Piano Adventures* (1996a) ook 'n goeie keuse, veral vir leerders met linkerhemisferiese voorkeure. C-kwadrante kan ook hierdie boek gebruik, maar dit moet liefs vermy word deur leerders met 'n sterk D-dominansie. *Piano Adventures* kan veral waardevol wees vir die beginner wat nie ooglopend begaafd is ten opsigte van intelligensie of musikaliteit nie. Anders gestel, is dit 'n goeie keuse vir die leerder met gemiddelde potensiaal.

Die twee reekse uit die *Alfred's Basic Piano Library* (1999) behoort 'n goeie keuse te wees vir die meeste leerders, alhoewel daar vir die verskillende kwadrantvoorkeure wel beter keuses beskikbaar is. Die jongste reeks vir die vroeë beginner, *Music for Little Mozarts,* is uitstekend in terme van hoe die konsepte aangebied word. Die volgehoue verhalende trant sal egter nie noodwendig in almal se smaak val nie, en die onderwyser sal moet oordeel of 'n leerder dit sonder frustrasie sal kan gebruik. 'n Leerder wat deur hierdie twee boeke gewerk het, behoort geen probleme te ondervind met aspekte soos bladlees en nootwaardes nie. Die boeke is meer geskik vir die heel jong leerder. Dit sal nie in dieselfde mate suksesvol wees met leerders wat effens ouer is nie.

Die Emonts-beginnersboek (1998), wat baie oorspronklik in sommige opsigte is (veral ten opsigte van nabootsing, prelees en kontrapuntale praktyke), maar onbevredigend in ander opsigte (onsistematiese aanbieding van informasie en nie genoegsame herhaling nie), kan 'n waardevolle hulpmiddel wees vir die ouer leerder wat duidelik musiekaanleg toon en maklik van gehoor speel. Dit kan ook met sukses saam met 'n ander, meer sistematies-

beplande beginnersboeke soos byvoorbeeld Clark et al (1996) en Thompson (1996) gebruik word.

'n Ontleding van beginnersboeke wat goed pas by leerders met spesifieke kognitiewe leervoorkeure, het getoon dat D-kwadrante die moeilikste groep is om te onderrig en tevrede te hou. Hulle sal waarskynlik meer geïnteresseerd wees in die resultate en sal gou-gou iets "moois" wil speel, verkieslik met baie note en met 'n indrukwekkende volume. Hulle sal bes moontlik nie die geduld hê om sistematies stap vir stap te vorder nie en die groot gevaar lê daarin opgesluit dat basiese konsepte en vaardighede nie deeglik genoeg vasgelê sal word nie.

## 5.15 RIGLYNE VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N SUKSESVOLLE BEGINNERSBOEK

Die "ideale" beginnersboek vir jong klavierleerders moet so saamgestel wees dat dit sal voldoen aan die vereistes wat elk van die kognitiewe voorkeurwerkswyses stel. Soos die ondersoek na die onderskeie beginnersboeke getoon het, is dit nie noodwendig die benadering *per se* wat bepaal of 'n beginnersboek suksesvol gebruik sal kan word vir alle leerders nie, maar ook die wyse van aanbieding. In die samestelling van 'n beginnersboek is hierdie twee aspekte, naamlik die benadering en die wyse waarop die inligting aangebied word, van kardinale belang. Ter illustrasie kan genoem word dat *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002), gegrond op die bakenleesbenadering, as 'n besonder geslaagde beginnersboek beskou kan word, terwyl *Keyclub Book One* (Bryant 1998) en *Music for little Mozarts* (Barden et al. 1999), gegrond op die Middel-C-benadering, eweneens as skitterende beginnersboeke beskou kan word. *Piano Lesson Book 1A* (Palmer et al. 1999), gegrond op die veelvuldige toonsoortbenadering, mag waarskynlik ook suksesvol vir die meeste leerders gebruik word.

### 5.15.1 Die benadering tot die aanleer van notasie

Alhoewel daar diepliggende verskille tussen die onderskeie benaderings tot aanvangsonderrig vir klavier bestaan, is daar ook heelwat ooreenkomste in die wyse waarop notasie aangeleer word. Die grootste verskil tussen die Middel-C- en veelvuldige toonsoortbenadering is gekoppel aan die sogenaamde "posisie" wat eerste gebruik word. Sommige beginnersboeke gebruik eerste die Middel-C-posisie, terwyl ander met die sogenaamde C-majeurposisie 'n aanvang neem. Met die Middel-C-benadering leer die leerder heel eerste die Middel-C-posisie aan, wat uit nege klawers/note bestaan (vier note aan die bo- en onderkant van Middel-C). Beide hande begin met die duime op Middel-C en die hande speel na buite soos 'n spieëlbeeld van mekaar. Die onderskeie note word baie stadig aangeleer, meestal een noot per keer. Met die veelvuldige toonsoortbenadering word aanvanklik van die C-majeurposisie gebruik gemaak. Hiervolgens speel die leerders met

albei hande die eerste vyf klawers van die C-majeurtoonleer in dieselfde rigting (oktaaf uitmekaar) en leer hulle baie vinnig, selfs binne die bestek van een of twee lesse, die tien note van die C-majeurposisie aan.

Daar is voor- en nadele verbonde aan albei benaderings. Leerders wat ooglopend musikaal en intelligent is, mag moontlik beter vaar met die veelvuldige toonsoortbenadering. Dit mag egter gebeur, veral met die meer gemiddelde leerder, dat die aanleer van die posisies van die note op die notebalk te vinnig is en dat daar nie genoegsame vaslegging van genoteerde toonhoogtes in die gevestigde dendrietnetwerke van die brein plaasvind nie. Dit mag trouens ook met die bo-gemiddelde talentvolle leerder gebeur dat die vaslegging van toonhoogtes in notasie te vinnig plaasvind en dat sulke leerders, ten spyte van hul musikale vermoëns, altyd 'n probleem met bladlees sal hê. Met die Middel-C-benadering word meestal veel stadiger te werk gegaan en word net een noot per keer aangeleer. Dit is duidelik 'n meer geskikte benadering vir leerders wat stadiger leer, nie so musikaal is nie en miskien nie so maklik van gehoor speel nie. Wanneer van die Middel-C-posisie oorgegaan word na die C-majeurposisie, mag dit gebeur (soos in *Piano Lesson Book 1A* van Palmer et al. 1999) dat die twee note in die linkerhand, B en A onder Middel-C, baie vinnig aangeleer word en dan nie weer gebruik word nie. Dit is 'n swak skakel in die aanbieding. Met die beginsel of ideaal om kinders vroeg reeds vertroud te maak met 'n verskeidenheid toonsoorte, kan geen fout gevind word nie. Transposisie behoort trouens aangemoedig te word. Onderwysers behoort egter versigtig te werk te gaan omdat nie alle leerders ewe maklik 'n vertroudheid met verskillende toonsoort sal opbou nie en dit tot verwarring by sommige leerders kan lei.

Die nadeel verbonde aan die "stadige" Middel-C-benadering is dat leerders tydens die eerste kennismaking met die klavier beperk word tot nege note in die middel van die klavier. Sommige leerders, veral die C- kwadrante, sal graag kinesteties meer geprikkel word deur dadelik oor die hele omvang van die klavier te speel, terwyl D-kwadrante baie avontuurlik is en ook ondersoek na die uitgebreide omvang van die klawerbord sal wil onderneem. Selfs A- en B-kwadrante mag die behoefte hê om meer na 'n maand of twee oor 'n groter omvang as net nege note te speel. Die uiters beperkte omvang, veral aanvanklik, wanneer net 'n paar note bekend is, mag veroorsaak dat verveling intree omdat die klein omvang die musikale gehalte van die stukke sal beïnvloed.

Die bakenleesbenadering verskil ten opsigte van die aanleer van notasie wesentlik van bogenoemde twee benaderings. Soos dit in *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002) aangebied word, word daar aanvanklik net twee lyne gebruik om notasie aan te toon, daarna drie, later vier en nog later vyf lyne, totdat die groot notebalk aangetoon word. Volgens hierdie onderrigwyse leer die leerder om die intervalafstand tussen note te lees. Uiteindelik word die drie bakennote aangeleer en word volgens intervalle vanaf die

bakennote gelees. In *Piano Adventures* (Faber & Faber 1996a) begin die notasieproses wel met die groot notebalk en die drie bakennote. Die bakenleesbenadering verseker dat leerders notasie ook visueel vaslê en indien genoegsame geleentheid tot herhaling gegee word, behoort al vier kwadrante daaruit voordeel te trek.

'n Opmerklike verskil ten opsigte van die lees van toonhoogte van 'n noot kom voor tussen die Middel-C- en ander twee benaderirngs. Volgens die tradisionele Middel-C-werkswyse leer die leerder om die posisie van die noot op die lyn of spasie van die notebalk te visualiseer. Dit is hoekom daar gewoonlik stadig beweeg word met die aanleer van nuwe note in notasie, sodat die leerder genoegame geleentheid gegun word om die onderskeie note op die notebalk te herken. Die werkswyse met die veelvuldige toonsoort- en bakenleesbenaderings konsentreer ten opsigte van die aanleer van toonhoogtes in notasie meer op die intervalafstand tussen note. Note word herken volgens die grootte van die interval, dit wil sê die afstand vanaf die eerste na die tweede noot. Dit is opvallend dat met hierdie *modus operandi* min klem op die naam van die noot geplaas word.

### 5.15.2 Preleesaktiwiteite, nabootsspel en speel van gehoor

In die beginnersboeke wat vir hierdie studie ontleed is, kom preleesnotasie in die meeste gevalle nie by die Middel-C-benadering voor nie. Preleesnotasie skyn 'n oorwegend Amerikaanse "uitvinding" te wees[113] en kan beskou word as 'n waardevolle hulpmiddel om die aanvangsproses van klavieronderrig nie alleenlik meer opwindend vir leerders te maak nie, maar ook meer sinvol. Preleesaktiwiteite laat leerders toe om van die begin af oor die hele omvang van die klawerbord te speel. Leerders kan vanaf die heel eerste les die vreugde smaak om eenvoudige melodieë te speel. Leerders kan ook meer aandag skenk aan die uitvoer van ritmepatrone en die vorm van die hand en vingers sonder dat hulle nog aandag aan notelees ook moet bestee. Die swart klawers, wat meestal aanvanklik nie volgens die Middel-C-benadering gebruik word nie, word deur middel van prelees op swart klawers toeganklik gemaak en dit help om 'n beter begrip vir die samestelling van die klawerbord te ontwikkel. Preleesaktiwiteite sal veral deur C- en D-kwadrante geniet word, en baie moontlik ook deur A- en selfs B-kwadrante, omdat dit onlogies is dat sekere dele van die klawerbord, selfs van die begin af, uitgesluit word. 'n Nabootsgedeelte, soos in *The European Piano Method* (Emonts 1998) verskyn, sal veral vir leerders wat 'n aanleg toon om van gehoor te speel, 'n wonderlike avontuur wees. Dit is nie prelees in die ware sin van die woord nie, maar eerder 'n tipe nabootsing waarmee die klankeffekte van die klavier ontgin kan word.

---

[113] Preleesnotasie kom nie voor in die Engelse en Australiese lesboeke wat ondersoek is nie.

Deur die gebruik van preleesnotasie word die jong leerder die geleentheid gebied om uitsluitlik op die klank van die note te konsentreer. Dit verleen meer aandag aan die oor, en die regterbreineienskappe word hierdeur ontwikkel en gestimuleer. Dit is veral belangrik dat jong leerders aangemoedig sal word om van gehoor te speel en onderwysers behoort meer erkenning aan hierdie aspek van klavierspel te verleen. Leerders wat maklik van gehoor speel, behoort deur onderwysers aangemoedig te word om eenvoudige stukke in al die toonsoorte te speel.

#### 5.15.3 Ouderdom

Die ouderdom van die leerder speel 'n belangrike rol in die samestelling van 'n beginnersboek. Baie jong leerders sal waarskynlik goed vaar met 'n tipe aanbieding, soos in *Music for Little Mozarts* (Barden et al. 1999), waar konsepte aangebied word deur die medium van 'n verhaal. Soos die leerder ouer word, mag 'n verhalende trant later moontlik eerder 'n struikelblok word, deurdat die lees van die verhaal te veel tyd tydens die les opneem en sodoende vordering mag teëhou. Dit is moontlik dat dit, veral vir die haastige, impulsiewe D-kwadrante, 'n demper plaas op die onderneem van 'n opwindende ontdekkingstog oor die klawers heen.

#### 5.15.4 Illustrasies

Goeie illustrasies is baie belangrik. Meer illustrasies behoort gebruik te word by boeke wat bedoel is vir die baie jong beginner. Die vinnige groeistadium wat die gestalt-hemisfeer van kinders tussen die ouderdom van vier tot sewe jaar ondergaan, beteken dat jong kinders tot die ouderdom van ongeveer sewe jaar waarskynlik baie goed sal reageer op beelding. Illustrasies in die lesboek is dan veral belangrik. Die ontwikkelingsfase van die logiese hemisfeer geskied hierna en dit is moontlik dat die illustrasies vir sommige ouer leerders dan nie meer so belangrik is nie en soms selfs steurend mag wees.

Dit is inderwaarheid moeilik om vooraf te bepaal hoe leerders op prente in 'n beginnersboek sal reageer. Ouer leerders met oorwegend A- of B-kwadrantvoorkeure, mag verkies dat die prente kleiner sal wees, minder gereeld voorkom en minder kleurvol is. Die goue middeweg is miskien om beelding so aan te wend soos dit in *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002) gedoen word. Die sketse kom meer "bedaard" voor – dus nie te groot en oorweldigend nie, maar nie so klein en onbeduidend dat dit geen impak sal hê nie. Illustrasies moet verkieslik so aangewend word dat dit die leerders wat ingestel is op beelding sal help om konsepte beter te verstaan. Die beeldingsaspek moet dus informatief aangewend word en nie slegs dekoratief wees nie.

In sommige beginnersboeke word met die bekendstelling van lyne en spasies, aanvanklik net een notebalk (F- of G-sleutel) aangetoon. Dit is egter verkieslik dat die groot notebalk

van die begin af in notasie gebruik word. Veral wanneer die linkerhand alleen speel, is dit nodig om 'n visuele geheelbeeld van die onderlinge verhouding tussen die hande te verkry. Dit word ook aanbeveel dat die toonsoorttekens van die begin af aangebring word wanneer stukke in ander toonsoorte behalwe C speel. Visuele vaslegging is belangrik.

### 5.15.5 Nootwaardes en telwyses

Die vaslegging van nootwaardes en verskillende ritmepatrone is een van die belangrikste fasette van beginnersonderrig en baie aandag moet hieraan bestee word. Dit is wenslik om eers net op vier nootwaardes te konsentreer (heelnoot, gepunteerde halfnoot, half- en kwartnoot) en die agstenoot eers later aan te leer. Word die ritmepatrone te gou te ingewikkeld, word daar nie voldoende geleentheid geskep vir die deeglike vaslegging van die onderskeie basiese nootwaardes nie. Ruimte moet in die lesboek geskep word vir die volgehoue herhaling van verskillende ritmepatrone wat die leerder hardop kan tel, speel of klap. Met hierdie praktyk moet volgehou word vir ten minste die eerste twee jaar van 'n kind se musiekontwikkeling, maar verkieslik selfs langer.

Leerders word veral in die beginnersboeke van Amerikaanse oorsprong die keuse gebied om op verskillende wyses te tel. Hierdie praktyk kan nie aanbeveel word nie omdat dit leerders kan verwar. Veral die sogenaamde Amerikaanse telwyse moet afgekeur word omdat dit nie logies is nie. Die numeriese telwyse lewer waarskynlik die beste resultate. Alternatiewelik kan leerders aangemoedig word om Franse tydname te gebruik om moeilike ritmepatrone ritmies uit te voer.

### 5.15.6 Intervallees

Die lees van intervalle vorm een van die hoekstene van notelees. Groot sorg moet dus aan die dag gelê word met die aanleer van die onderskeie intervalle. Herhaalde note en trapsgewyse beweging moet verkieslik met behulp van 'n diagram van die klawerbord en notebalk gedemonstreer word. Hierdie illustrasies sal veral die leerders met regterbreinvoorkeure help om begrippe beter te verstaan, maar moet nie so groot en oorweldigend wees dat leerders met linkerbreinvoorkeure daardeur gepla word nie. Tertsspronge moet, ter wille van deeglike visuele vaslegging, verkieslik eers net tussen lyne en daarna tussen spasies verduidelik word, of omgekeerd. Dit is belangrik dat geen interval in 'n stuk voorkom as dit nie vooraf bespreek en verduidelik is nie. Veral A- en B-kwadrante heg baie waarde aan sistematiese aanbieding en 'n geordende uiteensetting is vir hulle belangrik. C- en D-kwadrante behoort ook 'n deeglike en sistematiese aanleerproses van intervalherkenning te ondergaan.

#### 5.15.7 Tegniese ontwikkeling

Die tegniese ontwikkeling vir jong beginners, soos in *The Music Tree: Time to Begin* (Clark et al. 2002) aangebied word, blyk die beste metode te wees. Leerders speel vir die eerste paar maande nie met die duim of vyfde vingers nie. Die hande wissel mekaar voortdurend af, en dit help om 'n gevoel van gebalanseerdheid te verkry. Tegniese vereistes waar die duim of vyfde vinger op swart klawers speel, is te moeilik vir jong leerders en moet verkieslik vermy word. Ook intervalspronge soos kwarte en kwinte in een hand sal onnodig moeilik wees vir leerders met klein hande.

#### 5.15.8 Duetbegeleiding

Duetbegeleidings help baie om die leerder se eerste kennismaking met die klavier in 'n opwindende ervaring te omskep. Omdat beginners, veral met die Middel-C-benadering, vir die eerste paar lesse slegs Middel-Cs speel, help duetbegeleidings om verveling of ongeduld met die stadige proses van ontwikkeling te verminder en die hele proses van die aanleer van notasie meer aangenaam te maak. Duetbegeleidings help ook met die preleesnotasieproses op swart klawers. Die meeste jong kinders behoort dit te geniet om saam met iemand anders musiek te maak. Veral die C-kwadrante geniet samespel met ander. Deur jong kinders te begelei, help die onderwyser of ouer om sosiale interaksie aan te moedig. Dit vorm 'n belangrike gedeelte van die heelbreinontwikkeling van veral A-, B- en D-kwadrante wat meestal verkies om op hul eie te werk.

Die gebruik van duetbegeleidings in verskillende toonsoorte mag ook help dat kinders reeds vroeg 'n aanvoeling vir verskillende toonsoorte ontwikkel.

#### 5.15.9 Musikale gehalte

Die musikale gehalte van die stukke in 'n beginnersboek is baie belangrik. Leerders moet dit vanaf die eerste les geniet om hulle stukke te speel. Bekende/tradisionele en veral singbare wysies is op hierdie stadium 'n goeie keuse. Stukke waar die melodielyn net op en af in die vyfvingerposisie beweeg, is oninspirerend en vervelig, veral vir C- en D-kwadrante. Alle leerders, afgesien van hulle kognitiewe voorkeure, sal mooi stukke geniet. Jazzagtige elemente, wat veral 'n tendens in meer onlangse uitgawes van beginnersoeke blyk te wees, moet met groot versigtigheid hanteer word. Dit mag nooit in die keuse van stukke uit die oog verloor word dat jong leerders gehelp moet word om goeie musieksmaak te ontwikkel nie. Soos ook die geval is met goeie letterkunde, word 'n goeie smaak in klassieke musiek slegs ontwikkel indien 'n persoon op 'n gereelde basis daaraan blootgestel word. Die leerders kan ook verlei word om so op die aansteeklike ritmes (*beat*) te konsentreer, dat die ritmepatroon van 'n stuk nie ondersoekend gelees en uitgevoer word nie.

## 5.16 SAMEVATTING

Onderwysers kan vandag 'n veel meer ingeligte keuse uitoefen wanneer beginnersboeke vir nuwe klavierleerders gekies moet word. Alhoewel die neurowetenskap tot op hede nie 'n "resep" vir goeie klavieronderrig kon voorsien nie, kan die toepasbare aspekte uit die navorsing onderwysers help om meer informasie te bekom aangaande aktiwiteite wat in die brein plaasvind gedurende die prosesse van leer, studeer en oefen. Deur die toepassing van die beginsels van kognitiewe leervoorkeure, en spesifiek die karaktereienskappe soos dit in Herrmann (1995) se heelbreinmodel uiteengesit word, kan onderwysers nie net hulle leerders beter verstaan nie, maar ook hulleself. Dit sal onderwysers help om hulle onderrig so aan te pas dat elke leerder die beste onderrig moontlik ontvang. Die ontleding van die beginnersboeke in hierdie studie het ook gehelp om die klem te laat val op dit wat goed en nodig is in so 'n beginnersboek en die slaggate wat kan voorkom en wat liefs vermy moet word.